



UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Humor en prediking in 'n veranderende
Suid-Afrikaanse konteks**

deur

Gerbrand Bodenstern

11065428

Voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad

Theologiae Magister

in die

Fakulteit Teologie

Departement Praktiese Teologie

Universiteit van Pretoria

Studieleier: Prof C.J Wepener

Augustus 2017

VERKLARING VAN OORSPRONKLIKHEID
UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

Die Departement **Praktiese Teologie** lê sterk klem op integriteit en etiese gedrag in die voorbereiding van alle geskrewe werk wat vir akademiese evaluering ingedien word.

Terwyl akademiese personeel u leer hoe om verwysingstegnieke te gebruik en plagiaat te vermy, het u ook 'n verantwoordelikheid in hierdie verband. Indien u in enige stadium onseker is oor wat van u verwag word, moet u u dosent raadpleeg voordat u enige geskrewe werk indien.

U is skuldig aan plagiaat wanneer u iets uit 'n ander outeur se werk (bv 'n boek, artikel of webtuiste) kopieer sonder om erkenning aan die bron te gee en dit as u eie werk aanbied. U is in werklikheid besig om iets wat aan iemand anders behoort, te steel. Dit geld nie slegs wanneer u werk woordeliks kopieer nie, maar ook wanneer u iemand anders se werk in 'n effense gewysigde formaat (geparafraseer) aanbied of 'n argument gebruik sonder om erkenning daaraan te gee. U mag nie werk indien wat voorheen deur 'n ander student geskep is nie. U mag ook niemand toelaat om u werk te kopieer met die bedoeling om dit as sy/haar eie werk aan te bied nie.

Studente wat hulle skuldig maak aan plagiaat, sal geen krediet vir die geplageerde werk ontvang nie. Die aangeleentheid kan ook na die Komitee vir Dissipline (Studente) verwys word vir 'n beslissing. Plagiaat word as 'n ernstige oortreding van die Universiteit se reëls beskou en kan tot skorsing uit die Universiteit lei.

Alle geskrewe werk wat u indien terwyl u 'n student in die Departement **Praktiese Teologie** is, moet van die volgende verklaring vergesel word. Geen geskrewe werk sal aanvaar word indien die verklaring nie voltooi en aangeheg is nie.

Student se volle name: **Gerbrand Bodenstein**

Studentenommer: **11065428**

Onderwerp van werkstuk: **'Humor en prediking in 'n veranderende Suid-Afrikaanse konteks.'**

Verklaring

1. Ek verstaan wat plagiaat is en is bewus van die Universiteit se beleid in hierdie verband.
2. Ek verklaar dat hierdie **Verhandeling** (bv opstel, verslag, projek, werkstuk, verhandeling, proefskrif ens) my eie, oorspronklike werk is. Indien ander mense se werk gebruik is (hetsy uit 'n gedrukte bron, die Internet of enige ander bron), is dit behoorlik erken en is daarna verwys in ooreenstemming met die departementele vereistes.
3. Ek het nie werk wat voorheen deur 'n ander student of enige ander persoon geskep is, gebruik om dit as my eie in te dien nie.
4. Ek het nie en sal nie toelaat dat enigiemand my werk kopieer met die bedoeling om dit as sy/haar eie werk aan te bied nie.



HANDTEKENING

Opsomming

Hierdie verhandeling is geplaas binne die studieveld van Praktiese teologie, spesifiek homiletiek. Die studie geskied deur middel van 'n literatuurstudie om die oorkoepelende vraag te bedink: *Is die sinvolle/effektiewe gebruik van humor in prediking moontlik?*

Die studie is aan die hand van Osmer (2008) se vier vrae beantwoord: Wat is aan die gang? (“What is going on?”) – 'n Beskrywende empiriese ondersoek. Waarom is dit aan die gang? (“Why is it going on?”) – 'n Interpretasie van die redes waarom dit plaasvind. Hoe behoort dit te wees? (“What ought to be going on?”) – 'n Normatiewe teologiese toetsing van die verskynsel. Hoe kan ons reageer? (“How might we respond?”) – Hoe die gemeente kan optree om die probleem aan te spreek?

In die homiletiekveld is daar 'n vlaag van handleidings en publikasies oor die kuns van prediking. Daar is egter 'n groot leemte in die oorgrote meerderheid resente handleidings. Selde word die tema van humor aangespreek in homiletiekhandboeke. As die tema aangespreek word, bestaan dit dikwels net uit aanhalings, outeurs se kort menings oor humor of staaltjies. Dit is duidelik dat daar 'n navorsingsgaping is vir die studie van humor in prediking.

'n Kort blik op die fenomeen humor, maak dit duidelik dat die betekenis van humor nie so voor die hand liggende onderwerp is nie. Daar word 'n hoofstuk opgedra aan die vraag: wat is humor? Dit bied 'n oorsig oor die enorme veld van humor met verskeie uitgangspunte.

'n Studie van humor in die Bybel is ook aangepak. Die hoof vraag wat uit hierdie hoofstuk gekom het, is: is daar humor in die Bybel en is dit van toepassing in prediking? Die oorgrote meerderheid teoloë en Bybelkundiges bevestig die voorkoms van humor in beide die Ou en die Nuwe Testament, alhoewel daar 'n uiteenlopende hoeveelheid meningsverskille is oor wat as humor gesien kan word. Uiteindelik word daar tot die gevolgtrekking gekom dat die Bybel oor die algemeen nie op sigself humor bevestig nie, maar dit wys ook nie humor af nie. Die woord 'humor' kom byvoorbeeld nie in die Bybel voor nie. Humor in die Bybel is duidelik nie in alle gevalle baie voor die hand liggend nie en somtyds is dit ook nie noodwendig baie snaaks nie. Daar is egter verskeie elemente van Bybelse humor wat van groot belang is vir humoristiese prediking.

In 'n laaste hoofstuk spesifiek oor humor in homiletiek is daar oorkoepelend 'n paar vrae gevra: Moet/mag 'n preek snaaks wees? Behoort 'n preek lag aan te moedig? Hierdie vrae word beantwoord deur die voorafgaande hoofstukke se insigte. Dit het duidelik geword dat navorsing oor humor geen grap is nie. Nie alle humor soorte is toepaslik vir die gebruik in prediking nie en daar is talle slaggate waarin 'n prediker kan trap met die poging om humor te gebruik in prediking. Daar is egter verskeie ander 'veiliger' humor soorte wat die prediker tot sy of haar beskikking het om te gebruik.

Bedankings

Opregte dank aan my ouers, Jan en Hester, vir julle ondersteuning.

Dank aan Professor Cas Wepener vir u bekwame leiding as my promotor. U was inspirerend in die manier waarop u my gestimuleer het om meer te gaan ontdek en meer te leer.

Aan my kollegas by NG Skuilkrans, dankie vir die ondersteuning, belangstelling en motivering om verder te studeer.

Dank aan die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, wat dit moontlik gemaak het om hierdie studie aan te pak.

Laastens dank aan die Hemelse Vader vir die voorreg om in sy kerk diensbaar te wees. Mag hierdie studie en wat moontlik hieruit sal voortvloei, tot sy eer en verheerliking alleen wees. *Soli Deo gloria!*

Sleutelwoorde

Homiletiek

Humor

Prediking

Liturgie

Inkulturasie

Praktiese teologie

Bricolage

Teenstrydigheid

Grappe

Erediens

Mirth (plesier)

Nar

A person without a sense of humor is like a wagon without springs, jolted by every pebble in the road.

Henry Ward Beecher

Laughter is the closest thing to the grace of God.

Karl Barth

God likes a little humor, as is evidence by the fact that he made the monkeys, the parrot, and some of you people.

Billy Sunday

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 1: BELANG VAN DIE STUDIE	1
1.1 AGTERGROND VAN STUDIE.....	1
1.2 NAVORSINGSLEEMTE	9
1.3 BELANGRIKHEID VAN DIE STUDIE	11
1.4 NAVORSINGSVRAAG	12
1.5 METODOLOGIE	12
1.5.1 Literatuurstudie	13
1.6 WERKSHIPOTESE	13
1.7 PRAKTIESE TEOLOGIE	14
1.7.1 Prakties-teologiese model.....	14
1.8 SLEUTELKONSEPTE	16
1.8.1 Homiletiek	16
1.8.2 Erediens	18
1.8.3 Prediking	20
1.8.4 Inkulturasie.....	23
1.8.5 Humor	24
1.9 GEVOLGTREKKING	24
HOOFSTUK 2: HUMOR.....	25
2.1 INLEIDING.....	25
2.2 WAT IS HUMOR?.....	26
2.2.1 Sosiale konteks	27
2.2.2 Kognitief-perseptuele proses.....	28
2.2.3 Emosionele reaksie	29
2.2.4 Die vokale gedraguitdrukking van lag.....	30
2.3 MEDEDINGENDE TEORIEË OOR HUMOR	31
2.3.1 Meerderwaardigheidsteorieë (Humor as antisosiaal)	32
2.3.2 Teenstrydigheidsteorieë (humor as irrasioneel)	35
2.3.3 Die Verligtingsteorie (Humor as 'n uitlaatklep)	38
2.3.4 Ander teorieë.....	42
2.4 Tipes Humor.....	43
2.4.1 Grappe	44
2.4.2 Spontane humor.....	46
2.4.3 Toevallige of onbedoelde humor	47
2.5 DIE NEGATIEWE ETIEK VAN HUMOR	48

2.5.1 Humor is oneg.....	49
2.5.2 Humor is doelloos (“idle”).....	49
2.5.3 Humor is onverantwoordelik.....	50
2.5.4 Humor is genotsugtig	50
2.5.5 Humor verminder selfbeheersing	50
2.5.6 Humor is vyandig	51
2.5.7 Humor bevorder wanorde	51
2.5.8 Humor is dwaasheid.....	51
2.6 HUMOR OOR KULTUURGRENSE (ETNIESE HUMOR).....	56
2.7 BRICOLAGE VAN HUMOR.....	59
2.8 GEVOLGTREKKING	60
3 HUMOR IN DIE BYBEL.....	62
3.1 INLEIDING.....	62
3.2 IS DAAR HUMOR IN DIE BYBEL?.....	63
3.2.1 Die skuif in hermeneutiek (Nuwe homiletiek)	64
3.3 FAKTORE WAT DIE VERSTAAN VAN BYBELHUMOR BEÏNVLOED.....	66
3.3.1 Siening van humor	66
3.3.2 Skrifbeskouings.....	68
3.3.3 Leesstrategieë.....	68
3.3.4 Kulturele faktore	69
3.3.5 Filosofiese Tradisies	69
3.3.6 Erns in die Christelike tradisie.....	70
3.3.7 Sosiale ligging	72
3.3.8 Gevolgtrekking	73
3.4 HUMOR IN DIE OU TESTAMENT.....	73
3.4.1 Woorde vir humor in die Ou Testament	74
3.4.2 Verskeie invalshoeke op Ou Testamentiese humor	75
3.4.3 Gevolgtrekking	89
3.5 HUMOR IN DIE NUWE TESTAMENT	90
3.5.1 Jesus se humor.....	90
3.6 MENSLIKHEID VAN DIE BYBEL.....	95
3.7 VREUGDE EN BLYDSKAP	98
3.8 GEVOLGTREKKING	99
HOOFSTUK 4: HUMOR IN PREDIKING.....	101
4.1 INLEIDING.....	101

4.2 DIE KONTROVERSIE OOR HUMOR IN PREDIKING	101
4.2.1 Bybelse besware	101
4.2.2 Teologiese besware	103
4.2.3 Etiese besware.....	105
4.2.4 Praktiese besware.....	106
4.2.5 Gevolgtrekking	107
4.3 ONAANVAARBARE HUMOR	108
4.3.1 Grappe	108
4.3.2 Aggressiewe en seksuele humor	111
4.3.3 Sarkasme en persoonlike grappe.....	113
4.3.4 Oneffektiewe poging tot gebruik van humor	114
4.3.5 Prediker as nar (negatief).....	115
4.3.6 Prediker as nar (positief)	117
4.3.7 Gevolgtrekking	122
4.4 GOEIE KANSELHUMOR.....	124
4.4.1 Snaakse verhale of stories	124
4.4.2 Teenstrydighede	126
4.4.3 Woordspeling	128
4.4.4 Stilistiese humor.....	129
4.4.5 Nieverbale humor.....	131
4.5 DIE PREDIKER	132
4.5.1 Outentieke humor.....	132
4.5.2 Talent van humor	133
4.5.3 Self-openbaring en selfverminderende humor	134
4.6 GEMEENTELIKE PERSPEKTIEWE OP HUMORISTIESE PREDIKING.....	136
4.6.1 Verbinding met hoorders.....	137
4.6.2 Verlaging van verdediging.....	137
4.6.3 Die houding van die hoorders teenoor die prediker.....	139
4.6.4 Hoe 'n gemeente reageer op humor	140
4.7 GEVOLGTREKKING	140
HOOFSTUK 5: GEVOLGTREKKING	142
5.1 OORSIG VAN STUDIE	142
5.2 ALGEHELE GEVOLGTREKKING	144
5.3 ROETEMERKERS AS VOORLOPIGE PRAXISTEORIE.....	146
5.3.1 Die gemeente.....	146

5.3.2 Die prediker.....	147
5.3.3 Die preek.....	147
5.3.4 Die teenwoordigheid van Christus:.....	148
5.4 TOEKOMSTIGE NAVORSINGSMOONTLIKHEDE	148
BIBLIOGRAFIE:	151

HOOFSTUK 1: BELANG VAN DIE STUDIE

1.1 AGTERGROND VAN STUDIE

Die wonderlike voordele wat humor vir die menslike samelewing, psige en liggaam inhou is alombekend. Filosofe bemoei hul oor eeue heen met die verskynsel van humor en met uiterse moeite probeer hul om die menige raaisels rondom hierdie boeiende verskynsel te ontrafel (Theron 1996:208). Die mediese gemeenskap het in die verlede al talle kere deur verskeie studies bewys dat humor en lag 'n positiewe uitwerking op die menslike liggaam en psige het en ook kan bydrae tot spoedige genesing van siektes en kwale (Martin 2007:310-330).

Die idee dat humor en lag goed is vir 'n mens se gesondheid het aansienlik gewild geraak in die afgelope paar dekades, in die algemeen sowel as onder baie gesondheidspraktisyns (Martin 2007:310). Eeue gelede is die voordele van lag en humor vir gesondheid egter al waargeneem. Die geneeskundige waarde van vreugde en vrolikheid, sowel as die negatiewe gevolge van negatiewe emosies, is al duisende jare gelede bevestig in 'n Bybelse spreekwoord in Spreuke 17:22 wat lui: “ 'n Vrolike mens is 'n gesonde mens, 'n neerslagtige mens raak uitgeput.” Sedert die tyd van Aristoteles, het 'n groot hoeveelheid dokters en filosofe voorgestel dat lag belangrike voordele vir die gesondheid inhou, soos die verbetering van bloedsomloop, die ondersteuning van vertering, die herstel van energie, bekamping van depressie, en die verbetering van die funksionering van verskeie organe van die liggaam (Martin 2007:309).

Ander bewyse is ook byvoorbeeld die lewe van die bekende dokter Patch Adams wat op verskeie humoristiese wyses sy pasiënte se genesingsprosesse vergemaklik en versnel het¹. Humor speel 'n wesenlike rol in die samelewing, stel die mens in staat om die dominante wêreldbeskouing uit te daag en staan teenoor vaste oortuigings en ideologieë (Campbell en Cilliers 2012:134). Long (2016:16) stel: “a sense of humor is not only a sign of humility but also the gospel's liberating power” (Long 2016:16).

¹ Die 1998 flik *Patch Adams*, waarin Robin Williams die hoofrol vertolk, is 'n aanduiding van die rol van humor die lewe van die werklike Patch Adams. <http://www.imdb.com/title/tt0129290/> Laaste besoek op 2017/02/17.

Na filosofie en die mediese wetenskappe die tema van humor begin ondersoek het, het dit 'n interdisiplinêre studieveld geword waar verskeie geleerdes oor 'n breë spektrum van velde, navorsing doen oor die verskynsel en effek van humor. Antropologiese en sosiale studies prys die rol wat humor in die samelewing speel. Humor het verskeie voordele in die werksomgewing, in kommunikasie, in die oordrag van kennis. Dit kan ideologieë dekonstrueer en ook ongemaklike politieke situasies ontloot. Cilliers (2009:30) stel tereg dat in 'n wêreld vol seerkry en pyn, ons 'n behoefte het aan die bevryding van humor en lag. Om te lag is normaal, om nie te lag nie, is abnormaal. "It seems that what we need is not only grieving for change, but also laughing for change²." Humor stel die liturg in staat om deur liturgiese taal die dodelike erns en hardheid van die lewe te versag (Vos 1996:198).

In die Suid-Afrikaanse stryd teen apartheid, het min die epistemologie van humor beter verstaan as aartsbiskop Desmond Tutu en oudpresident Nelson Mandela. Humor en ironie is deel van Tutu se homiletiese "metode" (Cilliers 2014:550). Toe dr. Piet Koornhof tydens 'n oorsese besoek die uitspraak gemaak het: "Apartheid is dead," het Tutu geantwoord: "Apartheid, we were told by Dr Koornhof, is dead. Sadly we have not been invited to the funeral nor have we seen the corpse" (Tutu 1983:81; cf. Cilliers 2014:550).

Vanaf die Tweede Wêreldoorlog het humor ook 'n wesenlike plek in akademiese diskoerse begin kry (Theron 1996:208). Die studieveld van humor het vinnig ontwikkel en nuwe konsepte soos *gelotologie*³ en *humorologie* is geskep. Internasionale kongresse word ook gehou en gereelde byeenkomste vind wêreldwyd plaas (Theron 1996:208). Deel van die aantrekkingskrag van hierdie onderwerp is te danke aan die besef dat rede nie in staat is om die basiese ongerymdhede van die lewe op te los nie. Hans Lenk verwys in sy boek *Kritik de kleinen Vernunft* (1987) na 'n Amerikaanse spotprent waar 'n gorilla sit en die filosoof René Descartes se uitspraak: "I think therefore I am" uitbrei na die woorde: "I think therefore I am – confused!" (Theron 1996:209). In hierdie spotprent word iets van die ontoereikendheid van rede in die lewe op 'n humoristiese manier uitgebeeld.

² Cf. (Arbuckle 1991) *Grieving for Change*.

³ Gelotologie is die studie van lag en die uitwerking daarvan op die liggaam, vanuit 'n psigologiese en fisiologiese perspektief (Theron 1996:208).

Duidelik is die rol wat humor in die samelewing speel van toeka af tot nou van kardinale belang vir die mens en samelewing as daar na die verskeie navorsingsvelde gekyk word. Tog in die Christendom en in die kerk met spesifieke verwysing na die gebruik van humor in die erediens, is daar in die verlede – en selfs ook vandag – selde met optimisme oor humor en die rol daarvan gepraat.

Leonard Sweet (2014:226) stel: “Too many sermons suffer from a surfeit of seriousness.” Binne die konteks van die NG Kerk, en verskeie ander denominasies, kan hierdie stelling goed verstaan word. Vir talle gelowiges is geloof geen saak om oor te lag nie, die kerk en die erediens is ’n ernstige plek, daar is nie ruimte vir grappies nie. In die ryk geskiedenis van die NG Kerk is daar talle voorbeelde wat bydrae tot hierdie “formele” en “stywe” siening en ervaring van die erediens⁴.

Die gebrek aan humor en die ligter kant van die erediens staan in ’n mate teen die wortels van Gereformeerde aangesien die Reformators bekend was vir hulle gebruik van humor. Martin Luther was bekend vir sy humor en het homself die hofnar van God genoem (Gritsch 2006:119-124). Luther het humor gebruik om sy teologiese idees uit te druk op allerhande maniere. Dit is moontlik dat hy gesukkel het met melancholie. Hy het ook erge teenkating teen sy passiewolle idees oor die kerk ervaar. Sy humor het gedien as ’n lewenslange reddingsboei wat sy godsdienstige lewe aangevuur het. Daarbenewens was humor dikwels ’n groot hulpmiddel vir sy oortuiging van ’n groep mense, en dit is moontlik waarom Luther gereeld gesteun het op humor (Gritsch 2006:119-124).

Huldrych Zwingli was ook bekend vir sy gebruik van humor. Sy reputasie as ’n streng, bot Hervormer word gebalanseer deur sy uitstekende sin vir humor, en die gebruik van satiriese fabels en woordspeling in sy geskrifte. Daar het ook al ’n boek verskyn oor Zwingli se gebruik van humor deur Jim West (2007): *Humor of Huldrych Zwingli: The Lighter Side of the Protestant Reformation*.

Theron (1996:218-224) argumenteer dat Johannes Calvyn ook heel moontlik ’n sin vir humor gehad het, alhoewel dit grotendeels verskil het van dié van Luther. Söderblom in Berggrav (1983:209) stel dat Augustinus en Calvyn Luther se siening oor die verstaan van genade gedeel het, alhoewel hul nie dieselfde sin vir humor van Luther

⁴ Hierdie stywe siening van die erediens kan ook moontlik wees weens deduktiewe prediking voor die nuwe homiletiek vorendag gekom het.

gehad het nie. Daar is egter verskeie akademiëci wat verwys na Calvyn se sin vir humor, sy liefde vir sy vriende, sy liefde vir woordspeling, die genot wat hy gekry het van speletjies en sy buitengewone gasvryheid (Theron 1996:219).

Theron (1996:216) wys egter daarop dat die styfheid of “swaar Gereformeerdeheid” soos hy daarna verwys moontlik afkomstig is vanaf die Calvinisme en die Puriteinse invloed op eredienste en godsdiens in Suid-Afrika. Theron (1996:216) verwys na die Gereformeerde tradisie as: “It is not the case of *the more Reformed the merrier*, but rather: *the more Reformed the heavier*.” Die oorhoofse siening van Calvinisme gaan gepaard met terme soos dogmatisme, intellektualisme, wettisisme en fatalisme. Calvinisme word dikwels geassosieer met Puritanisme en die laasgenoemde is veral nie bekend vir hulle gebruik van humor nie. Die Puriteine word dikwels die skuld gegee vir die beleid van apartheid in Suid-Afrika. “Like all ideologies, apartheid suffered from a lack of humour” (Theron 1996:217). Nie lank ná die Nasionale party aan bewind gekom het nie, het daar ’n foto van dr. D.F. Malan, eerste Minister van Suid-Afrika en voormalige predikant van die NG Kerk, verskyn in ’n Britse koerant met die opskrif: “The man who never smiles.” Die Calvinisme en die Puriteinse invloed in Suid-Afrika kan moontlik dien as vroeë bewyse van die styfheid van eredienste.

In die Gereformeerde eredienste self was daar ook verskeie elemente wat moontlik bygedra het tot die gebrek aan ’n ligte atmosfeer. Die vroeë voorgeskrewe Gereformeerde eredienshandleidings het liturgiese riglyne bevat wat dikwels rigied was en nie genoegsame ruimte vir spontaniteit en verandering gelaat het nie. In essensie was daar dikwels nie liturgiese voorstelle nie maar eerder voorgeskrewe reëls wat streng nagevolg moes word rondom die handeling in die erediens. In *Die handboek vir die erediens* (1988:9-19) word ’n volledige oorsig van die Gereformeerde erediens uiteengesit. Alhoewel daar vermeld word dat sommige liturgiese momente afgewissel kan word, word daar nietemin verskeie maniere voorstel van hoe ’n erediens behoort te verloop. Ander dateerde eredienshandboeke soos dié van A.C. Barnard (1981), *Die erediens*, se beskrywing van die erediens was saam met die vroeë voorgeskrewe eredienshandleidings streng voorskriftelik en by uitstek formeel.

Die gebruik van die sakramente, veral die nagmaal, wat op ’n spesifieke wyse in gebruik was, het ’n beduidende invloed gehad op die stywe atmosfeer van ’n erediens.

Müller (1988:86) het so ver as in 1988 steeds die opmerking gemaak dat die nagmaal 'n koue en streng formele gebruik is:

Our cold, formal and reserved celebration of the Eucharist. You go and sit in your pew, you do not look left or right, you receive and use the elements and, for you, it is a mere issue between yourself and God.

Wepener (2002:9) wys daarop dat die Algemene Sinode van die NG Kerk in 1988 die besluit geneem het om die bewegende nagmaal goed te keur, 'n nagmaalsgebruik wat behels dat die nagmaal aan gemeentede bedien kan word terwyl hul voor die nagmaalstafel verbystap. Alhoewel dit 'n radikale besluit was, was die NG Kerk se gebruike steeds meer formeel as ander Gereformeerde kerke soos die United Reformed Church (URC) waar lidmate aktief deelgeneem het aan die nagmaal deur op te staan en te sit, te sing en mekaar te groet (Wepener 2002:9). Die formele karakter van NG Kerk eredienste het nie soveel beweging toegelaat in die erediens nie en Wepener (2002:9) stel dat bewegings die goeie en vaste orde van erediensthandeling sou versteur. Die formele gebruik van die nagmaal was deels ter wille van die goeie orde in die kerk en deels as gevolg van die NG Kerk se kognitiewe-serebrale liturgiese erfenis.

Sekere liturgiese momente se gebruik in die erediens, het ook 'n invloed gehad op die erediens se formele en morbiede karakter. Die gebruik van die Wet op 'n sekere, dikwels verkeerdelike, wyse, het heel moontlik verder bygedra tot die morbiede en formele rigiede karakter van die erediens. Cilliers (2003:2) wys daarop dat die Wet dikwels misverstaan en verkeerdelik gebruik word in die erediens en dit het die gevolg dat sommige van mening is dat die Wet in die erediens gewoon net nie meer pas binne die huidige tydsges nie. Cilliers (2003:2) merk op:

Wetsopdragte dries teen die konsumpsientaliteit van die tyd in, en maak moeë mense net nóg moeër. Terwyl daar soveel aansprake op mense in die harde wêreld daarbuite is, is die versugting dat die erediens tog 'n ruimte moet bied waarin ons tot rus kan kom, vry van reëls en verpligtinge. Daarom word "vroliker" eredienste verkies, eredienste wat energerend is, eerder as eredienste wat morbied is, en jou telkens herinner aan

jou tekortkominge (sonde), én jou opvorder om die onmoontlike te doen.

Die formele en somtyds morbiede instelling van die erediens het mettertyd ook 'n ligter kant begin ontwikkel, grotendeels danksy die huidige eredienshandleiding, die *Handleiding vir die Erediens* (Clasen et al. 2010) wat meer ruimte skep vir spontaniteit en wat liturgiese voorstelle gee eerder as voorgeskrewe reëls wat gebruik moet word. Die aard en karakter van eredienste in die meeste⁵ NG gemeentes het drastiese veranderings ondergaan die afgelope paar dekades waar sommige gemeentes die formele, somtyds somber, karakter van die erediens verruil het vir 'n gemakliker informele eredienstkarakter. Dit is duidelik te sien in die voorwoord van die eredienshandleiding wat tans in gebruik is: “Die handleiding is nie 'n resepteboek nie. Die riglyne en voorbeelde hierin vra om op 'n kreatiewe manier verder ontgin te word deur almal wat betrokke is by die beplanning en inrigting van eredienste” (Clasen et al. 2010:9). Alhoewel die eredienstkarakter in hedendaagse eredienste grotendeels informeler is, het dit nie tot gevolg dat die eredienste oppervlakkiger geag word nie. Daar is steeds diepte aan eredienste, alhoewel die karakter dikwels informeel kan voorkom. Een van die elemente in die erediens wat dikwels as in kontras gesien word met die diepte element van 'n erediens volgens sommige, is die gebruik van humor tydens die erediens.

Die idee van humor in die erediens is egter nie 'n nuwe verskynsel nie, so ook nie kritiek daarteen nie. Humor in die erediens het 'n hoogs omstrede kwessie onder predikers en akademici geword in die loop van die afgelope vyfhonderd jaar. Sommige beskou humor in die erediens as 'n doeltreffende manier om die aandag van gemeentelede te hou tydens 'n andersins uitgerekte en eentonige erediens (Buttrick 1987:95). Ander sien humor in die erediens as 'n pretensieuse kinderagtige poging tot beter bywoning van eredienste in tydperke van afname in kerkbywoning.

Sedert die bekendstelling van “pulpit jesting” in die sestiende eeu, het daar 'n aansienlike hoeveelheid kritiek teen hierdie gebruik begin opbou. Sommige akademici redeneer dat humor en die Christelike geloof fundamenteel onversoenbaar is. Hierdie

⁵ Daar is egter ook NG gemeentes wat steeds die meer formele karakter behou het en nie baie verandering ondergaan het nie.

besware spruit hoofsaaklik voort uit die ou opvattinge dat die Bybel die heilige Woord van God is, en niks daarvoor of daarin is op enige manier humoristies nie.

Reeds in die vroeë 1700's het daar weerstand ontstaan teen die gebruik van humor in geloofsake. William McKendree, 'n vroeë Metodis het in sy dagboek in 1790 geskryf: "O how unbecoming for a Christian, especially a preacher to laugh. O Lord, give me more grace, more holiness of heart and purity of intention" (Mathews 1979:63). Een van die eerste homilete om sy stem dik te maak oor die onderwerp van humor in die erediens is Alexandre Vinet, 'n Switserse teoloog wat al reeds in 1854 in sy boek *Homiletics: Or the Theory of Preaching* uitgevaar het teen die gebruik van humor in die erediens. Vinet (1854:214) stel:

The pretence of correcting morals by comedy is vain. If the use of ridicule may be admitted in familiar conversation or in a book, it is out of place in an assembly where grave subjects are treated.

Naas Vinet is daar 'n vlag predikers en homilete wat begin uitvaar het teen die gebruik van humor in geloof en in die Christelike erediens. Austin Phelps het saamgestem met hierdie siening van Vinet in sy boek *The Theory of Preaching*. Hy was bang dat die gebruik van humor in 'n erediens die Bybel sou verneder en die gesag daarvan sou ondermyn (Phelps 1882:198-199). In die laat 1800's het die Victoriane lag en humor uit die geloof verban omdat dit vir hulle 'n vreemde idee was dat Jesus sou gelag het (Sweet 2014:228). T. Harwood Pattison (1900:286) het ook die idee van die gebruik van humor in die erediens verwerp as hy stel: "Religion is too severe a matter to be treated in a trivial or jesting spirit. Figures of speech may be in place in a platform speech which are not to be tolerated in a sermon." Heflin (1974) is korrek wanneer hy beweer dat 'n hele paar van die skrywers wat teen die gebruik in humor was, hul opinies begin verander het deur later te sê dat humor wel moontlik 'n positiewer impak kan hê op die erediens.

Daar is in meer resente werk ook kritiek teenoor humor in die erediens. Buttrick (1987:147) het ook 'n algemene negatiewe siening van humor in die erediens. Hy meen dat daar twee reëls vir die gebruik van humor in die erediens is: "If you are a natural funny person, your problem will be control; if you are not a naturally funny person, do not try!" (Buttrick 1987:147). Buttrick (1987:95) is ook negatief teenoor die

gebruik van humor as 'n inleiding tot 'n preek: "The real question to ask about humor is why, why do we want to begin preaching with humor?" Hy stel verder: "Humor at the start of a sermon can set a tone of down-home triviality which, predictably, people will like, but from which few sermons can recover." Buttrick bied kort waarskuwings teen humor wat nie natuurlik geskep is as deel van die preekstruktuur nie, humor wat eintlik bedekte vyandigheid ontbloom, en humor wat "is prompted by our own egotisms" (Buttrick 1987:95).

Die beroemde prediker John Piper ook maak 'n ernstige saak daarvan as hy sê: "God's kingdom is serious business" (Piper 1990:56). Webb (1998:4) wys ook daarop dat die Bybel se oorhoofse temas sonde, vergifnis, lyding, opoffering, dood, verlossing en hoop is, waarvan nie een element van nature komies is nie.

Nie lank na die eerste kritiek teenoor humor se gebruik in die erediens gelug is nie, het die tema van humor begin opduik in homiletiekhandboeke. Phillips Brooks in *Lectures on Preaching* (1902) was een van die eerste homilete om die toepaslikheid van humor in prediking te bevorder deur te reageer op die kritici wat humor as ligsinnig beskou het. Brooks (1902:57) stel: "The smile that is stirred by the true humor and the smile that comes from mere tickling of the fancy are as different from one another as the tears that sorrow forces from the soul are from the tears that you compel a man to shed by pinching him." Naas Brooks was James Burrell een van die eerste homilete om 'n hoofstuk aan humor te wy in 'n homiletiese handboek. Burrell (1913:233) het opgemerk dat predikers humor nie moet gebruik met die doel om te vermaak nie, hy reken: "The court jester has his place; but Christ's fishermen have little use for cap and bells." Garvie (1920:416) het ook die gebruik van humor op die preekstoel bevorder op grond daarvan dat dit 'n gawe van God is.

In die vroeë 1900's was die humortema gewild onder homilete, tussen die 1920's en 1990's het daar deurgaans publikasies verskyn oor humor in die homiletiek en het dus gewild gebly tot laat in die twintigste eeu, alhoewel nie so volop soos in die vroeë jare nie. James Heflin se 1974-proefskrif oor 'n breë oorsig van humor en die rol daarvan in prediking afgelei vanuit kommunikasieteorieë was baanbrekerswerk in die veld van humor. In dieselfde tyd het Doug Adams sy boek *Humor in the American Pulpit* (1975) bekendgestel.

Vanaf 1980 is verskeie publikasies oor humor in die erediens gepubliseer, waarvan sommige egter geen beduidende bydrae tot die veld gelewer het nie. *Humor in Preaching* (1986) geskryf deur John Drakeford, het ook bygedra om die tema van humor te bevorder in prediking. James Barnette het die veld bevorder met sy 1992-proefskrif *Humor in Preaching: The Contributions of Psychological and Sociological Research*. Michael Butzberger se proefskrif in 2003, *Humor as a Communication Tool in Preaching* verskaf teologiese en teoretiese bewegegredes vir die gebruik van humor in die prediking met 'n meer hedendaagse perspektief. Op Suid-Afrikaanse bodem is die werk van P.F. Theron van groot waarde, veral sy artikel "Calvinism and the Comic Vision" (1996). Die voorloper op die gebied van humor en prediking in Suid-Afrika is by uitstek die praktiese teoloog Johan Cilliers. Cilliers het deur die jare heen verskeie publikasies die lig laat sien waarin die tema van humor vervat is. Cilliers het saam met Campbell (2012) 'n boek, *Preaching fools, the Gospel as a Rhetoric of folly* gepubliseer wat van groot waarde vir die prakties-teologiese studieveld is. Nog resente werk aangaande humor in prediking is Leonard Sweet (2014) se boek *Giving blood, a fresh paradigm for preaching*, waar hy in 'n kort hoofstuk verwys na die rol van humor in die erediens.

1.2 NAVORSINGSLEEMTE

Oor die breë spektrum van homiletiekhandboeke oor dekades heen, is daar al baie geredeneer oor die kuns van preek skryf en preek lewer. Die hoeveelheid gewigtige homiletiekhandleidings wat die afgelope paar dekades op die akademiese voorgrond verskyn het, is genoeg om 'n ordentlike boekrak vol te staan, daarom sonder die navorser slegs enkele handleidings uit. In die menigte homiletiek handleidings is dit opmerklik dat daar bitter min werke uit Afrika, noord van die Limpopo is wat spesifiek betrekking het op die Afrika konteks.

Merkwaardige homiletiese publikasies wat vandag in gebruik is, is onder andere Thomas Long se werk, *The witness of preaching* (2016), Tisdale en Troeger, *A Sermon Workbook: Exercises in the Art and Craft of Preaching* (2013), Johan Cilliers se werk, *Die lewende stem van die evangelie* (2004), Henk van der Meulen se Nederlandse preekhandleiding, *Als een leerling leren preken* (2008) tot by die werk van Fred B. Craddock, Paul Scott Wilson, David Buttrick, John McLure en Eugene

Lowry om maar enkeles hier uit te sonder. Duidelik is daar geen tekort aan goeie homiletiek handboeke nie.

As daar egter in meer diepte na elk van hierdie verskeie boeke, sowel as nog ander, gekyk word, wil dit voorkom of daar egter tog tussen die versameling boeke 'n leemte is. Dit word duidelik dat handboeke oor Christelike prediking min en somtyds niks te sê het oor die gebruik van humor in prediking nie.

In 'n opname van tien gewilde kontemporêre homiletiekhandboeke het die navorser gevind dat daar 'n geweldige verwaarlosing van die onderwerp is. Uit die tien gekose boeke, is daar slegs twee wat kortliks die tema van humor aanraak. Long (2016:8-9) beklemtoon in twee kort bladsye in die inleiding van *The witness of preaching* dat die prediker 'n sin vir humor moet hê: "Never lose a sense of humor about yourself." Dit is die eerste en laaste plek waar humor ter sprake is die boek. In David Buttrick se boek *Homiletic: moves and structures* (1987) bespreek hy kortliks die rol van humor in die inleiding van 'n preek asook hoe humor gebruik behoort te word in preek illustrasies. Hierdie twee temas saam beslaan slegs vier bladsye van 'n vier-honderd-agt-en-negentig bladsy boek. Sweet (2014) behandel die tema van humor in 'n baie kort hoofstuk in sy nuutste publikasie oor prediking. Hy beklemtoon die belangrikheid van humor in die erediens, maar gee geen verduideliking oor hoe om humor aan te wend in die Christelike erediens nie.

Homiletiese studies oor die gebruik van humor tot op hede betrek twee groot gebiede van studie naamlik geskiedenis en spraak kommunikasieteorieë nie genoegsaam nie. Werke soos hierdie maak dikwels staat op algemene stellings van predikers en homiliete oor die onderwerp van humor. Hierdie vae verwysings is van geen hulp in 'n aansienlike behandeling van die onderwerp nie (Barnette 1992:42). Die eindresultaat is 'n navorsingsliggaam wat grootliks beperk is tot historiese gevalle van humor en algemene stellings oor humor gebaseer op toespraakteorieë en homiletiese ervaring. Hierdie beperkte werk aangaande humor in die prediking moet inderdaad uitgebrei word. Humor is 'n algemene en, waarskynlik, 'n belangrike element in prediking. Die algemene gebruik van humor in prediking is egter nie in verhouding tot die bitter min aandag wat dit ontvang in die terrein van die homiletiek nie. Dieper en deegliker navorsing oor die onderwerp kan bydra tot die homiletiek deur die lewering van 'n meer diepgaande ondersoek van hierdie verwaarloosde kwessie.

Selfs met die oplewing van homiletiese materiaal in die laaste tien jaar, bly humor 'n verwaarloosde onderwerp. Trouens, daar is minder behandeling van die onderwerp in die afgelope paar jaar se publikasies as die in die twintigste eeu. Daar is uiteindelik te min materiaal oor die onderwerp van homiletiese humor. Feitlik alle homiletiekhandboeke gee min aandag aan die saak. Om die waarheid te sê maak homiletiese tekste meestal staat op aanhalings, staaltjies, en algemene kennis wanneer hulle die probleem hanteer (Barnette 1992:43).

1.3 BELANGRIKHEID VAN DIE STUDIE

Predikers funksioneer vanuit 'n sekere selfbegrip van hul identiteit as predikers wat hulle saam met hulle dra as 'n beeld van wat, volgens hulle, predikers behoort te wees en te doen – beelde wat die patrone en praktyke van hul bediening ten diepste beïnvloed. Thomas Long (2016:24) stel dat predikers vooropgestelde beelde van die rol van die prediker het, primêre metafore wat nie net die aard van die prediker beskryf nie, maar ook al die ander belangrike aspekte van die preekgeleentheid omhels. Hy verwys na die “hoofmetafore” van predikers waarbinne die meerderheid van predikers hul identiteit in die afgelope jare verstaan het, naamlik: die prediker as boodskapper, as pastoor en as storieverteller. Long verkies 'n vierde beeld of metafoer, wat die positiewe elemente van die drie bogenoemde metafore insluit, naamlik: dié van die prediker as getuie. Dit is vanselfsprekend dat daar meer as net hierdie vier beelde of metafore is wat die essensie van die identiteit van prediking vasvang.

Nog 'n beeld of metafoer waarbinne predikers hul identiteit kan verstaan is die “prediker as gek/dwaas”. Talle teoloë (cf. Campbell 2008; Cilliers 2008, 2009, 2010; Wepener 2015a:226) stel dat die wortels van hierdie metafoer teruggevoer kan word na Paulus se beskrywing van die dwaasheid van prediking in sy briewe aan die Korintiërs waar hy skryf: “Ons is dwaas ter wille van Christus, julle is verstandig in Christus; ons is swak, julle is sterk; julle geniet aansien, ons word verag” (1 Kor. 4:10). Dwaasheid, volledige en volslae onsin. Definitief heilige kaf, maar nog steeds onsin – vir baie, dit is prediking (Cilliers 2008:2).

Verskeie predikers beliggaam hierdie metafoer van die prediker as gek/dwaas, op 'n uiteenlopende hoeveelheid maniere en hoeke van benadering. Uit die navorser se eie observasies is humor wesenlik deel van eredienste in verskeie denominasies in Suid-Afrika. Van 'n rugby grappie in die begin van 'n Gereformeerde erediens, tot 'n uur

lang “stand-up” komedie vertoning in ’n Charismatiese erediens in die noorde van Pretoria. Humor word gebruik oor ’n breë spektrum van eredienste, op ’n verskeidenheid maniere. Verskil die verstaan van die prediker as gek/dwaas in verskillende kontekste en denominasies? Word daar vanuit ’n verantwoordelike oogpunt gewerk deur predikers en liturge wanneer hul humor in die erediens gebruik, of word humor in die erediens op ’n lukrake wyse gebruik?

1.4 NAVORSINGSVRAAG

Dit is duidelik dat daar ’n leemte is in die navorsingsveld vir ’n studie oor die gebruik van humor in die erediens. In hierdie MTh-verhandeling word eerstens gevra:

- Dit is duidelik vanuit homiletiekhandboeke dat daar nie ’n spesifieke model of modelle is as verwysingsraamwerk oor hoe humor in die erediens behoort te funksioneer en gebruik te word nie, dus kan die vraag gevra word: Is daar ’n beter en slegter manier hoe om humor in prediking te benader? Hoe funksioneer humor in prediking? Is daar verskillende style van humor wat in prediking toegepas kan word? Watter rol speel die persoonlikheid van die prediker in die gebruik van humor in prediking? Watter rol speel die gemeente in humor?
- Voor hierdie vrae oor humor in die homiletiek aangepak word, gaan daar ’n oorsig gegee word oor die Bybel, en die volgende vraag kom na vore: Is daar humor in die Bybel, is daar humoristiese tekste in die Ou en die Nuwe Testament? Het hierdie humor in spesifieke kontekste afgespeel? Kan dit oorgedra en gebruik word in ons eietydse konteks?
- Allereers voor al hierdie vrae, moet die vraag beantwoord word: Wat is humor? Is daar verskeie tipes humor? Verskil humor tussen kulture? Wat is die funksies van humor?

Uiteindelik is die oorkoepelende navorsingsvraag in hierdie studie: ***Is die sinvolle/effektiewe gebruik van humor in die prediking moontlik?***

1.5 METODOLOGIE

In hierdie MTh-verhandeling gaan slegs een navorsingstegniek gebruik word om die navorsingsvraag te beantwoord. Mouton en Marais (1990:3) dui aan dat die mens ’n natuurlike neiging het om meer kennis oor ’n spesifieke verskynsel te kry. Ten einde

kennis te bekom, is navorsing 'n noodsaaklike deel van die proses. Kumar (2011:37) beskryf metodologie as 'n operasionele raamwerk waarbinne die feite geplaas word sodat die betekenis daarvan dalk duideliker uitgelig kan word. 'n Gestruktureerde navorsingsproses kan net gevolg word deur middel van 'n sistematiese plan van aksie. 'n Uiteensetting van die plan van aksie word verskaf om struktuur te gee aan die proses van navorsing. "Streng etimologies beteken metodologie niks anders nie as die logika onderliggend aan die implementering van wetenskaplike metodes in die bestudering van die werklikheid" (Mouton en Marais 1990:16).

1.5.1 Literatuurstudie

In hierdie studie gaan die outeur gebruik maak van die tradisionele literatuurstudie model. Dit behels 'n omvattende agtergrond vir die verstaan van huidige kennis en lê klem op die betekenis wat nuwe navorsing kan bied. Dit kan navorsingsidees inspireer deur die identifisering van leemtes of teenstrydighede in 'n liggaam van kennis, dus help dit die navorser om navorsingsvrae te definieer of hipoteses te bepaal (Cronin et al. 2008:38; Lategan 2007). Die literatuurstudie is deel van die kwalitatiewe navorsingsmetodologie en kan as 'n kwalitatiewe navorsingstegniek beskou word. Die literatuurstudie is gebaseer op kwalitatiewe konseptualiseringstegnieke en berus slegs op teoretiese argumente en bevat nie 'n empiriese komponent nie. Die voordeel van kwalitatiewe navorsing is dat dit die geleentheid skep om komplekse tekstuele beskrywings te verskaf van hoe mense 'n gegewe navorsingskwessie ervaar. Dit verskaf inligting oor die menslike kant van 'n probleem. Dikwels verwys dit na teenstrydige gedrag, oortuigings, opinies, emosies en verhoudings van individue. Kwalitatiewe metodes is ook effektief in die identifisering van onaantasbare faktore, soos sosiale norme, sosio-ekonomiese status en geslagsrolle, wie se rol in die navorsingskwessie dalk nie geredelik sigbaar is nie (Mack et al. 2005:2).

1.6 WERKSHIPOTESE

Die werkshipotese wat in die verhandeling funksioneer, behels die volgende: Dat humor wel toepaslik is vir die gebruik in prediking en dat die sinvolle gebruikmaking van humor in prediking die huidige homiletiese praxis kan verryk. Humor navorsing kan ook riglyne vir predikers bied en uiteindelik in 'n praxisteorie ontwikkel.

1.7 PRAKTIESE TEOLOGIE

Heitink et al. (2000:63) wys daarop dat Praktiese teologie een van die studievervelde van teologie verteenwoordig. Pieterse (2004:8) beskryf Praktiese teologie as: “The study of communicative acts in the service of the gospel within the context of modern society.” Heitink (1993:105) verwys na Praktiese teologie as: “De empirisch-georiënteerde teologiese teorie van de bemiddeling van het christelijk geloof in de praxis van de moderne samenleving.” Louw (2009:132) verwoord Praktiese teologie ook as: “The science of the theological, critical and hermeneutical reflection of the intention and meaning of human actions as expressed in the practice of ministry and the art of faithful daily living (leitourgia)”.

Pieterse (1990:22) som die studieterrrein van Praktiese teologie deeglik op:

Die studieterrrein van die Praktiese teologie is die ontmoetingsgebeure tussen God en mens, en mens en mens deur sy Woord en Gees, hoofsaaklik binne die konteks van die gemeente. Ons benader die gemeente dus nie soos die sistematiese teologie of die dogmatiek nie. Ons vra na die ontmoetingsgebeure van God se koms na die mens in sy Woord deur die diens van die pastorale optrede of handeling. Ons besin oor die heilsbemiddeling, oor die handeling en gebeure waarin God se spreke plaasvind, oor die kommunikatiewe handeling in diens van die evangelie. Die Praktiese teologie teologiseer digby die konkrete praktyk in 'n heen-en-weer-beweging tussen teologiese teorie en praktyk.

1.7.1 Prakties-teologiese model

Hierdie verhandeling word vanuit die Praktiese teologie aangepak, alhoewel ander dissiplines ook ter sprake kom, onder andere antropologie en sielkunde. Immink en Verweij (2007:144) stel tereg: “Therefore, in theological theories of practice the relationship with God cannot be isolated from the other aspects that constitute practices. The practical theological approach must therefore be intra-disciplinary.”

In Praktiese teologie-studies benodig navorsers 'n funksionele model om hulle in staat te stel om tussen teorie en praktyk te beweeg (Heyns en Pieterse 1990:33). Daar is verskillende modelle wat in 'n Praktiese teologie-studie gebruik kan word, onder

andere Zerfass (1974:164-177) se model wat 'n Basisteorie, Metateorie en Praktykteorie behels en Heitink (1999:106) se model wat drie sirkels gebruik wat hy stel as Hermeneutiese, Empiriese en Strategiese sirkels. Hierdie prakties-teologiese ondersoek is egter aangepak volgens die benadering van Osmer (2008). Dit sal as primêre bron dien vir die uiteensetting van die navorsingsvraag.

Hierdie Praktiese teologiese studie gaan verloop in 'n proses van vier take wat behandel moet word (Osmer:2008; Pieterse 2011:734):

- Wat is aan die gang? (“What is going on?”) – 'n Beskrywende empiriese ondersoek.
- Waarom is dit aan die gang? (“Why is it going on?”) – 'n Interpretasie van die redes waarom dit plaasvind.
- Hoe behoort dit te wees? (“What ought to be going on?”) – 'n Normatiewe teologiese toetsing van die verskynsel.
- Hoe kan ons reageer? (“How might we respond?”) – Hoe kan die gemeente optree om die probleem te hanteer?

Osmer gebruik die konsep van die hermeneutiese sirkel om die verhouding tussen die vier take te verduidelik. Alhoewel die vier take afsonderlik is, word hulle ook verbind. Die interpreteerder moet voortdurend beweeg tussen take, wat lei tot 'n interpretatiewe spiraal. Die navorser se verstaan van Osmer (2008) se model is dus 'n interaktiewe beweging tussen die verskillende take eerder as 'n lineêre beweging. Hierdie studie steun op Osmer (2008) se proses om by die uiteindelijke gevolgtrekking uit te kom.

Die eerste taak is die beskrywende-empiriese taak. Praktiese teologie samel inligting in wat help om patrone en dinamiek te onderskei in verskillende situasies of kontekste. Situasies of kontekste vra vir interpretasie. Dit nooi studente uit: “To interpret the texts of contemporary lives and practices” (Osmer 2008:32). Osmer beklemtoon die beskrywende taak in terme van 'n spiritualiteit van teenwoordigheid: “It is a matter of attending to what is going on in the lives of individuals, families, and congregations” (Osmer 2008:34). Hy verwys na “priesterlike luister” wat ter sprake is. In 'n gemeentelike konteks kan priesterlike luister informeel, semi-formeel of formeel wees. Osmer fokus op formele luister, wat hy definieer as: “Investigating particular episodes, situations, and contexts through empirical research” (Osmer 2008:38).

Die interpretatiewe taak soek redes vir die verskynsel wat waargeneem word in die beskrywende taak. Die belangrikste vraag word nou: Waarom is dit aan die gang? Hier moet die interpreteerder die kwessies ingebed in die episodes, situasies en kontekste, wat hy waargeneem het, identifiseer, en steun op teorieë van die kunste en wetenskappe om hom te help om die verskeie kwessies te verstaan en te interpreteer. Osmer (2008:81) verwys na hierdie proses as die toepassing van “sagely wisdom”. “Sagely wisdom” vereis die wisselwerking van drie belangrike eienskappe: bedagsaamheid, teoretiese interpretasie en wyse oordeel (Osmer 2008:82). In hierdie studie word telkens verwys na die betrokke stap van Osmer (2008) se verskeie take wat ter sprake is.

Die normatiewe taak vra op sy beurt: Hoe behoort dit te wees? Dit handel oor die gebruik van teologiese konsepte om spesifieke episodes, situasies of kontekste te interpreteer, sowel as oor die bou van etiese norme om ons reaksies te lei (Osmer 2008:4). Eenvoudig gestel, poog dit om God se wil te onderskei vir huidige realiteite. Osmer verwys na hierdie taak as “prophetic discernment” (Osmer 2008:132). Hoewel die Ou-Testamentiese profete normatief namens God gepraat het, was hulle ook interpreteerders van die verlede se tradisies en die hede se onthullings. Die term “profetiese onderskeiding” wil die wisselwerking van goddelike openbaring en menslike vorming as profetiese onderskeiding vasvang. Profetiese onderskeiding gebruik drie metodes om God se Woord vir die hede te ontdek: (a) teologiese interpretasie, (b) etiese besinning, en (c) ’n goeie praktyk (Osmer 2008:139-160).

Die pragmatiese taak handel oor die bepaling van strategieë van aksie wat situasies beïnvloed op maniere wat wenslik is en tree in ’n reflektiewe gesprek met die “terugvoer” wat sal plaasvind wanneer die aksies bekragtig word (Osmer 2008:4).

1.8 SLEUTELKONSEPTE

1.8.1 Homiletiek

Tradisioneel val homiletiek onder die akademiese dissipline van Praktiese teologie. Homiletiek vind sy Griekse stam in *homilein* of *homilia*, wat in teologiese verband die “toepassing van die algemene beginsels van retoriek op openbare prediking behels” (Steyn 2008:21). Volgens Müller (1983:19-20) word *homilein* in die Nuwe Testament toegepas op gesprekke oor Jesus en die Evangelie en dit word ook gebruik in verband met die element van prediking op ’n dialogiese wyse.

'n Kort definisie vir homiletiek (vgl. Steyn 2008:20) kan “preekkunde” wees, die kuns van preek skryf en preek lewer, die vakbenaming waaronder homiletiek vir jare geval het. 'n Ander definisie vir homiletiek kan beskou word as die wetenskaplike of teologiese vakbenaming vir die begrip “prediking”, prediking waarin die heil van God in Jesus Christus aan mense sentraal staan (Steyn 2008:20). Hierdie is egter nie goeie omvattende definisies vir homiletiek nie aangesien dit min sê oor die dialogiese fokus en kommunikatiewe gerigtheid van homiletiek. Dit beklemtoon slegs een aspek van die erediens en soos Long (2016:15-17) beklemtoon, is die erediens meer as net die preek.

Die erediens omsluit duidelik baie meer as net die element van prediking, of die aanleer van die kuns van prediking. Daarom sal homiletiek wyer verstaan moet word as net die oordrag van die Evangelie deur onder andere prediking, maar ook deur die res van die liturgie en gebeure in die erediens (Steyn 2008:20). Long (2016:15) wys daarop dat 'n woordeboek definisie van prediking die rykdom en misterie van die veld wegneem, dieselfde kan ook gesê word oor 'n definisie van homiletiek.

Dit is duidelik dat die homileet se taak wyer strek as net die navorsing ten opsigte van prediking is, dit sluit ook die ganse erediensgebeure in. Immink en Verweij (2007:146 en 147) stel dit duidelik: “The job of a homiletician is not to provide a perfect description of preaching, but to develop a theory that accounts for much of the homiletical discourse, the sermonic interaction process, the formation of faith, et cetera”.

Lextheo in (Steyn 2008:22) stel 'n omvattende definisie vir homiletiek:

The study of homiletics seeks to prepare preachers to respond faithfully and effectively to the joy and responsibility of preaching. This requires integration of sound exegesis, theological reflection, ecclesiological insight, pastoral sensitivity, and communication skills. Faithful and effective sermons help us to encounter God by connecting us with our faith heritage, pointing us toward the future in which God's promises unfold, and naming current moments and places in which God becomes manifest.

1.8.1.1 Nuwe homiletiek

Homiletiek in die afgelope jare het byna 'n ontploffing van homiletiese teorieë gesien. 'n Nuwe beweging, die “New Homiletic”, het ongeveer in 1970's in Noord-Amerika

begin. Hierdie nuwe preekbeweging het die manier van prediking radikaal verander. Tot en met hierdie beweging, is prediking slegs op 'n deduktiewe wyse gebruik. In deduktiewe prediking word die prediker erken as die een met gesag in die gemeente. Die hoorders bevraagteken selde die prediker se gesag, wat beskou word as Godgegewe (Craddock 1979:14). Vanuit die verhewe posisie van die goddelike gesag verkondig die prediker dan die Woord van God, gewoonlik met 'n voorspelbare formule, in 'n puntsgewyse uiteensetting van die tema deur gebruik te maak van deduktiewe logika. In die nuwe homiletiek word deduktiewe prediking vervang met induktiewe prediking.

Induktiewe prediking word deur Lowry (1993:95-96) beskryf as:

The result, as we peer back over twenty years, appears as a paradigmatic shift involving moves from deductive to inductive, from rhetoric to poetic, from space to time, from literality to orality, from prose to poetry, from hot to cool, from creed to hymn, from science to art, from left brain to right brain, from proposition to parable, from direct to indirect, from construction to development, from discursive to aesthetic, from theme to event, from description to image, from point to evocation, from authoritarian to democratic, from truth to meaning, from account to experience. But note that I said appears “from ... to” The matter is not quite as simple as that.

Die invloedryke Nuwe Homiletiese beweging het soveel uiteenlopende idees en strategieë gelewer, soos Fred Craddock se induktiewe beweging, Eugene Lowry se homiletiese plot, Charles Rice se verhaal, David Buttrick se seremoniële bewegings, Lucy Rose se gesprekke, Tom Long se prediker as getuie en Paul Scott Wilson se vier bladsye van 'n preek.

1.8.2 Erediens

Die *Handleiding vir die Erediens* beskryf die erediens as: “die sentrale gebeurtenis in die voortgaande lewe van 'n Christelike gemeente” (Clasen et al. 2010:3). Die gemeenskap van gelowiges wat saamkom in 'n erediens word deur God saamgeroep, dit is daarom 'n gans ander gemeenskap (Kloppers 2005:192). Al is die erediens ingebed in die alledaagse lewe, al kom die gemeente uit die alledaagse lewe en keer

daarna terug, lyk die erediens anders as die wêreld. Barnard (1981:61-63) het alreeds in 1983 die erediens beskou as die middelpunt van gemeentelike lewe en arbeid. Hy verwys na die erediens as: “die gesig van die kerk en die hart van die kerk”.

Barnard (1981:384-385) argumenteer dat daar onkunde en misverstande bestaan oor die wese en die doel van die erediens. Hy stel dat daar op verkeerde wyse by verskillende punte van die erediens begin kan word, om byvoorbeeld die meeste klem op die kerkgebou en sang te plaas en sodoende nooit werklik by die kern, die wese van die erediens uitgekom word nie. Vorster (1996:203-208) wys daarop dat die Gereformeerde erediens kenmerklike eienskappe het wat dit karakteriseer.

1.8.2.1 Die erediens as ontmoeting tussen God en sy volk

Die erediens is 'n samekoms van gelowiges met 'n spesifieke doel. Die erediens verteenwoordig 'n amptelike ontmoeting en dialoog tussen Christus en sy gemeente (Barnard 1981:386). Die doel van die erediens is om saam die Verbondsgod te ontmoet en te eer terwyl Hy Hom met genade openbaar en die gemeente ontmoet. In hierdie lig gesien, is die erediens 'n geestelike tweerigtinggesprek⁶ tussen God en sy volk waar God die gesprek inisieer (Vorster 1996:205).

1.8.2.2 Die erediens as fees

Müller (1988:3) beskryf die erediens as 'n fees⁷. Müller se beskrywing laat vaar egter nie die ander beskrywinge oor die erediens soos die ontmoetings- en gemeenskapskarakter nie⁸. Hy sien die erediens as 'n fees van die Gees en as 'n fees van die gemeente. Uit Efesiërs 5:18-10 kom hy tot die gevolgtrekking dat die fees 'n getuieniskarakter, 'n lofkarakter en 'n dankkarakter het. Barnard (1981:387) stel ook pertinent dat die erediens 'n fees en viering is en dat dit 'n besondere vreugdekarakter toon. Kloppers (2005:193) wys daarop dat gemeentes altyd die ontmoeting met die opgestane Heer, met verskillende klemtone in die verskillende tye van die jaar vier. Die samekoms van die gelowiges staan ook altyd binne 'n bepaalde tyd in die jaar en die kerkjaar vorm ook die polsslag van die kerk.

⁶ Immink (1998) verwys na hierdie tweerigtinggesprek as “een dubbele beweging”.

⁷ Denny en Wepener (2013) stel 'n nuwe model vir Charismatiese aanbidding waar liturgiese rituele van die Gees gekombineer word met die viering van die nagmaal. Dit dra uiteraard by tot die erediens as fees.

⁸ Die erediens is 'n fees, maar sluit ook die elemente van treur, verootmoediging, hartseer en verduideliking in (Leuschner et al. 2003).

1.8.2.3 Die erediens as gesamentlike aanbidding

Die erediens kan ook beskryf word as die spesifieke geleentheid waar gelowiges saamkom om God te aanbid. In die aanbidding in die erediens val die klem op die “vertikale” handeling van die erediens (Vorster 1996:208). Die subjek van aanbidding is uiteraard die gelowige wat homself/haarself sien as die begenadigde. Die versoening van Jesus maak dit vir die gelowige moontlik om voor God te verskyn en homself/haarself sodoende ook te sien as die geroepene wat God se beeld na die wêreld moet uitdra. As die gelowige kan identifiseer met begenadigde en geroepene sal dit moontlik wees vir die gelowige om in opregte oorgawe voor God in aanbidding te verskyn en daardeur sy totale afhanklikheid voor God te erken en te openbaar (Vorster 1996:208).

1.8.2.4 Die erediens as gemeente vir mekaar (en ander)

“Die gemeente leef vanuit die unieke byeenkoms van die erediens in die wêreld en na die wêreld toe” (Kloppers 2005:193). Deur aktief deel te neem aan die erediens is die gemeente ook by mekaar betrokke, dus is daar ’n horisontale vlak ook teenwoordig. Die predikant is nie alleenlik verantwoordelik vir die erediens nie, hy of sy verrig bepaalde funksies maar handeling van die gemeente is ook noodsaaklik. Leuschner en De Klerk (2003:445) stel dat elke lidmaat ’n bydrae het om te lewer in die erediens en moet dus betrokke wees. Elke individu is belangrik in die erediens. Die erediens is dus ’n ontmoeting tussen God en sy volk waar elke gemeentelid ’n rol het om te vervul, nie net deel te hê as waarnemer of toeskouer nie, maar volwaardige deelnemer. Volgens Bonhoeffer is die gemeente die “Gemeinde für andere” (Bethge 1967:992 in Kloppers 2005:193). Die navorser gaan dus die erediens omskryf onder verskeie punte, eerder as ’n enkele pasklaar definisie van die geheel. ’n Enkele definisie beperk die beskrywing van die erediens, daarom is dit noodsaaklik om elke punt afsonderlik te beskryf. Die uiteensetting van die verskeie elemente van die erediens dien ook ’n groter doel, dit handel ook oor die belang van die erediens as geheel.

1.8.3 Prediking

Long (2016:15) vra in die eerste hoofstuk van sy boek *The Witness of Preaching*, “What does it mean to preach?” Hoe meer daar oor prediking nagedink word, hoe ingewikkelder raak dit. Ian Watson stel tereg: “I don’t understand preaching, but I believe in it deeply”. Long wys daarop dat prediking nooit ten volle verstaan sal word

nie, tog is 'n poging tot 'n definisie nodig. Van nature is daar verskeie uiteenlopende definisies van prediking. Die *Oxford English Dictionary* definieer prediking as: "Deliver a sermon or religious address to an assembled group of people, typically in church. 'he preached to a large congregation" (Simpson en Weiner 1989). Green (1972:55) verwoord prediking as: "The proclamation of the Word of God to men by men anointed of God". Pieterse (1985:11, 14) wys daarop dat prediking die Woord van God laat hoor in soverre dit die Skrifwoord lewend deur die Heilige Gees verkondig. Vos (1996:146-147) beskryf prediking breedvoerig as:

Die preek is 'n manier waardeur God na die mens en die wêreld kom. In die koms gebruik Hy ook mense om sy heil te bemiddel. Die heilsbemiddeling is daarop gerig om hoorders in hulle bestaan te raak, en om by hulle liefde vir God en hul naaste te wek, om hulle tot diens aan Hom en ander mense aan te moedig en om hulle te beweeg om in die geloofsgemeenskap en samelewing om te gee en te sorg. Wanneer God se heil hoorders tref, word hulle deelnemers aan en mededelaers van die heilproses. Die preek kan ook gesien word as 'n manier waardeur God se koningskap in die lewens van mense, die kerk en die samelewing gevestig word.

Burger (1999:226) verwys weer na prediking as "n openbare uitleg en toepassing van die Woord binne die lewenskonteks van die gemeente. Dat dit openbaar en formeel van aard is, neem nie weg nie dat dit ook persoonlik en pastoraal moet wees en die vrug van 'n diep omgang met die Woord is." Kruger en Venter (2002:20) beskryf weer prediking as: "die brugbou tussen die Bybel en die moderne wêreld waardeur God Drie-enig deur sy geroepe dienskneg tot die gemeente spreek". Cilliers (2004:25) se definisie vat verskeie ander teoloë en homiliete se definisies van prediking saam. Cilliers (2004:25) stel dat die prediker ander mense ontmoet met eie woorde oor die evangelie, gevolglik kan prediking gesien word as die verwoording van die evangelie.

Prediking is egter 'n te omvattende gebeurtenis om in een definisie vas te pen. Daar is verskeie elemente wat deel vorm van prediking. Verskillende homiliete deel prediking in verskeie afdelings in. Long (2016) verwys na: "the Event of Preaching" waar prediking uit vier belangrike fasette bestaan: Die gemeente, die prediker, die

preek en die teenwoordigheid van Christus. Verskeie ander homilete, onder andere Cilliers (2004) verwys ook na hierdie verskillende fasette in prediking, alhoewel dit dikwels vervleg is en nie so verpak is soos Long se uiteensetting van die preekgebeurtenis nie.

Met die gebruik van Cilliers (2004:25) se definisie van prediking, prediking as die verwoording van die evangelie, kan daar uitgebrei word op die verskeie elemente of fasette wat prediking behels.

1.8.3.1 Die gemeente

Die verwoording van die evangelie geskied binne die konteks van die gemeente. Die gemeente kom iewers bymekaar, vir 'n spesifieke doel, en uiteindelik sal hul weer terugkeer van waar af hulle kom. Die feit dat prediking 'n gemeente behels, wys daarop dat daar twee realiteite betrokke is, die wêreld van waar die gemeente kom en weer na terugkeer, en die aanbidding, wat die rede is vir die bymekaarkoms (Long 2016:16). Prediking geskied oor die algemeen daar waar die gemeente bymekaar is in die erediens (Botha 2010:42). Prediking is ook gebonde binne 'n bepaalde situasie (Vos 2005:289-292). Elke preek geskied op 'n unieke plek in 'n besondere tydstip. Elke preeksituasie is uniek en sal van week tot week verskil. Prediking behoort rekening te hou met die verskeie aspekte wat saamhang met 'n spesifieke groep mense binne 'n spesifieke situasie (Botha 2010:42).

1.8.3.2 Die prediker

Prediking is die verkondiging van die boodskap van die evangelie binne die konteks van die gemeente deur die prediker. Predikers se primêre opdrag is om die boodskap van Jesus Christus aan die gemeente deur die prediking oor te dra (Lose 2008:52).

Long (2016:16) sê dat die prediker vanuit twee perspektiewe gesien moet word. In die eerste plek moet die prediker gesien word as deel van die gemeente, 'n lidmaat wat uit die gemeente ontstaan om te preek. Moltmann (1977:303) stel: "One person or more gets up in front of the congregation in order to preach the Gospel. ... These people come from the community but come forward in front of it and act in Christ's name." In die tweede plek moet daar opgelet word dat die prediker nie meer net een van die lidmate is nie, maar hy of sy beklee 'n nuwe rol. Die prediker is steeds deel van die gemeente, maar neem 'n nuwe rol aan en skuif na 'n ander plek, dit verander egter nie sy of haar status nie. Die gemeente wil in die woorde van die prediker, God se

boodskap vir hulle hoor, soos dit in die Woord van God deur die preekgebeure ontsluit word (Troeger en Everding 2008:13). Die gemeente wil nie slegs die prediker se eie woorde hoor nie, maar Christus se woorde wat deur hulle praat.

1.8.3.3 Die Woord van God/teenwoordigheid van Christus

Die primêre bron vir die prediking is die Bybel (Botha 2010:15). Die Bybel regverdig ook die voortbestaan van die erediens (Burger 2009:17). God en die Bybel staan sentraal in die erediens (Burger 1999:5-6). Long (2016:58) stel dat die Bybel die normatiewe vorm van enige Christelike prediking behoort te wees.

Prediking moet in die teenwoordigheid van Christus geskied. Long (2016:17) stel tereg: "To say that a preacher acts in Christ's name, is more than simply claiming that the preacher has authority or that the preacher is a local agent for a distant God. Preaching that happens in Christ's Name is preaching in which the risen Christ is truly present here and now." Buttrick (1987:459) wys ook daarop dat sover ons woorde deur Jesus Christus ingestel word, God se heilige doel dien en deur die Gees bekragtig word, is dit die Woorde van God aan die wêreld.

1.8.4 Inkulturasie

Deur die jare het verskeie teoloë, in hulle worsteling met die konsep van inkulturasie, ons voorsien met hul verstaan van inkulturasie.

In die moderne Christelike wêreld dui inkulturasie op die verskuiwing wat plaaslike kulture en hul waardes inneem "as the basic instrument and a powerful means for presenting, reformulating and living Christianity" (Chupungco 1996:57). Binne hierdie proses word effektiewe dialoog tussen Christendom en plaaslike kulture gevoer. Azevedo in (Tovey 2004:1-2) wys daarop dat inkulturasie die verhouding kultuur of kulture en die Christelike boodskap is, 'n opname van die Christelike lewe in 'n kultuur en die aanhoudende wederkerige en kritiese interaksie en assimilasië tussen die twee. Tovey (2004:2) sien inkulturasie weer as 'n proses van verandering waardeur vervreemding vernietig word. Wepener (2009:36) stel weer dat inkulturasie verwys na 'n voortdurende proses van kritiese wedersydse interaksie tussen kultus en kultuur sodat daar 'n totaal nuwe entiteit tot stand kan kom. Inkulturasie is met ander woorde die proses waar 'n tradisie na 'n ander groep oorgedra word. Binne hierdie proses, word 'n paar aspekte van die tradisie aanvaar en bewaar en ander word weer verwerp (Wepener 2008:316).

1.8.5 Humor

Daar is 'n gebrek aan 'n voldoende definisie van humor. Robinson en Smith-Lovin (2001:124) stel tereg: "Unfortunately, humor is a puzzling phenomenon. Like beauty, most people believe that they know it when they see it, yet find it difficult to define." Daar is 'n magdom verskillende definisies van humor, elkeen gebaseer op ander uitgangspunte. Crawford (1994:57) definieer humor as enige kommunikasie wat 'n positiewe kognitiewe of affektiewe reaksie van hoorders genereer. Romero en Cruthirds et al. (2006:59) definieer humor as vermaaklike kommunikasie wat positiewe emosies en kennisies produseer in individue, groepe of organisasies. Long en Graesser en Long (1988:37) beskryf humor as: "Anything done or said, purposely or inadvertently, that is found to be comical or amusing".

Die *Oxford English Dictionary* definieer humor as: "That quality of action, speech, or writing which excites amusement; oddity, jocularly, facetiousness, comicality, fun". Die Oxford definisie word verder uitgebrei: "The faculty of perceiving what is ludicrous or amusing, or of expressing it in speech, writing, or other composition; jocose imagination or treatment of a subject". (Simpson en Weiner 1989). Finestad definieer humor as: "The quality that makes something laughable or amusing" (Finestad 2010:14). *Die Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal* (HAT) beskryf humor op twee wyses, eerstens as "die lagwekkende; geestigheid; komieklikheid; skerts. Die voorstelling van omstandighede of uiting van gedagtes gekenmerk deur verrassende teenstellings, speelse wendings en ongerymdhede" en tweedens as die "uiting/lewenshouding waarin die onvolkomenhede en teenstrydighede in die lewe en in die menslike natuur met meegevoel benader en begryp word." (Gouws et al. 2015). Nog 'n definisie wat 'n omvattender begrip van humor gee is: "The ability to perceive, enjoy, or express what is amusing, comical, incongruous, or absurd" (Goldman 2009:84).

1.9 GEVOLGTREKING

Dit is uit die bostaande duidelik dat humor 'n wesenlike deel van die samelewing op verskeie vlakke is. Allereers voor 'n studie oor humor in die erediens aangepak word, moet 'n duidelike verstaan verkry word van wat humor is en hoe humor funksioneer. In die volgende hoofstuk word daar aandag gegee aan die fenomeen van humor in sy verskillende vorme, asook die verskeie teorieë oor humor.

HOOFSTUK 2: HUMOR

2.1 INLEIDING

Thoennes (2007:72) meld: “The intellectual pursuit of attempting to understand laughter scares me. In some ways, laughter defies explanation and definition. Humor’s resistance to exegesis seems to be a part of the magic.” Thoennes se standpunt verwoord iets van die waarheid, dat humor en lag verduidelikings en definisies te bowe gaan. ’n Streng akademiese benadering tot humor is nie net ’n komplekse en uitdagende taak nie, maar ontnem die onderwerp ook van pret (Troup 2010). As die effek en bruikbaarheid van humor in prediking egter bestudeer moet word, moet die onderwerp met ’n mate van akademiese deeglikheid ondersoek word. Bygesê moet die huidige sienings oor humor se nut in kommunikasie wat deur verskeie sprekers, navorsers en kommunikasie kundiges nagevors word, ook in berekening gebring word. So ’n ondersoek kan talle insigte bied aangaande die toepaslikheid al dan nie van die gebruik van verskillende tipes humor in prediking.

Hierdie hoofstuk bied ’n oorsig oor die wye veld van navorsing oor humor. Vanuit die navorsing oor humor is dit duidelik dat ’n voldoende definisie van humor ontbreek. Robinson en Smith-Lovin (2001:124) stel tereg: “Unfortunately, humor is a puzzling phenomenon. Like beauty, most people believe that they know it when they see it, yet find it difficult to define.” Hierdie hoofstuk het ten doel om lig oor die onderwerp van humor te werp op vyf maniere. Eerstens om te poog om ’n definisie daar te stel vir die fenomeen humor. Tweedens om die ontwikkeling van humor oor die eeue heen te beskryf aan die hand van verskeie teorieë daarvoor wat oor die jare ontwikkel het. Derdens om die verskillende tipes humor wat onderskei kan word te beskryf. Vierdens om die negatiewe uitgangspunte van humor uiteen te sit en vyfens om die kultuurgebondenheid van humor in Suid-Afrika, waar verskeie kultuur en rassegroepe funksioneer, te beklemtoon.

Vanuit ’n prakties-teologiese oogpunt word Osmer (2008) se vraag: Wat is aan die gang? wat verwys na die beskrywende-empiriese taak, oorkoepelend in hierdie hoofstuk gevra. Die vraag: Wat is aan die gang? is ’n kritiese vraag om in hierdie hoofstuk onder die loep te neem, aangesien dit die grondslag stel vir die res van die verhandeling. Voor ’n studie oor humor in prediking ’n aanvang kan neem moet die fenomeen “humor” uiteraard uitgepak word.

2.2 WAT IS HUMOR?

Humor en lag is 'n universele aspek van menslike ervaring, wat voorkom in alle kulture en feitlik alle individue regoor die wêreld (Lefcourt 2001). Lag is 'n eiesoortige, gestereotipeerde patroon van stemgebruik wat maklik herken word (Provine en Yong 1991). Alhoewel daar in verskillende kulture eiesoortige norme met betrekking tot geskikte humor en die tipes situasies waarin lag toepaslik geag word bestaan, is die klanke van lag ononderskeibaar tussen kulture (Martin 2007:3). Lag is een van die eerste sosiale vokaliseringe, ná huil, wat geuiter word deur babas (McGhee 1979). Babas begin lag in reaksie op die optrede van ander mense om en by die ouderdom van vier maande oud. Die ingeborenheid van lag word verder gedemonstreer deur die feit dat selfs kinders wat blind en doof gebore word, behoorlik kan lag, sonder dat hulle ooit die gelag van ander mense hoor of sien (Provine 2000).

Humor is 'n raaiselagtige verskynsel wat moeilik is om te definieer (Theron 1996:212). Daar is 'n magdom verskillende definisies van humor, elkeen gebaseer op ander uitgangspunte. Crawford (1994:57) definieer humor as enige kommunikasie wat 'n positiewe kognitiewe of affektiewe reaksie van hoorders genereer. Romero en Cruthirds et al. (2006:59) definieer humor as vermaaklike kommunikasie wat positiewe emosies en kognisies produseer in individue, groepe of organisasies. Long en Graesser (1988:37) beskryf humor as: "Anything done or said, purposely or inadvertently, that is found to be comical or amusing".

Die *Oxford English Dictionary* definieer humor as: "That quality of action, speech, or writing which excites amusement; oddity, jocularly, facetiousness, comicality, fun". Die Oxford definisie word verder uitgebrei: "The faculty of perceiving what is ludicrous or amusing, or of expressing it in speech, writing, or other composition; jocose imagination or treatment of a subject". (Simpson en Weiner 1989). Finestad definieer humor as: "The quality that makes something laughable or amusing" (Finestad 2010:14). Die *Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal* (HAT) beskryf humor as "die lagwekkende; geestigheid; komieklikheid; skerts. Die voorstelling van omstandighede of uiting van gedagtes gekenmerk deur verrassende teenstellings, speelse wendings en ongerymdhede." (Gouws et al. 2015) Nog 'n definisie wat 'n omvattender begrip van humor gee is: "The ability to perceive, enjoy, or express what is amusing, comical, incongruous, or absurd" (Goldman 2009:84).

Die laasgenoemde definisie is deegliker aangesien dit fokus op die vermoë van 'n individu om te besef wat komies is. Humor is nie net 'n verskynsel wat lei tot 'n spesifieke tipe gedrag soos lag of glimlag nie, dit is ook 'n gemoedstoestand wat die amusanthede van die lewe waarneem. Humor produseer lag, wat genot en vreugde ontlok, sodat humor oor die algemeen beskou word as 'n positiewe vorm van kommunikasie wat samewerking en goedkeuring kan genereer (Finestad 2010:14). Dit is egter nie net vermaaklik nie en ook nie noodwendig die teenoorgestelde van erns nie. Humor verlaag verdedigingsmeganismes, kan emosionele gemoedstemming verander en het die vermoë om menseverhoudings te verbeter. Humor strek uiteindelik verder as snaakse stories en grappies (Finestad 2010:14). Dit is 'n perspektief, 'n houding en 'n leefstyl wat mense help om effektiewer te kommunikeer en dus in oorfloed te leef. Humor kan mense ook in staat stel om nuwe moontlikhede raak te sien.

Dit is duidelik vanuit hierdie definisies dat humor 'n breë term is wat verwys na enigiets wat mense sê of doen wat as snaaks beskou word en wat geneig is om ander te laat lag, sowel as die geestelike prosesse wat gepaard gaan in beide die skepping en die waarneming van so 'n vermaaklike stimulus, asook die affektiewe reaksie wat betrokke is in die genot daarvan (Martin 2007:5). Hierdie uiteenlopende definisies van humor het 'n aansienlike invloed waar dit gebruik word in prediking.

Uit 'n sielkundige perspektief kan die humorproses verdeel word in vier essensiële komponente: 1) 'n sosiale konteks, 2) 'n kognitief-perseptuele proses, 3) 'n emosionele reaksie, en 4) die vokale gedragsuitdrukking van lag.

2.2.1 Sosiale konteks

Humor is fundamenteel 'n sosiale verskynsel. Mense lag en vertel grappe baie meer dikwels tussen ander as wanneer hul alleen is. Mense lag soms wanneer hul alleen is, byvoorbeeld terwyl hul 'n snaakse televisieprogram kyk, 'n humoristiese boek lees, of 'n snaakse persoonlike ervaring onthou (Martin 2007:6). Maar hierdie gevalle van lag kan gewoonlik in essensie gesien word as "pseudo-sosiale" lag, want hulle reageer steeds op die karakters in die televisieprogram of die skrywer van die boek, of herleef 'n gebeurtenis waar ander betrokke was (Morreall 2009:55).

Humor kan voorkom in feitlik enige sosiale situasie. Byvoorbeeld tussen eggenote wat al vyftig jaar saam is, tussen vreemdelinge wat wag by 'n bushalte of mense wat saam

lag by 'n ete vir nuwe lidmate by 'n kerk. Dit kan opduik in 'n gesprek van 'n groep goeie vriende wat sit om 'n tafel in 'n koffiewinkel, of in die interaksies van 'n groep sakelui wat deelneem aan formele onderhandelinge.

Die sosiale konteks van humor is een van speel (Morreall 2009:38). Humor is in wese 'n manier vir mense om in interaksie te tree op 'n spelende⁹ manier. Wanneer dit gebeur neem hul 'n nie-ernstige houding in teenoor dit wat hulle sê of doen. Hulle voer aktiwiteite uit vir die pret daarvan, eerder as om 'n belangriker doel voor die oë te hê (Martin 2007:6). Die humoristiese, spelende wyse van funksionering kan voorkom vir kort oomblikke of vir verlengde periodes van tyd. Martin (2007:7) wys daarop dat wanneer mense ontspanne en gemaklik voel, hulle betrokke kan raak in speelse en humoristiese storievertellings en die vertel van grappe vir lang tydperke op 'n slag. Speel en humor sluit ook uiteraard goed aan by die niefunksionele aard van liturgie waarbinne prediking ingebed is.

'n Vraag wat van nature spruit uit die sosiale konteks van humor is: Is die erediensruimte 'n gepaste of natuurlike sosiale ruimte waar humor ook kan voorkom, of is dit dikwels geforseer en uit plek uit?

2.2.2 Kognitief-perseptuele proses

Behalwe vir 'n sosiale konteks, word humor gekenmerk deur bepaalde vorme van kognisies (Martin 2007:7). Om humor te produseer, moet 'n individu verstandelike inligting verwerk uit die omgewing of uit die geheue, en op 'n kreatiewe manier met idees, woorde, of optrede speel, om sodoende 'n skerpsinnige verbale woord, frase of 'n komiese verbale aksie te skep wat deur ander beskou word as snaaks (Baldwin 2007:18). In die ontvangs van humor, neem ons inligting in (iets wat iemand sê of doen, of iets wat ons lees) deur middel van ons oë en ore, verwerk die betekenis van hierdie inligting, en beoordeel dit as nie ernstig nie, spelend en humoristies (Baldwin 2007:19).

Die meeste navorsers is dit eens, dat humor 'n idee, beeld, teks, of gebeurtenis behels wat in 'n sekere sin onvanpas, vreemd, ongewoon, onverwags, verrassend, of buitengewoon is (Baldwin 2007:19). Daarbenewens moet daar een of ander aspek wees wat die stimulus as nie ernstig of onbelangrik beoordeel, om ons in 'n spelende

⁹ Die spelende karakter van humor kan moontlik in verband gebring word met *Homo Ludens* (1938) van Johan Huizinga.

bui vir minstens 'n oomblik te plaas. Daarom blyk die essensie van humor teenstrydigheid, onverwagsheid en speelsheid te wees, waarna evolusionêre teoretici Matthew Gervais en David Wilson (2005) verwys as: “nie ernstige sosiale teenstrydigheid”. Dit is egter ook waar dat die kreatiewe speel met woorde en situasies op gepaste wyses benader moet word, sodat 'n grap verstaan word. 'n Grap wat verduidelik moet word, verloor in essensie die humor daaraan verbonde. Dit is ook waar van die liturgie. Sodra 'n liturgiese moment verduidelik moet word, val die simbole dikwels plat en het dit nie meer die waarde wat dit vroeër gehad het nie.

2.2.3 Emosionele reaksie

Die mens se reaksie op humor is nie net intellektueel van aard nie. Die persepsie van humor sorg ook meestal vir 'n aangename emosionele reaksie, ten minste tot 'n mate. Baldwin (2007:19) vermeld: “Upon hearing a funny joke, the body experiences increased heart rate and skin conductance response, and this arousal is followed by a strong, positive affective reaction.” Sielkundige studies het ook getoon dat blootstelling aan humoristiese stimuli 'n toename in positiewe denke en gemoedstoestand tot gevolg het. Vanuit die navorsing se waarneming van eredienste, ervaar lidmate dikwels 'n gevoel van “lekkerkry” wanneer 'n grappie vertel word, of iets snaaks gebeur of gesê word tydens die erediens. 'n Grap wat vertel word in die erediens se emosionele reaksie is van so aard dat lidmate dikwels ná 'n grap vertel is, rondskuif in hul sitplekke om gemakliker te sit weens die aangename emosionele reaksie. Die teenoorgestelde kan ook weer waar wees waar onvanpaste swak grappe erediensgangers laat rondbeweeg van ongemaklikheid.

Dit kan dus aangevoer word dat humor in wese 'n emosie is wat ontlok word deur die betrokke tipes kognitiewe prosesse wat bespreek is in die vorige afdeling. Net soos ander emosies soos vreugde, jaloesie, of vrees voorkom in reaksie op spesifieke tipes evaluering van sosiale en fisiese omgewings, so behels humor 'n emosionele reaksie wat ontspruit deur 'n spesifieke reeks evaluering, naamlik die persepsie dat 'n gebeurtenis of situasie snaaks of komies is (Martin 2007:8; Morreall 2009:55).

Hierdie aangename emosionele reaksie word deur alle mense beleef, maar verbasend genoeg is daar tot op hede nog nie 'n tegniese term gekies om hierdie spesifieke emosie aan te dui nie (Martin 2007:8). Navorsers gebruik spesifieke terme om emosies soos vreugde, liefde, vrees, angs, depressie, en dies meer aan te dui, maar

daar is geen algemene naam vir die emosie wat ontlok word deur humor nie. Sommige navorsers gebruik die uitdrukkings “humor waardering”, “vermaak” en “opwinding” om hierdie aangename emosionele reaksie te verduidelik, maar daar is egter nog geen konsensus nie (Morreall 2009:55).

’n Woord wat in hedendaagse navorsing dikwels gebruik word, is die woord “mirth” (Morreall 2009:68). “Mirth” word vertaal in die *Pharos Engels/Afrikaanse woordeboek* (Pheiffer 2007) as “vrolikheid, opgeruimdheid, plesier, joligheid, jolyt, opgewektheid, pret en gelag”. Vir die doeleindes van hierdie studie gaan die navorser die woord “plesier” gebruik as Afrikaanse vertaling van “mirth” aangesien daar nie ’n direkte Afrikaanse vertaling voorkom nie. Die navorser is ook van mening dat die woord “lekkerkry” ook goed in hierdie konteks gebruik sou kon word. Soos ander emosies (bv. vreugde, liefde, hartseer, vrees), kan plesier voorkom met wisselende grade van intensiteit, wat wissel van ligte gevoelens van vermaak tot baie hoë vlakke van geamuseerdheid en humor.

Ook soos ander emosies, het plesier fisiologiese sowel as ervaringskomponente. Saam met die kenmerkende subjektiewe gevoelens van plesier, vermaak, en blymoedigheid, gaan hierdie emosie gepaard met ’n verskeidenheid van biochemiese veranderinge in die brein, outonome senuweestelsel, en endokriene stelsel, wat ’n verskeidenheid van molekules insluit soos neurotransmitters, hormone, opioïede, en neuropeptiede (Lefcourt 2001:141; Panksepp 1993).

2.2.4 Die vokale gedragsuitdrukking van lag

Soos ander emosies, het die “plesier” waarmee humor gepaard gaan ook ’n ekspressiewe komponent, naamlik lag en glimlag. Teen lae vlakke van intensiteit, word hierdie emosie uitgedruk deur ’n flou glimlag, wat verander in ’n breër glimlag en dan hoorbaar raak in die vorm van lag soos die emosionele intensiteit toeneem (Martin 2007:9).

Teen ’n baie hoë intensiteit, word dit uitgedruk deur skaterlag, en gaan dikwels gepaard met ’n rooi gesig, asook liggaamlike bewegings soos die teruggooi van die kop, wieg van die liggaam, klap van hande, ensovoorts. Dus is lag in wese ’n manier van uitdrukking aan ander dat ’n mens die emosie van plesier (“mirth”) ervaar, net soos frons, skree, byt en ’n mens se vuiste bal, die emosie van woede kommunikeer (Morreall 2009:59). Lag is dus fundamenteel sosiale gedrag: as daar geen ander

mense is om mee te kommunikeer nie, sou lag onnodig wees. Daar is geen twyfel waarom dit so 'n luide, kenmerkende en maklik erkenbare stel klanke is nie, en waarom dit selde voorkom in sosiale isolasie.

Opsommend behels die sielkundige proses van humor 'n sosiale konteks, 'n kognitiewe evalueringsproses wat bestaan uit die persepsie van spelende teenstrydigheid, die emosionele reaksie van plesier en die vokale gedrags uitdrukking van lag. Die woord "humor" word dikwels gebruik in 'n beperkte sin om spesifiek te verwys na die kognitief-perseptuele komponent, die verstandelike prosesse handel oor die skep van snaaksighede of die komiese. Dit is belangrik om in gedagte te hou, vir die doeleindes van hierdie studie, dat in 'n breër sin, humor na al vier komponente verwys, en elke komponent 'n belangrike faset van humor is.

Net soos met die definisie van humor, is daar geen enkele universeel aanvaarde, allesomvattende teorie oor humor nie. Die volgende drie teorieë is van die algemeenstes wat bespreek word in literatuur oor humor.

2.3 MEDEDINGENDE TEORIEË OOR HUMOR

Daar is 'n verskeidenheid van teorieë oor humor wat poog om te verduidelik waarom mense humor gebruik en waarom iets snaaks is. Die meeste skrywers is dit eens dat nie een teorie voldoende is om die veelsydige fenomeen van humor te verduidelik nie (Haig 1988:26). Daar is sommige akademici wat aandui dat daar meer as 100 voorgestelde teorieë van humor bestaan tot op hede (Hart 2007:181).

Dat daar mededingende teorieë oor humor is, is nie verbasend nie. Dit wys net daarop dat die verskillende akademici onder andere filosowe, taalkundiges, literêre teoretici, sosioloë, sielkundiges ensovoorts op verskillende maniere redeneer en sodoende verskeie teorieë bevorder deur sekere aspekte van humor bo ander te verkies. Daar is twee groot struikelblokke in die ontwikkeling van teorieë oor humor. Die eerste struikelblok is die dissiplinêre spesifisiteit wat die skep van die teorie inkleur en 'n spesifieke klem lê op sekere uitgangspunte wat uiteindelik sekere elemente van humor sal insluit en ander weer uitsluit. Die tweede struikelblok is die gebrek aan 'n konkrete definisie van humor, of minstens 'n konsensus oor die definisie.

Vandag word drie gewilde kategorieë van teorieë grotendeels aanvaar in die akademiese kringe. Die teorieë is eerstens, meerderwaardigheidsteorieë, tweedens,

teenstrydigheidsteorieë, en derdens motiverende, verligtings- en opwekkingsteorieë. Raskin (1985:40) stel dat hierdie verskeie teorieë mekaar komplementeer: “They characterize the complex phenomenon of humor from very different angles and do not at all contradict each other – rather they seem to supplement each other quite nicely”. Terwyl elke teorie poog om verantwoording te doen vir alle gevalle van humor, wys baie humorkundiges daarop dat nie een van hierdie drie belangrikste groepe teorieë voldoende is om ’n algemene teorie van humor daar te stel nie. Tog bied elke teorie ’n nuttige raamwerk vir die begrip van die bestaan van humor en lag.

2.3.1 Meerderwaardigheidsteorieë (Humor as antisosiaal)

Die meerderwaardigheidsteorie beweer dat lag of humor na vore kom as ’n uitdrukking van iemand se gevoelens van meerderwaardigheid oor ander mense (Morreall 2009:6). Iemand kan gesien word as komieklik wanneer hy of sy beskou word as: “Inadequate according to a set of agreed-upon group or societal criteria” (Lynch 2011:426). Die lag oor die onkundige optrede van ander, soos volwassenes dikwels lag vir die woorde of dade van kinders, illustreer hierdie perspektief. Sulke gebeure skep ’n toestand van vreugde binne individue, wat kan lei tot uiterlike lag (Meyer 2000:314). Vyandige lag word ook dikwels gekoppel aan die meerderwaardigheidsteorie. Vreugde of blydschap word gesien as die eerste gevoel van meerderwaardigheid, dit kan dan tot uitdrukking kom deur te lag, wat ’n eksplisiete boodskap van meerderwaardigheid veronderstel. Morreall (2009:4) wys daarop dat hierdie teorie die oudste, en waarskynlik algemeen aanvaarde teorie oor humor tot op hede is.

Plato en Aristoteles is bekend vir die eerste melding van die meerderwaardigheidsteorie, maar hulle het slegs terloops daarna verwys, en bied net wat gewoonlik beskou word as aanmerkings oor die gebruik en die natuur van humor. Plato en Aristoteles het albei geglo dat lag ’n vorm van bespotting is en die karakter van die persoon emosioneel kan seermaak vir wie gelag word (Rushing 2006:10). Plato het gewaarsku teen die gevaar van die komiese met ’n sedebederwende uitwerking op ’n persoon. Aristoteles het ’n sin vir humor nie heeltemal veroordeel nie, maar hy argumenteer ten gunste van matigheid. Aristoteles het gesê: “Those who carry humor to excess are thought to be vulgar buffoons. They try to be funny at any cost and aim more at raising a laugh than at saying what is proper and at avoiding pain to the butt of their jokes” (aangehaal in Morreall 2009:5).

Die eerste eksplisiete beskrywing van die meerderwaardigheidsteorie was waarskynlik die een wat voorgelê is deur Thomas Hobbes. Plato se kritiek van lag as die uitdrukking van ons vreugde oor die tekortkominge van ander mense is uitgebrei deur Hobbes in sy werk, *Leviatan* wat in 1651 verskyn het (Morreall 2009:6). Hobbes skryf in sy *Leviatan* (Koncz 2001:138):

Sudden glory is the passion which makes those grimaces called Laughter, and is caused either by some sudden act of their own that pleases them or by the apprehension of some deformed thing in another, by comparison whereof they suddenly applaud themselves. And it is incident most to them that are conscious of the fewest abilities in themselves, who are forced to keep themselves in their own favor by observing the imperfections of other men. And therefore, much laughter at the defects of others is a sign of pusillanimity.

Voor die Verligting was Plato en Hobbes se idee dat lag 'n uitdrukking van gevoelens van meerderwaardigheid is, die enigste algemene verstaan of begrip van humor. Vandag is dit bekend as die “meerderwaardigheidsteorie.” Hierdie teorie is ook dikwels gebruik om korrekte sosiale optrede uit te lig.

Anthony LudoVici het uitgebrei op Hobbes se teorie van “sudden glory” deur te verduidelik dat alle gelag gesien kan word as 'n produk van die gevoel van 'n persoon se “beter aanpassing” (Rushing 2006:11). LudoVici (1933:62) verduidelik:

We laugh when we feel that our adaptation to life is superior. It may be a purely subjective state unprovoked by any external object, or it may be a state of mind excited by a comparison, as when we laugh at a school boy howler. Or it may be a bluff laugh, that is to say, pretended expression of superior adaptation when one is really feeling inferior.

LudoVici het gewys op die natuurlike gelag van kinders oor ander met fisiese, geestelike en kulturele gebreke as 'n illustrasie van hierdie verskynsel (Rushing 2006:11).

Hutcheson in (Morreall 2009:9-10) argumenteer teen die bewering van Hobbes dat die noodsaaklike kenmerk van lag die uitdrukking van gevoelens van meerderwaardigheid is. As Hobbes reg was, beweer Hutcheson, sou twee gevolgtrekkings volg: (1) Daar kan geen gelag wees as ons onself nie teen ander kan opweeg nie, en (2) wanneer ons ook al “sudden glory” voel, lag ons. Maar nie een van hierdie is korrek volgens Hutchenson nie. Mense lag soms vir ’n vreemde metafoor of vergelyking, sonder om byvoorbeeld hulleself te vergelyk met ander.

Hutchenson argumenteer dat ’n gevoel van meerderwaardigheid nie noodwendig voldoende is vir die verklaring van die oorsprong van humor nie. Mense ervaar dikwels ’n gevoel van meerderwaardigheid teenoor ander deur hulle jammer te kry, sonder om vir hul te lag. Hutcheson gebruik die voorbeeld van ’n ryk man wat deur die strate van Londen ry en ’n hawelose persoon sien, as hy besef dat hy baie beter af is as daardie persoon, sal dit hom nie noodwendig amuseer nie (Morreall 2009:10).

Humorteoretici het egter verskeie voordele van meerderwaardigheidshumor geïdentifiseer. Gruner (1978:35) het aangevoer dat dit in werklikheid aggressiewe gedrag verminder deur emosionele uitdrukking wat andersins onuitgesproke en opgekrop sou bly of andersins op verskeie minder sosiaal aanvaarbare maniere tot uitdrukking sou kom. Feinberg (1978:25) het soortgelyk aan Gruner geargumenteer deur te sê: “Humor provides a vicarious form of aggression to relieve some of the accumulated tensions of modern society”. Meyer (2000:315) het ook opgemerk dat meerderwaardigheidshumor kan bydra tot eenheid in ’n groep: “Laughing at faulty behavior can also reinforce unity among group members, as a feeling of superiority over those being ridiculed can coexist with a feeling of belonging.”

Duncan in (Meyer 2000:316) het opgemerk dat “dissipline deur lag” een van die funksies van die koninklike hofnar deur die eeue heen was. Dwase se manewales is voor gelag om te wys dat sulke gedrag of oortuigings onaanvaarbaar is in ’n ernstige of normale samelewing. Moontlik is fragmente van die hofnarkonsept steeds teenwoordig in ons hedendaagse samelewing. Meyer (2000:316) beklemtoon twee belangrike aspekte wat dalk nog teenswoordig is in die moderne samelewing. Die menslike samelewing word eerstens gerig deur diegene wat ongehoorsaam is, wat veroordeel word deur gehoorsames wat vir hul lag, en tweedens, voel mense deel van ’n groep as hul saam lag vir ongehoorsame mense. ’n Goeie voorbeeld is die

televisieprogram *Candid Camera* en ander programme wat kykers toelaat om vir mense se ongemaklike situasies en oomblikke van groot verleentheid te lag.

In sy boek, *The Game of humor*, het Gruner (1997) gepoog om sy lesers te oortuig dat die meerderwaardigheidsteorie verantwoordelik kan wees vir alle gevalle van humor. Hy het die meerderwaardigheid teorie die “lag / wen” teorie genoem. Hy gebruik “wen” in die breedste sin vir die betekenis “om te kry wat ’n mens wil hê,” en om dit “dadelik” te kry. Hy gebruik die metafoor van “’n spel” om alle humoristiese wisselwerking te beskryf. Hy het verduidelik dat die idee van ’n spel impliseer nie net pret, vermaak, en menslike interaksie nie, maar ook “kompetisie”, “telling hou,” en ’n “wenner” en ’n “verloorder”. Dit is egter belangrik om daarop te let dat nie alle humorteoretici oortuig is dat alle humor kan verklaar word deur die meerderwaardigheidsteorieë nie.

Morreall (2009:9) wys daarop dat verskeie leemtes in die meerderwaardigheidsteorie gevind is, en dus het daar ander teorieë ontwikkel, onder andere die teenstrydigheidsteorieë; en die motiverende, Verligtings- en opwekkings-teorieë.

2.3.2 Teenstrydigheidsteorieë (humor as irrasioneel)

Vanuit die perspektief van die teenstrydigheidsteorie, lag mense vir wat hulle verras, en dit wat onverwags of vreemd is op ’n niedreigende manier (Meyer 2000:317). Hierdie teorie dui met ander woorde aan dat humor ’n kognitiewe proses is wat gevolg word wanneer ’n ervaring ’n onverwagse wending neem buiten die normale verwagte patrone van ons geordende wêreld (Young 2009:19). Teenstrydige verrassings trek ’n mens se aandag op ’n kognitiewe wyse en produseer ’n emosionele gevoel van vreugde. Onreëlmatighede kom voor wanneer ’n enkele situasie of gebeurtenis ervaar word in twee onverwante en selfs teenstrydige maniere. Morreall (2009:15-16) wys uit:

We live in an orderly world, where we have come to expect certain patterns among things, their properties, events, etc. We laugh when we experience something that does not fit these patterns. As Pascal put it, ‘nothing produces laughter more than a surprising disproportion between that which one expects and that which one sees’.

Hierdie benadering is uitgebou deur onder andere James Beattie, Immanuel Kant, Søren Kierkegaard, Arthur Schopenhauer en verskeie ander latere filosowe en

sielkundiges. Morreall (2009:10) wys ook daarop dat die teenstrydigheidsteorie tans die dominante teorie van humor in die filosofie en sielkunde is.

Die oorsprong van die teenstrydigheidsteorie kan moontlik teruggevoer word na die werke van Aristoteles waar hy stel: "It is pleasing when speeches do not end as the listener expected". Aristoteles het hierdie teorie nooit ten volle ontwikkel nie, maar dit was duidelik dat hy erken het dat onvervulde verwagtinge en teenstrydighede humoristiese situasies geskep het (Koncz 2001:146). Dit was eers meer as duisend jaar later, dat die teenstrydigheidsteorie sou begin ontwikkel soos ons dit vandag ken. Descartes het dit kortliks aangeraak deur te stel: "We find ourselves surprised by the novelty or by the unexpected encountering of this [situation and/or emotions being felt]" (Koncz 2001:146). Maar, soos Aristoteles, het hy nooit sy idees verder verfyn nie.

Ander teoretici wat 'n meer diepgaande benadering oor die ontwikkeling van die teenstrydigheidsteorie gevolg het, was onder andere Francis Hutcheson (1694-1746) wat geskryf het: "Generally the cause of laughter is the bringing together of images which have contrary additional ideas, as well as some resemblance in the principal idea". David Hartley (1705-1757) het gestel: "We often laugh at children, rustics, and foreigners, when they act right [...] and are guilty of no other inconsistency than what arises from the usurpations of custom over nature". George Campbell (1719-1796) het ook genoem dat humor die gevolg is van 'n "agreeable surprise" (Koncz 2001:146-147).

Die eerste persoon wat 'n vollediger teorie van humor ontwikkel het, was die agtiende-eeuse filosoof Immanuel Kant wat geskryf het: "Whatever is to arouse lively, convulsive laughter must contain something absurd (hence something that the understanding cannot like for its own sake.) Laughter is an affect that arises if a tense expectation is transformed into nothing" (Rushing 2006:14). So 'n gebeurtenis kan waargeneem word wanneer 'n grap eindig in 'n antiklimaks, mense wat na die grap luister word gelaat met min opsies van reaksie, daarom lag hul dikwels as reaksie.

Robert Latta (1999) en ander teoretici het daarop gewys dat die woorde "onvanpas" en "teenstrydigheid" onverskillig gebruik word in baie weergawes van die teenstrydigheidsteorie. Morreall (2009:11) wys uit dat verskeie teoretici 'n foutiewe verstaan het van teenstrydigheid en dit op 'n verkeerdelike wyse gebruik wat afwyk van die woordeboek definisie van teenstrydig.

Die kernbegrip in die teenstrydigheidsteorie is gebaseer op die feit dat menslike ervaring met geleerde patrone werk. Wat ons alreeds ervaar het, berei ons voor op wat ons nog gaan ervaar. Wanneer iemand sy hand uitsteek om aan sneeu te raak, is die verwagte gevoel koue. As 'n eekhorinkie in iemand se rigting hardloop, is die verwagte reaksie dat hy die persoon sal vermy en nie sal aanval nie. As daar 'n televisieonderhoud met 'n groot rugbyspeler gevoer word, is die verwagting dat hy 'n diep manlike stem sal hê, nie pieperige stemmetjie nie (Morreall 2009:11). In die meeste gevalle, volg menslike ervarings grotendeels hierdie denkpatrone. Die toekoms blyk soos die verlede. Maar soms sien 'n mens of stel 'n mens iets voor waarvan sekere dele of eienskappe nie binne ons denkpatrone bly nie, soos 'n rugbyspeler met 'n fyn stemmetjie. Morreall (2009:11) gee 'n deeglike uiteensetting wat die teenstrydigheidsteorie in essensie is:

The core meaning of “incongruity” in standard incongruity theories is that some thing or event we perceive or think about violates our normal mental patterns and normal expectations. Once we have experienced something incongruous, of course, we no longer expect it to fit our normal mental patterns. Nonetheless, it still violates our normal mental patterns and our normal expectations. That is how we can be amused by the same thing more than once.

Die teenstrydigheidsteorie is egter ook onderhewig aan kritiek. Twintigste eeuse filosoof George Santayana wys daarop dat mense lag in verskeie situasies waar teenstrydigheid nie 'n rol speel nie: Mense lag in oorwinning, in simpatie met ander, of al word hulle net gekielie. Hy het tot die gevolgtrekking gekom dat die absurditeit of konseptuele teenstrydigheid nie 'n noodsaaklike element in vermaak of humor is nie (Bardon 2005:8).

Is teenstrydigheid 'n voldoende voorwaarde van vermaak of humor? Negentiende eeuse Skotse sielkundige en filosoof Alexander Bain in (Bardon 2005:9) lewer 'n indrukwekkende lys van teenstellings wat nie komies is nie:

A decrepit man under a heavy burden, five loaves and two fishes among a multitude, and all unfitness and gross disproportion; an instrument out of tune, a fly in ointment, snow in May,

Archimedes studying geometry in a siege, and all discordant things; a wolf in sheep's clothing, a breach of bargain, and falsehood in general; the multitude taking the law into their own hands, and everything in the nature of disorder; a corpse at a feast, parental cruelty, filial ingratitude, and whatever is unnatural; the entire catalogue of the vanities given by Solomon, are all incongruous, but they cause feelings of pain, anger, sadness, loathing, rather than mirth.

Morreall (2009:15) wys daarop dat in Westerse wetenskappe sedert die Verligting, dit 'n grondstelling is dat die wêreld rasioneel verstaanbaar is. Dit is daarom nie verbasend dat daar wetenskaplikes is wat stel dat teenstrydigheid nie plesier verskaf vir mense nie.

Baie sielkundiges wat bespiegel oor humor het beweer dat net jong kinders irrasioneel genoeg is om teenstrydigheid op sigself te geniet. Volgens Thomas Schultz, benodig 'n mens na die ouderdom van sewe nie net teenstrydigheid om vermaak te word nie, maar die oplossing van daardie teenstrydigheid. Volwasse humor vereis die aanpasbaarheid van die skynbaar onreëlmatige element in sommige konseptuele skemas (Morreall 2009:15). In Westerse filosofie en wetenskap is die dominante siening met betrekking tot teenstrydigheid uiteindelik dat 'n rasionele volwasse sal teenstrydighede probeer uitskakel. Om teenstrydighede te waardeer sou onvolwasse of irrasioneel wees. As ons die waarde van humor gaan verduidelik, sowel as die aard daarvan, moet ons sê veel meer as dit wat ons geniet val onder teenstrydigheid.

Duidelik is daar leemtes en gapings binne die teenstrydigheidsteorieë wat nie gevul kan word deur hierdie teorie van humor nie, daarom was daar 'n derde teorie ontwikkel, die Verligtingsteorie van humor.

2.3.3 Die Verligtingsteorie (Humor as 'n uitlaatklep)

Vanuit die perspektief van die Verligtingsteorie, lag mense en vind iets humoristies omdat hulle stresverligting ervaar op 'n sekere manier (Meyer 2000:312; Rushing 2006:15). Die fisiologiese manifestasies of "simptome" van humor is baie belangrik in hierdie siening, wat inhou dat humor spruit uit die verligting wat ervaar word wanneer spanning verlig en verwyder word uit iemand se lewe. Humor is dan die gevolg van 'n vrystelling van sensuweegtige energie. Hierdie afname in spanning kan humor kweek

deur die vermindering van die stand van opwekking of die verhoging van die opwekking, afhangende van die perspektief (Meyer 2000:312).

In die agtiende eeu het die Verligtingsteorie ontstaan naas die Teenstrydigheidsteorie om te kompeteer met die Meerderwaardigheidsteorie. Hierdie teorie se fokus was op die fisiese verskynsel van lag en humor, veral die verhouding tot die senuweestelsel, iets wat onverklaar gelaat is deur die Meerderwaardigheids- en Teenstrydigheidsteorieë (Morreall 2009:16).

Een van die eerste gevalle waar die Verligtingsteorieë opgeteken is, was in Lord Shaftesbury (in Koncz 2001:150) se 1711 werkstuk, "The Freedom of Wit and Humour", waar hy stel:

The natural free spirits of ingenious men, if imprisoned or controlled, will find out other ways of motion to relieve themselves in their constraint; and whether it be in burlesque, mimicry, or buffoonery, they will be glad at any rate to vent themselves, and be revenged upon their constrainers.

Oor die volgende twee eeue heen het denkers soos Herbert Spencer en Sigmund Freud die biologie agter hierdie teorie in herooringeneem en nuwe elemente van hul eie bygevoeg. In die negentiende eeu het Spencer hierdie idee bevorder deur die eerste teorie voor te stel in sy boek *On the Physiology of Laughter* met die argument dat lag 'n fisiologiese reaksie op gestoorde senuweeagtige of negatiewe energie is wat geskep is deur prikkelbare gevoelens (Morreall 2009:16).

Sigmund Freud het aanklank gevind by die werk van Spencer omdat dit psigiese energie as 'n komponent van die meganika van lag ingesluit het. Freud het sy eie teorie van lag ontwikkel in sy werk *Jokes and Their Relation to the Unconscious* wat tans as die primêre bron vir die Verligtingsteorie in die moderne era dien (Rushing 2006:16). In die lig van Freud se teorie, word alle menslike gedrag op een of ander manier beïnvloed deur onderdrukking van drange, of soos hy dit definieer in sy boek, met betrekking tot humor en lag: "The repression of psychic energy" (Freud 1960:147-48). Morreall (2009:18-19) verskaf 'n bondige opsomming van Freud se teorie: In *Jokes and Their Relation to the Unconscious* onderskei hy tussen drie soorte lagsituasies wat hy noem "grappies" ("jokes"), "die komiese" ("the comic"), en "humor". Die kern van sy teorie is dat mense in alle humoristiese situasies 'n sekere

hoeveelheid van psigiese energie opgaar, energie wat opgeroep vir 'n sekere psigiese doel, maar wat blyk nie werklik nodig is nie. Hierdie surplus energie word uiteindelik dan losgelaat of vrygestel in humor of lag.

Soos in Spencer se uiteensetting van die teorie, is die besparing van energie die direkte oorsaak van die aangename gevoel wat verband hou met die komiese. Vir Freud, kom die plesier of vreugde wat geassosieer word met die komiese vanuit die opgaring van energie wat nodig is in menslike denkprosesse. Die plesier wat verband hou met humor, aan die ander kant, spruit uit 'n besparing van psigiese energie wat andersins gebruik sou word óf by die uitdrukking van emosie of by die onderdrukking van emosie (Bardon 2005:10). Freud beskryf die oorsprong van die plesier wat veroorsaak word wanneer iemand hoor hoe 'n grap vertel word:

He sees the other person in a situation which leads him to anticipate that the victim will show signs of some affect: he will get angry, complain, manifest pain, fear, horror, possibly even despair. The person who is watching or listening is prepared to follow his lead, and to call up the same emotions. But his anticipations are deceived; the other man does not display any affect—he makes a joke. It is from the saving of expenditure in feeling that the hearer derives the humorous satisfaction.

Een vraag wat Freud faal om te antwoord is die vraag: *Waarom skep die mens humor? Hoekom, met ander woorde, bestaan daar 'n “humoristiese gesindheid” in die mens?* Net soos Bardon (2005:10) beweer, is die antwoord dikwels dat ons grappies maak om negatiewe gevoelens te vermy of te herlei wat vloei uit die wrede werklikheid van die lewe.

Talle kommunikeerders trek voordeel uit hierdie bron van humor deur 'n grap te vertel, dikwels aan die begin van hul toesprake, om 'n potensieel gespanne atmosfeer op te klaar¹⁰. Spanning kom dikwels vanuit die dissonansie wat mense ervaar nadat 'n besluit geneem is of vanuit die aanvoeling of die nadering van onversoenbare en

¹⁰ Die werk van aartsbiskop Desmond Tutu en oudpresident Nelson Mandela is hier van belang. Die teenoorgestelde is ook egter waar. Humor aan die begin van eredienste kan deel wees van die vorm van die erediens. Eugene Lowry se “Plotted sermon” maak staat op spanning aan die begin van die erediens by sy eerste beweging van “upsetting the equilibrium” (Long 2016:147). Deur die vorm van die erediens nie in ag te neem nie, kan humor die vorm van die erediens teenwerk en 'n negatiewe uitwerking bewerkstellig.

ongewenste gedagtes of aksies (Meyer 2000:312). Mense het die behoefte om dissonansie se verminder en dikwels word dit bewerkstellig deur humor te gebruik.

Mense wat bedreig voel deur begrotingsbesnoeiings in hul organisasie, lag byvoorbeeld met verligting vir 'n grap wat vertel word aan die begin van 'n middagetevergadering oor die begroting as iets gesê word soos: "Dit blyk of ons steeds middagete kan bekostig, maar die kombuispersoneel aanvaar nie meer enige klagtes nie." Opmerkings soos hierdie maak die situasie meer elasties, of meer hanteerbaar, deur te wys probleme is nie so oorweldigend en buite beheer nie. Hierdie tipe humor kom dikwels voor waar iets verkeerd gaan met die gebruik van tegnologie tydens 'n erediens. Daar word dikwels 'n flou grappie gemaak terwyl die tegnikus die mikrofoon kom regstel of probeer om die skyfies op die bord te kry. Uit die navorser se ervaring van sulke eredienssituasies was die komiesste reaksie op 'n foutiewe mikrofoon: "Hulle sê, toe Jesus die bose geeste in die varke in gejaag het daar in Lukas 8, het die helfte van die geeste in die varke ingegaan en die ander helfte in tegnologie."

Die gebruik van grappe om spanningsvolle situasies te verlig wys na 'n algemene toepassing van die Verligtingsteorie van humor deur kommunikeerders. Eenvoudige en selfs ongemaklike humor en grappe tydens gesprekke is gevind om spanning te verlig en verdere interaksie tussen die partye te fasiliteer (Meyer 2000:312).

Moderne evolusieteorieë kan moontlik ondersteuning aan die Verligtingsteorie bied. As humor funksioneer as 'n uitlaatklep vir oortollige energie of negatiewe emosies, kan dit 'n beduidende oorlewingsvoordeel verskaf. Mense is gewoonlik veiliger en meer welwend in stabiele gemeenskappe as wanneer hul geïsoleerd is. Mense het ook 'n neiging tot woede en aggressie. Die Verligtingsteorie voer aan indien dit waar is dat humor spanningsvlakke verminder, het individue met 'n waardering vir humor 'n voordeel bo diegene wat nie 'n sin vir humor het nie, in die sin dat dit makliker vir hulle is om 'n gemeenskap in stand te hou (Lefcourt 2001).

Gevolgtlik dui die toepassing van die drie hoofteorieë oor humor daarop dat elkeen slegs gedeeltelik die funksies van humor kan belig. Net soos 'n humoristiese slagspreuk meer as een retoriese funksie kan vervul, so kan dit onder meer as een humorteorie val. Voorstanders van elke teorie hou egter voor dat hulle teorie grotendeels alle gevalle van humor kan verduidelik. Terwyl geleerdes verskil oor die

vraag of enige enkele een teorie voldoende rekenskap kan gee van elke geval van humor, kan baie gevalle van humor toegeskryf word aan hierdie drie teorieë. Meyer (2000:315) gebruik die volgende grap om hierdie punt te illustreer. Een afkondiging in die kerkbladjie van 'n gemeente stel: "Die 'Weight Watchers' ontmoet mekaar 19:00 vanaand in die saal. Gebruik asseblief die dubbeldeur aan die kant van die saal."

As 'n persoon humor beleef vanuit hierdie skriftelike opmerking, kan die voorstanders van die Verligtingsteorie redeneer dat die humor spruit uit die spanning wat ontloft word wanneer ontvangers besef dat die jukstaposisie van die aankondiging en verwysing na die groot deure nie persoonlik gerig is op die ontvanger nie. Ondersteuners van die Teenstrydigheidsteorie kan daarop aanspraak maak dat die humor die gevolg is van die verrassing by die sien van so 'n ernstige aanbeveling dat mense wat bekommerd is oor hulle gewig, die groot deure moet gebruik. Die verwysing na die groot deure is in stryd met sosiale norme van onder andere beleefdheid en respek, dus kan hierdie teenstrydigheid lei tot humor. Op hulle beurt kan aanhangers van die Meerderwaardigheidsteorie redeneer dat die humor bloot ontstaan uit die geïmpliseerde bespotting van oorgewig mense met verwysing na hul spesifieke probleme, deur hulle aan te raai om die groter deure te gebruik. Dus kan enige van die drie teorieë van humor die oorsprong ideaal verduidelik van enige voorbeeld van humor, en die debat duur voort oor watter teorie die deeglikste en omvattendste is.

2.3.4 Ander teorieë

Naas hierdie drie hoofstroomteorieë, is daar talle ander "kleiner" teorieë wat ook in omloop is. Een van hierdie teorieë is die speelteorie of die ontspanningsteorie (Young 2009:21). Alhoewel die oorweldigende aantal Westerse denkers wat humor gefokus het voor die twintigste eeu hierdie teorie gekritiseer het, was daar 'n paar wat die waarde daarvan ingesien het. Die belangrikste was Aristoteles en Thomas Aquinas, wat humor as 'n deug onder die regte omstandighede beskou het (Morreall 2009:23). Hierdie speelteorie is bevorder deur Robert Latta, maar het egter min in humor literatuur opgeduik. Latta se konstruk sê dat humor net 'n vertoning van liefde, genot, en pret is en in teenstelling is met die meerderwaardigheidsteorie, wat veronderstel dat humor eties-positief is (Young 2009:22).

Macy (2006:9) wys daarop dat die speelteorie dikwels gebruik word om die gelag van babas te verduidelik. Macy voer aan:

Conscious eye contact is made and the setting is appropriate, the smiling human face elicits our most primitive and yet elegant humor experience.... Humor's first function in life is to convey love and security. Humor isn't just so much fluff; it is absolutely essential to human survival. It is one of the principal ways that love is expressed.

Dit is duidelik dat die verskeie teorieë van humor hulle oorsprong in die verre verlede het en dit wil voorkom of al die teorieë tipies van hulle tyd soek na een oorkoepelende verklaring van humor. In ons eie dag en postmoderne era, sal 'n soektog van hierdie aard nie eers aangepak word nie, maar sal die kompleksiteit van die verskynsel eerder belig word. Dit kom duidelik na vore in hedendaagse navorsing oor humor.

Met 'n verstaan van die verskeie teorieë van humor, gaan daar nou gekyk word na die verskeie tipes humor wat voorkom in die hedendaagse samelewing.

2.4 Tipes Humor

Voorheen is daar gestel dat humor in wese 'n emosionele reaksie van plesier ("mirth") in 'n sosiale konteks is wat ontlok word deur 'n persepsie van spelende teenstrydigheid wat uitgedruk word deur glimlag en lag (Martin 2007:10). Alhoewel al hierdie basiese elemente algemeen voorkom in die meeste gevalle van humor, is die verskeidenheid van sosiale situasies en gebeure wat 'n humoristiese reaksie kan ontlok, merkwaardig divers. Gedurende die loop van 'n gewone dag, kom 'n mens baie verskillende vorme van humor teë wat op verskeie maniere gekommunikeer word vir verskillende doeleindes. Sommige van hierdie tipes humor kom by ons deur middel van massamedia. Radio-omroepers maak gereeld grappe of lewer skerpsinnige kommentaar oor byvoorbeeld die verloop van die Suid-Afrikaanse politieke situasie. Televisie bied 'n konstante stroom van humor in die vorm van verskeie programme

soos sepies, “sitcoms¹¹”, “bloopers¹²” programme, “stand-up¹³” komedie, ook genoem verhoogkomediante, politieke satires, en humoristiese advertensies. Ons sien humor ook in strokiesprente en spotprente in koerante¹⁴, komedie fliëks en humoristiese boeke. Humor word ook dikwels gebruik in toesprake, preke, en in geleentheidsredes en lesings van politici, godsdienstige leiers, motiveringsprekers, en onderwysers.

Die humor waarmee ons te doen kry in ons alledaagse sosiale interaksie kan verdeel word in drie breë kategorieë: (1) grappe, wat verpakte humoristiese staaltjies is wat mense memoriseer en oorvertel; (2) spontane gesprekshumor, wat doelbewus geskep word deur individue in die loop van sosiale interaksie, en kan mondelings en/of verbaal wees; en (3) toevallige of onbedoelde humor (Martin 2007:10-15).

2.4.1 Grappe

Gedurende die loop van gesprekke, hou sommige mense daarvan om ander te vermaak deur grappe te vertel. Martin (2007:11) wys daarop dat ’n grap kort vermaaklike stories is wat eindig met ’n klimaks (“punch line”). Long en Graesser (1988:37) definieer ’n grap as enigiets wat gedoen of gesê word om doelbewus vermaaklik te wees. Dit staan ook bekend as “geblikte grappies” om hulle te onderskei van ander vorme van informele gekskerderij en skerpsinnige sê-goed waarna die woord “grap” ook dikwels verwys. Hier is ’n voorbeeld van grappie:

¹¹ ’n “Situation comedy”, of ’n “sitcom”, is ’n televisiegenre van komedie gebaseer op ’n vaste groep karakters wat in elke episode voorkom.

¹² ’n “Bloopers” is ’n deel van ’n fliek of video, gewoonlik ’n geskrapte toneel, waar ’n fout gemaak is deur ’n akteur/aktrise of ander persoon op die stel. Dit verwys ook na ’n snaakse fout wat gemaak word tydens ’n regstreekse radio of televisieuitsending of nuusvoorlesing. Dikwels word hierdie foute versamel en in programme van komedie ingewerk.

¹³ “Stand-up” komedie is ’n komiese styl waar ’n komediant optree voor ’n lewendige gehoor. Trevor Noah is ’n goeie voorbeeld van ’n “stand-up” komediant in Suid-Afrika.

¹⁴ Sien Wepener (2015) “Preaching and cartooning: an exploration of the processes involved in developing a sermon and a newspaper cartoon.”

Eendag merk die dominee 'n klein seuntjie in die voorportaal van die kerk op wat aandagtig na 'n groot gedenkplaat teen die muur staan en kyk. Dit was oortrek met name en daar was klein landsvlaggies weerskante. Toe loop die dominee nader, kom staan langs die seuntjie, en sê saggies: "Goeiemore seun." "Môre, Dominee," sê hy, met sy oë nog vasgenael op die plaat. Na 'n ruk se gestaan vra die dominee vir die seun: "Seun, weet jy hoekom al hierdie name op die plaat staan?" Die seun sê: "Nee oom." Die dominee antwoord: "Wel, seun, dit is 'n gedenkplaat vir al die jongmanne wat in die diens gesterf het." In doodse stilte en met groot eerbied staan die twee voor die plaat en staar na die name. Uiteindelik, in 'n skaars hoorbare stemmetjie en bewend van vrees vra die seuntjie: "Watter diens, Dominee? Die oggend- of die aanddiens?"¹⁵

Hierdie grap bestaan uit die opstelling en die klimaks ("punch line"). Die opstelling, wat alles insluit behalwe die laaste sin, skep by die luisteraar spesifieke verwagtinge oor hoe die situasie geïnterpreteer moet word. Die klimaks ("punch line") verskuif skielik die betekenis op 'n onverwagte en spelende manier, en skep die persepsie van 'n nie ernstige teenstrydigheid wat nodig is vir die storie om humoristies te wees (Finestad 2010:16).

In alledaagse gesprekke, word grappe gewoonlik voorafgegaan deur verbale en/of nieverbale leidrade (bv. "Het jy al die een gehoor van ...") of die grap voldoen aan 'n sekere formaat wat bekend is in sosiale kringe (bv. "'n Dominee, 'n Jood en Jan van der Merwe sit in 'n kroeg ...") wat 'n aanduiding is aan die gehoor dat die storie bedoel is om humoristies te wees en dat daar van die hoorders verwag word om te lag ná die vertelling, hoewel die grapvertellers¹⁶ nie altyd daarin slaag om hoorders te laat lag nie (Martin 2007:11).

Long en Graesser (1988:37) wys daarop dat grappe meestal nie konteksgebonde is nie. Alhoewel grapjasse dikwels die rigting waarin die gesprek verloop in ag neem wanneer 'n grap vertel word, is grappe meestal nie konteksgebonde nie. Die verhaal

¹⁵ <https://skoenlappertjie.wordpress.com/tag/kerk-grappies/> Laaste besoek op 2017/06/15

¹⁶ Meermale is dit 'n pyn wat in eredienste ervaar word waar 'n grap nie humoristies gevind word deur 'n gemeente nie.

van die grap bevat al die inligting wat nodig is om die boodskap of punt van die grap te verstaan. Met ander woorde, 'n grap voorsien die konteks wat nodig is vir die begrip en kan maklik gebruik word in verskeie situasies. Die enigste moontlike vereiste van 'n grap volgens Long en Graesser (1988:37) is genoeg tyd om 'n grap te vertel in 'n sosiale situasie en seker te maak dat die gehoor in staat is om die punt van die grap te verstaan. 'n Ingenieursgrappie sal uiteraard van minder waarde wees tussen in klomp teoloë as tussen 'n klomp ingenieurs.

2.4.2 Spontane humor

Grappe is 'n belangrike maar klein persentasie van die humor wat ervaar word in daaglikse interpersoonlike kommunikasie. Onlangse studies het getoon dat slegs 11 persent van lag in reaksie op grappe is. Hierdie 11% kan vergelyk word met 72% van lag wat afgelei is van spontane gesprekshumor wat, in teenstelling met grappe, baie afhanklik is van konteks (Martin 2007:12). Morreall (2009:84) versterk Martin se punt:

Academic research on humor has suffered from the same concentration on jokes and other prepared "texts," to the neglect of spontaneous, real-life humor. In the social sciences, this preference is methodologically understandable, since jokes are repeatable, created for a wide audience, and so easy to use in experiments. But if we think about the humor we create and enjoy in our daily lives, most of it is not prepared fictional texts but stories and observations about real-life experiences.

Hierdie soort spontane humor is meer konteksgebonde as om grappe te vertel, en is dus dikwels nie agterna weer so snaaks nie. Menigmaal word die woorde "jy moes daar gewees het" gebruik in situasies waar "die oomblik verby is" om iets humoristies te vind. In gesprekshumor, dra nieverbale leidrade by dikwels toe tot die humor en word doelbewus gebruik, soos die knip van 'n oog of 'n spesifieke stemtoon. Konteksgebonde humor is dikwels meer dubbelsinnig as in voorbereide grappe, sodat die luisteraar dikwels nie heeltemal seker is of die spreker gekseer of ernstig is nie (Martin 2007:13).

Die moontlikhede vir spontane humor is baie groter as voorbereide grappe, 'n mens kan net soveel grappe onthou, waar 'n skerpsinnige spontane persoon heeltyd nuwe materiaal kan skep. Sekerlik word die ervare vertelling van 'n grap bewonder, omdat

die meeste mense nie hierdie talent het nie. Maar selfs so, is die impak wat 'n grap in 'n gesprek kan hê altyd potensieel minder as dié van 'n ware verhaal wat goed vertel word, of snaakse kommentaar wat gelewer word oor iets wat gesê of gedoen is in die gesprek. Een van die redes vir hierdie impak is dat spontane humor meer waardeer word as dit wat vooraf uitgedink is, veral wanneer die onvoorbereide humor geïmproviseer is deur iemand wat nie werksaam is as 'n kunstenaar nie (Morreall 2009:85). Weens die feit dat grappe nie konteksgebonde is nie, kan voorbereide grappe dikwels die vloei van 'n gesprek belemmer deur die onderwerp te verander terwyl spontane humor meestal bydrae tot die vloei van die gesprek. Die navorser se vermoede is dat dit ook dikwels die geval in eredienste is waar predikers op 'n humoristiese wyse probeer optree deur grappe te vertel wat die vloei van die Bybelse boodskap vertraag eerder as 'n skerpsinnige opmerking te maak (bv. 'n opmerking van iets humoristies in die Bybelteks) wat bydrae tot die vloei van die erediens.

2.4.3 Toevallige of onbedoelde humor

Behalwe vir spontane humor en grappe, kan humor ook toevallig of onbedoeld wees. Engelse letterkunde professore Alleen en Don Nilsen (2000) verwys na hierdie as “toevallige humor”, wat hulle verdeel in fisiese en taalkundige vorm (Martin 2007:14). 'n Groot deel van die humor wat in informele sosiale interaksie ontstaan, is dikwels die gevolg van gebeure wat nie opsetlik bedoel is om snaaks te wees nie. Iemand kan onbedoeld iets per ongeluk sê of doen wat humor ontlok (Wyer en Collins 1992:686). Toevallige fisiese humor sluit klein ongelukke en verleenthede in, soos 'n persoon wat gly op 'n piesangskil of 'n drankie wat gemors word op iemand se hemp. Hierdie soort gebeure is snaaks wanneer dit voorkom in 'n verrassende en onvanpaste wyse en wanneer die persoon wat dit oorkom nie ernstig beseer is of sleg in die verleentheid gestel word nie (Martin 2007:14). Toevallige taalkundige humor spruit uit spelfoute, verkeerde uitsprake, foute in logika, en verwarrings wat deur sprekers veroorsaak word. In afkondigings wat in die kerk voorgelees word, kom toevallige taalkundige humor volop voor:

- Die blomme in die kerk sal geskenk word aan diegene wat siek is na die erediens¹⁷.

¹⁷ <http://www.news24.com/xArchive/Archive/Blapse-in-die-kerk-20020716>. Laaste besoek op 2017/03/10.

- Volgende week word die kerkraadsvergadering Woensdag om sewe-uur gehou, en die predikant van Sondag is in die konsistorie opgeplak.
- Basaarafkondiging: Almal welkom! Kom gerus as jy niks aan het nie en kom deel in die pret.
- Ons gemeente gaan vanaand lekker melkskommels in die kerksaal drink, sal alle vroue wat melk skenk asseblief reeds om 18:00 daar wees.
- Ten tye van die predikant se siekte: Die Here is goed, ons predikant is beter.
- Ons het vanaand 'n byeenkoms in beide die oostelike vleuel en die westelike vleuel van ons kerkgebou. Babas sal beide kante gedoop word.
- Alle vroue lidmate kom Woensdag die elfde in die biblioteeksaal bymekaar vir 'n praatjie oor die hemel. Hoe jy daar kan kom? Vervoer is beskikbaar om 19:00 vanaf die bushalte oorkant die hotel.
- Eerskomende Sondag sal daar 'n spesiale kooruitvoering wees, waarna die kerk gesluit sal wees vir herstelwerk.
- 'n Nuwe luidsprekerstelsel is in die kerk geïnstalleer. Dit is geskenk deur een van ons gemeentedelede ter herinnering aan sy vrou.
- November die negentiende om tienuur. Oggenddiens: Ds. Bruwer – Die wêreld se grootste probleem.

Humor is uiteindelik 'n alomteenwoordige tipe sosiale interaksie wat baie verskillende vorme aanneem. Die tipes gesprekshumor, insluitend grappe vertel, spontane humor en onbedoelde humor, is van besondere belang vir die samelewing.

2.5 DIE NEGATIEWE ETIEK VAN HUMOR

Tot dusver is daar in 'n meer positiewe en optimistiese lig na humor gekyk. Die effektiewe gebruik van humor in interaksie met ander kan baie positiewe gevolge hê. Diegene wat humor goed gebruik word dikwels gesien as aantreklik, as goeie vriende, as meer geloofwaardig en as meer bevoeg (Zapata et al. 2009:453). Daarbenewens hou die gebruik van humor ook verband met laer stresvlakke, minder eensaamheid, beter selfbeeld en laer geneigdheid tot depressie (Zapata et al. 2009:453). Daar is egter ook 'n negatiewe kant aan humor. Van nature verteenwoordig alle kommunikasie met betrekking tot humor nie effektiewe en positiewe gebruike nie. Dit is lank reeds erken dat humor gebruik kan word op 'n negatiewe manier wat pynlik vir ander kan wees. Die meerderwaardigheidsmodel vir humor is dan juis gebaseer op die idee dat

humor gebruik kan word om ander te spot en minderwaardig te laat voel ten einde die spotter beter te laat voel.

Die etiek van humor het baie aandag geniet oor die afgelope 30 jaar en daar is verskeie akademiese kritiek gelewer teen die gebruik van humor, grootliks oor seksuele en rassitiese humor (Morreall 2009:91). Deur die geskiedenis heen is die oorgrote meerderheid morele evalueringe van humor negatief gevind. In Morreall se boek *Comic Relief* (2009:92-98), beskryf hy agt tradisionele morele besware teen die gebruik van humor wat volgens die navorser dikwels effens oordrewe is. Vervolgens 'n kortlikse uiteensetting.

2.5.1 Humor is oneg

Hierdie beswaar is gebaseer op die nie bona fide kommunikasie en aksie in baie humor. Goeie mense bedoel wat hulle sê, en doen wat hulle sê, grapjasse nie, hulle “maak net 'n grap”. Morreall (2009:92) beweer dat sulke spraak en gedrag gevaarlik kan wees. Hy gee 'n voorbeeld van 'n verhaal van twee werkers:

Several years ago near Tallahassee, Florida, two workers for the power company were digging a ditch. One found a vine that looked like a snake and, as a joke, tossed it high in the air to come down on the other man's head, yelling “Snake!” His partner had a heart attack and died.

Morreall (2009:92) stel dat dit die punt van die waarskuwing is wat aangehaal word in Spreuke 26:18-19: “Soos 'n mal mens wat dodelike pyle rondskiet, so is iemand wat 'n ander bedrieg en sê: ‘Ek speel sommer.’” Terwyl hierdie beswaar geld vir sommige tipes humor, is dit nie 'n algemene beswaar teen humor nie, want nie alle humor behels voorgee en onegtheid nie.

2.5.2 Humor is doelloos (“idle”)

As 'n vorm van onbetrokke spel, bereik humor feitlik niks. Vroeg-Christelike leiers het beswaar gemaak teen humor om dié rede. Chrysostomos veroordeel lag as: “a moment of indifference”. Gregorius van Nissa het gesê: “Laughter is our enemy because it is neither a word nor an action ordered to any possible goal.” Die aantyging van die doelloosheid van humor is van toepassing op baie soorte humor, maar dit geld nie vir alle humor nie (Morreall 2009:93). Terwyl humor 'n onbetrokke houding behels, kan daardie houding self voordele hê, en op 'n indirekte manier iets bereik. Morreall

(2009:93) gebruik die voorbeeld van Winston Churchill wat aangekondig het dat die Italianers oorlog teen Brittanje verklaar het in die vorm van 'n grap. Met hierdie grap, het Churchill die angs van die Britse volk verminder.

2.5.3 Humor is onverantwoordelik

Hierdie beswaar is ook gebaseer op die onbetrokkenheid van humor. Wanneer ons nie betrokke is by dit wat rondom ons gebeur nie, in tye wat gelag of gespeel word, is ons aandag nie by ons pligte nie. As ons byvoorbeeld lag vir 'n vriend wat te dronk is om op te staan, eerder as hom te help, trap ons in daardie slag (Morreall 2009:94). Nie alle humoristiese situasies hoef egter oor te gaan in aksie nie. Morreall (2009:94) stel: "If I see a basset hound whose face reminds me of my grandfather, and I chuckle, there is nothing that I should be doing about that coincidence instead. And so the humor here is not irresponsible." Humor kan verantwoordelik wees wanneer dit die aandag fokus op iets wat reggemaak moet word.

2.5.4 Humor is genotsugtig

Humor en ander vorme van die spel word nagejaag vir plesier. Mense tree nie op vanuit verpligting nie, maar net vir die pret of plesier daarvan. As iemand altyd 'n grapjas is, tree die persoon nooit op uit verpligting nie (Morreall 2009:95). Hierdie spanning tussen moraliteit en plesier word beklemtoon in tradisies wat 'n siel/lichaam dualisme impliseer en plesier met slegs die liggaam assosieer. Morreall (2009:95) wys daarop dat 'n intense vorm van plesier seks is, en dit word beweer dat laggende vroue 'n seksuele stimulant vir mans kan wees, dus is gelag dikwels in verband gebring met die seksuele. Selfs vandag word 'n vrou wat oopmond lag gesien as losbandig in Oos-Asië. Die kerkvaders Jerome, Ambrosius en Chrysostomos het gewaarsku dat lag kan lei tot seksuele aktiwiteite. Terwyl enige plesier ons aptyt kan opskerp vir meer, neig alle plesier nie tot genotsugtigheid nie. Ons kan heerlike kos, musiek, en kuns geniet, sonder om iets verkeerd te doen. Net so kan ons humor geniet.

2.5.5 Humor verminder selfbeheersing

Selfbeheersing is 'n universele ideaal in beide godsdienstige en sekulêre morele kodes. Lag behels dikwels egter 'n verlies van spiertonus en koördinasie, en in 'n laggende bui is ons meer geneig om dinge wat ons normaalweg sou vermy, te doen (Morreall 2009:96). Terwyl sommige humor dikwels 'n verlies aan selfbeheersing behels, geld dit nie vir alle gevalle van humor nie. Vir mense in spanningsvolle beroepe

soos in die polisie en die mediese veld is humor in 'n manier wat die spanning verminder en hul selfbeheersing verhoog. Soos Thomas Aquinas gesê het, deur nou en dan uit jou maag te lag kan 'n welkome vrylating van spanning en negatiewe emosies wees (Morreall 2009:96).

2.5.6 Humor is vyandig

Baie moraliste wat gewaarsku het teen die verlies van selfbeheersing in humor het ook gesê dat terwyl 'n mens lag, is dit natuurlik om gewelddadige drange vry te stel (Morreall 2009:96). Plato het gewaarsku dat jong leiers lag moet vermy. Die kerkvaders het dit ook volgens Morreall (2009:96) afgeraai. Net sekere humor lei egter tot aggressie, en nie alle humor deur die bank nie.

2.5.7 Humor bevorder wanorde

Volgens tradisionele kritiek, is die kumulatiewe effek van die euwels wat verband hou met lag en humor 'n ineenstorting van sosiale orde. Van Aristophanes se tyd af, het komediante politieke, intellektuele en godsdienstige leiers en instellings gespot. Nie alle humor breek sosiale orde af nie en humor wat die status quo uitdaag, is nie altyd nadelig nie, soos vermeld word in 'n latere hoofstuk met verwysing na die hofnar. Wink (1987: 98-111) verwys na Jesus se Derde Weg, 'n manier tussen geweld, aan die een kant, en fatalistiese onderwerping aan owerhede en magte (verkeerdelik genoem "pasifisme"), aan die ander kant. Die "Derde Weg" kan beskryf word as die teenstaan van die magte teen te staan, nie met geweld nie, eerder op etiese, estetiese en komiese maniere. Ons moet gekskeer, en so die magte frustreer. Goeie voorbeelde hiervan is die werke van Zapiro asook die humoristiese prediking van aartsbiskop Desmond Tutu. Ons moet saamstaan, en so die stelsels se houvas verbreek.

2.5.8 Humor is dwaasheid

Hierdie laaste van die tradisionele besware kan gesien word as 'n samesmelting van verskeie ander vorige besware. Deur laggende en humoristiese persone dwaas te noem, sê Morreall (2009:97) is om hulle aan te kla dat hul intellektueel, emosioneel, of moreel gebrekkig is. In die Bybel is die teenoorgestelde van die dwaas die wyse persoon, soos wat Prediker 2:14¹⁸ stel. Terwyl dwaasheid uitgedruk word met lag, hou

¹⁸ Prediker 2:14: "Die wyse weet wat hy doen, vir die dwaas is daar net donkerte, maar dit weet ek: een en dieselfde lot tref albei."

wysheid verband met hartseer, soos Prediker 7:3-4¹⁹ vermeld. Tog kan dit nie die volle waarheid wees nie, soos Campbell en Cilliers (2012:xi) stel: “The gospel is foolishness. Preaching is folly. Preachers are fools.” Daar word later verder uitgebrei op die dwaasheid van prediking.

Nie een van die tradisionele besware teen humor is billik nie, tog moet dit in gedagte gehou word met die gebruik van humor in die erediens. Die meeste van hierdie besware is oorkrities en hou boonop nie water in ons samelewing vandag nie. Dit is egter opmerklik dat baie tradisionele kritiek vanuit die vroeë Christendom gekom het. Het van hierdie kritiek moontlik oorgespoel na ons hedendaagse samelewing? In 'n latere hoofstuk word hierdie verskynsel ondersoek. Alhoewel die tradisionele besware baie oordrewe is, bestaan daar tog negatiewe of afbrekende humor. In resente navorsing, word daar eerder verwys na nadelige effekte of gevolge van humor.

Humor behels kognitiewe sowel as praktiese distansie (“disengagement”). Terwyl iets ons laat lag, is ons vir die oomblik nie gepla of dit 'n ware of denkbeeldige idee is nie. Soos reeds vermeld, hou die skepper van humor idees vir ons voor, nie om inligting oor te dra nie, maar vir die plesier wat hierdie idees bring. Die praktiese en kognitiewe distansie in humor kan tog nadelige gevolge hê. In die onderstaande gedeelte word drie deurslaggewende nadelige gevolge van die distansie van humor uitgepak.

2.5.8.1 Eerste nadelige effek: Onverantwoordelikheid

Humor kan ons losmaak van wat ons doen of ons laat versuim om dit te doen. Om die parallel met spel en estetiese ervaring te volg, is daar niks verkeers met die speel van musiek nie, maar toe Nero musiek gespeel het terwyl Rome gebrand het, was dit weersinwekkend. Daar is niks intrinsiek verkeers met skerpsinnige kommentaar oor 'n situasie nie, maar toe Marie Antoinette op berigte van hongersnood gereageer het deur te sê: “Laat hulle koek eet” was dit aanstootlik, want, as koningin, was sy veronderstel is om te sorg vir haar mense (Morreall 2009:102). Baie sosiale probleme of kritiek word afgelag in plaas van om op gepaste wyse op te tree teenoor die probleme en kritiek. As 'n dokter aanbeveel dat iemand 'n streng dieet volg vir gesondheidsredes en die persoon lag die dokter af deur te sê: “Die dokter is dan vetter

¹⁹ Prediker 7:3-4: “Droefheid is beter as lag; agter 'n somber gesig skuil 'n helder gees. Wie wysheid het, voel hom tuis waar daar gerou word, die dwaas voel hom tuis waar daar plesier is.”

as ek” en kies om die dokter se raad in die wind te slaan, is dit ’n goeie voorbeeld van onverantwoordelike humor.

Mense lag wanneer hulle beheer wil kry tydens tye van stres en angs. In hierdie situasies, lag mense gewoonlik in ’n onbewuste poging om stres te verminder en te kalmeer, maar dikwels werk dit andersom. Mense kan senuweeagtig lag wanneer hul blootgestel is aan stres as gevolg van ander se pyn. In Stanley Milgram se gehoorsaamheidseksperimente, is onderwysers aangesê om leerders te skok elke keer as hulle ’n vraag verkeerd beantwoord. Alhoewel die leerders nie werklik geskok is nie, was die onderwysers onder die indruk dat dit wel die geval is. Deur die loop van die studie het baie onderwysers tekens van uiterste spanning en konflik getoon. Milgram het waargeneem dat sommige onderwysers senuweeagtig gelag het toe hulle die leerders se valse gille van pyn hoor (Hockenbury en Hockenbury 2012).

Hier funksioneer lag as ’n manier om geldige kommer te onderdruk. Wanneer mense probleme aflag, word dit hanteer as onbelangrik. Dit is onbelangrik en vra dus nie vir oplettheid en aandag nie. Hierdie distansie of ontkoppeling, bevorder deur humor, word dikwels doelbewus gebruik deur politici om kritiek te deflekteer. Dit is baie duidelik in die Suid-Afrikaanse konteks waar president Jacob Zuma dikwels sy teenstanders wat hom kritiseer aflag tydens parlamentsittings. Hierdie traak-my-nie-agtige ingesteldheid om probleme af te lag en verantwoordelikheid te vermy, is inderdaad ’n negatiewe aspek van humor (Martin 2007:119). Martin (2007:119) wys daarop dat hierdie tipe lag “decommitment” genoem word: “People often use humor to save face when they experience some sort of failure, when they are about to be unmasked in some way, or when they have been caught in a lie or are found to have engaged in inappropriate behavior.”

2.5.8.2 Tweede nadelige effek: Gebrek aan medelye

Nog ’n manier waarop die onbetrokkenheid in humor skade kan veroorsaak is deur die gebrek aan medelye vir diegene wat hulp nodig het. In sulke gevalle, kan humor op twee maniere benadeel: deur die verplasing van aksie en deur die belediging van lydende partye en hul lyding inderwaarheid vergroot (Morreall 2009:103). Veronderstel iemand stap langs die pad en sien ’n ander persoon gly en in ’n plas water val en sy rug beseer. As die persoon wat hom gesien val het begin lag, en hom nie help nie, sien die eerste persoon sy ongeluk as blote vermaak wat die persoon verkleineer en

'n gevoel van onverskilligheid by die toekyker skep. In gevalle van ligte lyding, word sulke humor as onsensitief of gevoelloos beskou, maar in ernstiger gevalle word dit wreedheid genoem.

Sommige pret, soos om te lag vir iemand se foute, selfs wanneer die betrokke persoon nie teenwoordig is of benadeel of verkleineer word nie, kan steeds onvanpas wees. 'n Voorbeeld kan Margaret van Wyk wees wat oproer veroorsaak het in Suid-Afrika in 2016 oor 'n paar foto's, wat bedoel was vir haar man, wat sy verkeerdelik na 'n WhatsApp-groep gestuur het. Sy is gespot op sosiale media met baie "memes"²⁰ wat met haar gekgeskeer het en oor sosiale media platvorms versprei is. Morreall (2009:104) wys daarop dat sulke humor onsensitieweit, gevoelloosheid, of wreedheid teenoor ander kan kweek en bevorder.

2.5.8.3 Derde nadelige effek: Bevordering van vooroordeel

Die twee nadelige gevolge van humor waarna ons tot dusver gekyk het – onverantwoordelikheid en die gebrek aan deernis – is gebaseer op die manier hoe mense hulself prakties distansieer van die humor waaroor hul lag. 'n Derde skadelike effek van humor is gegrond in die manier waarop mense hulself kognitief distansieer van die voorwerp van vermaak (Morreall 2009:105). Dit is in hierdie afdeling van die negatiewe etiek van humor, waar rassistiese en seksistiese grappe na vore kom. Daar moet egter baie mooi onderskei word of 'n humoristiese opmerking wel negatieweit teenoor 'n ander ras impliseer, al dan nie. Philips (1984:67) het reeds in 1984 die vraag: "Is truth a defense against the charge of racism?" op hierdie verwoord as: "What if members of that group really have or statistically tend to have an unflattering characteristic a joke attributes to them? Surely we are allowed to notice this and to communicate this information to one another?"

Geleerdes wys daarop dat die negatiewe in seksistiese en rassistiese grappe, die seksistiese en rassistiese oortuigings is wat hulle impliseer, dui op tipiese oortuigings oor ongewenste eienskappe in die teikengroep (Ford et al. 2008:159). Soos grappe in die algemeen, is seksistiese en rassistiese grappe bekend by beide vertellers en toehoorders as fiktiewe verhale. 'n Grap word dikwels opgestel: "Het jy al die een gehoor van ...? Die teenwoordige tyd word gebruik eerder as verlede tyd om aan te

²⁰ "Memes" is foto's, video's of teks, wat humoristies van aard is, wat gekopieer en vinnig versprei word deur internetgebruikers, dikwels met geringe variasies.

dui dat dit wat gesê word nie 'n verslag is van 'n werklike gebeurtenis nie. Om verder toe te voeg tot hierdie onwerklikheid, is wat karakters sê en doen in grappe dikwels in teenstelling met wat mense in werklikheid sê en doen (Cundall 2012:160). Wanneer hierdie karakters dom, lui of seksueel losbandig is, is die graad van die tekortkominge gewoonlik veel meer oordrewe as die optrede van 'n werklike persoon.

'n Goeie voorbeeld is: 'n Joodse ruimtevaarder kondig aan dat hy van plan is om in 'n vuurpyl om die son te vlieg. Toe hy gevra is hoe hy die son se hitte gaan weerstaan, het hy gesê: "Moenie bekommerd wees nie, ek sal gaan in die nag."

Hierdie oordrywing wat in soveel humor gevind word, word deur feitlik alle etici wat skryf oor etniese grappe geïgnoreer, wat seksistiese of rassistiese grappe behandel asof die vooronderstelling waarop hulle gebaseer is waar is dat alle swart mense stadig werk en vinnig moeg word, dat byvoorbeeld alle Jode dom is, dat alle Amerikaners naïef is en dat alle Chinese van rys hou (Morreall 2009:106). Wat hierdie grappe gewoonlik skadelik maak is dat hulle karakters met oordrewe grade van ongewenste eienskappe veronderstel wat groepe verteenwoordig wat sommige ander mense glo eintlik die eienskappe besit, byvoorbeeld dat 'n sekere groep lui is (Ford et al. 2008:160). Inderdaad sorteer mens grappe in genres grotendeels deur etniese of geslagsgroepe en die tekortkoming, of die stereotipe wat oordryf word. Daar is die dom blondine-grappe, Jan van der Merwe-grappe, grappe oor geldgierige Jode, vet Amerikaners, dronk Ierse mense ensovoorts.

Morreall (2009:106) stel:

The fun in these jokes is based on stretching negative stereotypes. Whether the tellers of sexist and racist jokes accept those stereotypes or not, their playing with them through exaggeration converts morally objectionable ideas into palatable ones. Putting a "play frame" around stereotypes in a joke aestheticizes them, removing them, at least temporarily, from moral scrutiny.

Wat egter aanstootlik aan seksistiese en rassistiese stereotipes is, is dat hulle al die lede van 'n groep kategoriseer as omruilbaar en hulle tipeer met sekere tekortkominge. In plaas daarvan om groeplede as individue te respekteer, is diegene wat stereotipeer geneig om almal af te skryf as minderwaardig, eerder as die uitsonderings binne 'n

sekere groep (Cundall 2012:166). Mense met hierdie siening van humor verkleineer, verneder en breek af. Blote herhaalde denke van groepe as negatiewe stereotipes is genoeg om 'n mens aan te spoor om werklike individue nie volgens hul werklike meriete en tekortkominge te behandel nie, maar outomaties as minderwaardig omdat hulle behoort aan sekere groepe. Die apartheidsjare in Suid-Afrika se geskiedenis dien as 'n goeie voorbeeld van sulke optrede. Die stereotipes gevestig deur grappe is dus meer aanstootlik wanneer dit handel oor mense wat 'n gebrek aan sosiale status en mag het, en wanneer daardie stereotipes deel vorm van die sosiale stelsel wat die gemarginaliseerdes “op hul plek hou”.

Vanuit die oorweging van die kognitiewe en praktiese distansie in humor, en die onverantwoordelikheid, wreedheid, en ander vorme van benadeling wat kan ontstaan as gevolg van sulke gebruik, suggereer (Morreall 2009:110) dat daar 'n algemene reël gestel kan word: “Moenie met vuur speel nie.” Moenie 'n gebrek aan kommer bevorder vir iets waarvoor mense bekommerd hoef te wees nie. Dit is ook waar van humor oor kultuur- en taalgrense heen.

2.6 HUMOR OOR KULTUURGRENSE (ETNIESE HUMOR)

Alhoewel humor beskou word as 'n konstruk wat in feitlik alle kulture en nasies bestaan, is daar sommige bewyse wat beweer dat verskillende kulture en nasies kan verskil in hul siening van 'n sin vir humor en die gebruik van humor (Martin 2007). Martin en Sullivan (2013:1) wys daarop dat daar tot op hede redelik min navorsing gedoen is oor kultuurverskille en humor. Op Suid-Afrikaanse bodem is dit ook die geval. Kulture in Suid-Afrika is so divers as wat kan kom. Suid-Afrika is 'n veelrassige gemeenskap met 'n uiteenlopende hoeveelheid kulture, tale en velkleure. Daar is verskeie groot en klein groeperings in die tradisionele swart kulture asook verskeie groeperings onder wit en bruin Suid-Afrikanders.

Multikulturele samelewings is nie 'n verskynsel eie aan Suid-Afrika nie. Dit word regoor die wêreld aangetref. Multikulturaliteit is ook geensins 'n nuwe verskynsel in Suid-Afrika nie. Voor die val van apartheid in 1994 het rasse-groepe hoofsaaklik afsonderlik gefunksioneer met min kontak oor rasse- en kultuurgrense. Die afloop van 1994 se verkiesing het drastiese veranderinge meegebring in die manier hoe kultuurgroepe met mekaar omgegaan het. Die regering het die idee gepromoveer dat Suid-Afrika 'n oop sameleving moet wees waar verskeie kultuurgroepe kruiskultureel moet begin leef en

funksioneer. Die feit dat Suid-Afrikaners ná 1994 meer toegang het tot en kan meng met ander kulture binne die groter Suid-Afrikaanse konteks en aangemoedig word om ander kulture te probeer verstaan en te leer ken, lê 'n sterk klem op interkulturaliteit.

Sapir en Whorf (in Neuliep 2000) wys daarop dat taal nie net die uitdrukkingsmeganisme van enige kultuurstelsel is nie, hul wys ook daarop dat taal help om idees en werklikhede in kulture te vorm. Douglas het alreeds in 1975 aangevoer dat humor heel dikwels bestaande seremonies, kulturele en sosiale patrone uitdaag om die belaglikheid daarvan uit te wys. Mense gebruik humor, as 'n standpunt en as 'n retoriese hulpmiddel in die proses van organisering en sin maak van hulle persoonlike ervarings, sowel as in die waarneming van hul identiteit in verhouding tot ander. In kruis-dissiplinêre studies waar deelnemende waarneming van fokusgroepe gebruik is, is spesifiek opgemerk hoe humor funksioneer as 'n meganisme waardeur groepsidentiteit gevorm word (Kuipers 2006). Humor stel 'n gedeelde sosiale doel om groepskohesie en sosiale samewerking te bevorder, en sorg ook vir die skepping en bewaring van groepsidentiteite (Palmer 1993).

Dit is op hierdie punt waar humor 'n beduidende rol speel in die Suid-Afrikaanse konteks. In 'n postapartheidsera, wat bykans al vyf en twintig jaar duur, kan die vraag vorendag kom of die "nuwe Suid-Afrika" al 'n gemeenskaplike humorsin ontwikkel het, en of elke kultuur steeds op sy eie manier funksioneer. Verskil verskillende kultuurgroepe se gebruik van humor en die verskeie situasies wat hul humoristies vind? Dit blyk wel die geval te wees. Navorsing uit die buiteland ondersteun hierdie bewering oor kulture. Byvoorbeeld, die gebruik van humor in advertensies in terme van die mate van gebruik en die produkte verkoop, verskil grootliks tussen Noord-Amerikaanse, Chinese en Franse tydskrifte (Laroche et al. 2011). Navorsing (van Cruthirds et al. 2011) wys daarop dat humor in Amerikaanse televisieadvertensies aggressiewer en meer selfkritiserend is as humor in Mexikaanse televisieadvertensies wat gekenmerk word deur 'n relatief groter gebruik van selfopbouende humor.

Die teorieë van humor kan met kultuurverskille in verband gebring word. Die basis van die meerderwaardigheidsteorie, dat mense lag oor hulle meerderwaardig oor ander voel, spreek dikwels negatief in teenoor kultuurverskille, die "ons" wat vir die "hulle" lag. Die humor in hierdie gevalle handel uiteraard oor ander persone se andersheid en versterk terselfdertyd die waardes van die heersende kultuur. Voorbeelde van hierdie

humor is volop in die Afrikaanssprekende kultuur waar Afrikaners dikwels spot met die “souties” (’n Skot, ’n Brit en ’n Boer sit in die kroeg ...). Engelssprekende Suid-Afrikaners lag weer op hul beurt vir Afrikaanssprekende Suid-Afrikaners oor hulle swak uitspraak van Engels, die Van der Merwe-grappe kan ook dien as ’n voorbeeld. Etniese humor berus op die feit dat mense lag vir ander wat nie soos “ons” is nie, die “ander” word dikwels gestereotipeer as minderwaardig en onkundig (Apte 1985:108). Barnette (1992:211) stel dit goed: “People enjoy humor more when it is directed at a group that is other than the group to which they belong; conversely, people enjoy humor less when it is directed at the group to which they belong.”

Apte (1985) verduidelik dat etniese humor dikwels sterk klem lê op oorveralgemening, dat die optrede van ’n lid van ’n bepaalde groep as tipies van die hele groep voorgestel word. Apte verklaar dat humor die gebruik is van ’n kreatiewe proses wat oordrywing en ondergang beklemtoon; dus, is die uitbeelding van individue of groepe se optrede, persoonlikheidseienskappe, of fisiese kenmerke selde akkuraat en korrek. ’n Goeie voorbeeld is die taalmisverstande tussen bruinmense en ander mense. *Die Gautenger stop in Houtbaai by die snoekverkoper. Hy vra: “Wat vra jy vir die vis?” Die bruinman antwoord terug: “Nei, meneer, ek vra hom niksie, vra hom maar self as jy iets wil wiet!”*

Critchley (2002) wys daarop dat dit dikwels mense se humorsin is wat hulle aan ’n plek of tot ’n groep verbind. Dit impliseer dat humor dikwels kultuur- en konteksgebonde is, alhoewel soos vroeër vermeld, is ’n grap grotendeels nie konteksgebonde nie. “Ons” meerderwaardigheid word getoon, omrede: “... the belief is that ‘they’ are inferior to ‘us’ or at least somehow disadvantaged because ‘they’ are not like ‘us’” (Critchley 2002:69). Meerderwaardigheidshumor het dikwels ’n rassistiese onderton wat skeiding bring tussen kulture eerder as wat dit ’n kruiskulturele samelewing bevorder. Michael Philips (in Morreall 2009:98) se dikwels aangehaalde artikel “Racist Acts and Racist Humor” begin met die woorde: “Racist jokes are often funny. And part of this has to do with their racism.”

In reaksie op die probleem van rassistiese humor, voer Hijri (2009) aan dat rasgebaseerde komedie ’n platform kan bied om die kwessie van rassisme aan te pak; en die individue wat na vore tree as verteenwoordigers van rasgebaseerde komedie is verhoogkomediante soos Trevor Noah en Russel Peters. Rasgebaseerde komedie is ’n tipe humor waar die inhoud of materiaal gesentreer is rondom onderwerpe wat

verband hou met individue of gemeenskappe se rasse- en etniese of kulturele agtergrond. Hoewel “stand-up” komedie se doel is om diegene wat daarna kyk, te laat lag, beteken dit nie dat hierdie tipe humor self geen kans het om ’n sosiale impak te maak nie. Hijri (2009) voer aan dat “stand-up” komedianten, wat hoofsaaklik hul materiaal baseer op rasse en etniese verskille tussen mense, algemene rasse aannames belig wat sosiaal geherdefinieer en gerekonstrueer kan word; en sodoende die algemene sosiale stereotiepe ideologieë uitdaag om te verander.

Suid-Afrika het ook ’n gemengde humorstyl. Niels Posthumus, ’n Nederlandse verslaggewer in Johannesburg het in ’n koerantberig in die Sunday Times in 2015 geskryf:²¹ “I’ve been living in South Africa for a while, and I have to agree: people here laugh a hell of a lot more than back home in Europe, and at themselves, in particular.” Daar is verskeie webtuistes wat menige grappe bevat wat eie is aan Suid-Afrika. Een van hierdie webtuistes²² beskryf Suid-Afrikaanse humor as:

One thing our rainbow nation has in common, is the extraordinary ability to laugh at ourselves no matter what the situation. It is through laughter and humor that South Africans have managed to survive great tragedies and hardships in order to deal with the sometimes unfathomable and bizarre events that come our way. Comedy and satire is as much part of the SA social fabric as Table Mountain and Mielie Meel.

Alhoewel Suid-Afrikaners saam kan lag oor die land se probleme en verskeie gemeenskaplikhede, verskil die verskeie etniese en kultuurgroepe se humor in Suid-Afrika grotendeels. ’n Kultuur se benadering tot humor is uiters belangrik om in gedagte te hou wanneer humor gebruik word in prediking. ’n Vraag wat spruit uit die groot hoeveelheid uiteenlopende kulture en etniese groepe in Suid-Afrika is: Sal inkulturaliteit tussen hierdie verskeie groepe bewerkstellig kan word?

2.7 BRICOLAGE VAN HUMOR

Die navorser maak gebruik van die term van Barnard (2014) “bricolage”. Marcel Barnard het vier strominge in die hedendaagse liturgie in Suid-Afrika en Nederland

²¹ <http://www.timeslive.co.za/sundaytimes/lifestyle/opinion/2015/05/03/The-jokes-on-racism-South-Africans-are-more-likely-to-laugh-at-themselves>. Laaste besoek 2017/04/07.

²² <http://www.southafricansincharlotte.org/funnies-grappies-op-n-stok/>. Laaste besoek 2017/04/09.

waargeneem naamlik 'n oplewing in rituele en simbole, 'n vermenging van verskillende stelsels van betekenis, die herstel van die eenheid tussen kuns en liturgie en 'n herkontekstualisering van die liturgie (Barnard 2014:119). Later in Barnard se werk het hy 'n vyfde stroming geïdentifiseer: Bricolage liturgie. Barnard bou op die werk van Claude Lévi-Strauss (1962) en Jacques Derrida (1967) wat die term “bricoleur” gebruik het binne die konteks van die sosiale wetenskappe en geesteswetenskappe. Bricolage liturgie kan in kort beskryf word as 'n “knip en plak”-liturgie (Barnard 2008:16). Barnard beskryf “bricolage” in Praktiese Teologie as “religie en lewensovertuiging word samengestel uit elemente van verskillende culturen, godsdienste, filosofieë en oortuigings” (2008:18).

Kan daar 'n “bricolage” van Suid-Afrikaanse humor gevorm word vir die gebruik in prediking? Trevor Noah, 'n Suid-Afrikaanse wêreldberoemde “stand-up” komediant het in 'n mate moontlik so iets bewerkstellig deur verskeie humorsoorte van verskillende kulture en etniese groepe saam te smelt vir van sy vertonings (o.a. *Daywalker*, *Crazy Normal*, *That's Racist*, *It's My Culture*). Barnette (1992:231) wys dat daar 'n uitsondering op etniese humor uitgewys kan word wat risikofaktore betref, dit is humor wat na binne gerig word in 'n homogene groep. In sommige gevalle kan sulke humor die groep in staat stel om te lag oor hul eie stereotipes en onderskeidende eienskappe. Maar selfs hierdie humor kan toehoorders binne daardie groep beledig. Dit is hierdie soort humor wat Trevor Noah gebruik in sy vertonings. Noah skeer gek met alle rasse in Suid-Afrika oor hulle tekortkominge. Hierdie vraag geniet meer aandag in die hoofstuk 4 van hierdie verhandeling.

2.8 GEVOLGTREKKING

Sosiologiese, sielkundige en antropologiese navorsing oor humor is 'n enorme veld waarvoor honderde duisende artikels en boeke geskryf is. Hierdie hoofstuk dien slegs as 'n punt van die ysberg in die humorstudieveld. Daar kan egter uit hierdie hoofstuk 'n beduidende aantal gevolgtrekkings gemaak word:

- Humor en lag is 'n universele aspek van menslike ervaring, wat voorkom in alle kulture en feitlik alle individue regoor die wêreld.
- Humor is 'n raaiselagtige verskynsel wat moeilik is om te definieer. Daar is 'n magdom verskillende definisies van humor, elkeen met hul eie uitgangspunte.

- Uit 'n sielkundige perspektief kan die humor proses verdeel word in vier essensiële komponente: (1) 'n sosiale konteks, (2) 'n kognitief-perseptuele proses, (3) 'n emosionele reaksie, en (4) die vokale gedragsuitdrukking van lag.
- Humor is fundamenteel 'n sosiale verskynsel. Mense lag en vertel grappe baie meer dikwels tussen ander as wanneer hul alleen is. Hierdie punt is van belang met die oog op prediking.
- Daar is 'n verskeidenheid teorieë oor humor wat poog om te verduidelik waarom mense humor gebruik en waarom iets snaaks is.
- Die humor wat voorkom in ons alledaagse sosiale interaksie kan verdeel word in drie breë kategorieë: (1) grappe, wat verpakte humoristiese staaltjies is wat mense memoriseer en oorvertel; (2) spontane gesprekshumor, wat doelbewus geskep word deur individue in die loop van sosiale interaksie, en kan of mondelings of verbaal wees; en (3) toevallige of onbedoelde humor.
- Daar is verskeie negatiewe aspekte wat ook gekoppel word aan humor. Hierdie aspekte is van uiterste belang in verband met die gebruik van humor in prediking.
- Alhoewel humor beskou word as 'n konstruk wat in feitlik alle kulture en nasies bestaan, verskil kulture en nasies in hul siening van 'n sin vir humor en die gebruik van humor.

In hierdie hoofstuk is die fenomeen van humor oor verskeie studieveld nagevors. In die volgende hoofstuk wat bou op die navorsing van hierdie hoofstuk, gaan daar gekyk word na of humor in die Bybel voorkom al dan nie en hoe hierdie humor in die Bybel funksioneer en gebruik kan word in humoristiese prediking.

3 HUMOR IN DIE BYBEL

3.1 INLEIDING

Enige studie wat op prediking fokus, behoort altyd met die Woord van God te begin, of ten minste dit heel vroeg in die besinning te betrek. Trouens, prediking het geen hart of inhoud afgesien van die Bybel nie. George Buttrick (1971:1255) het destyds gestel: “There is no true preaching except biblical preaching”. As preekstyle en modelle getrou wil bly aan die Bybel, moet die Skrif ernstig opgeneem word. Long (2016:58-59) wys daarop dat die Bybel die sentrale punt van enige preek behoort te wees. Dieselfde is ook waar vir die erediens as geheel. God en die Bybel staan sentraal in die erediens (Burger 1999:5-6). Long stel dat die Bybel die normatiewe vorm van enige Christelike prediking behoort te wees.

Preaching that involves significant engagement with a biblical text is the standard over against which all other types of preaching are measured. If we ask about a particular sermon, “Is that a Christian sermon” we are really asking if it bears true and faithful witness to the God of Jesus Christ, and answering that question inevitably takes us to the Biblical story.

Die vraag wat hierdie hoofstuk beoog om te antwoord is: Maak die Bybel ruimte vir die prediker om humor doelbewus en effektief te gebruik in die erediens as geheel met ’n spesifieke klem op prediking? Om dit anders te stel, is daar presedente in die Bybel, geskiedenis en teologiese besinning om humor in die erediens en in prediking te gebruik? Osmer (2008) se beskrywende-empiriese en interpretatiewe take is in hierdie hoofstuk ter sprake. Vanuit ’n prakties-teologiese perspektief word die vraag gevra: Wat is aan die gang? Wat is aan die gang in Bybelse navorsing oor humor? Vanuit hierdie vraag word daar ook gevra: Waarom is dit aan die gang?

Vir baie Christene beskryf woorde soos “eerbiedig”, “kragtig”, “heilig” en “geïnspireer” hulle begrip van die Bybel. Die woorde “snaaks”, “lag”, “geestig” en “humoristies” kan vir sommige wat die verhale en verkondigings van die Skrif ken, na effens verre gaande beskrywings klink. Omdat humor ’n ietwat “speelse” ingesteldheid en ’n gewilligheid om nie te ernstig te wees nie vereis, kan baie Christene huiwerig wees om te erken dat gedeeltes van die Skrif snaaks kan wees of dalk geskryf is deur mense wat met opset humor gebruik het (Herion 1992:325). Herion (1992:325) stel tereg:

The assumption often is that religion is serious and that it demands a transformation of human nature—especially the eradication of that aspect of human nature that derives pleasure from “worldly” things. Yet in the past century this theological assumption has been abandoned by many people, some of whom point out that humor can be a powerful vehicle for making important points, while others go further and insist that even biblical writing may have been intended primarily to entertain the reader.

Dus, soos die onderwerp van humor in hierdie verhandeling oorweeg word, voor 'n ernstige studie van humor in die prediking 'n aanvang neem, moet daar 'n ondersoek ingestel oor die vraag hoe lag en humor in die Skrif gesien en voorgestel word. Is daar so iets soos heilige lag, dit wil sê 'n heilige gebruik van humor en lag? Is daar 'n Bybelse presedent vir die gebruik van humor in die erediens? Kan afwesigheid van humor in die getuienis van die Skrif aandui dat dit moeilik is om humor korrek te gebruik in 'n eredienskonteks? Om die volle omvang van humor in die Bybel deur te gee in een hoofstuk is bykans onmoontlik aangesien verskeie omvattende boeke nie eens kon slaag in so 'n poging nie. Daar word dus in hierdie hoofstuk slegs 'n oorsig gegee oor sekere elemente en gevalle van humor in die Bybel en nie spesifieke tekste en perikope ontleed om humor te vind nie. Daar moet gelet word op die tendens dat die meeste navorsing oor humor in prediking, asook humor in die Bybel gedateerde bronne is. Daar is 'n groot gaping in teologiese navorsing oor humor oor die laaste twee dekades en dus is baie bronne klassieke werke.

3.2 IS DAAR HUMOR IN DIE BYBEL?

Die vraag of daar humor in die Bybel is, is 'n vraag waaroor al wyd gedebatteer is in Christelike kringe oor die eeue heen. Baie Bybellesers sal sekerlik saamstem met Baudelaire en Whitehead se verklaring oor humor in die Bybel. Saam met baie filosowe, teoloë en literêre kritici beweer hulle dat die Bybel nie 'n aangename tuiste vir humor of die komiese is nie (Whedbee 1998:1). Whitehead stel: “The total absence of humour in the Bible is one of the most singular things in all literatures.” Peter L. Berger (2014:198) stel weer: “One does not have to be a Nietzschean to look upon the history of Christian theology as a depressingly lachrymose affair”. Die vroeë

Kerkvaders was nie baie positief oor die verskynsel van humor in die Bybel nie. Johannes Chrysostomos het gestel dat Jesus verskeie kere geweet en gehuil het, maar nêrens in die Bybel is daar tekens dat Jesus glimlag of lag nie (Theron 1996:209). In 1949 kon Rudolf Bultmann ook nie humor vind in die Nuwe Testament nie. Rogness (2012:123) stel eerder 'n ander vraag:

Is there humor in the Bible? The more appropriate question would be how could there not be humor in the Bible? Humor is created by surprising endings, unexpected events, people doing foolish things, incongruities between what people appear to be and really are, crafty motives, misidentifications, misunderstandings—all the stuff of human life, and all of it is in the Bible.

3.2.1 Die skuif in hermeneutiek (Nuwe homiletiek)

Chrysostomos en Bultmann se aandrag dat Jesus nooit gelag het omdat dit nie in die Bybel opgemerk is nie, is volgens Webb (1998:4) 'n teken van 'n Bybelse literalisme wat feitlik onherkenbaar geword het sodra die postmoderne benadering tot teksanalise die teologieveld bereik. Webb (1998:4) beweer dat die swaar en ernstige temas van die Bybel prominent was tot in die twintigste eeu. Hy beweer ook dat daar 'n verskuiwing plaasgevind het vanaf die gebruik van historiese kritiek, na literêre kritiek, waar die Bybel beskou word as 'n venster op historiese gebeure, en dit 'n literêre skepping word. Dit het daartoe gelei dat diegene wat die Bybel bestudeer het op hierdie nuwe manier begin sien het dat Bybelse dokumente soms humoristies was, "if one could get past their sacredness" en nie net snaaks in die hede is nie, maar ook vir die gehore in die verre verlede.

Hierdie hermeneutiese skuif het ook 'n skuif in prediking tot stand gebring (Long 2016:117). Dit word algemeen erken dat Fred Craddock se werk *As One Without Authority* (1979), 'n nuwe era in prediking ingelui het. Hy het inductiewe metodologie voorgestel en geformuleer as 'n ware alternatief vir die tradisionele deduktiewe benadering tot prediking. Tradisionele prediking het 'n deduktiewe styl van kommunikasie beklemtoon. In deduktiewe prediking word die prediker erken as die een met gesag. Die hoorders bevraagteken selde die prediker se gesag, want dit word beskou as die Woorde van God. Vanuit die verhewe posisie van die goddelike gesag

verkondig die prediker dan die Woord van God, gewoonlik met 'n voorspelbare formule, in 'n puntsgewyse uiteensetting van die tema deur gebruik te maak van deduktiewe logika.

Verskeie faktore het bygedra tot die verskuiwing van 'n deduktiewe na 'n induktiewe styl van prediking. Hermeneutiese veranderinge, teologiese veranderinge en kulturele verskuiwings het onder andere bygedra tot hierdie ontwikkeling. Induktiewe prediking word deur Lowry (1993:95-96) beskryf as:

The result, as we peer back over twenty years, appears as a paradigmatic shift involving moves from deductive to inductive, from rhetoric to poetic, from space to time, from literality to orality, from prose to poetry, from hot to cool, from creed to hymn, from science to art, from left brain to right brain, from proposition to parable, from direct to indirect, from construction to development, from discursive to aesthetic, from theme to event, from description to image, from point to evocation, from authoritarian to democratic, from truth to meaning, from account to experience. But note that I said appears “from ... to” The matter is not quite as simple as that.

Die invloedryke Nuwe Homiletiese beweging het soveel uiteenlopende idees en strategieë gelewer, soos: Fred Craddock se induktiewe beweging, Eugene Lowry se homiletiese plot, Charles Rice se verhaal, David Buttrick se seremoniële bewegings, Lucy Rose se gesprekke, Tom Long se prediker as getuie en Paul Scott Wilson se vier bladsye van 'n preek. Dit is duidelik dat die skuif in hermeneutiek in verskeie terreine verandering gebring het – ook by die siening van humor in die Bybel.

Verskeie teoloë en Bybelkundiges het vanuit die skuif in hermeneutiek die soektog na humor in die Bybel opgeneem, sommige meer passievol as ander, maar nietemin met moontlik die oorkoepelende doel om God en Jesus te bevry uit 'n ondeurdringbare gedemptheid wat nie deur die Skrif ondersteun kan word nie. Ander het weer hierdie uitdaging opgeneem om die Christendom te bevry van 'n donker somber verlede waar daar weinig oor humor gedink en gepraat is. Theron (1996:210) beweer dat navorsing oor humor in die Bybel in die 1960's begin vlam vat het en ontwikkel het in 'n studieveld op sy eie.

Humor in die Bybel wys op (ten minste) twee beginsels. Eerstens gee dit 'n skriftuurlike basis vir die integrasie van humor in 'n teologiese interpretasie van die wêreld en tweedens gee dit 'n skriftuurlike basis vir die integrasie van humor in die lewens van gelowiges (McIntyre 2014:41). Daarom poog baie studies tot verskillende mate om eksegeese te bied wat daarop dui dat die sekere dele in die Bybel oorspronklik en opsetlik humoristies is. Dit is duidelik dat sommige gebruik van humor in die erediens spruit uit die bostaande twee beginsels.

Die meeste hedendaagse teoloë en Bybelkundiges bevestig die verskynsel van humor in die Bybel. Die vlag van navorsing wat oor humor in die afgelope paar dekades moet ook nie sonder meer aanvaar word nie. Radday (1990:27) wys juis daarop dat baie van die navorsers wat humor in verskeie dele van die Bybel ontdek het, ook waarsku teen die verkeerde aanname van humor in die Bybel. Baie navorsers het die neiging om na Bybelse tekste te kyk met "nar brille" op en sien humor in Bybelse tekste wat nie werklik daar is nie²³. Humor in die Bybel is duidelik nie in alle gevalle baie voor die hand liggend nie en somtyds is dit ook nie noodwendig baie snaaks nie. 'n Groot verskeidenheid Bybelleusers, kundiges sowel as leke, sien dikwels nie humor raak in die Bybel nie.

Verskeie Bybelkundiges onder andere Van Heerden (2001) en Whedbee (1998) gee deeglike uiteensettings waarom baie Bybelleusers nie die humor in die Bybel kan raaksien nie. Van Heerden (2001:75) wys dat 'n ingewikkelde web van faktore ons vermoë of bereidwilligheid om humor in die Bybel raak te sien, beïnvloed. Baie van hierdie faktore is interafhanklik, of beïnvloed mekaar op komplekse maniere.

3.3 FAKTORE WAT DIE VERSTAAN VAN BYBELHUMOR BEÏNVLOED

Tussen Van Heerden (2001:75-87) en Whedbee (1998:1-11) lys hulle nege faktore wat 'n mens se siening van humor in die Bybel kan beïnvloed. Hierdie faktore is ook heel moontlik die rede waarom lidmate humor in prediking miskyk. Die hoof-faktore volgens die navorser word vervolgens kortliks uitgelig.

3.3.1 Siening van humor

Van Heerden (2001:76) wys eerstens daarop dat 'n Bybelleuser se vermoë of gewilligheid om humor in die Bybel te vind, gedeeltelik afhang van hul begrip van die

²³ Sien Morreall (2001) 'Sarcasm, irony, wordplay, and humor in the Hebrew Bible: A response to Hershey Friedman.'

woord “humor” in die konteks van Bybellees. Hulle kan óf ’n breë, of ’n beperkte siening van humor hê. ’n Beperkte siening van humor behels dikwels ’n baie positiewe of ’n baie negatiewe siening van die verskynsel. As ’n Bybelleser byvoorbeeld sy of haar konsep van humor beperk tot lafheid of lomtheid, ’n meer negatiewe siening, sal hul ongemaklik met die humor in die Bybel wees. As hulle die humor vernou tot simpatieke lag, beentrekery en geskerts wat ’n meer positiewe siening is, in teenstelling met sarkasme, bespotting of ironie, sal hul minder huiwerig wees om dit in die Bybel te soek. Die vraag wat van nature ontstaan is: Moet humor in die Bybel gereduseer word tot doelbewuste pogings deur die Bybelse skrywers om snaaks te wees? Nog ’n vraag wat spruit uit ’n beperkte siening van humor is: Moet Skrifgedeeltes wat snaaks is vir hedendaagse lesers, ongeag of dit oorspronklike outeurs humoristiese bedoelings gehad of nie, ook in ag geneem word? Walker (2013:2) maak die opmerking:

Our cultural reluctance about biblical humor isn’t helped much by the unfortunate fact that most of the funny things we have noticed in the Bible aren’t really there. The drought of our awareness of any kind of mirth in Scripture is so severe it makes us read in mirages of humor, punfully.

As ’n Bybelleser ’n beperkte siening van Bybelse humor het, sal dit uiteindelik baie moeiliker wees vir daardie leser om humor in die Bybel te vind, veral as die leser nie vertrou is met die oorspronklike Bybelse tale nie (Van Heerden 2001:76).

Aan die ander kant kan die Bybelleser ’n breë siening van humor hê. Ten spyte van die afwesigheid van ’n allesinsluitende definisie, kan humor meer wees as die blote vermoë om grappies te maak of te waardeer. ’n Breë siening van humor, impliseer dat humor ’n wye verskeidenheid literêre modusse insluit: van ligte geskerts tot retoriese vrae of kritiese kommentaar soos ironie, sarkasme en parodie. As Bybelleesers deur die Bybel soek, sal hul pogings om humor te ontdek, gefnuik of beloon word, afhangende van die breedte van hul sienings van humor. Van Heerden (2001:76) maak die keuse vir ’n breë siening van humor in Bybellees as hy stel: “A wide-angle view is required to appreciate biblical humour. Some biblical texts contain statements about laughter, although the texts themselves are not humorous in any sense.”

3.3.2 Skrifbeskouings

Humoristiese en komiese temas of frases is ook geneig om gemis te word as gevolg van die heersende aanname dat hulle in beginsel nie in die Heilige Skrifte kan of mag bestaan nie. 'n Persoon wat nie verwag om humor in die Bybel te vind nie, sal nie daarna oplet of dit raaksien nie, selfs al is dit per ongeluk. Die uiteinde is, hoe groter die graad van heiligheid, hoe minder die graad van lag en humor (Van Heerden 2001:76).

3.3.3 Leesstrategieë

Van Heerden (2001:78) vermeld dat daar ten minste drie leesstrategieë of leesgewoontes is wat medeverantwoordelik is vir die versuim om humor in die Bybel te vind of raak te lees. Die eerste leesstrategieë of leesgewoonte is lesers se uiterste vertroudheid met sekere tekste. Baie Bybellesers het vertrou geraak met Bybelverhale wat 'n blik van humor bevat op 'n ouderdom wanneer hul sin vir humor en vermoë om dubbelsinnigheid en paradoks te waardeer, steeds onderontwikkel is. Die stories het dus nooit 'n kans gehad om te verras nie. Bogenoemde is egter net waar in sekere gevalle. Nie alle Bybellesers het grootgeword met Bybelverhale nie, 'n oorhoofse minderheid kerkgangers lees die Bybel op 'n gereelde basis.

Vanuit die laaste stelling, spruit die tweede leesstrategieë of leesgewoonte wat duidelik stel dat daar 'n groot hoeveelheid Bybellesers is wat onbekend is met groot gedeeltes van die Bybel. Lesers se waardering vir die komiese in die Bybel hang dikwels af van hul kennis van heelerhale en die wisselwerking tussen tekste, asook hul waardering vir wyer kontekste. By die meeste lesers van die Bybel ontbreek hierdie soort kennis en hulle vind humor dus moeilik om te snap.

'n Derde leesgewoonte is die sogenaamde "prooftext"²⁴ metode om die Bybel te lees. Aannames oor goddelike en ewige waarhede in Bybelse tekste kan persepsies van humor in tekste skeeftrek deur die teenstrydighede wat humor dikwels speel, te verlig. Volgens hierdie Bybellesers sal sake onnodig ingewikkeld wees as ons literêre faktore of die onmiddellike konteks van die vers in ag neem. Die betekenis van 'n teks is 'n gegewe, sê hulle, en interpretasie is ten beste oorbodig en gevaarlik in die ergste

²⁴ 'n Skrifgedeelte waaraan 'n beroep gedoen word ter ondersteuning van 'n argument of posisie in die teologie.

geval (Van Heerden 2001:79). Die teenstrydighede en opbou waarop humor voed, hang egter juis af van sulke literêre en kontekstuele faktore.

3.3.4 Kulturele faktore

Alhoewel humor en die komiese nie noodwendig vreemd is aan die Bybel nie, word dit somtyds nie maklik opgemerk nie as gevolg van die taalgrense van die vertaalde teks. Woordspeling, ironiese wendings en satiriese verwysings is dikwels problematies om raak te sien en ook so te vertaal (Van Heerden 2001:80). Humoristiese uitdrukkings en kontekste wat 'n situasie snaaks maak, is een van die moeilikste elemente om oor te dra van een taal na 'n ander, soos Attardo (1994:29) vermeld: "As many translators and linguists interested in the theory of translation know, it is often impossible to translate humor from one language to another." Vertalers en eksegete moet dikwels staatmaak op lomp voetnotas en verduidelikings in parentesies. Sodra 'n grap verduidelik is, is dit in elk geval nie meer snaaks nie. Fisher (1977:571) het alreeds in die laat 1970's die opmerking gemaak "The Hebrew Scriptures are filled with a sense of playfulness, especially with the language".

Van Heerden (2001:80) wys daarop dat humor dikwels een van die laaste elemente van 'n taal is wat studente moet begryp of leer om te begryp. Die neiging is om alles op 'n baie letterlike, eendimensionele manier te lees, soos ons geneig is om die Bybel te lees. Die kulturele spesifisiteit van humor is nie net verantwoordelik vir ons blindheid vir die humor in die Bybel nie, maar ook vir die neiging om gedeeltes snaaks te vind wat waarskynlik nie in Bybelse tye as snaaks beskou sou word nie (Radday 1990:25).

3.3.5 Filosofiese Tradisies

Die Westerse filosofiese tradisies dra by tot die verwaarlosing van humor. Die idee dat humor en filosofie onversoenbaar is, is 'n baie ou idee in Westerse tradisies. In die vorige hoofstuk is daar breedvoerig geredeneer dat verskeie vroeë Griekse en Westerse filosowe en teoloë teen die gebruik van humor was. Aristoteles het aangevoer dat geluk nie in vermaaklikheid kan lê nie. Volgens hom is ernstige dinge wat met rede geïdentifiseer word, intrinsiek beter as humoristiese dinge wat geassosieer word met liggaamlike genot (Morreall 2009:5). In soortgelyke opsigte het Plato ook beweer dat humor skadelik is omdat dit die opskorting van ons hoogste fakulteit, rede, behels. Humor en lag moet dus onderdruk word omdat dit lafheid en

onverantwoordelikheid bevorder en uitdruk, wat van die minder goeie menslike eienskappe is (Morreall 2009:6).

Teen hierdie agtergrond is dit verstaanbaar waarom talle Westerse Bybellesers wie se kultuur deur 'n Griekse erfenis ingekleur is, aandring dat dit onverantwoordelik is om te soek na humor in die Bybel, wat met ernstige sake en uiteindelijke waarheid geassosieer word.

3.3.6 Erns in die Christelike tradisie

In die derde boek van Robertson Davies se klassieke Deptford-trilogie, getiteld *World of Wonders* (1975), is daar 'n lang gesprek oor die vraag of humor en grappe nie aan die Duiwel se kant is, eerder as wat dit 'n gawe van God is nie (Lefcourt 2001:32). 'n Soortgelyke stelling word gemaak in Umberto Eco se roman, *The Name of the Rose* (1980): "Christus het nooit gelag nie!" Dit weerspieël meer as net fiksie, dit reflekteer 'n tradisie wat werklik in die Christendom bestaan het. Van Heerden (2001:83) wys dat teoloë en filosowe soos Johannes Chrysostomos, Augustinus, Bernard van Clairvaux en Hugo van St. Victor almal opstandig was teenoor Christelike lag en humor, veral in kloosterkringe gedurende die Middeleeue. Natuurlik het die Christelike Middeleeue ook geweet van 'n kultuur van lag, maar in Middeleeuse kloosterwese is lag nie goed ontvang nie. Morreall (1999:118) maak 'n snaakse opmerking in verband met die bostaande: "if we collected all the books of Christian theology, excised the handful of pages that even mentioned humor, and sent the collection to Mars, Martian readers would never figure out that the human race was capable of laughter."

Hulle argument het gespruit uit die idee dat lag in die Bybel gewoonlik voorgestel is as 'n uitdrukking van vyandigheid en negatieweit. Martin (2007:22) wys daarop dat die meeste verwysings na die lag in die Bybel gekoppel is aan bespottings of minagting. Vroeg-Christelike denkers, wat prominent in en voor die Middeleeue werksaam was, het negatiewe aanslae teen lag uit beide Griekse en Bybelse bronne gekry. 'n Ideale plek om Christelike aanslae op gelag te vind, is in die instellings wat die meeste klem op selfbeheersing en sosiale harmonie lê naamlik die kloosters, wat ook prominent in die Middeleeuse tyd was (Morreall 2009:5). Die oudste kloosterreël, van Pachom van Egipte in die vierde eeu, het grappe verbied. Onder leiding van St. Benedictus, wat die grondslag van Westerse kloosterkodes daargestel het, is monnike aangespoor "to prefer moderation in speech and speak no foolish chatter, nothing just to provoke

laughter; do not love immoderate or boisterous laughter” (Gilhus 1997:65). In Benedictus se leer van nederigheid was stap tien ’n beperking teen lag en stap elf ’n waarskuwing teen grappe maak (Gilhus 2014:65). Een van die sterkste veroordelings van lag het gekom van die Siriese abbot Efraem: “Laughter is the beginning of the destruction of the soul, o monk; when you notice something of that, know that you have arrived at the depth of the evil. Then do not cease to pray God, that he might rescue you from this death” (in Gilhus 2014:69).

Chrysostomos het lag met ydelheid en vergeetagtigheid van sondes geïdentifiseer, lag beklemtoon afsondering weg van God. Wat vir hom van beslissende belang was, is die siening dat dit nie lag is nie, maar net huil en ween is, wat ’n mens aan God bind (Van Heerden 2001:84). Naas hom was daar in die Middeleeue geen teologie van lag nie, net ’n teologie van tranes. Hierdie tradisie in die Christendom het ’n rimpeleffek wat nog in die sedes van ons tyd sigbaar is, asook in die manier hoe die Bybel hedendaags gelees word. Daar het egter ’n groot wending plaasgevind vanaf die twintigste eeu.

Campbell en Cilliers (2012:128) stel:

Imagine someone who responds to the seriousness in life-intransience with bellows of laughter. Imagine someone who faces insecurity and fear and violence with humor, or at least a smile on the lips, or, if that proves to be impossible (which might well be the case), with a strance of laughter, which is more than the outward expression of laughter.

Campbell en Cilliers (2012:145-151) bou op die idee dat lag en klaagliedere nie so ver verwyderd van mekaar is nie. By tye lyk lag en klaagliedere wêreld uitmekaar, tog op ’n manier kruis hierdie teenoorgestelde pole mekaar dikwels. Humor laat ons lag maar met tye laat dit ons ook huil. ’n Goeie voorbeeld van hierdie oksimoron is Desmond Tutu wat tydens sy lang loopbaan ewe veel gehuil en gelag het. Campbell en Cilliers (2012:148) stel: “Such fools tend to cry for joy – in the deepest sense of the expression. Not only do they cry because of joy, they also cry in view of, and in longing for joy.” Hierdie wending na die 20ste eeu kan Bybelleesers moontlik help om op ’n nuwe wyse na humor in die Bybel te kyk, veral humor in kontekste waar dit somtyds nie verwag word nie.

3.3.7 Sosiale ligging

Screech (2015:xxiii) wys dat menige wat in posisies van mag en gesag is, nooit lag as 'n voertuig vir Christelike vreugde, Christelike prediking of die verspreiding van die Christelike waarheid aanvaar nie. Van Heerden (2001:85) sê oor diegene wat in posisies van mag en gesag is: "Faced with satirists, or even with the subversive face of Jesus, or biblical prophets, they often seek to censor, to suppress, to burn book or author." Screech (2015:xxiii) sê verder: "Some never understood what such laughter implied. Some even amongst the censors understood, and laughed despite themselves; others understood, and snarled."

Mense in posisies van mag en gesag word dikwels blootgestel aan ondermynende humor. Hulle voel dikwels bedreig deur hierdie soort humor en stel maatreëls in plek om dit te beperk. Van Heerden (2001:85) stel dat Christelike heiliges en teoloë soos ander in hoë posisies dikwels geneig is om verwaand te wees, absurde gedrag te toon en verskillende soorte ongeregthede te pleeg. In hierdie geval sal hulle teikens van sekere soorte humor soos satire word. Richard Condo se bekende spreekwoord: "The job of satire is to frighten and enlighten" is hier ter sprake. Humor relativeer en bring alles weer in verhouding. Die posisies van klerklike hooggeplaastes was gerelativeer deur die fees van die dwase in die Middeleeue. Die meeste Christene is egter gewone mense wat lyding en vreugde ervaar soos almal om hulle. Hulle vertrou ook op humor om die lewe te vier en om lyding te hanteer. Humor kan beide 'n weerspieëling van ons samelewing, sowel as 'n instrument om dit te verander wees. Diegene wat die meeste verloor wanneer veranderinge plaasvind, is die mense wat agterdogtig sal wees teenoor sekere soorte humor. En dit geld ook vir diegene wat Bybelse interpretasie beheer (Van Heerden (2001:85)).

Buiten die bogenoemde faktore wat die verstaan van Bybelhumor beïnvloed, is daar verskeie ander akademici wat ander faktore beklemtoon wat Bybelverstaan belemmer. Jakob Jónsson het alreeds in 1965 in sy boek oor humor *Humour and Irony in the New Testament* drie addisionele redes vir die ontwyking van humor in die Bybel gebied: vermyding van godslastering, tekortkominge in taalkundige waardering en teologiese afleiding. Schmitz (2002:89) wys ook daarop dat voor 'n mens humor uit die Bybel probeer interpreteer, moet humoristiese diskoerse in drie groepe ingedeel word: universele humor, kultuurgebaseerde humor en taal gebaseerde humor. Elk van hierdie het ook implikasies ten opsigte van die verstaan van Bybelse humor.

3.3.8 Gevolgtrekking

Dit is duidelik dat 'n verskeidenheid faktore 'n mens se vermoë om humor in die Bybel te ontdek en te waardeer, beïnvloed. Hierdie faktore is uiters verweef. 'n Mens se siening van die Bybel kan byvoorbeeld jou leesstrategieë beïnvloed; jou filosofiese vooronderstellings beïnvloed jou siening van die Bybel; die erns in die Christelike tradisies kan jou se sin vir humor versmoor.

Gegewe hoe deurgaans humor, glimlag en giggel en soms hardop lag in feitlik elke boek van die Bybel voorkom, is dit merkwaardig hoe konsekwent lesers daarin slaag om dit mis te kyk. Humor in Bybelse tekste is somtyds so suutjies en deurdringend dat om die humor te mis, 'n mens nie net baie van die emosionele impak van die Bybel mis nie, maar ook baie van die betekenis daarvan. Walker (2013:x) stel:

Recognizing biblical humor does more than alert us to deeper dimensions of biblical meanings. Awareness of the wit enables not just better readings, but better ways to read, ways of reaching where no Bible reader has gone before.

3.4 HUMOR IN DIE OU TESTAMENT

'n Man huil oor 'n plant wat sterf weens 'n wurmbesmetting²⁵. 'n Moeder verbeel haar dat haar seun, wat nog nie terug gekom het van 'n veldslag nie, vertraag is weens 'n feestelike gedartel met een of meer jong dames²⁶. 'n Bekende siener is so blind vir die teenwoordigheid van 'n goddelike boodskapper dat 'n donkie nodig is om sy oë letterlik en figuurlik oop te maak²⁷. 'n Koning van Moab is so oorgewig dat sy slagting ekstra moeite van 'n linkerhandse Israeliet vereis²⁸. 'n Man beplan sy eie beloning en sy vyand se ondergang net om te ontdek dat dit sy vyand is wat koninklik vermaak word terwyl hy self sy einde bewerkstellig²⁹. 'n Brilljante en pragtige jong vrou is getroud met 'n ryk ouer man wie se dwaasheid en gebrek aan inhibisies rondom alkohol lei tot 'n besonder pynlike ondergang vir hom³⁰. Die priesterlike broer van 'n heldhaftige figuur, wat op heterdaad betrap word as gevolg van sy afvalligheid, 'n Goue Kalf, weier om enige verantwoordelikheid te aanvaar pak die skuld op beide die mense (wat hom met

²⁵ Jona 4.

²⁶ Rigters 5.

²⁷ Numeri 22.

²⁸ Rigters 3.

²⁹ Ester 5-7.

³⁰ 1 Sameul 25.

hul woorde en hul juwele oorval het) en die Kalf self, wat wonderbaarlik na vore gekom het, ten volle gevorm, vanuit die vuur³¹. Die eerste menslike moordenaar, van 'n broedermoord, word veroordeel om in 'n land rond te dwaal wat se naam 'n konnotasie dra om te vestig³². Filistyne buit die ark van God en plaas dit in hulle tempel voor die standbeeld van hulle god Dagon, net om die volgende twee dae te sien dat Dagon op sy gesig voor die ark neergeval het, asof hy in aanbidding is, besig om stukkies van sy liggaam geleidelik verloor in die proses³³.

Dit is alles voorbeelde van Ou-Testamentiese humor. Of hierdie tekste, lag, 'n glimlag of selfs 'n kreun van die moderne leser ontlok, hulle doel was so 'n reaksie van diegene wat hierdie vertellings in hul oorspronklike konteks gehoor of gelees het (Greenspoon 2007:ad loc). Hierdie bostaande gedeeltes uit die Hebreeuse Bybel is maar 'n paar voorbeelde van die diep reservoirs van humor wat reg op die oppervlak, of net onder die oppervlak in die Bybelse tekste lê. Alhoewel geen twee Bybelkundiges identiese lyste van humoristiese gedeeltes in die Bybel sou lewer nie, sou die totale aantal gevalle van humor sekerlik in die honderde wees. As Bybelkundiges nie saamstem oor die aantal humoristiese gedeeltes nie wat 'n kwessie van interpretasie is, verskil hulle ook oor die (noodsaaklike en/of opsionele) elemente van humor, wat 'n kwessie van definisie is. Dit is reeds duidelik gestel dat daar geen eenvormige definisie van humor bestaan nie, en dit geld vanselfsprekend ook in die veld van humor in die Bybel. Greenstein (1992:330) stel tereg: "Humor is notoriously difficult to classify, and definitions of types vary ... biblical humor and wit often intermix a variety of types".

3.4.1 Woorde vir humor in die Ou Testament

Watter argumente ook al ter tafel gelê word om te bewys dat humor in die Ou Testament te vinde is, is een Bybelkundige se opmerkings oor hierdie kwessie van belang. Greenstein (1992:330-331) erken dat die Bybel geen Hebreeuse term vir humor as sodanig het nie, en tog verdedig hy die idee dat humor deel is van die Bybelse tekste. Volgens Freedman (1992:325-333) beweer geleerdes dat humor in verskillende literêre vorms of style verskyn. Hy herinner die leser dat die Ou Testament verskeie woorde bevat wat lag uitdruk, of dit nou is in 'n gees van welwillendheid of wanneer iemand belaglik is.

³¹ Eksodus 32.

³² Genesis 4.

³³ 1 Sameul 5.

Die konsepte van lag of om te lag (wortel *shq* en *śhq*) en bespotting (*ʿlg*) word dikwels beskou as terme wat humor in die Bybel uitdruk (Kruger 2014:1). Bartelmus (2004; cf. Barth 1997:10) dui aan dat hierdie begrippe uitdrukking op verskillende maniere in die Ou Testament gevind het. Dit sluit in 'n vergelyking van konsepte in dieselfde semantiese veld, hulle etimologiese agtergrond, sinonieme en tipiese gebare wat die uitdrukkings of parallelle terme en vorms van metatesis vergesel.

3.4.2 Verskeie invalshoeke op Ou Testamentiese humor

Vanuit die bostaande is dit duidelik dat verskillende Bybelkundiges humor op uiteenlopende maniere interpreteer. 'n Groot aantal Bybelkundiges en geleerdes gebruik verskeie invalshoeke om humor in die Ou Testament te identifiseer en te verduidelik. Daar word kortliks na vier van hierdie invalshoeke verwys.

3.4.2.1 Vier maniere van lag

Karl-Josef Kuschel (1994; cf. Patella 2015) beskryf vier maniere waardeur lag en gelag in die Bybel en spesifiek in die Ou Testament voorkom, as 'n manier om humor raak te sien: a) Mense lag vir God, b) God lag vir heersers, c) God lag vir die goddeloses; en d) Die onpeilbare gelag van God (Kuschel 1994).

a) Mense lag vir God

As voorbeeld van wanneer mense vir God lag, vertel Kuschel die Bybelse toneel waar drie besoekers aan die bejaarde egpaar Sara en Abraham aankondig dat hulle 'n seun gaan hê.

Toe vra hulle hom: “Waar is jou vrou Sara?” en hy antwoord: “Hier in die tent.” Toe sê die een: “Ek sal beslis volgende jaar hierdie tyd na jou toe terugkom, en dan sal jou vrou Sara 'n seun hê.” Sara het by die tentopening gestaan en afluister, en die een wat gepraat het, was aan die buitekant. Abraham en Sara was albei al baie oud, en Sara was verby die ouderdom van kinders in die wêreld bring, en daarom het sy by haarself gelag en gedink: sal ek nog genot kan hê nou dat ek afgeleef is? En dit met my man wat oud is? (Gen. 18:9-12).

Sara se reaksie ontlok 'n vraag by God: “Toe vra die Here vir Abraham: ‘Waarom lag Sara?’” (Gen. 18:13). Sara ontken dat sy gelag het, maar God dring daarop aan: “Maar die Here het gesê: ‘Nee, jy het gelag.’” Kuschel (1994:49) ontleed hierdie teks en kom

tot die gevolgtrekking dat Sara lag omdat sy haar huidige omstandighede vergelyk met die toekomstige belofte, en sy vind die teenstrydigheid tussen die twee komies. Toe dit vir Sara duidelik word dat die gaste namens God praat, het sy bang geword, en daarom ontken sy dat sy gelag het. Kuschel (1994:50) wys ook daarop dat Abraham self oor dieselfde vooruitsig in Genesis 17:17 lag, maar in teenstelling met Sara, weet hy dat die Here die eis oor die toekoms maak. Die vraag is hier egter of Abraham vir God of vir homself lag. Alhoewel Abraham se reaksie magteloos lyk en Sara se reaksie meer geloofwaardig, bly die punt dieselfde: “Laughter expresses the doubting unbelief of human beings in the promises of God” (Kuschel 1994:51).

Kuschel beweer verder dat die volle omgang van die ontmoeting tussen Sara en God plaasvind by die geboorte van Isak (*Yitzhak*), wie se naam beteken “hy lag”. Wanneer die bostaande saam met Sara se eie reaksie by die geboorte van haar seun gesien word – “God het gemaak dat mense vir my lag: elkeen wat van Isak hoor, sal vir my lag” (Gen. 21:6) – word die onverwagse geopenbaar as ’n goddelike vervulling, onmoontlikheid verander in die bevrydende lag van menslike wesens met hulle God (Kuschel 1994:53).

b) God lag vir heersers

Psalm 2 laat die leser ’n ander gesig van God sien. God lag, maar die lag is deeglik vreesaanjaend, bedreigend en gevaarlik. Die psalmdigter veronderstel God sit op ’n troon en kyk neer op die ydele menslike pogings om soewereiniteit oor die hele aarde te bewerkstellig. “Hy wat in die hemel woon, lag hulle uit, die Here spot met hulle.” (Ps. 2:4). God se gelag is die minagtende reaksie op ’n groep minderes. Dit is baie anders as die gelag van Abraham en Sarah (Kuschel 1994:55; cf. Patella 2015:158).

c) God lag vir die goddeloses

Teenoor God se bespottende lag, is daar die spottery van die goddelose individue en nasies wat die vermetelheid het om die verordeninge van God te verwerp (Patella 2015:158). Hierdie genre sluit Psalms 37 en 59 in, asook uittreksels uit die profete. Die goddeloses is sondaars wat God se wet verontagsaam en God spot in daardie manier. In al hierdie gevalle weerspieël die goddelike reaksie die psalmdigter se geloof en hoop dat God se slinkse gelag die pogings van Israel se vyande om God se volk te oorwin, sal vernietig. Hierdie vyande is onheilig, haatlik en skadelik in hul houding

teenoor die gemeenskap van die regverdiges. God se lag namens Israel trek 'n lyn wat die goeie van die bose skei; dit is God wat laaste lag (Kuschel 1994:59).

Die boek Ester gaan voort met spottende lag, maar op 'n merkwaardige manier. Dit beskik oor 'n goddelose Pers wat God verag deur God se mense te bespot. Op 'n ironiese manier red God die bespote Jode, wat op hulle beurt weer die een spot wat hulle bespot het.

d) Die onpeilbare gelag van God

Kuschel se laaste kategorie, die onpeilbare gelag van God, gebruik die boek van Job as 'n primêre voorbeeld, waar die dubbelsinnige en misterieuse natuur van God onderstreep word deur God se ondeurdringbare, raaiselagtige gelag (Kuschel 1994:60). Kuschel sien die boek van Job in die hantering van lag in 'n tweeledige sin, die eerste op 'n eskatologiese wyse, om troos te bied vir die toekoms. Job se hartseer en verlies sal in vreugde verander word. Die tweede sin, God se skynbare bespottings van Job en Job se desperate toestand, is moeiliker om te ontrafel. Job bars uit in woede en die vraag kom na vore: Hoe verduidelik ons 'n liefdevolle en regverdige God se onsensitiewe optrede teenoor Job se lyding? Die antwoord lê in Job se eie gevolgtrekking dat ten spyte van 'n goddelike reaksie wat wreed en onbarmhartig voorkom, sy beproewing nie eindig met 'n gelowige wat deur God uitgelag word nie maar met een wat deur God herstel is (Kuschel 1994:62).

Uit hierdie kort oorsig is dit duidelik dat terwyl lag 'n rol speel in die soewereiniteit van God, 'n onaantasbare soewereiniteit wat kan veroorsaak dat God aan menslike pogings om Hom uit te daag, uitlag, is lag 'n aanvulling tot die menslike ontmoeting met God (Patella 2015:160).

3.4.2.1 'n Anatomie van humor en komedie

J. William Whedbee (1998:6-7) het 'n ander benadering gevolg. Hy het 'n anatomie van humor en komedie in die Bybel geskets volgens vier interverwante perspektiewe: a) intrige b) karakterisering van basiese tipes; c) taalkundige en stilistiese strategieë; en d) funksies en voornemens.

a) Intrige

Om die tipiese intrige van komedie te waardeer, moet 'n mens 'n baie breë siening van humor hê en bereid wees om Bybelse verhale in hul geheel te lees. Die intrige van komedie begin tipies met die oog op 'n grootliks harmonieuse geïntegreerde

samelewing, 'n situasie wat op een of ander manier uitgedaag of getoets word soos die verhaal ontvou; maar komedie skuif konvensioneel opwaarts en reïntegreer die held binne haar of sy regmatige samelewing, terwyl tragedie tipies eindig met 'n gevalle held en 'n visie van disintegrasie, vervreemding en dood (Whedbee 1998:7). Frye se gepaste beeld is bruikbaar hier waarvolgens komedie 'n U-vormige intrige aanneem, waar die situasie 'n laagtepunt bereik, en dan skielik opwaarts omdraai tot 'n gelukkige einde (Frye 1963:25).

Met behulp van hierdie patrone van intriges het Dawid Robertson (1977:16-32) reeds in 1977 Eksodus 1-15 vergelyk as komedie met Euripides se tragedie, die *Bacchae*. Net so het Phyllis Trible (1978:166-99) hierdie model aangewend om die boek Rut uit te beeld as: "A human comedy". Whedbee (1998:7) voer aan dat die U-vormige intrige in die komiese visie in Genesis, Eksodus, Ester en veral Job ingebed is.

b) Karakterisering van basiese tipes

Ons vind sekere konvensionele tipes komiese karakters in die Bybel. Grapjasse, narre, dwase, skurke en bedrieërs wat dikwels 'n menslike en soms onmenslike of dierlike vorm beliggaam (Whedbee 1998:7). Byvoorbeeld, die sluwe slang in die Tuin van Eden is 'n verleidelike bedrieër wat hiperbool gebruik om ongemaklike vrae oor God se motivering oor die eet van die boom van goed en kwaad, te vra. Jakob en Rebekka tree na vore as volmaakte bedrieërs in 'n familie van bedrieërs, terwyl Isak en Esau voorkom as vervloekte swape. In die verhaal van Bileam word die waarsêer voorgestel as 'n blinde dwaas in teenstelling met sy pratende esel wat uitstekende visie het. Sy sien die engel van die Here, terwyl haar meester blind is. Selfs Moses onthul 'n paar blinde kolle, wat 'n soms bespote behandeling in sy roepings verhale in Eksodus ontvang (van Heerden 2001:88).

Wanneer hoofkarakters of edele karakters verskyn, word hulle dikwels aan satire, parodie of volstrekke bespottig onderwerp om hulle sodoende tot die algemene lot van die mensdom te verminder (Whedbee 1998:8; van Heerden 2001:89). Buitelandse konings is gunsteling teikens en word dikwels as dwase voorgestel. Die Egiptiese Faraon in Eksodus is wreed gesatiriseer as 'n arrogante bedrieër en word dan uiteindelik vernietig. Die magtige Nebukadneser word verminder tot die belaglike postuur van 'n dier wat in die veld wei totdat hy sy behoorlike plek van onderdanigheid aan Jahweh erken (Whedbee 1998:8). Die naamlose koning van Jerigo (Jos. 2), Balak

en Bileam (Num. 22-24), Eglon van Moab (Rig. 3), Agab (1 Kon. 21) en Belsasar (Dan. 5) kan by die lys gevoeg word (van Heerden 2001:89).

Tog, wanneer komedie egter 'n figuur uitlok vir bespotting, is die uiteindelijke doel steeds herintegrasie in die samelewing. Toe die koning van Ammon dood is en deur sy seun Hanun (2 Sam. 10:1-5) opgevolg is, het koning Dawid boodskappers gestuur om hom te troos oor sy vader. Die prinses van Ammon het die boodskappers nie vertrou nie en die koning oortuig dat hulle spioene is. Hanun het toe Dawid se boodskappers gegryp en opgetree soos 'n ware spotter en vernederaar. Hy het die helfte van die baard van elkeen afgeskeer, hul klere by die boude afgesny en hulle weggestuur. Koning Dawid het voorgestel dat hulle in Jerigo bly totdat hulle baarde terug gegroei het (van Heerden 2001:90).

Die dwaas is nie altyd noodwendig 'n vreemdeling nie. 'n Goeie voorbeeld van heilige dwaasheid is dié van koning Dawid. Soos die verbondsark na Jerusalem gebring is, het Dawid in 'n soort beswyming gegaan en voor die ark begin dans. By 'n ander geleentheid (1 Sam. 21:10-15) het koning Dawid van Saul gevlug en na koning Akis van Gat gegaan. Toe iemand hom herken, het hy bang geword vir die koning van Gat en het toe voorgegee dat hy mal was in die teenwoordigheid van die koning se amptenare. Hy het merke op die deure van die hek gekrap en sy speeksel by baard laat afloop. Koning Akis het Dawid se gedrag nie snaaks gevind nie en sy amptenare beveel om hom weg te neem en alleen te laat (van Heerden 2001:90). In die profetiese boeke vind ons 'n aantal gevalle wat as heilige dwaasheid beskryf kan word. Die profeet Jesaja (Jes. 20) het klaarblyklik drie jaar naak en kaalvoet geloop en Jeremia het 'n houtjuk om sy nek gedra (Jer. 27).

c) Taalkundige en stilistiese strategieë

Humor en komedie word gewoonlik in verskillende vorms van verbale kuns uitgedruk soos woordspel ("puns"), parodie, satire, hiperbool, sarkasme, ironie, oortolligheid en herhaling (Friedman 2000; Whedbee 1998:8). Ou-Testamentiese humor gebruik ook 'n sinspeling op name, teenstrydigheid en ironie, wat kontras, omkering en verrassing beklemtoon. Van Heerden (2001:90) stel "Satire is 'barbed-wire' humour that stings, but seldom kills." Whedbee (1998:9) wys dat komedie nie tot 'n simplistiese vergelyking verminder kan word met humoristiese en lagwaarde as uitgangspunte nie, alhoewel komedie nogtans poog om lag te ontlok.

Hierdie taalkundige en stilistiese strategieë waarna Wedbee (1998:8) verwys, word ook vervat in verskeie ander invalshoeke op humor in die Ou Testament. Sekere Ou-Testamentici gebruik taalkundige en stilistiese strategieë as die hoofuitgangspunt wanneer hulle verwys na humor in die Ou Testament (cf. Friedman 2000; Finestad 2010; Ramirez 2012). Om 'n omvattende oorsig van al hierdie literêre strategieë en toepassings in hierdie verhandeling deur te gee, is nie moontlik nie³⁴. Daar is dus slegs opsommend na sommige van hierdie taalkundige en stilistiese strategieë verwys in 'n verdere afdeling van die verskeie invalshoeke van Ou-Testamentiese humor.

d) Funksies en voornemens

Aangesien 'n mens geen algemene gevolgtrekkings kan maak oor die funksies van Bybelse humor op grond van 'n paar voorbeelde nie, moet staatgemaak word op die gevolgtrekkings van ander studies waarvan die omvang aansienlik groter was. Whedbee (1998:9-10) wys dat humor en komedie 'n verskeidenheid funksies en voornemens het wat hul ingewikkelde vorme in die literatuur en lewe beklemtoon. Hy wys daarop dat humor deur die eeue tussen konserwatiewe en subversiewe tendense beweeg het. Brenner in van Heerden (2001:93) wat die semantiese veld van humor in die Hebreeuse Bybel ondersoek het, het ook opgemerk dat Bybelse humor en die komiese óf relatief onskuldig óf anders tendensieus kan wees.

3.4.2.3 Taalkundige humor

Verskeie navorsers fokus op die taalkundige verskynsels van humor in die Ou Testament. Hierdie invalshoek op humor in die Ou Testament is verweef met verskeie ander invalshoeke omrede 'n groot hoeveelheid humor in die Ou Testament van taalkundige en stilistiese strategieë gebruikmaak. Daar word kortliks verwys na vier van hierdie strategieë naamlik a) sarkasme; b) ironie; c) woordspeling ("puns"); en d) humoristiese gebruik van name.

a) Sarkasme

In die Ou Testament is bese mense dikwels baie sarkasties, in ooreenstemming met hul karakters. Natuurlik is Bybelse sarkasme nie beperk tot kwaaddoeners nie; gewone mense, leiers, en selfs God tree ook sarkasties op (Friedman 2000:259). 'n

³⁴ Vir 'n in diepte uiteensetting van hierdie verskeie taalkundige en stilistiese strategieë, sien Friedman (2000) 'Humor in the Hebrew Bible' waar Friedman 'n deeglike uiteensetting gee van waar hierdie strategieë onderskeidelik voorkom in die Pentateug, die Profete, sowel as in die ander geskryfte as geheel.

Voorbeeld van sarkasme volgens (Finestad 2010:24) word gevind wanneer Elia die profete van Baäl kritiseer tydens die stryd op die Karmelberg tussen Jahweh en Baal (1 Kon. 18). Teen die middag het Elia hulle begin bespot: “Roep harder! Hy is mos ’n god! Miskien is hy diep in gedagte of gou bietjie uit, of op reis, of dalk slaap hy en moet hy eers wakker word!” (1 Kon. 18:27). Choon-Leong Seow (1999:137) wys daarop dat die hele hoofstuk vermaaklik is.

God is ook soms sarkasties, veral wanneer Hy ontsteld of opgewonde is oor Israel wat Hom voortdurend toets (Friedman 2000:261). Toe die Joodse volk besig was om afgode te aanbid en na God in nood uitgeroep het oor hulle naburige volke (soos die Filistyne) wat hulle onderdruk het (Rig. 10:14), het God vir hulle gesê: “Gaan roep tot die gode wat deur julle gekies is. Laat hulle julle red nou dat julle swaarkry.” ’n Mens kan ook baie leer oor die karakter van die Israeliete in die insident waar hulle Moses slegs sewe dae na hul triomfantlike uittog uit Egipte om hulp vra. Hulle het die leër van Farao gesien nader kom, en al wat voor hul was, was die see. Die Israeliete het Moses toe gevra: “Is daar nie begraafplek in Egipte nie dat jy ons saamsleep om in die woestyn te sterwe? Wat het jy ons aangedoen dat jy ons uit Egipte laat trek het?” (Eks. 14:11).

b) Ironie

Herion (1992:331) stel: “Irony underlies virtually all humor in the Bible.” In baie gevalle toon die ironie in die Ou Testament dat individue versigtig moet wees oor wat hulle sê of doen. Hul dade of woorde kan jare later terugkom en by hulle spook (Friedman 2000:262). Good (1965) toon in sy klassieke werk *Irony in the Old Testament*, hoe die Bybel verskillende soorte ironie gebruik. In besonder fokus Good op ses gevalle waarin ironie gebruik word: die boek Jona, die verhaal van Saul (in Sam.), Genesis, Jesaja, Prediker en Job.

’n Klassieke voorbeeld van ironie in die Ou Testament kom voor in die verhaal van Josef waar sy broers hom verkoop en jare later, wanneer hy baie mag in Egipte het, weer voor hom verskyn. Juda, in ’n poging om simpatie te kry, het aan Josef (sonder dat hy geweet het dit is Josef) gesê dat hulle pa oud is en dat Benjamin, die jongste kind, die enigste van sy moeder se kinders is wat steeds lewendig is, aangesien hul ’n broer gehad het wat dood is. Dit is komies en ironies wanneer ’n mens besef dat Juda eintlik met Josef praat wat ver van dood af is. Daar is selfs meer ironie in die woorde van Juda wie se pleidooi voor Josef was: “Hoe kan ek sonder die seun by my pa aankom? Ek sal dit nie kan verdra om te sien dat so ’n smart hom tref nie” (Gen.

44:34). Twee en twintig jaar tevore het Juda egter geen probleem gehad om saam met sy broers te werk om sy sewentienjarige broer te verkoop en verby sy pa se lyding te kyk nie.

Toe koning Dawid met Batseba geslaap het en haar swanger gemaak het, was sy nog steeds met Urija getroud. In 'n poging om sy sonde te verdoesel, het koning Dawid 'n brief aan sy generaal, Joab, gestuur om vir Urija aan die voorste punt van die geveg te plaas sodat hy doodgemaak sou word. Die ironie is dat Dawid hierdie brief gestuur het saam met Urija, wat onbewustelik sy eie doodsbefel aan Joab oorgedra het (Finestad 2010:23).

Debora se lied in Rigters 5 het Sisera se ma uitgebeeld wat by die venster uitkyk om te sien waarom haar seun se strydwa laat was. Haar slimste hofdame het haar tot rus gestel en gesê: "Hulle het 'n groot buit in die hande gekry, hulle verdeel dit: 'n meisie of twee vir elke soldaat ..."(Rig. 5:30). Die ironie is dat terwyl die ma van Sisera vertel is dat haar seun laat is omdat hy baljaar met die vroue van Israel, het 'n jong vrou, Jael, hom doodgemaak deur 'n tentpen deur sy kop te slaan terwyl hy aan die slaap was.

"Toe Ragel merk dat sy nie vir Jakob kinders in die wêreld bring nie, het sy jaloers geword op haar suster. Ragel het vir Jakob gesê: 'Gee vir my seuns, anders sterf ek.'" (Gen. 30:1) Die tragiese ironie van hierdie stelling is dat Ragel daarna gesterf het met die geboorte van Benjamin. Daar is ook ironie in die lied by die Rietsee wat deur Moses en die Israëliete gesing is, wat die wonderwerke wat God namens die Israëliete gedoen het, beskryf het. Een vers in die lied verklaar: "U het hulle ingebring, U het hulle geplant op die berg wat aan U behoort. Here, U het 'n plek vir u troon voorberei, u hande, Here, het 'n gewyde plek gereed gemaak" (Eks. 15:17). Die Midrash wys daarop dat Moses en die Israëliete per ongeluk geprofeteer het deur "hulle" eerder as "ons" te sê. Soos ons weet, het hierdie geslag, insluitend Moses, dit nie tot in die beloofde land gemaak nie.

c) Woordspeling ("puns")

Baie van die humor in die Ou Testament is in die vorm van woordspel wat slegs in die oorspronklike Hebreeus waardeur kan word. Hierdie woordspel sal nie noodwendig in vertalings voorkom nie (Friedman 2000:267). Stinespring (1980) beskou woordspeling as een van die belangrikste draers van humor in die Ou Testament. Baie van die

woordspel in die Ou Testament is moontlik omdat die Hebreeus geen vokale of leestekens bevat nie.

Friedman (2000:267) wys daarop dat die woord *arumim* (עֲרוּמִים) in Genesis (2:25) gebruik word as “naak”, dit wil sê Adam en Eva was naak in die Tuin van Eden. Die volgende vers (Gen. 3:1) gebruik die woord *arum* (עָרוֹם) wat slinks beteken, verwysend na die slang. Daar kan bes moontlik ’n verband wees tussen hierdie twee verse en die leser word uitgedaag om dit te vind. As die slang ’n metafoor vir versoeking is, dan kan die bedoeling van hierdie woordspel wees om te wys dat naaktheid versoeking veroorsaak, wat uiteindelik tot uitsetting uit die paradys kan lei.

Die profeet Samuel het koning Saul gevra waarom hy die skape van die Amalekiete gespaar het nadat hulle deur die Here gesê is om alles uit te roei. Samuel vra toe: “Wat vir ’n geblêr van kleinvee is daar dan in my ore?” (1 Sam. 15:14). Die woord vir “dan” is *meh* (וּמָה) wat onaangenaam klink soos die geblêr van skape. Dit is dus woordspeling en onomatopée.

Woordspeling is soms die subtiële manier waarmee die teks sy ontevredenheid met iemand se dae uitdruk. In Genesis 9:20 staan daar: “Noag was ’n boer, die eerste wat ’n wingerd geplant het.” Die woord vir *vayachel* (וַיַּחֵל) wat beteken “het begin word”, kan ook beteken om jouself te verneder of om onheilig op te tree. Met behulp van ’n woordspel, toon die Bybel sy ontevredenheid met Noag om eers druiwe te plant en dronk te raak ná die vloed eerder as om iets anders te plant (Friedman 2000:268).

d) Humoristiese gebruik van name

Name is baie belangrik in die Ou Testament. God het aan Abraham gesê om sy seun, *Yitzchak* (יִצְחָק) (Gen. 17:19) te noem, omdat Abraham en Sara gelag het toe hulle hoor dat sy ’n seun sou baar. Die Hebreeuse woord *Yitzchak* beteken “gelag” (Friedman 2000:273). ’n Engel het vir Hagar gesê om haar seun Ismael te noem (wat beteken “God sal hoor”), aangesien God haar gebed gehoor het (Gen. 16:11). Gegewe die belangrike plek van name in die Ou Testament, is dit nie verbasend dat daar talle woordspelings met name is nie. Net soos woordspeling ’n groot deel is van Bybelse humor, is woordspeling met name ’n groot deel van Ou-Testamentiese humor.

Toe Abigajil by koning Dawid gepleit het om haar man se lewe te spaar, het sy vir Dawid gesê: “Meneer moet hom tog nie steur aan daardie verkeerde mens, aan Nabal nie, want hy is net soos sy naam. Sy naam beteken dwaas, en dwaas is hy” (1 Sam. 25:25). Die Hebreeuse woord *nabal* (נָבָל) beteken “vuil”, “gemeen”, “skelm”, “skande”, “goddeloosheid”, “agteruitgang” en “dwaasheid”. Abigajil het aan David gesê dat haar man se naam hom perfek pas.

In die dae van Agas, die koning van Juda, het Aram en Efraim ’n alliansie aangegaan en beplan om Juda aan te val. Hulle het beplan om ’n nuwe koning aan te stel om Agas te vervang. Jesaja (7:6) beskryf wat hulle beplan het om te doen nadat hulle Jerusalem verower het: “Dan verdeel ons die land onder ons en ons maak die seun van Tabeal koning van Juda.” Kommentare verskil oor die betekenis van “Tabeal.” Sommige beweer dat dit nie ’n naam is nie, maar ’n kombinasie van twee Hebreeuse woorde: *tov* (goed) en *el* (tot), dit wil sê goed vir ons. Dus impliseer die betekenis van die vers dat hulle ’n koning wat hul kan beheer wil kroon wat in hulle guns sal optree. Aan die ander kant is baie skrywers van kommentare oortuig dat Tabeal die werklike naam van ’n persoon uit Efraim of Aram is. Indien dit waar is, is die betekenis van hierdie naam *tov* (goed) *al* (nie), dit wil sê, goed vir niks. Die voorstel van Good (1965:158) is dat hierdie woordspeling is en dat die persoon se regte naam ’n samestelling is van *tov* (goed) en *el* (God), maar die vokale is deur die Masorete verander om hierdie persoon te spot.

3.4.2.4 Spesifieke boeke en genres se humor

’n Vierde invalshoek van humor in die Ou Testament kom uit studies waar verskeie Ou-Testamentici spesifiek humor gesoek het in sekere genres in die Ou Testament sowel as humor wat betrekking het op ’n spesifieke boek. Volgens Freedman (1992: 325-333) beweer kundiges dat humor in verskillende literêre vorms of style verskyn in die Ou Testament en daarom is hierdie benadering deur sommige navorsers gekies. Ou-Testamentiese boeke wat grootliks aandag getrek het uit hierdie invalshoek is onder andere Jona, Job en Ester.

a) Jona

Verskeie kundiges het komiese elemente in die boek Jona geïdentifiseer, William Whedbee, Yvonne Sherwood, en onlangs Mark Biddle het sommige van die baie snaakse beelde in Jona uitgelig (Claassens 2015a:655). Die boek Jona is humoristies

op verskeie maniere. In hierdie verhandeling word slegs 'n paar uittreksels uitgelig³⁵. Sherwood (1998:50) vind humor in die idee van 'n skip wat 'n senuwee-ineenstorting kry. Sy stel: "The ship, fearing her wrecking, becomes literally a nervous wreck." Whedbee (1998:201) vind weer humor in die idee dat Jona deur 'n vis ingesluk en weer uitgespoeg word. Hy skryf: "What a way to deal with a rebel prophet: to give him a lengthy ride in a sea monster that finally vomits him up on dry ground."

Biddle (2013:66) vestig ons aandag op die skreeusnaakse beeld van bekeerde koeie wat in 'n sak toegedraai is en 'n klaaglied "moo". "The image of cows fasting, clad in sackcloth, sitting on the ash heap, repenting, and praying to God is the very best definition of absurd comic incongruity." Marcus (1995) wys weer dat Jona nie snaaks is omdat hy iemand probeer vermaak nie, maar eerder omdat hy heeltemal onbewus is van die belaglikheid van sy eie gedrag. In die begin probeer Jona weghardloop van die Here af deur na Tarsus te vlug, terwyl hy self erken dat God regeer oor die hele skepping: "... Ek is 'n Hebreër. Ek dien die Here die God van die hemel wat die see en die vasteland gemaak het" (Jona 1:9).

Claassens (2015a) wys weer op die tragiese gelag in die boek Jona. Sy voer aan "... the book of Jonah is no laughing matter, and there is a lot that is humorous in this short book that is included among the minor prophets, is the notion of 'tragic laughter'". Die boek Jona is tot 'n mate 'n reaksie op die trauma van die ballingskap. Ehud Ben Zvi (2003:36-37) beweer dat Jona se beoogde gehoor die geletterde leiers van naballingskap Juda is, wat dié insluit wat weggevoer is in die ballingskap, sowel as dié wat nie daar was nie. Ben Zvi voer aan dat die lede van die gemeenskap wat in die tyd van die ballingskap geleef het, se lewens grootliks beïnvloed is deur die ervaring van die feit dat hulle gesien het hoe hulle stad en tempel vernietig word. Claassens (2015a:662) kom tot die gevolgtrekking en sê: "Thus, within a context in which memories of exile loom large, laughter in the book of Jonah may serve as a means of coming to terms with the terrifying effects of trauma on the human psyche."

³⁵ Vir in diepte besprekings oor die humor in die boek Jona, sien Claassens (2015a) 'Rethinking Humour in the Book of Jonah: Tragic Laughter as Resistance in the Context of Trauma'; van Heerden (1992) 'Humour and the interpretation of the book of Jonah' en Whedbee (1998) *The Bible and the Comic Vision*.

b) Job

Oor die algemeen word die boek Job nie gesien as 'n boek met 'n humoristiese inslag nie. Kynes (2011:303) stel: "The book of Job is certainly not humorous, as even Whedbee, who argues that the book is a comedy in the generic sense, must agree." Daar is in die verlede al verskeie pogings aangewend om te bewys dat daar humor in die boek Job voorkom. Whedbee (1977) het tot op datum die volledigste ondersoek gedoen na die boek Job as komedie. Sedertdien Whedbee argumenteer het dat Job moontlik gesien kan word as 'n komedie, het 'n groot aantal ander navorsers onder andere Hoffman (1983), Geeraert (2003), Kynes (2011) en Claassens (2015b) die uitdaging opgeneem om te wys dat daar wel aspekte van humor in Job voorkom.

Uit hierdie verskillende kundiges se navorsing het dit na vore gekom dat daar wel moontlike aspekte van humor en komedie in Job kan voorkom. Claassens (2015b:152) voer aan dat die idee van "tragiese lag" voorkom in Job, veral die idee van tragiese lag as 'n wyse van weerstand. Claassen (2015b:150) bou voort op die werk van Whedbee (1998:224) wat stel:

How can a book so filled with agony and despair, so dominated with the images of suffering and death, be considered a comedy? This type of reaction is rooted in the identification of comedy with laughter and light humor ... Comedy can be profoundly serious; in fact, it has often served as one of the most compelling strategies for dealing with chaos and suffering, the most obvious example being so-called 'dark comedy.'

Bussie (2007) en Claassen (2015b:150) voer aan dat Job se gesprek met sy vriende gesien kan word as "tragiese lag" omdat Job se vriende hom erger laat ly deur voor te gee dat Job verborge sonde het wat vergewe moet word. Claassen (2015b:150) sê:

By portraying the friends (Elihu, too) in such ridiculous terms, the narrator makes use of humor to challenge the ideological framework of Job's friends, which represents the traditional understanding regarding sin and suffering that dominates much of the Hebrew Bible, including most of the Prophets and the Deuteronomistic History. With this expression of tragic laughter, the dignity of the battered and bruised Job who dares to

challenge the status quo is upheld, and in the process an alternative theological understanding can emerge.

Naas die idee van “tragiese lag” is daar verskeie voorstanders vir die idee dat die boek Job ’n parodie is (Kynes 2011:303). Dell (2017:109) beweer dat die boek se genre die beste as parodie beskou kan word. Greenstein (2004:98) argumenteer verder dat parodie ’n belangrike sleutel tot die verstaan van Job is. Ander kenners sien die boek Job ook as parodie. Claire Egan (2002) in Dell (2017:39) argumenteer dat hoofstuk 28 ’n parodie van ’n wysheidsuitspraak soos dié in Spreuke 8 is en as ’n reaksie dien op gedeeltes van die vriende se toesprake wat owerste toegang tot wysheid toe-eien. Die gebruik van retoriese vrae in vers 12 en 20 dui aan dat dit nie ’n eenvoudige lofpsalm is nie en wys op die vriende se bevraagtekenende houding, net soos die talle ontkenninge in die gedig wat die vrae van die proloog eggo. Sy merk ook op dat Job 28:28 ’n ironiese herhaling van Job 1:1 is dat Job opreg was en God gevrees het. Die ironie is dat Job oor al daardie eienskappe beskik het en tog het dit hom nie in staat gestel om sy situasie deur wysheid te verstaan nie.

Daar is ook vele ander eienskappe van humor in die boek Job soos sarkasme en ironie. Friedman (2000:261) wys dat Job nogal sarkasties word nadat allerhande ellendes hom tref en die boek Job is vol sarkastiese opmerkings. Job se verduideliking rakende die regverdige persoon wat ly het daartoe gelei dat Job geëis het om God te konfronteer en die rede vir alle lyding uit te vind. Job se wens is toegestaan, en God het aan hom gesê: “Waar was jy toe Ek die aarde se fundamente gelê het? Praat as jy die antwoord het” (Job 38:4). Friedman (2000:261) wys daarop dat dit ’n goeie voorbeeld van sarkasme in Job is.

c) Ester

Die boek Ester is oorlaai met humor wat redelik naby die oppervlak lê. Berlyn (2001:XVI-XXII) stel dat Ester ’n komedie is wat ’n karnavalatmosfeer weerspieël, waar die bedreiging van uitwissing afgewissel word met tonele van absurde humor en ywerige ironie. Die karnavalatmosfeer is duidelik in die voortdurende kontraste tussen uitwissing bedreigings en die tien feeste in Ester.

Alhoewel Mordegai en Ester voorbeelde is van Diaspora-Jode wat tot groot hoogtes gestyg het, was dit vir die meeste Jode deur die geskiedenis moeilik om sulke hoogtes in ’n vreemde land te bereik (Green 2011:71). Daarom is die krag van die verhaal van

Mordegai en Ester motivering vir Jode deur die eeue heen. Terselfdertyd is die skep van komiese verhale 'n manier om 'n soort vryheid te bewerkstellig vir die meerderheid van die mense wat nie so 'n posisie kan bereik nie, wat hulle toelaat om beter te voel as hul heersers en vyande deur hul swakhede te bespot. Hierdie tipe humor is een van die tipes humor wat in die Esterboek gevind word.

Die eerste karakter wat bespot is, is koning Ahasveros, wie se naam in Hebreeus "Koning kopseer" simboliseer (Radday 1990:296). Hy is die model van 'n onnosele heerser, wat nie 'n enkele besluit self kan neem nie en word geregeer deur sy liefde vir eer en sy onbeheerde passies. In sy koninkryk is die norm dat, in plaas daarvan om wette voor te skryf wat moderering en omsigtigheid in sake soos drank vereis, in werklikheid die gebruik van alkohol vereis, soveel so dat daar by drinkpartytjies 'n minimum hoeveelheid alkohol is wat 'n mens moet verbruik (Green 2011:72). Daarbenewens bedink die koning se raadgewers belaglike wette in reaksie op ernstige probleme. Dit kan gesien word in die reaksie op Vasti se weiering om na die feesmaal te kom, wat deur sy adviseurs as vroulike opstand geïnterpreteer word. Dit word deur 'n komiese besluit gevolg om alle mans in die koninkryk te beveel om huis toe te gaan en hulle vroue te dissiplineer (Radday 1990:298).

Haman beweer dat 'n sekere volk binne die koninkryk nie gevestigde wette en gebruike volg nie. Die koning gee Haman die mag om hulle te vernietig – sonder om eers te vra wie hulle is.

Haman word ook 'n nar-figuur vir komedie oor die vreemde dinge wat hy aanvang. Halfpad deur die storie (Est. 6:1-11), ly die koning aan slapeloosheid en beveel sy amptenare om 'n paar koninklike annale aan hom te lees. Die gedeelte wat hulle lees, vertel hoe Mordegai die koning gered het van 'n sluipmoord. Op daardie oomblik loop Haman verby en die koning vra hom: "Wat moet gedoen word met iemand aan wie die koning baie graag eer wil bewys?" (Est. 6:6). Met die veronderstelling dat dit hy is wat die koning in gedagte het, antwoord Haman: "Daar moet 'n koninklike kleed gebring word wat die koning self aangehad het en 'n perd waarop die koning self gery het, 'n perd met die koninklike embleem op sy kop. Die kleed en die perd moet oorhandig word aan een van die hoogste amptenare van die koning, en dié moet die kleed aantrek vir die man aan wie die koning graag eer wil bewys. Die amptenare moet die man dan op die perd oor die stadsplein laat ry en voor hom uitroep: So word gemaak

met iemand aan wie die koning graag eer wil bewys!" (Est. 6:8-9). Skerpsinnige lesers lag wanneer Haman so in helder detail ingaan om te beskryf wat hy sekerlik gedink het vir hom bedoel is. Die koning se bevel aan Haman om Mordegai te gaan haal en te vereer bevestig die humor van die situasie (Green 2011:72).

Friedman (2000:266) voer aan dat die fondasie en struktuur van die boek Ester deurdrenk is met ironie. Teen die einde van die verhaal is Haman en sy seuns opgehang aan die galg wat Haman vroeër vir Mordegai voorberei het. Ahasveros het 'n koningin vir ongehoorsaamheid gedepoteer en haar vervang met 'n koningin wat die reëls oortree het en in die binneste hof ingekom het sonder om ontbied te word. Ester het ook aan die einde van die verhaal gevra dat die koning addisionele tyd vir die Jode moes gee om hul vyande dood te maak. Mordegai was dalk belangrik in die redding van die Jode, maar hy was ook die oorsaak van die probleem. Sy weiering om voor Haman te buig, het Haman se woede veroorsaak. Teen die einde van die verhaal, buig Haman voor Ester om te smek vir sy lewe en val neer op haar rusbank. Die koning het dit verkeerd geïnterpreteer en sê: "Wil jy nou ook nog die koningin hier by my in die paleis aanrand?" (Est. 7:8). Haman wat tweede in bevel was, voor wie almal gebuig het, die argitek van die plot om die Jode uit te roei, het skielik 'n dwaas geword.

3.4.3 Gevolgtrekking

Vanuit 'n oorsig van humor in die Ou Testament, is dit duidelik dat daar verskeie voorbeelde van humor voorkom. Dit is nie moontlik om die diepte van die Ou Testament te begryp sonder om die sin vir humor op die prys te stel nie. Humor in die Ou Testament is so uiteenlopend dat een persoon onmoontlik alle vorme van humor kan raaksien en waardeer. Hoewel baie van die humor ingebed lê in die oorspronklike Hebreeus, is daar steeds humor op die oppervlak wat hooggeag kan word deur diegene wat nie Hebreeus magtig is nie. Daar moet ook opgelet word dat die meeste humor in die Ou Testament ingebed is in 'n spesifieke konteks en die konteks grotendeels bydra tot die humor. 'n Groot deel van humor in die Ou Testament speel in 'n verhalende wyse af. Die humor reflekteer die gebeure en aksies van gewone mense wat eienaardige dinge aanvang waarmee ons as lesers onself dikwels mee kan vereenselwig.

'n Vinnige breë oorsig is gegee van humor in die Ou Testament. Nou word daar oorgegaan na die Nuwe Testament met die doel om te ondersoek of daar ook humor teenwoordig is.

3.5 HUMOR IN DIE NUWE TESTAMENT

3.5.1 Jesus se humor

Die uitdagings van die kulturele en taalkundige probleme of begrip en waardering van humor in die Ou Testament bestaan ook in die Nuwe Testament, veral in die ondersoek na die humor van Jesus. Die humor van Jesus geniet bo alle ander figure en boeke buite die evangelies die meeste aandag in die Nuwe Testament. Daar word dus meestal gefokus op die humor van Jesus in die oorsig van humor in die Nuwe Testament. 'n Algemene bewering, iets wat groot teologiese gewig dra, is die effek wat 'n sin vir humor op die begrip van Jesus as volkome mens sal hê (Martin 2011:57). Conrad Hyers (1987:16) vra: "What does the full humanity of Jesus mean if it does not include the freedom of laughter and humour?"

Drie hindernisse belemmer die soeke na humor tydens Jesus se aardse lewe. Eerstens is die leerstellings van Jesus heilig en ernstig. Weens die feit dat humor dikwels nie verband hou met erns nie, kan humor maklik misgekyk word in die lewe en die leer van Jesus (Drakeford 1986:27). Tweedens beklemtoon die Evangelies die tragedie van die kruisiging (Al-Ameedi en Abdulmajeed 2016:72; Trueblood 1964:19). Daar bestaan geen humor in die kruisiging nie, 'n belangrike tema van die Evangelies. Buttrick (1978:95) stel: "While there may be passages from scripture that are hilarious, the gospel is ultimately serious, for it speaks of a crucified Christ to the deepest levels of human self-understanding." Omdat humor in so 'n belangrike gebeurtenis afwesig is, kan 'n mens aflei dat die afwesigheid van humor ook met die res van die evangelie verband hou. Die derde struikelblok wanneer daar gesoek word na humor in die lewe van Jesus, is die veronderstelling by sommige dat omdat Jesus gehuil en verdriet getoon het, dit dui op verwerping van humor (Finestad 2010:25).

Finestad (2010:25) beklemtoon egter dat Jesus nie net gehuil het nie: "Christ's weeping does not mean that he did not also laugh. Differing personality qualities often complement each other and are not necessarily mutually exclusive." Jesus se uitdrukking van vreugde en gebruik van humor word dikwels te ligtelik opgeneem en selfs verwerp. Baie nie-Christene het 'n vreeslike somber siening van Jesus.

Nietzsche skryf: "Would that he had remained in the wilderness and far from the good and just! Perhaps he would have learned to live and to love the earth—and laughter too" (Nietzsche 1956:109). Sommige in die Kerk deel ook die siening dat Jesus altyd ernstig was.

Elton Trueblood (1964) was een van die eerste teoloë wat die idee van 'n somber en ernstige Christus teengestaan het in sy 1964-publikasie *The Humor of Christ*. Hy verduidelik waarom die humor van Jesus dikwels deur baie individue oor die hoof gesien word (1964:15):

The widespread failure to recognize and to appreciate the humor of Christ is one of the most amazing aspects of the era named for Him. Anyone who reads the Synoptic Gospels with a relative freedom from presuppositions might be expected to see that Christ laughed, and that He expected others to laugh, but our capacity to miss this aspect of His life is phenomenal. We are so sure that He was always deadly serious that we often twist His words in order to try to make them conform to our preconceived mold. A misguided piety has made us fear that acceptance of His obvious wit and humor would somehow be mildly blasphemous or sacrilegious.

Die Evangelies is ernstig, maar die erns sluit nie die uitdrukking van vreugde of die gebruik van humor uit nie. Al-Ameedi en Abdulmajeed (2016:72) stel: "Readers of Gospels do not know how much humour there is in Jesus Christ's teaching, but they can be sure that there is far more than is normally recognized as soon as they are liberated from the assumption that Jesus Christ never joked." Finestad (2010:26) wys daarop dat 'n beter begrip van die lewe, die self en God bereik kan word wanneer 'n mens die humor in die Bybel kan herken. Trueblood (1964:96) noem dat nuwe moontlikhede om die leerstellings van Jesus te verstaan en toe te pas, bestaan wanneer die leser kan verstaan dat Jesus nie altyd ernstig was nie. Hy voer aan dat Christus gereeld humor, ironie en humor in sy preke, leringe en gelykenisse insluit. Hy (1964:10) stel trouens voor dat wanneer die woorde van Christus nie net as droë lesings aan groot skares of 'n handjievol onkundige dissipels beskou word nie, hulle 'n lewenskragtigheid en lewe aanneem wat hulle meer verhelderend maak.

Jesus het na sy dissipels en die menigtes gekyk, 'n groep mense wat genade nodig gehad het en gesê: "Geseënd is julle wat nou huil, want julle sal lag" (Lukas 6:21). Jesus het geweet dat die uiteinde nie 'n gehuil sal wees nie, maar 'n gelag. Buechner in Finestad (2010:26) skryf oor die humor van Jesus "Nobody claims there's a chuckle on every page, but laughter's what the whole Bible is really about." Die geskiedenis se groot komedie is die opstanding van Jesus Christus. In die vroeë Grieks-Ortodokse Kerk, het die mense die dag na Paasfees vergader om grappe en snaakse stories te vertel. Die grappies en stories is vertel om die grap van God ten koste van Satan te vier. Satan het gedink dat hy die wêreld oorwin het, maar op die derde dag was die graf leeg en Christus het opgestaan! (Demaray 1986:35). Die komedie van die Bybel, spesifiek die verhaal van Jesus Christus, word gevind in die feit dat bevryding en lag deur God se oorwinning in Jesus Christus kom.

Die eerste hoofstuk van die boek van Johannes vertel 'n verhaal wat dien as 'n bewys dat Jesus die vermoë gehad het om die humor van ander te herken en te waardeer. Soos Jesus en sy dissipels bymekaargekom het, het Hy vir Filippus van Betsaida geroep om Hom te volg. Filippus het Natanael gevind en vir hom gesê: "Ons het Hom gekry van wie Moses in die wet geskrywe het en van wie die profete ook geskrywe het. Dit is Jesus van Nasaret, die seun van Josef." Maar Natanael het vir hom gesê: "Kan daar uit Nasaret iets goeds kom?" Toe Jesus sien dat Natanael na hom kom, het hy hom op hierdie manier uitgeken: "Hier is 'n ware Israeliet, 'n man in wie daar geen bedrog is nie." In plaas daarvan om Natanael te verwerp vir sy afkeurende aanmerkings oor Nasaret, bevestig Jesus hom as "'n ware Israeliet", 'n man wat geglo en vertrou kan word. Daarmee het Jesus ook bevestig dat hy die humor in Natanael se aanmerkings verstaan het en dat Nathanael, met sy sin vir humor, welkom was in Jesus se binnekring (Greenspoon 2007:ad loc).

Vervolgens word daar verwys na die verskeie eienskappe van Jesus se humor.

3.5.1.1 Ironie

Ironie is 'n algemene vorm van humor wat Jesus gebruik het. Ironie hang af van 'n kontras tussen voorkoms en werklikheid (Palmer 2001:71). Ironie kan baie insiggewend en konstruktief wees. Jesus het byvoorbeeld ironie gebruik toe hy Johannes die Doper verdedig het (Luk. 7:24-25): "Waarna het julle in die woestyn gaan kyk? Na 'n riet wat deur die wind heen en weer gewaai word? Nee? Maar wat het julle

dan uitgegaan om te sien? 'n Man met deftige klere aan? Nee, kyk, dié wat swierige klere dra en in weelde lewe, kry 'n mens in koninklike paleise.” Die tergende en ironiese wyse waarop Jesus dikwels oorgekom het was dikwels meer effektief as wat 'n ernstige benadering sou wees.

3.5.1.2 Jesus as hofnar

Campbell en Cilliers (2012:109) wys daarop dat Jesus dikwels in sy kontak met die owerhede die retoriese idees van 'n nar gebruik het. Jesus het raaisels en doelbewuste dubbelsinnige retoriese vorme gebruik wat verskeie moontlike antwoorde voorstel het, verwarring veroorsaak het en onderskeiding en reaksie opgeroep het met diegene waarmee Hy in kontak gekom het (Darmon 2003:58). Op die wyse waarmee Jesus hierdie tegnieke gebruik het, byvoorbeeld in Matteus 22, was Jesus nie op sigself baie humoristies nie maar in die woorde van Campbell en Cilliers (2012:109): “Jesus plays the fool; he enacts a complex mixture of both the trickster and the jester.” Jesus het in essensie gek geskeer met die owerhede wat Hom wou vasvra.

Jesus het ook van dwaasheid gebruik gemaak in sy eie prediking. 'n Goeie voorbeeld hiervan is die manier waarop hy sy gelykenisse vertel het (Campbell en Cilliers 2012:113). Jesus se gelykenisse het dikwels die antieke wêreldbeeld op sy kop gekeer soos Campbell en Cilliers (2012:114) stel: “They unsettle and reframe the world”. 'n Goeie voorbeeld daarvan is die gelykenis van die barmhartige Samaritaan in Lukas 10. Die bergrede in Matteus 5 word dikwels gesien as een van die hoogtepunte van Jesus se heilige dwaasheid. Die bergrede is so skrikwekkend, dit lyk dwaas, omdat dit 'n visie van 'n alternatiewe wêreldbeskouing bied. Dit is 'n vreemde wêreld wat in stryd is met die konvensies, rasionaliteite en mites van Jesus se tyd en ons eie. Ons kan dink aan Jesus as 'n soort hofnar, of dwaas, in die bergrede en Campbell en Cilliers (2012:119) beweer dat “many of us read the sermon so seriously that we miss its startling craziness”. Jesus word gesien as 'n hofnar en Campbell en Cilliers (2012:119) se onderstaande aanhaling beklemtoon iets van Jesus as 'n hofnar wat hedendaagse predikers moet weergee.

The Jester is a figure who fundamentally sees the world differently; he or she has a different perspective on the world. And through often-comical antics, the jester seeks to startle and

dislocate people so that they too might be released from their commonsense presuppositions and see and live in the world in new and creative ways.

3.5.1.3 Hiperbool

Nog 'n vorm van humor wat Jesus gebruik het, was oordrywing of hiperbool. Oordrywing laat mense toe om hulself duideliker te sien en help mense om die omvang van probleme te verstaan (Palmer 2001:66). Terwyl hy die voordele van humor in preke beklemtoon, stel Bruce Mawhinney (1997:254) voor dat Jesus 'n sterk punt op 'n gemoedelike manier gemaak het toe hy hiperbool teen sy vyande gebruik het. Jesus het gereageer op die vraag oor hoe moeilik dit is vir 'n ryk man om die koninkryk van God binne te gaan, met 'n oordrewe antwoord in Matteus 19:24: "Dit is makliker vir 'n kameel om deur die oog van 'n naald te kom as vir 'n ryke om in die koninkryk van God te kom." Jesus het ook oordrywing gebruik om die Fariseërs in Matteus 23:24 oor hul wettiesheid te konfronteer met die woorde: "Blinde leiers! Julle skep die muggie uit julle beker uit, maar julle sluk die kameel in." Hierdie oordrywing het aan die Fariseërs krediet gegee vir hulle aandag aan die wet, maar het hulle ook uitgedaag dat hulle liefde vir God se wet groter is as hulle liefde vir God se mense.

Ook in die bergrede in Matteus 5 maak Jesus gebruik van hiperbool gebruik. Kyk na die manier waarop hy kritiek lewer op dié wat hulle geregtigheid voor ander vertoon in Matteus 6:2³⁶. Dit is 'n aanskoulike beeld, mense wat trompette blaas voor hulle hulle aalmoese gee. Hierdie beeld is egter nie 'n letterlike beskrywing van die manier waarop mense opgetree het nie en dit is 'n duidelike voorbeeld van hiperbool (Campbell en Cilliers 2012:120). Nog 'n voorbeeld uit die bergrede vind ons in Matteus 7:3-5³⁷. Stel jou voor jy sien hoe een persoon 'n ander probeer help om te kyk of daar 'n splinter in sy oog is, maar terselfdertyd steek daar 'n balk uit die oog van die een wat probeer help³⁸.

³⁶ "As jy byvoorbeeld armes help, moet dit nie uitbasuin nie. Dit doen die skynheiliges in die sinagoges en op straat, sodat mense met lof van hulle kan praat. Dit verseker Ek julle: Hulle het hulle beloning klaar weg."

³⁷ "Waarom sien jy die splinter raak wat in jou broer se oog is, maar die balk in jou eie oog merk jy nie op nie? Of hoe kan jy vir jou broer sê: 'Wag, laat ek die splinter uit jou oog uithaal,' en intussen is daar 'n balk in jou eie oog? Huigelaar! Haal eers die balk uit jou eie oog uit, dan sal jy goed kan sien om die splinter uit jou broer se oog uit te haal."

³⁸ Die hiperbool van Matteus 7:3-5 kan ook gesien word as 'n vorm van teenstrydigheid (Culpepper 1992:333).

3.5.1.4 Teenstrydigheid

Die gelykenis van die arbeiders in die wingerd is 'n uitstekende voorbeeld van teenstrydigheid. Hierdie humor wat deur Jesus gebruik word, help mense om hulself en die lewe duideliker te sien en verras mense met genade. Die uiteinde van die gelykenis lyk met die eerste blik onregverdig. Die werkers wat die hele dag onder die warm son gewerk het, kry dieselfde hoeveelheid geld as dié wat net een uur gewerk het. Hierdie gelykenis lyk meer tragies as snaaks, maar die sogenaamde onregverdigheid van die grondeienaar word oortref deur die vrygewigheid van God. Wanneer die leser God se vrygewigheid in die storie besef, word die leser verras deur genade, onverdiende guns om 'n billike dag se loon te kry vir minder as 'n billike dag se werk (Palmer 2001:42).

3.6 MENSLIKHEID VAN DIE BYBEL

Selfs as 'n mens argumenteer dat die Skrif se gebruik van humor nie beslissend of oortuigend gedemonstreer kan word nie, is daar sonder twyfel geen verbod in die Skrif teen die gebruik van humor nie. Om dit anders te stel, skryf die Bybel nie die gebruik van humor voor nie, maar verbied dit ook nie. Troup (2009:18) argumenteer dat die humoristiese elemente wat ons in die Bybel sien, meestal beskrywend van aard is. Die Bybel bied en beskryf God wat ingryp in normale menslike sake – sake wat met hartseer, mislukkings, suksesse, blydschap en ook humor en die komiese verband hou. Troup (2009:18) se argument kan in verband gebring word met humoristiese prediking. Deur daarop te let dat predikers die algemene ervarings van die lewe in hul preke behoort op te neem, skryf Thomas Long (2016:156):

Christian witness naturally gathers in experiences and examples from the common round of human existence. Indeed, any sermon that remained entirely in the realm of abstract thought, never touching the real world of fields and crops, parents and children, employers and workers, feasts and banquets, toil and play, would hardly qualify as Christian preaching at all.

Darmon (2003:34) beklemtoon Long se stelling verder deur aan te voer “Comic preaching does not cling to abstract theological notions, ideas, or dogma for the content of sermons. Instead, everyday-shared experiences become the raw materials for humorous preaching.” Ten spyte van die feit dat komiese prediking nie slegs op

abstrakte teologiese begrippe staatmaak vir inhoud nie, moet nie afgelei word dat 'n boodskap wat op 'n komiese wyse oorgedra word nie teologies of Bybels is nie. Webb (1994:40-41) wys daarop dat 'n preek wat 'n humoristiese aanslag het, 'n nuuskierige preek is, en steun op die alledaagse ervarings, gevoelens, frustrasies, en vieringe van hoorders. Webb (1994:40) voer laastens aan "Comic preaching clings to life experiences as the content of preaching, for the incongruities of our experience is the first cause of laughter for people." Die meeste Bybelse humor val dus onder die indeling van spontane of toevallige of onbedoelde humor wat uiteengesit is in hoofstuk 2 (Martin 2007).

Humor is 'n onmiskenbare deel van ons menslike bestaan. Dit volg dan dat humor moontlik wel in preke sal verskyn, aangesien dit werklike lewenservarings en emosies reflekteer, net soos humor ook voorkom in werklike lewenservarings en realistiese kontekste, beide in Bybelse situasies asook alledaagse gebeure (Troup 2009:18). Wyer en Collins (1992:686) wys juis daarop dat die meeste humor in informele sosiale interaksie ontstaan, dikwels die gevolg van gebeure wat nie opsetlik bedoel is om snaaks te wees nie. Darmon (2003:35) skryf oor humoristiese prediking en die Bybel:

The humorous sermon is biblical in the sense that it takes the Bible as an authentically human book, that is, a collection of materials that profoundly reflect the human-divine, divine-human comedy that was played out in the ancient world, and continues to be played today. Since the Bible contains so many human stories, the comic element of Holy Scriptures is clear once we confess the human nature of the Bible.

Die Ou Testament bevat byvoorbeeld 'n vlaag stories oor moord, mag, gierigheid, begeerte, korrupte konings en nederige skaapwagters. In die Nuwe Testament aan die ander kant kan die hele Christusverhaal as ironies gesien word as 'n mens rekening hou met die teenstrydigheid van God se beweging na die mensdom. Die Koning dra 'n doringkroon en onkundige vissermanne word meester segspersone. Darmon (2003:35) sluit af deur om te sê: "To preach in a comic manner, the proclaimer draws upon these stories of the humble being elevated, the proud being brought low, the dead being resurrected to life, and those who claim life as their own possession, losing true life."

Die bostaande is uiters belangrik in die belang van die gebruik van die Bybel in prediking met 'n humoristiese inslag. Immink (2014:177) sowel as Verweij (2014:225) benadruk die feit dat prediking binne 'n omvattende raamwerk van 'n konteks waarbinne dit geskied, beskou moet word. Prediking moet in die lig van God se Woord 'n beroep op die gemeenskap doen wat meebring dat die voorbeelde en toepassing in preke relevant vir die konteks van hoorders moet wees (Immink 2014:176; Verweij 2014:226). Long (2016:63) stel duidelik dat die konteks van die prediker van uiterse belang is in die voorbereiding van 'n preek. Long (2016:63) skryf:

The preacher goes on behalf of the church to the Bible, but the preacher does not go with a blank tablet. The preacher comes from the community of faith, a community with its own theological traditions, social location, and prior understandings of the nature of both the Bible and the Christian Gospel.

Dit is duidelik dat die meeste humor in die Bybel voorkom in 'n spesifieke konteks en nie sonder konteks verstaan kan word nie. Die meerderheid van gevalle van humor in die Bybel speel ook af in werklike omstandighede in spesifieke kontekste en is nie fiktief nie. Dit is hierdie idee wat van belang is vir prediking. Effektiewe gebruik van humor in prediking berus op meer as op die idee om 'n grappie tydens die erediens te vertel. Die Bybel maak dit duidelik dat ware humor weerspieël word in werklike omstandighede deur die aksies van gewone mense. Daar is selde situasies in die Bybel waar 'n eksplisiete grap vertel word. Paulus, Jesus of Moses sê byvoorbeeld nooit vir die volk of vir diegene wat hul geleer het: "Laat ek gou vir julle 'n grappie vertel nie." Humor word slegs gevind in ware lewenservarings wat Bybelse humor in 'n mate meer natuurlik as geforseerd laat voorkom en dien dus as 'n riglyn vir Christelike prediking.

Hierdie humor in werklike lewenservarings is duidelik, byvoorbeeld in die Nuwe Testament in Handeling 12 waar Lukas Petrus se ontsnapping uit Herodes se gevangenis weergee (Patella 2015:160). Nadat hy van sy kettings en sel deur 'n engel bevry is, het Petrus na die huis van Markus se ma gegaan om sy medegelowiges die goeie nuus van sy ontsnapping te gaan vertel. Toe Petrus aan die voordeur klop, kom 'n diensmeisie met die naam Rode om die deur oop te maak. Toe sy Petrus se stem hoor, was sy verheug en het hardloop om die ander te vertel dat Petrus vry was, maar

sy het vergeet om die deur oop te maak! Petrus moes aanhou klop totdat die ander gekom het en die deur vir hom oopgemaak het. Handeling 12 is komies omdat dit 'n humoristiese voorval weerspieël wat werklik gebeur het.

'n Tweede humoristiese ware verhaal is die verhaal van die jong Eutigus by Troas (Hand. 20:9-10), wat na Paulus se preek luister het terwyl hy op 'n vensterbank gesit het. Paulus se praatjies het hom baie vaak gemaak en hy het aan die slaap geraak en uit die venster drie verdiepings geval tot op die grond. Toe hulle hom optel, was hy dood, maar Paulus het self gaan kyk en die mense verseker dat hy nog lewe. Die feit dat Eutigus nie sterf nie, verander wat 'n wrede vorm van bespotting kan wees in komiese verligting (Patella 2015:160). Weereens reflekteer hierdie Bybelverhaal 'n gebeurtenis waaraan talle lidmate hulle al skuldig gemaak het, en dus goed daarmee kan assosieer.

'n Derde humoristiese verhaal word gevind in Lukas 11:5-7: "Sê nou een van julle het 'n vriend, en jy gaan in die middel van die nag na hom toe en jy vra: 'Vriend, leen my bietjie drie brode, want 'n vriend van my wat op reis is, het by my aangekom, en ek het niks om vir hom voor te sit nie.'" Die vriend antwoord: "Moet my nie lastig val nie! Die deur is al gesluit, en ek en my kinders is al in die bed. Ek kan nie opstaan om dit vir jou te gee nie ..." Hierdie verhaal is humoristies omdat die een uit die bed uit skree vir die een by die deur dat hy moet weggaan omdat hulle reeds slaap.

Saam met die talle ander voorbeelde van natuurlike ware gebeurtenisse van humor in die Ou en die Nuwe Testament, is dit duidelik dat humor die beste funksioneer wanneer dit nie geforseerd of fiktief is nie. Warren Wiersbe (1994:275) vra: "If the Holy Spirit saw fit to write humor in the Bible, does this give us the freedom to use it in our preaching?" Die Bybel gee menslike verhale deur, soortgelyke verhale word steeds vandag vertel. Sulke verhale gebeur egter binne 'n sekere konteks en moet as sodanig deur 'n prediker gebruik word en die Bybel kan dien as ondersteuning van hierdie verhale.

3.7 VREUGDE EN BLYDSKAP

Terwyl die Bybel stil is wanneer dit kom by die gebruik van humor in prediking, is die Skrif vol verwysings oor Christelike vreugde en blydschap. McClure (2007:52) wys daarop dat humor en vreugde verwant is in die sin dat hulle God verheerlik en gemeenskap bou. Palmer (2001:120) skryf in verband met McClure se stelling:

We owe humor to our children because, however serious and heavy life is and can become, the greatest truth of all is this, that Jesus Christ who gave his life for our salvation is alive and therefore the word that pleases us more than all the other words is joy.

Gegewe die bostaande kan gevra word: Sal 'n humoristiese prediker nie met meer sukses 'n gevoel van Christelike vreugde oordra as 'n somber prediker nie? Toegegee, vreugde bestaan dikwels sonder lag en soms sonder selfs 'n glimlag. Hierdie kwaliteit van vreugde in 'n humoristiese, lighartige prediker was ook duidelik te vinde by Martin Luther. Terwyl hy die taak van prediking bespreek het met sy studente wat dikwels by sy huis vergader het, het Luther die behoefte aan 'n goeie sin vir humor beklemtoon (Troup 2009:22). C.F.W. Walther het alreeds in 1897 die noodsaaklikheid beklemtoon om God se Woord met 'n vrolike gesindheid oor te dra. Walther (1897:5) verklaar: "I do not want you to stand in your pulpits like lifeless statues, but to speak with confidence and with cheerful courage offer help where help is needed." Long (2016:9) beklemtoon ook dat 'n prediker hom of haarself nie te ernstig moet opneem nie. Humor en vreugde het uiteindelik baie in gemeen. Hulle werk individueel en saam om die goeie nuus van Christus in die wêreld te bevorder. Op hul eie bemagtig vreugde en heilige humor Christene om 'n lig vir die wêreld te wees. Saam is hulle 'n kragtige instrument vir evangelisasie en dissipelskap (Finestad 2010:32).

3.8 GEVOLGTREKKING

Uit hierdie hoofstuk kan daar tot gevolgtrekking gekom word dat die onderwerp van humor in die Bybel kompleks is en nie voor die hand liggend nie. Daar kan verskeie gevolgtrekkings gemaak word aangaande humor in die Bybel:

- Die meeste moderne navorsers stem saam dat die Bybel humor bevat, alhoewel die humor in die Bybel, veral in die Ou Testament, skuil agter die Hebreeuse bronteks.
- Dit het duidelik geword dat daar geen woord vir "humor" in die Bybel voorkom nie.
- Humor in die Bybel is duidelik nie in alle gevalle baie voor die hand liggend nie en somtyds is dit ook nie noodwendig baie snaaks nie.

- Daar is verskeie redes waarom humor in die Bybel nie raakgesien word nie en hierdie redes moet in gedagte gehou word wanneer daar na humor in die Bybel gesoek word.
- 'n Groot aantal navorsers wat humor in verskeie dele van die Bybel ontdek het, waarsku teen die verkeerde aanname van humor in die Bybel. Baie navorsers het die neiging om na Bybelse tekste te kyk met “nar brille” op en lees humor in Bybelse tekste wat nie werklik daar is nie.
- Navorsers vermeld dat daar in sekere Ou-Testamentiese boeke meer humor voorkom as in ander.
- Verskillende navorsers het uiteenlopende maniere om humor in die Bybel te identifiseer uit hulle eie invalshoeke.
- Humor in die Bybel kom voor oor 'n wye spektrum genres en style soos ironie, sarkasme, woordspeling, tragiese lag, gelykenisse ensovoorts.
- Jesus self het humor gewys en ook diegene wat humoristies was nie afgewys nie.
- Humor in die Bybel funksioneer kontekstueel en in werklike lewensverhale wat van groot belang is vir prediking.
- Die Bybel oor die algemeen bevestig nie op sigself humor nie, maar wys dit ook nie af nie.
- Daar is 'n groot ooreenkoms tussen humor en die konsep van vreugde in die Bybel.

Met 'n oorsig van die fenomeen van humor en 'n oorsig van hoe humor in die Bybel voorkom en funksioneer word daar in die volgende hoofstuk oorgegaan na die uiteindelijke vraag of humor wel 'n plek het in prediking en of daar 'n korrekte manier is om humor in die erediens toe te pas.

HOOFSTUK 4: HUMOR IN PREDIKING

4.1 INLEIDING

Moet 'n preek snaaks wees? Behoort 'n preek lag aan te moedig? Is daar ruimte vir iets soos komiese prediking? 'n Studie van humor in prediking behoort sulke vrae te vra, aangesien hul antwoorde op geen manier vanselfsprekend is nie. Hierdie hoofstuk word aan die hand van verskeie vrae van Osmer (2008) aangepak. Waarom is dit aan die gang, wat behoort aan te gaan en hoe kan ons reageer, is uiteindelik die oorkoepelende vrae wat in hierdie hoofstuk gevra word. Osmer (2008) wys self daarop dat 'n interaktiewe beweging tussen verskillende take ter sprake is eerder as 'n lineêre beweging. In hierdie hoofstuk is die fokus op vyf hoofaspekte. Eerstens word daar gekyk na die besware teen humor in prediking. Tweedens kom goeie en slegte humorkeuses vir prediking aan die bod. Derdens word daar ondersoek ingestel oor die prediker self en laastens word kanselhumor vanuit die perspektief van die hoorders of gemeente onder die loep geneem.

4.2 DIE KONTROVERSIE OOR HUMOR IN PREDIKING

Vanuit die vorige hoofstukke is dit duidelik dat verskeie teoloë en kundiges teen die gebruik van humor is. Sommige is teen die gebruik van humor oor die algemeen, ander weer teen die idee dat humor voorkom en gebruik word in die Bybel. Dan is daar ook dié wat van mening is dat humor nie 'n plek in die erediens het nie. Webb (1998:3-17) wys op vier hoofvorme van kritiek teen humor in prediking. Hierdie besware, veral deur die loop van die twintigste eeu, het vier redelik goed gedefinieerde vorme aangeneem. Bybelse, teologiese, etiese en uiteindelik retories of Praktiese besware.

4.2.1 Bybelse besware

Bybelse besware is deeglik uiteengesit in hoofstuk 3. Hierdie besware spruit hoofsaaklik uit die beskouing wat lank gehuldig is oor die heiligheid van die Bybel, waar die Bybel gesien is as die heilige Woord van God en daarom kan niks oor die Bybel of die proklamasie daarvan snaaks wees nie (Finestad 2010:25). Daarmee saam, aangesien die Bybel al eeue lank die God-geïnspireerde rekord van ware, historiese gebeure is, gebeure van God wat na die aarde toe kom, saam met die mense leef, sterf en opstaan uit die dood, alles in die persoon van Christus – kan dit 'n hoopvolle verhaal wees, maar dit durf nie gesien word as 'n snaakse storie nie.

Toegegee, op 'n paar plekke in die Skrif, soos waargeneem is, wil dit voorkom of daar wel een of ander vorm van humor in die Bybel voorkom, maar lag is nie wat die boodskap van die Bybel self kenmerk nie (Webb 1998:4). Prediking, die unieke opsomming van die lewe, dood en opstanding van Christus, saam met die gebeure waaruit dit gevorm is, is ernstig; en die kansel moet dit so behandel, dit is die vertrekpunt waaruit sommige teoloë redeneer aangaande Bybelse besware teen humor. Sonde en vergifnis, lyding en opoffering, dood, verlossing en hoop (groot temas van die Bybel) val, sal baie selde as komiese temas beskryf word (Buttrick 1987:95). Hierdie siening is inderdaad volgehou tot die laaste jare van die negentiende eeu en het eers gedurende die middel van die twintigste eeu begin verander (Webb 1998:5).

Bybelse besware spuit duidelik uit ouer argumente oor humor se gebruik in prediking. Een rede waarom Bybelse besware dikwels ouer argumente is, het te doen met die spesifieke lees van die teks. Wat verander het, was die siening van die Bybel as 'n duidelike, historiese dokument, 'n venster op die wêreld agter die teks, oor historiese gebeure van Bybelse eras. Naas die "historiese" standpunt (historiese kritiek), het 'n nuwe vorm van Bybelse kritiek, wat 'n nuwe siening van die Bybel beklemtoon, ontstaan (Webb 1998:4). Die nuwe siening was 'n literêre lees van die Bybel. Hierdie standpunt het probeer om nie na 'n teks te kyk deur middel van die werklikheid van die verlede nie (die wêreld agter die teks), maar het probeer om na tekste te kyk as 'n literêre skepping.

Toe Bybelkundiges teen die middel van die twintigste eeu die Bybel op 'n literêr kritiese manier begin lees het, soos in die 1960's begin gebeur het, het hulle begin sien wat hul voorheen misgekyk het. Hulle het besef dat die Bybelse dokumente, as literêre dokumente, dikwels humoristies was (Webb 1998:4). Hierdie nuwe insigte het 'n oplewing veroorsaak en verskeie publikasies het kort daarna begin verskyn, onder andere Trueblood (1964) se boek *The humor of Christ*, Wilder (1964) se *Early Christian Rhetoric: The Language of the Gospel* en daarna Cox (1969) se boek *The feast of fools*. Die "ontdekking" van die literêre lees van Bybeltekste het die weg gebaan vir toekomstige studies oor humor in die Christendom en ook in prediking.

4.2.2 Teologiese besware

Die tweede stel besware teen humor in prediking is teologies van aard, afgesien van spesifiek Bybelse besware. Alhoewel baie teoloë bloot die hele onderwerp van humor vermy het as hul manier om beswaar te maak, het sommige 'n teologiese standpunt ingeneem teen die gebruik van humor in prediking en in geloof oor die algemeen. Oor die algemeen was dit neo-ortodokse teoloë wat 'n groot invloed in die twintigste eeu uitgeoefen het op die terrein van teologiese besware teen humor in prediking (Webb 1998:7).

Waarskynlik die mees belese en invloedrykste stelling oor humor uit die neo-ortodokse oogpunt was dié van Reinhold Niebuhr wat in 1946 sy boek *Discerning the Signs of the Times* die lig laat sien het. In dié boek het Niebuhr 'n duidelike verband tussen die Christelike geloof en humor beskryf: "Intimate relation between humor and faith is derived from the fact that both deal with the incongruities of our existence" (Capps 2016:ad loc). Hy tref 'n onderskeid tussen onmiddellike teenstrydighede waarby humor betrokke is en die uiteindelijke teenstrydighede waarby geloof betrokke is. Niebuhr (1946:111) stel: "Laughter is our reaction to the immediate incongruities and those which do not affect us essentially" en: "Faith is the only possible response to the ultimate incongruities of existence which threaten the very meaning of our life." Daaruit kom Niebuhr (1946:130) tot sy bekende gevolgtrekking:

Insofar as the sense of humor is a recognition of incongruity, it is more profound than any philosophy which seeks to devour incongruity in reason. But the sense of humor remains healthy only when it deals with immediate issues and faces the obvious and surface irrationalities. It must move toward faith or sink into despair when the ultimate issues are raised. That is why there is laughter in the vestibule of the temple, the echo of laughter in the temple itself, but only faith and prayer, and no laughter, in the holy of holies.

Die lyn wat daardie wêreld verdeel (onmiddellike en uiteindelijke teenstrydighede), sê Niebuhr, is die lyn wat rondom die kansel getrek kan word, die "heilige plek" waar die woord van God gepreek word (Webb 1998:7). Mense lag, en kan lag oor die algemene ongeregthede en teenstrydighede van die lewe, en dit is die lag wat "echo in the

temple,” maar ’n mens kan nie lag oor die uiteindelijke of fundamentele aspekte soos geloof en aanbidding, sonde en vergifnis nie, daardie sake word uiteindelik by die altaar van God opgeneem, by die kansel of die tafel in die “allerheiligste” (Niebuhr 1946:130). Talle predikers oor die afgelope vyftig jaar het Niebuhr se siening verstaan as ’n verbod op humor in prediking.

Die vraag wat egter spruit uit hierdie oproep, is: Is daar ander teologiese maniere om die aard van humor te assesser soos dit betrekking het op die heiligste ruimtes van die kerk? Verskeie teoloë het hierdie uitdaging aanvaar. Een teoloog wat moeite gedoen het met hierdie spesifieke onderwerp is Conrad Hyers, wat sy teologiese lewe gewy het aan die studie van die komiese in verskeie vorme. Hyers se werk *The Comic Vision and the Christian Faith: A Celebration of Life and Laughter* (1981) verwys veral na hierdie onderwerp. Hyers se perspektief is dat, of die mens nou praat oor liturgie, die aard van God, die menslike natuur of die Bybel, bestaan die verband tussen die heilige en die sekulêre nie meer nie, as dit ooit bestaan het. Daar is nie meer ’n “allerheiligste” nie; of as daar wel is, is dit nie daar waar ons dit veronderstel het nie. Die heilige en die sekulêre (of profane) is nie net ’n moeilike kombinasie nie; hulle ruil dikwels plekke (Webb 1998:8-9). Vir Hyers is humor van nature ontwrigtend en veral ten opsigte van die dinge waaraan uiteindelijke erns toegeken word. Wanneer die muur tussen die wêreld en die tempel, tussen die heilige en die profane, verwyder word, word ’n nuwe geloofsgrens eintlik geskep, die plek waar die lag regeer, maar die gelag wat gehoor word, is heilige lag. Trouens, humor lê presies op die heilige grens tussen die heilige en die profane.

’n Ander teologiese perspektief op humor wat ook baie invloedryk is; ook in ’n sekere mate teen die mandaat van Niebuhr, is die perspektief van Peter Berger, ’n teoloog en sosioloog. Vir Berger is humor die kern van die Christelike idee van transendensie (Berger 2014:90). Berger stel dat humor self nie transendent is nie, maar ’n sein is, ’n aanduiding van transendensie (Capps 2016: ad loc). Berger se taal van transendensie verwys nie na die posisie van God teenoor die mens nie, met ander woorde nie na ’n transendente God nie. Vir Berger verwys transendensie na ’n menslike hoedanigheid, ’n vermoë wat die mens in staat stel om bo die omstandighede van lewe en mensdom uit te styg of te transendeer en humor en lag word uiteindelik die middel waardeur hierdie transendensie bereik word (Cipriani 2000:197). As mens die menslike toestand beskou as ’n soort kosmiese gevangenis waarin ons ons almal bevind, dan is dit

tragedie, of wat Berger “tragiese katarsis” noem, wat ons laat kyk na die grootsheid waartoe die mens in staat is, selfs binne hierdie eindigheid en dit berei ons voor om ons menslike toestand te aanvaar (Berger 2014:75). Aan die ander kant, bied humor se rol, die “komiese katarsis,” ons ’n vlugtige beeld van die mens wat sy eindigheid transendeer en skep die gedagte dat dit die mens is wat as oorwinnaar gaan uittree uit die kosmos wat hom wil onderkry.

Berger verbind sy verstaan van transendensie direk met die Christelike geloof en sê dat op ’n vreemde parallel met die Christendom, humor die tragiese perspektief oorwin. Uit ’n Christelike oogpunt kan ’n mens sê dat humor, in teenstelling met tragedie, ’n groot geheim dra (Cipriani 2000:197). Hierdie geheim is die belofte van verlossing. Verlossing belooft in ewigheid wat humor ons in ’n paar oomblikke van bevryding gee.

Agter die teologiese besware teen humor se gebruik in prediking lê daar verskeie ander dieper teologiese vrae. Die navorser se gevoel is dat die vraag oor humor in prediking slegs die punt van die ysberg is aangaande die dieper fundamentele vraag oor humor en lag se rol in teologie as sodanig.

Hyers (1981) het onder andere met hierdie dieper vrae geworstel. Die hoofkwessie vir Hyers was nie of humor en gelag op die kansel hoort nie, maar eerder, wat lag heilig maak. Dit neem Hyers na die gelag in menslike lyding, en uiteindelik na die kruis waar die skare vir Jesus gelag het. Soortgelyk bemoei Cox (1969) hom ook met die dieper teologiese vrae. Cox plaas humor in ’n groter raamwerk van die postmoderne geloofsprobleem van die Christelike geloof self. Daar is niks meer om te glo nie. Ons is nie eers meer geïnteresseerd in twyfel nie. Alles is net irrelevant. Dit is op hierdie punt sê Cox waar ons die humoristiese Christus moet ontdek. Saam met Hyers en Cox se dieper teologiese vrae oor humor en teologie is daar ook verskeie ander. Saam vorm dit die diep teologiese basis waaruit humor op die kansel gebruik kan word.

4.2.3 Etiese besware

Die etiese besware teen humor is reeds aangeraak in hoofstuk 2 waar Morreall (2009) se uiteensetting deurgegee is oor sommige besware teenoor die gebruik van humor. Vroeë teoloë soos Chrysostomos was van die voorstanders van die negatiewe etiek van humor. Van nature het daar saam met sosiologiese en sielkundige besware teen

die etiek van humor ook besware teen die teologiese etiek van humor tot stand gekom, spesifiek teen die idee dat humor in prediking aanwesig moet wees.

Daarbenewens was dit weer Niebuhr wat uitspraak gelewer het teen die etiese gebruik van humor, spesifiek oor humor se onvermoë om die bose te hanteer. Niebuhr (1946:111) vermeld:

Laughter may turn to bitterness when it faces serious evil, partly because it senses its impotence. But, in any case, serious evil must be seriously dealt with. The bitterness of derision is serious enough; but where is the resource of forgiveness to come from? It was present in the original forbearance of laughter; but it can not be brought back into the bitterness of derision. The contradiction between judgment and mercy cannot be resolved by humour but only by vicarious pain.

Niebuhr voer aan dat humor nie 'n gepaste reaksie op menslike boosheid is nie, onder andere die boosheid van onderdrukking, oorlog en hongersnood. Daar is natuurlik die gelag van die onderdrukker. Daar is ook die ewe skrikwekkende lag van diegene wat lag om hul meerderwaardigheid oor die onderdrukte te toon. Maar daar is ook die lag van die onderdrukte en dié wat werk om hulle te bevry. Dit is die gelag wat in die mees onmenslike omstandighede, steeds menslikheid verseker (Campbell en Cilliers 2012:154-155). Hierdie gelag beliggaam die nar as die prediker se primêre identiteit. Die identiteit wat die magte ontwig en wat menslike swakheid beliggaam. Verder in hierdie hoofstuk word daar uitgebrei op die onderwerp van die prediker as nar.

4.2.4 Praktiese besware

Die vierde soort besware teen humor vanaf die kansel, kan as retories of prakties karakteriseer word. Hierdie besware neem ten minste drie verskillende vorme aan, hoewel ander ook sekerlik beskryf kan word. Die eerste is die beswaar teen die gebruik van grappe vanaf die kansel (Webb 1998:14). Die navorser is ook 'n voorstander van hierdie beswaar. Grappe wat vertel word tydens die prediking, word dikwels na verwys as "ingevoerde grappe" (cf. Wiersbe 1994:275) of "canned jokes" omdat hierdie soort grappe dikwels deur 'n prediker so snaaks gevind word dat hy of sy verplig voel om dit "in te voer" in 'n preek, alhoewel dit geen bydrae lewer tot die inhoud van die preek

nie. Later in hierdie hoofstuk word meer uitgebrei oor die gebruik van grappe in prediking.

'n Tweede praktiese of retoriese beswaar teen humor in prediking is gebaseer op die verhouding tussen humor en sarkasme. Soos David Buttrick (1987:146) in sy boek *Homiletic* aangedui het, terwyl sarkasme beslis humoristies is, is dit 'n vernietigende soort lag wat prediking kan verwoes. Later in hierdie hoofstuk word daar ook meer uitgebrei oor die negatiewe gebruik van sarkasme.

'n Derde praktiese of retoriese beswaar teen humor in prediking word deur Webb (1998:15) geopper as die “krag van humor in prediking”. Hierdie krag lê in die vermoë om mense te laat lag. Die implikasie is dat wanneer mense lag, hul intellektuele en psigiese verdediging verlaag of verwyder word en hulle vatbaar raak vir invloede teen wie hulle, sonder die lag, hulself kan “beskerm”. Die verwydering van intellektuele en psigiese verdediging is 'n tegniek wat deur 'n spreker gebruik word om 'n verhouding met die luisteraar te bou. Humor is 'n waardevolle instrument om die verdediging van die luisteraar te verlaag as daar iets positief in gedagte is (Beukema 2005:ad loc), maar dikwels is die doel nie altyd positief en opbouend nie. Webb (1998:15) beskryf die negatiewe gebruik van hierdie tegniek: “As one astute homiletician put it, he dislikes humor in the pulpit because—and he speaks from the viewpoint of one in the pew— it can be used to ‘persuade me for or against an opinion.’” Later in hierdie hoofstuk word daar verwys na die positiewe en opbouwende wyse waarop hierdie tegniek gebruik kan word.

4.2.5 Gevolgtrekking

Daar is ongetwyfeld ander besware wat uit eie ervaring oor humoristiese elemente in preke afgelei kan word, maar die meerderheid daarvan kan afgelei word van die bostaande besware. Humor op sigself is nie negatief nie, maar daar is egter sekere tipes humor wat negatief is en eerder nie gebruik moet word in prediking nie. In prediking is dit nooit aanvaarbaar om humor te inisieer, net om die gemeente te laat lag nie. Dit is ook nooit aanvaarbaar om humor te gebruik ter wille daarvan om die aanvaarding van die gemeente te wen nie, of met die hoop dat die gemeente meer van 'n prediker sal hou as hy humoristies optree, as wat hul andersins sou nie. Buttrick (1987:146) benadruk juis hierdie idee.

Humor is nie 'n "foefie" nie, en wanneer dit gereduseer word, of die prediker in die versoeking val om dit op so 'n wyse te gebruik, oorweldig dit die goeie nuus van die Evangelie en word prediking verswak tot iets wat nie op die kansel pas nie. Long (2016:158) beklemtoon die laaste stelling as hy skryf oor die vorm van 'n goeie preek: "There should be no 'side trips' in the sermon. A good form will include only those steps needed to get the focus and function destination. Everything else should be weeded out."

Bygesê, in die behoorlike verstaan en die gebruik van humor, en die gelag wat daaruit voortspruit, is dit een van die kragtigste elemente in prediking waartoe die prediker toegang het.

4.3 ONAANVAARBARE HUMOR

Dit moet vanselfsprekend aanvaar word dat daar humor is wat gepas is en humor wat onvanpas is vir prediking. Nelson (1998:7) wys dat daar ongelukkig nie maklike en vinnige reëls is om te bepaal wat gepas is en wat nie. Daar kan egter uitgewys word watter humor om eerder te gebruik en wat om eerder te vermy. Dit is op die ou end elke prediker se eie verantwoordelikheid en keuse om goeie kanselhumor te gebruik.

4.3.1 Grappe

Een van die mees beklemtoonde tipes humor wat dikwels nie gesien word as goeie kanselgebruik nie, is om grappe te vertel tydens prediking. Talle teoloë en homilete (Buttrick 1987:95; Craddock 2010:219; McClure 2007:52; Webb 1998; Wiersbe 1994:275) benadruk hierdie belangrike punt. Webb (1998:14) is een van die homilete wat uitdruklik teen die idee is om grappe tydens 'n preek te gebruik as hy sê: "Jokes, however well told, are distracting and often annoying, whenever and wherever they are told, but particularly in sermons; and very few people, including preachers, are naturally good at telling jokes."

Dikwels wanneer homilete en teoloë standpunt inneem teenoor humor tydens prediking, is dit in werklikheid die gebruik van grappe in preke wat hul teenstaan. Hierdie twee, humor en grappe kan egter nie gelyk gestel word nie, soos daar vermeld is in hoofstuk 2 onder die verskeie vorme van humor. Grappe is slegs een vorm van humor, en 'n baie klein persentasie, omtrent 11% van humor kom voor as grappe (Martin 2007:12).

Craddock (2010:219-22) skryf oor die effektiwiteit van humor, die gevaar van grappies en die verskil tussen grappies en humor:

And humor will be humor; not jokes, at best a risky business and at worst a violation of the sermon. Humor, properly joined to the matter of the sermon, feels at home and is thus free to frolic, laugh, and celebrate the grace of God. Humor is, after all, inevitable in truly good preaching because all the right ingredients are present: concrete and specific references, no one laughs at the general and the abstract; concern for the significant and sacred, why else are things funnier in classrooms and sanctuaries, at weddings and funerals; and a sense of freedom, only God is God, liberating us from postures and pretenses. Humor is, then, a genuine response to grace; grace works in us that most beautiful virtue, gratitude; and the grateful person acknowledges that there is usually a small party going on in the back of the mind. All this, of course, makes no sense to the humorless calculator who carefully inserts a joke here and there to break up the monotony of a sermon which, in its intense effort to be totally serious, generates smiles and muffled laughter.

Craddock sien humor as 'n natuurlike reaksie op genade, en hy sien grappe as afleidend en gevaarlik. Grappe kan ook onduidelik wees en kan afbreuk doen aan die Bybelse boodskap wat die prediker probeer oordra. Miller (1994:105-106) gee verskeie redes waarom grappe gevaarlik is vir prediking. Die eerste gevaar van grappe is die duidelike moontlikheid dat 'n grap oud en uitgeput kan wees en ook afleidend kan wees. Miller (1994:105) stel: "A joke (that's been) previously heard deflects the sermon interest away from the topic. It leaves the hearer trying to remember when he or she first heard it and how better or worse it was told on that occasion." Sulke grappe kan hoorders die prediker en preek as onbelangrik te ag en desperaat laat lyk omdat grappe voorkom as "foefies" om die preek te verleng. Long (2016:118) beklemtoon die belangrikheid van goeie vorm in 'n preek en wys daarop dat 'n onvoldoende vorm dikwels die gevolg het dat onnodige dele in 'n preek ingebou word. Luccock in Long (2016:136) stel ook duidelik dat die krag van 'n preek in sy struktuur lê en nie in sy versierings nie.

'n Tweede gevaar volgens Miller is dat 'n grap ernstige en belangrike waarhede in 'n preek kan belemmer. Grappe kan ook tot gevolg hê dat die prediker se intellek bevreemte kan word. Grappe is dalk amusant, maar die hoofdoel van prediking is nie om te vermaak nie, soos Cilliers (2004:25) uitwys dat prediking primêr die verwoording van die evangelie behoort te wees. Doeltreffende prediking kan vermaaklik wees, maar prediking moet nooit 'n opvoering word nie (Webb 1998:189).

'n Groot hoeveelheid van die kritiek teen grappe in prediking kom uit die gebruik van grappe as inleidings tot preke. Buttrick (1978:95) verduidelik:

As we all know, after-dinner speakers will often trot out a “funny” at the start of a speech. The strategy supposes that a joke will relax an audience, and, indeed, make an audience happy to hear a speaker... The after dinner-speech convention has been picked up by preachers. The problem of humor slipped into introductions is twofold: (1) The humor is almost always disconnected, or at best tenuously connected with the subject matter. Therefore, after a funny, preachers will probably have to design a second introduction to refocus a congregation. Funnies are apt to be tangential intrusions. (2)... Humor at the start of a sermon can set a tone of down-home triviality which, predictably, people will like, but from which few sermons can recover.

Grappe het duidelik te make met 'n negatiewe vorm van inkulturasie wat verwys na 'n voortdurende proses van kritiese wedersydse interaksie tussen kultus en kultuur sodat daar 'n totaal nuwe entiteit tot stand kan kom (Wepener 2009:36). Inkulturasie is met ander woorde die proses waar 'n tradisie na 'n ander groep oorgedra word. Binne hierdie proses, word 'n paar aspekte van die tradisie aanvaar en bewaar en ander word weer verwerp (Wepener 2008:316). Duidelik spoel sommige negatiewe aspekte van die “after dinner-speech” kultuur soos Buttrick (1978:95) daarna verwys oor na prediking wat nuwe verwagtinge soos vermaaklikheid skep by hoorders waaraan die prediker voel hy of sy moet voldoen. Hierdie is maar slegs een voorbeeld van negatiewe inkulturasie. Daar is sekerlik heelwat ander voorbeelde wat ook gebruik kan word.

McClure (2007:52) sluit aan by Buttrick en sê dat 'n grap as 'n inleiding, om die ys te breek of om aandag te trek, nie 'n goeie idee is nie. Long (2016:196-212) verduidelik die doel van die inleiding van 'n preek. Hy beklemtoon dat die hoofdoel van 'n inleiding nie daar is om die aandag van die gehoor te trek of die preek bekend te stel nie. Long wys eerder daarop dat 'n inleiding van 'n preek 'n vierdelige doel het. (1) Die inleiding moet 'n belofte maak aan die hoorders. (2) Hierdie belofte moet nagekom word deur die hele preek. (3) Die inleiding moet op dieselfde kommunikatiewe vlak as die res van die preek wees. Dit is veral op hierdie punt waar humor ontbreek en (4) moet die inleiding 'n verwagting skep maar moet ook aansluit by die volgende deel van die preek. Dit is ook op hierdie laaste punt waar 'n grap dikwels nie van toepassing is op die res van die preek nie, en daarom nie 'n doel dien as inleiding nie.

4.3.2 Aggressiewe en seksuele humor

In 1992 het James Barnette 'n PhD-proefskrif gelewer in die veld van homiletiese humor wat van groot waarde is vir hierdie verhandeling. Hy het humor in prediking vanuit sosiologiese en sielkundige empiriese studies nagevors. Alhoewel Barnette se werk effens dateer is, is dit steeds relevant vir 'n hedendaagse konteks van humorstudies in homiletiek. In 'n afdeling in Barnette se proefskrif, gee hy aandag aan aggressiewe humor en uit sy navorsingsbevindings kan daar sekere gevolgtrekkings gemaak word oor die gebruik van aggressiewe en seksuele humor in prediking. Kortom gesê: daar is nie plek vir aggressiewe en seksuele humor in prediking nie.

Humor is aggressief wanneer dit op 'n persoon of groep gerig is en neerhalend of afkrakend van aard is. Hierdie kwaliteit van humor dien die doel om geïmplementeerde impulse wat meestal vyandig of seksueel van aard is, te bevredig (Liu 2012:22). Barnette (1992:99) beklemtoon dat aggressiewe en seksuele humor nooit deur 'n prediker gebruik moet word nie. Liturgiese, teologiese en etiese redes kan hiervoor aangevoer word.

Een van die liturgiese redes is dat die kansel nie as 'n voertuig funksioneer vir die uitdrukking van woede of vir seksuele agendas nie. Wanneer dit vir hierdie doel gebruik word, word die kansel en die liturgie misbruik deur die prediker en/of gemeente om hul eie doelwitte te dien, en nie die uiteindelijke doel om God te verheerlik nie. Wepener (2004:33) wys juis daarop in sy werksdefinisie van liturgie dat liturgie die ontmoeting tussen God en mens is deurdat God en mens uitbeweeg na mekaar. Waar

humor op 'n aggressiewe wyse oorgedra word, kom die liturgie nie tot sy reg nie. In essensie verloor die erediens sy funksie wanneer die klem so verskuif word dat God nie meer die middelpunt van die erediens is soos dit behoort te wees nie (Wepener 2008:206).

Verder het die vrygestelde impulse 'n negatiewe uitwerking op die algehele gebeurtenis van die preek, die "event of preaching" soos Long (2016:13) daarna verwys. Om humor vir hierdie doel te gebruik, verbreek die aandag van die hoorders. In plaas daarvan om by te dra tot die preek se vloei, moet die hoorders hulself van voor af oriënteer weens hierdie onderbreking met aggressiewe humor (Barnette 1992:100).

Wat teologie betref, is humor wat seksualiteit se waarde en belangrikheid verkleineer of wat mense verneder, teenstrydig met die manier hoe die Bybel met hierdie twee kwessies omgaan. Die Skrif bely die heiligheid van menslike seksualiteit en liefde teenoor alle persone en groepe. Bybelse prediking, behoort dan ook dieselfde boodskap te bring aangesien God se Woord sentraal behoort te staan in prediking (Long 2016:58).

Die etiese kant van aggressiewe kanselhumor verwerp ook die gebruik daarvan in prediking. Barnette (1992:100) wys daarop dat mense dikwels meer van humor hou as dit na buite gerig word soos na die belaglike stereotipes en tekortkominge van ander groepe. Christene behoort egter liefde vir alle mense te beklemtoon, insluitend dié van verskillende rasse, godsdienste en sosiale vlakke. Barnette (1992:100) stel dit duidelik: "There is no place for pulpit humor to provide the release of hostility toward a person or group." Aggressiewe kanselhumor kan verwydering en konflik tussen 'n prediker en die gemeente skep op 'n passiewe aggressiewe manier wat onvolwassenheid weerspieël, eerder as om konflik op 'n meer direkte manier te hanteer. Tisdale (2010:43) wys tereg dat die prediker uit Christelike liefde vir die gemeente moet preek. Waar konflik egter op so 'n onvolwasse wyse hanteer word, weerspieël dit nie liefde nie.

'n Laaste etiese punt waarna Barnette (1992:101) verwys, hou verband met dit wat vroeër genoem is, dat mense eerder lag wanneer aggressiewe humor gerig word op ander groepe as hul eie. Hierdie humor spot meestal met stereotipes en tekortkominge van ander groepe. Aggressiewe humor handel oor godsdiens, etnisiteit, nasionaliteit,

geslag, politieke affiliasie en sosiale status. Hierdie etiese punt is in 'n Suid-Afrikaanse konteks veral van toepassing. Daar kan maklik onnadenkend aggressiewe humor gebruik word om na politieke situasies asook rasseverskille te verwys. 'n Prediker wat sulke humor gebruik, stuur gemengde boodskappe na die gemeente: Kan ons ons vyande liefhê, maar hulle ook bespot? Kan ons menslike seksualiteit heilig, maar dit nog steeds van die kansel af bespot? Hierdie gemengde boodskappe het nadelige gevolge vir die geloofwaardigheid van die prediker. Dit is daarom van groot belang dat predikers enige vorm van aggressiewe humor moet vermy.

4.3.3 Sarkasme en persoonlike grappe

Die meeste professionele sprekers, spraakkundiges en homilete is krities oor die gebruik van privaat grappe en sarkasme in menslike kommunikasie. Private grappe sluit mense uit en laat die ruimtes verbrokkel waar mense gemaklik voel om te lag (Troup 2009:58). Sarkasme, in 'n eenvoudige vorm, is 'n uitdrukking van minagting of vyandigheid teenoor 'n persoon of 'n groep mense. Buttrick (1987:146) benadruk die negatiewe gebruik van sarkasme in prediking:

Laughter prompted by sarcasm is seldom helpful. Sarcasm is always a form of veiled hostility; it is essentially murderous. Thus, when people laugh at witty sarcasms, they will usually laugh out of shared hatreds. Such laughter in a sermon is rather clearly alien to the gospel.

Volgens Buttrick sou 'n prediker goed doen om sarkasme te vermy in die prediking. 'n Gefrustreerde prediker kan sarkasme as toepaslik beskou, maar daar bestaan 'n sterk moontlikheid dat dit kan boemerang en vyandigheid oordra. Swets in Troup (2009:58) stel:

When an audience senses that a speaker does not really care for them, they stop listening... People seem to have an uncanny ability for detecting how you really feel about them. They pick up clues not only from your word selection, but from your actions, your facial expressions, your tone of voice.

Dit is duidelik dat liefde 'n groot rol speel wanneer dit by humor in prediking kom. Tisdale (2010) en Wogaman (1998) skryf oor die belangrikheid van liefde in profetiese prediking. Tisdale (2010:43) stel uitdruklik: "We cannot fake love in the pulpit." As die

basis van God se Woord liefde is, hoe kan daardie boodskap oorgedra word as dit nie uitgedruk word in 'n konteks van liefde nie? Wogaman (1998:21) beklemtoon ook hierdie stelling: "We cannot preach about love un- lovingly; it is a self-contradiction." As prediking gebore word uit vermomde woede vir 'n gemeente, uit frustrasie met 'n gemeente waar sarkasme dikwels opduik, of uit 'n begeerte om liefdevol voor te kom sodat die boodskap gehoor en aanvaar sal word, sal hoorders deur hierdie valse liefde sien (Tisdale 2010:43). Om in liefde te preek is in essensie nie 'n praktiese saak nie, maar eerder 'n teologiese saak wat gereflekteer word deur die manier hoe God met mense omgaan. Die prediker moet hom/haarself uiteindelik afvra of die gebruik van sarkasme ware liefde vir die gemeente oordra.

Sarkasme gemik op spesifieke hoorders is veral gevaarlik, dit gaan nie gepaard met Christelike liefde nie. Webb (1998:14) wys daarop dat predikers moet waak teen sarkastiese stellings aangesien dit 'n gewoonte kan raak om sarkasme te gebruik. Sarkasme loop ook die gevaar om 'n magsdiskoers te laat ontstaan. Die prediker verwyder hom/haarself van die gemeente met die gebruik van sarkasme, en plaas hulself in 'n verhewe minder sondige en beter posisie en verkleineer die gemeente van daar af. Duidelik kan magsdiskoerse verbloem word deur kanselhumor en 'n prediker moet hom/haarself gereeld bewus maak van sulke negatiewe slaggate.

4.3.4 Oneffektiewe poging tot gebruik van humor

Nog 'n moontlike gevaar is die oneffektiewe poging tot die gebruik van humor. Pogings tot humor wat nie snaaks is nie, kan ook 'n prediker in 'n baie ongemaklike posisie plaas, wat 'n ongewenste uitkoms is. Niemand verstaan humor deur daarvoor te lag nie; iemand lag omdat hy of sy dit verstaan. Dus, moet 'n prediker humor gebruik wat goed deurdink en voorberei is indien hy of sy oortuig is dat vir 'n spesifieke doel gebruik kan word. Predikers behoort ook baie sensitief te wees oor die homiletiese situasie waarin sekere humor gebruik word (Finestad 2010:45). Long (2016) wys daarop dat predikers vanuit die gemeente na die gemeente preek. Nelson (1998:11) beklemtoon oneffektiewe humor deur te stel: "You cannot assume that your humor is effective merely because it produces laughter. If you are on good terms with your people, they will laugh whenever they think you would like them to laugh. This kind of dutiful laughter is condescending for both preacher and congregation."

Humor wat goed werk in 'n klassieke oggenddiens met ouer lidmate, gaan nie noodwendig dieselfde reaksie ontlok by 'n aanddiens met tieners en jong werkendes nie. Barnette (1992:189) se navorsing wys daarop dat die intelligensie van die gehoor ook in ag geneem moet word wanneer humor gebruik word. Gehore laer in intellektuele kapasiteit is geneig om humor te geniet wat maklik verstaanbaar is. Gehore wat op 'n hoër intellektuele vlak is, dring aan op humor wat meer gesofistikeerd is, hoewel hulle ook op eenvoudiger humor reageer as 'n gemaklike speelse atmosfeer geskep word. Die prediker moet dus die lewering van die humoristiese stuk so goed voorberei en bemeester soos wat hy of sy ander aspekte van 'n preek voorberei. Versuim om dit te doen kan lei tot swak artikulasie, en dus 'n swak verstaanbare, humoristiese boodskap.

Barnette (1992:188) se navorsing oor verskillende persoonlikheidstipes³⁹ se voorkeure oor humor kan hier handig wees vir die prediker⁴⁰. Barnette stel: "The preacher's use of humor might benefit from gearing the humor toward a particular personality type, namely, the stable extrovert". Die stabiele ekstrovert se waardering vir humor het die meeste "gesonde" kwaliteite van alle persoonlikheidstipes. Die stabiele ekstrovert se waardering vir humor is ook die meeste in ooreenstemming met die waardering van goeie kwaliteit kanselhumor. Dus stel Barnette dat indien humor gebruik word binne prediking, dit gemik kan word op 'n spesifieke persoonlikheidsgroep om te verseker dat die humor slaag.

4.3.5 Prediker as nar (negatief)

Die prediker as 'n nar, kan as positief én negatief gesien word. Daar is verskeie navorsingswerk gedoen oor die invloed van persoonlikheid op humor. In die 1970's was daar 'n oplewing in die sosiologiese en sielkundige navorsingsveld van humor om uit te vind of daar verskillende humorstyle bestaan. Sven Svebak het in die 1970's vraelyste opgestel wat bekend gestaan het as "Svebak's Sense of Humor Questionnaire" om verskillende style van humor te identifiseer. Herbert Lefcourt en James Martin het later ook die "Situational Humor Response Questionnaire (SHRQ)"

³⁹ Die studie oor persoonlikheidstipes se voorkeure vir humor is 'n enorme veld. Daar is verskeie studies (o.a. Martin 2007) wat aandag gee aan hierdie onderwerp. Martin (2007) wys ook daarop dat daar ook verskille is tussen humor van verskillende geslagte. Hierdie studie is egter te kort om uit te brei oor voorkeure van verskillende tipes humor wat lidmate in 'n erediens sal laat lag.

⁴⁰ Daar moet in gedagte gehou word dat Barnette (1992) se studies gedoen is binne 'n spesifieke konteks/kultuur wat bepalend was vir sy gevolgtrekkings.

opgestel en die “Humor Styles Questionnaire (HSQ)” van Martin (2007) het ook ’n paar jaar terug op die toneel verskyn. Saam met baie ander navorsing oor humorstyle is daar talle gevolgtrekkings gemaak.

Een van hierdie gevolgtrekkings oor humorstyle is deur sielkundiges geïdentifiseer as kompulsiewe humoriste, die nar-persoonlikheid of soos Wiersbe (2001:ad loc) daarna verwys, “clerical jesters”. Kompulsiewe humoriste is: “Those who seem unable to stop cracking jokes, making humorous observations, and behaving like clowns” (Ziv 1984:170). Nar-predikers is egter nie ’n nuwe verskynsel nie. Reeds in die agtiende eeu het Philip Brooks (1877) sy mening gelug as hy sê:

He lays his hands on the most sacred things, and leaves defilement upon all he touches. He is full of Bible jokes... There are passages in the Bible which are soiled forever by the touches which the hands of ministers who delight in cheap and easy jokes have left upon them.

Terwyl hierdie persone ’n mate van pret en plesier kan lewer in ’n sosiale atmosfeer, kan hulle toehoorders vinnig moeg word vir hul onophoudelike grapperige gedrag. Die kompulsiewe humoriste sukkel dikwels met die hantering van die ernstiger aspekte van die lewe (Barnette 1992:258). Konstante impulsiewe humor kan ’n manier word om konfrontasie met ander te vermy. Die aanhoudende gebruik van humor as ’n poging tot sosiale aanvaarding val dikwels naderhand plat. Dit word bevestig in studies wat in beide groot en klein groepe uitgevoer is. Terwyl kompulsiewe humoriste gewild is oor hulle humor, geniet hulle in ’n gemeenskap nie hoë aansien in terme van leierskap, geloofwaardigheid en invloed nie, net soos in die geval van selfverminderende humor (Barnette 1996:3).

Bogenoemde sielkundige analises beweer dat mense wat ’n goeie humorsin het, of as skerpsinnig beskou word, ’n beduidende impak op groepe het. Predikers met soortgelyke karaktertrekke kan ook dieselfde impak hê in eredienskontekste sowel as verskeie ander kontekste. Humoristiese predikers het ’n baie positiewe etos vanuit die perspektief van ander in ’n groep of gemeentekonteks. Sulke predikers word as gewild beskou, en is invloedryke leiers. In teenstelling daarmee het predikers wie se humor gewoonlik “clownish” of sarkasties is, baie min invloed in groepkontekste. Martin (2007:211) wys daarop dat aggressiewe humor ook kompulsiewe uitdrukking van

humor insluit, selfs wanneer dit onvanpas is, en aangesien daar meestal teen die gebruik van aggressiewe humor gewaarsku word, moet kompulsiewe humor vermy word.

'n Nar op die preekstoel kan in uiterse gevalle die geloofwaardigheid van die prediker belemmer en te veel humor in 'n erediens kan ook die vloei van die preekinhoud en denkprosesse van die hoorders ontwig (Barnette 1996:3). Meyer (2015:62) stel:

A ceiling effect has been evident in the relationship between humor use and persuader credibility, such that too much humor use can lower credibility. At a moderate level, though, humor's positive effect on credibility is solidly evident. For instance, mild uses of humor are definitely more effective than mild uses of fear appeals.

Meyer (2015:61) wys ook daarop dat 'n hoorder dikwels die humor soveel kan geniet dat vermaak en genot primêre doelwitte word, en die ondersoek van argumente of die luister na die dieper boodskap opsy geskuif word. Shakespeare se bekende gesegde: "Better a witty fool than a foolish wit" kan hier in gedagte hou word.

4.3.6 Prediker as nar (positief)

Die metafoor van 'n prediker as gek of nar kan ook in 'n positiewe lig gesien word. Die prediker as nar soos wat onder andere Campbell en Cilliers (2012) daarna verwys, het geen konnotasie met 'n prediker wat te veel humor gebruik nie. In hierdie siening val die klem op 'n paar ander aspekte van "nar-wees".

Dit is duidelik dat ons samelewing bedreig word deur dehumaniserende en inherente geweld en kragtige stelsels, deur magte wat ons menswaardigheid vernietig, selfs na twintig jaar van demokrasie. Die droom van 'n verenigde, versoende en regverdige Suid-Afrika, soos verwoord in die Belydenis van Belhar (vgl. Smit 1984:16), blyk verpletter te wees en is inderdaad besig om te ontaard in 'n nagmerrie. Geweldsmisdaad, MIV en vigs, bedrog, alewige armoede en korrupsie is maar 'n paar van die struikelblokke op ons pad. Miskien kan die onlangse vlaag betoging oor "fees must fall" opstande en ander stakings ("toi-toi") geïnterpreteer word as 'n uiterste uitdrukking van sistemiese woede teen 'n bestel wat die meerderheid van Suid-Afrikaners magteloos en inderdaad hopeloos laat, mense wat sukkel om sin van hul omstandighede te maak, en om betekenis in die lewe te vind.

Hierdie woede van Suid-Afrikaners is niks nuuts nie en kom al 'n geruime tyd. Wepener (2015b:1) verwys na Chris Louw se “Boetman is die bliksem in”-brief as 'n moontlike vroeë profesie van woede wat ontketen is onder Afrikaners, om nie eers te praat van ander kultuurgroepe se woede nie. Mense is kwaad, en met goeie rede. Graca Machel, die weduwee van oud-president Nelson Mandela, het in 'n onderhoud gesê: “The level of anger and aggression is rising. This is an expression of deeper trouble from the past that has not been addressed. We have to be more cautious about how we deal with a society that is bleeding and breathing pain” (Laing 2013:1).

Dit is presies op hierdie kruispunt in ons geskiedenis waar dit nodig is om die krag van dwase prediking te herontdek. Ons moet die mite van verlossende geweld onthul deur die werke van byvoorbeeld Walter Wink (1987), waar hy verwys na 'n “Derde Weg” (Cilliers 2009:5). Wink (1987: 98-111) verwys na Jesus se Derde Weg, 'n manier tussen geweld, aan die een kant, en fatalistiese onderwerping aan owerhede en magte, aan die ander kant. In plaas van twee opsies wat in ons ingeburger is deur miljoene jare van onnadenkende, brute reaksie op biologiese dreigemente van die omgewing: vlug of veg, bied Jesus 'n derde manier. Die “Derde Weg” kan beskryf word as om die magte teen te staan, maar nie met geweld nie, eerder op etiese, estetiese en komiese maniere. Ons moet gekseker, en so die magte frustreer. Goeie voorbeelde hiervan is die werke van Zapiro asook die humoristiese prediking van aartsbiskop Desmond Tutu (Cilliers 2009:3). Ons moet saamstaan, en so die stelsels se houvas verbreek. Ons moet die stelsel omvergooi, en so die status quo verander. Dit is altemit moontlik deur die beeld van die nar te gebruik.

Campbell en Cilliers (2012) en Cilliers (2009:3-10) beskryf die rol wat die nar in prediking kan dien. Hulle verwys onder andere na die nar wat menslike swakheid beliggaam, wat die magstrukture in die samelewing ontwig en wat ondermynende taal gebruik om Suid-Afrika te help om 'n nuwe idioom van humor te skryf te midde van slegte omstandighede en in 'n stand van liminaliteit⁴¹.

a) Beliggaam menslike swakheid

Die nar is per definisie 'n eienaardige figuur. Hy is op 'n ander golflengte is as die res wat tevrede is met die status quo. In die sirkus staan die nar uit, want hy pas nie in

⁴¹ Met verwysing na liminaliteit, sien Burger (1995); Barnard, Cilliers & Wepener (2014); Wepener (2009; 2011).

nie. Te midde van die prag van die sweefstokartieste, kulkunstenaars en gewaagde vertonings wat simbolies is van asemrowende menslike prestasies, verteenwoordig hy 'n ander wêreld, 'n ander kant van die mensdom (Cilliers 2009:4). Met sy rooi neus en oorgroot skoene, sy lomtheid en gekskere, verpersoonlik hy die broosheid en kwesbaarheid van die mensdom. Sy teenwoordigheid maak die magtiges en slimmes relatief, hy ontmasker hulle as gewone mense, wat ook 'n behoefte aan troos en hulp het (Campbell en Cilliers 2012:158). Sy kleurvolle versiering en helder geverfde gesig bring blydschap maar ook tranes; hy integreer vreugde en hartseer. Deur dit te doen, verander hy die sirkusarena in 'n meer menslike, leefbare ruimte (Faber:1971:99).

Die nar het die merkwaardige vermoë om mense met die uiterstes van hul lewens in aanraking te bring. Hy leer hulle om te lag, in ervarings van liminaliteit, selfs al wil dit voorkom of dit nie iets is om oor te lag nie. In 'n nederige wyse demonstreer die nar hulle kleinheid, maar ook hul potensiaal vir grootheid in die oorwinning van teenspoed. Die nar verpersoonlik die goeie nuus dat die mens sy menswees kan behou, selfs al is hy gestroop van alles en wanneer alle ander dinge misluk het. Die nar het altyd die laaste lag, as hy val, staan hy altyd weer op (cf. Huizinga 1938).

As hierdie metafoor van menslike swakheid in verband gebring word met die prediker, kom die teologiese paradigma van die inkarnasie na vore, en daarmee saam die paradigma van die vervulling van die Heilige Gees (Cilliers 2009:4). Deur Christus en sy Gees is die God van die Bybel op 'n baie spesiale manier die God van die behoeftiges, verontregtes en die armes (Pieterse 2001; Smit 1984:127). Predikers wat hierdie paradigmas ernstig opneem, verkondig en leef in solidariteit met diegene waarmee God identifiseer (Campbell en Cilliers 2012:159). Dit impliseer dat predikers hulle gemeentes moet sien met nuwe oë, dat hulle 'n teologiese sleutel moet gebruik wanneer hul iets van die gemeentelike lewe wil verstaan, wat ook ten einde die verstaan van 'n volle menslike lewe is. Dit impliseer verder dat hulle diegene wat in die kerkbanke sit, as mense beskou, eerder as godsdienstige kliënte wie se belange hanteer moet word (Cilliers 2009:4).

b) Ontwrigting van die magte

Die nar verteenwoordig 'n alternatiewe wêreldbeskouing, dikwels ontstellend vir die dominante of konvensionele wêreldbeskouing. Cox (1969:150) stel dat die nar weier om te leef binne die huidige werklikheid. Hy het 'n voel 'n ander werklikheid aan. Deur

hom, kry ons 'n blik op 'n ander wêreld wat indring op hierdie een, wat reëls en praktyke omkeer.

Die figuur van die nar herinner ons aan die verganklikheid van die lewe, en wys op 'n alternatiewe wêreldbeskouing. Die beeld van die nar bied ook 'n ander inslag: die ontmagtiging van die magte op 'n komiese wyse. Hierdie idee kan terugverwys na die Middeleeuse verskynsel van hofnarre (Cilliers 2009:6). Die hofnar wat voor die koning optree, verkondig implisiet 'n boodskap en rig 'n uitnodiging dat die koning meer van 'n nar moet word; dat hy homself moet afhanklik ag; dat hy sy eie mag nie so ernstig moet opneem dat dit 'n instrument van misbruik word nie. Die beeld van die hofnar veronderstel ook 'n wedersydse oordrag: die koning dra sy mag oor aan die hofnar, en die nar gee sy (dwaasheid) wysheid oor aan die koning. Die daede van die hofnar impliseer dat die magte van die wêreld weerstaan moet word, nie met geweld nie maar op etiese, estetiese en komiese maniere. Vir predikers beteken dit om die gek te skeer en so die magte te frustreer (Campbell en Cilliers 2012:30). Ons moet saamstaan, en so die stelsels omverwerp.

In 'n wêreld vol pyn het ons die behoefte aan bevrydende lag. Uiteraard is wat nodig is vir verandering nie net pyn en hartseer nie, maar ook lag en “nar-wees”. Droefheid en hansworstery is nader aan mekaar as wat 'n mens geneig is om te dink; hulle is twee kante van dieselfde munt. Long (2016:16) beklemtoon dat aangesien God in Christus die krag van die sonde en die dood verbreek het, Christelike gemeentes en hul predikers vry is om te lag vir hulself, en hulle ook kan lag vir die leë gode van trots en hebsug. Theron (1996:216) stel tereg dat apartheid gelyk het aan 'n gebrek aan humor. Alle onderdrukkende stelsels en ideologieë ly aan hierdie gebrek, want hulle word gekenmerk deur pretensie, arrogansie, fanatisme, onverdraagsaamheid en onderdrukking. Rou het die erns en die gebrek aan lag van apartheid verander. Dit is ook aangehelp deur die bevrydende humor van predikers soos Desmond Tutu. Cilliers (2009:7) pleit ook dat humor in die huidige Suid-Afrikaanse konteks van liminaliteit of oorgang, 'n beduidende rol moet speel.

c) Ondermynende taal

Die heilige dwase (“holy fools”) van die geskiedenis het gepoog om die beeld van God sigbaar te maak in 'n diep skandalige vorm (Meylahn 2012:70). Daarom het hulle 'n nuwe manier van kyk uitgelok, 'n manier van “sien” soos nog nooit tevore nie. Hul het

sodoende 'n krisis vir erkenning laat ontstaan, 'n krisis vir besluitneming. Die komiese visie bied 'n optiese leefwyse wat sy afstand hou van die werklikheid, maar wat terselfdertyd “tekens van transendensie” onderskei, epifanieë van dieper dimensies, selfs in die klein dingetjies van die lewe. Een van die maniere waarop dit bereik word kan, is deur taal, deur woorde. Die taalstrukture wat die geskikste vir hierdie poging is, is ironie, satire, jukstaposisies, paradokse, metafore, humor, teenstrydighede, teenoorgesteldes, ensovoorts, vorme van taal wat sinspeel op die “logika” (Cilliers 2009:8). Deur hierdie gebruik van taal kan nuwe wêrelde geskep word. Hierdie taalstrukture is natuurlik nie vervreem van die woordeskat van geloof nie – dit kan ook gevind word in die Skrif, waar die uiteindelijke paradoks van God se storie en ons storie intrinsiek verweef word.

Die beeld van die nar herinner ons dat ons dit inderdaad nie kan waag om te swyg in die aangesig van die werklikheid en brutaliteit van die magte van vernietiging wat ons oorheers nie. Dit is van kardinale belang vir ons land, en ongelukkig ook die kerk, wat dikwels te maklik inkoop in die sindroom van ontkenning en stilte. Hierdie sindroom is tipies van die konvensionele funksionering van die openbare lewe. Die taal van die nar staan in skrilte kontras met die taal van ontkenning. Deur die bespotting van hierdie ontkenning, erken en ontbloot die nar die waarheid. Die taal van die nar is nie noodwendig welsprekend nie, vir baie lyk dit net soos die gebrabbel van 'n dwaas, maar dit maak egter 'n groter impak as wat mense sal erken.

4.3.6 Relevante humor

Halford Luccock (1944:169) het reeds in die 1940's die belangrikheid van relevante humor beklemtoon. Relevante humor verwys na die idee om humor in 'n erediens te gebruik wat relevant is tot die geheel van die boodskap en die erediens as geheel. Deurgaans in die ander gevaarlike gebruike van humor in prediking word iets van die relevansie van humor geëggo. Relevante humor lê die fondasie vir die gevaarlike gebruik van humor in prediking. Luccock (1944:169) het destyds 'n trein as metafoor gebruik om relevante humor te verduidelik.

Luccock vergelyk humor in prediking met die vonke wat deur 'n trein veroorsaak word wanneer die wiele van die trein teen die spore skuur terwyl die trein na 'n bestemming beweeg. Hy beklemtoon dan: “There is no stopping the train for the purpose of showing off some sparks.” Die vonke belemmer nie die beweging van die trein of vervang 'n

klein vertoning van vuurwerke vir beweging vorentoe nie. Vonke is bykomend tot die beweging, 'n produk van die wrywing van die wiele op die spore. Preekhumor wat toevallige en af en toe produkte van die wrywing tussen die verstand en idees vereis, kan van groot waarde wees vir prediking. Maar humor wat die gedagtegang vertraag of die trein dwing om op 'n sypaadjie te stop totdat die humoristiese vertoning verby is, is 'n struikelblok vir die primêre doel van prediking.

Die belangrikheid van relevante humor word deur spesialiste in spraakkommunikasie beklemtoon. As 'n prediker 'n snaakse storie of ander vorme van humor gebruik, moet dit so gepas en verwant aan die kern van sy preek wees dat dit nie saak maak of die gehoor lag of nie. Uiteraard is die relevansie van die storie selfs belangriker as die reaksie daarvan by die hoorders (Barnette 1996:2).

Die gebruik van relevante humor kan 'n prediker laat voorkom as meer vermaaklik, motiverend, intelligenter, meer aangenaam, beter ingelig en aantrekliker as predikers wie se humor irrelevant is tot die res van die preek (Troup 2010:35). Dit kom neer op die idee dat relevante humor die prediker se etos kan verhoog. Die etos verwys terug na Aristoteles se retoriek. Die "etos" is die waargenome karakter van die spreker. Eksperimente in kommunikasie toon dat hoe meer relevant 'n humoristiese verhaal tot die punt van 'n toespraak of lesing is, hoe beter word die spreker ontvang deur die gehoor (Barnette 1996:1). Terwyl die gebruik van relevante humor die prediker se etos kan verhoog, dui sielkundige navorsing daarop dat irrelevante humor dit verminder. 'n Prediker kan humor gebruik om 'n gemeente se guns te kry. As die humor wat die prediker gebruik, egter irrelevant is tot die preek se inhoud, sal hy of sy egter geloofwaardigheid verloor.

Dit is uiteindelik vanselfsprekend dat 'n goeie prediker se humor relevant behoort te wees tot die hele preekgebeurtenis. Dit is belangrik om die boodskap op die "regte spoor" te hou en seker te maak dat die aandag by die Bybelse boodskap bly, maar dit is ook belangrik in 'n gemeentelike konteks om 'n positiewe ervaring van die preekgebeurtenis te skep by die hoorders.

4.3.7 Gevolgtrekking

Duidelik is daar 'n groot aantal slaggate waarin 'n prediker kan val met slegte keuses van humorgebruik. Uit die verskeie navorsers se kritiek teenoor die gebruik of oorgebruik van sommige van hierdie humoristiese elemente, wil dit voorkom of dit

slegs die argumente op die “oppervlak” van die probleem aanspreek. Onderliggend aan hierdie kritiek lê verskeie ander dieper teologiese redes waarom uitsprake gemaak word teen die bogenoemde, en ook ander gebruike van humor. Die navorser identifiseer die kerndefinisie van prediking as een van die onderliggende teologiese redes. Die prediker se verstaan van prediking en die primêre doel van prediking beïnvloed ten diepste hierdie kritiek op spesifieke humorgebruik.

As 'n prediker preek vanuit 'n verstaan van prediking waar die hoofdoel vermaaklikheid is, sou kritiek op onaanvaarbare humor heelwat anders gelyk het. Uit die aard van die saak sou baie van die onaanvaarbare humor wat hier bo vermeld is, aanvaarbaar wees. Long (2016:12) wys dat gemeentes dikwels tevrede is wanneer preke lewendig, boeiend en nie vervelig is nie, maar wyse predikers weet dat gemeentes ordentlike substansie nodig het, prediking wat meer bied as om net vir vermaaklikheid te sorg. Buttrick (1987:452) wys dat predikers nie preek sodat die kerk kan oorleef, nog lidmate kan kry of te oorwin in die wêreld nie.

Buttrick (1987:452) voer aan dat ons hoofsaaklik preek sodat Christus ons woorde kan gebruik vir sy reddende en verlossende werk. Die kerk is dalk 'n teken van verlossing, maar die kerk is nie die einde van verlossing of die rede vir prediking nie. Prediking is daarom volgens Buttrick (1987:452) 'n geestelike dissipline waarin ons, ons beste woorde aan Christus bied. Ons woorde is menslik en sal altyd menslik wees. Ons sal aan ons woorde moet werk, net soos ons aan baie menslike aktiwiteite aandag gee. Nietemin, sover ons woorde deur Jesus Christus ingestel word, God se heilige doel dien en deur die Gees bekragtig word, is dit die Woorde van God aan die wêreld (Buttrick 1987:459). In hierdie taak van prediking lê daar dus 'n groot verantwoordelikheid op die skouers van die prediker, om God se Woorde oor te dra aan die gemeente. Kan predikers werklik sê hulle spreek God se Woorde aan 'n gemeente as die woorde gelaai is met sarkasme, aggressiewe taal en grappe wat nie noodwendig 'n doel dien in prediking nie? Hierdie is slegs een van die verskeie argumente wat onderliggend lê aan hierdie kritiek. Dit sou egter onmoontlik wees om al die argumente uiteen te sit in hierdie verhandeling.

Met 'n oorsig oor die humor wat eerder vermy moet word in die preekgebeurtenis, is daar wel verskeie soorte humor wat die prediker tot sy of haar beskikking het om te gebruik in prediking.

4.4 GOEIE KANSELHUMOR

Daar is 'n magdom verskillende soorte humor waartoe 'n prediker toegang het in prediking. Sommige tipes is makliker om te gebruik en veiliger as ander. Onderstaande is 'n paar van die “veiliger” tipes humor wat tot die beskikking van die prediker is. Naas hierdie humor tipes is daar verskeie ander wat predikers tot hulle beskikking het.

4.4.1 Snaakse verhale of stories

Heflin (1974:152) het in sy baanbreker proefskrif *An Evaluation of the Use of Humor in the Sermon* daarop gewys dat verhale die basis van komiese prediking vorm as hy stel dat verhale die “strongest and most characteristic form of humor” is. Dit sluit verhale in wat op enige tyd in enige plek deur enigiemand gedeel word. Van eenvoudige informele verhale wat vertel word aan die etenstafel tot stories wat in romans, toneelstukke of fliëks geskryf is. Norrick (2009:397) stel ook: “Our everyday talk thrives on all kinds of stories, especially humorous ones.” Hoe ook al gestel, verhale is die prototipe van alle menslike komedie. Dit vorm ook die basiese bestanddeel van komiese prediking (Webb 1998:55). Humoristiese verhale het geweldige emosionele aantrekkingskrag en illustratiewe waarde en kan gebruik word om punte te illustreer en hoorders se belangstelling te wek (Rushing 2006:45).

Daar is twee redes volgens Webb (1998:55) waarom verhale die basis van komiese prediking vorm. Eerstens omdat alle mensverhale in 'n sekere sin komiese verhale is, aangesien menslike verhale wat vertel word self 'n komiese kuns is. Die tweede rede is omdat verhale dien as die draer van talle ander komiese vorms wat menslike diskoerse verlig. Humor word op baie maniere geskep soos teenstrydighede, ironie, satire ensovoorts, maar in prediking kom dit selde in isolasie voor. Natuurlik kan dit, en gebeur dit wel soms, maar die komiese gewig daaraan gebonde is dikwels baie min in isolasie. Dit is verhale wat die effektiëste verskillende humor op die voorgrond plaas. Daarom is komiese verhale dikwels die fondasie of voertuig vir ander tipes humor. Hier kan weer verwys word na Loccock (1944:169) se treinmetafoor waar verhale gesien word as die vervoermiddel vir humor.

Daar is verskeie funksies wat verhale in prediking dien. Vervolgens word drie kortliks uitgelig.

Die eerste is dat verhale dikwels 'n vergelykende rol in die preek speel (Webb 1998:58). Hulle kommunikeer soos 'n gelykenis. Hulle het betekenis of 'n punt, maar die betekenis of punt word dikwels beliggaam in die verhaal self. Daar kan op die verhaal kommentaar gelewer word, en soms kan dit nuttig wees, maar dikwels is dié wat die gelykenis deel, alleen gelaat om hul eie betekenis of betekenis daarin te vind. Dieselfde kan natuurlik gesê word van Jesus se gelykenisse.

'n Tweede rol wat verhale in die preek kan speel, is die skepping van 'n gedeelde ervaring (Webb 1998:58). Die prediker moet baie versigtig wees om nie sy of haar eie lewensverhale as bevoorreg of universeel te neem nie. Die prediker se verhale is nie uniek nie en moet nie so uniek wees nie, juis omdat hulle die prediker se verhale is. Die prediker se verhale is ook nie universeel nie, wat beteken dat die prediker voortdurend ingestel moet wees op diegene wat weggelaat of uitgelaat word van die vertel van sy of haar verhale. Hier duik die belangrikheid van konteks in humor weereens op. Die proses van menslike vertellings is waarskynlik die mees universele en universeel verstaanbare aktiwiteit wat alle mense met mekaar kan deel. Daar is algemene menslike ervarings, dat wanneer 'n mens hulle soek en hulle sensitief behandel, baie menslike grense kan oorstek. Trouens kan storievertelling een van daardie dinge wees wat uitgesonder is bo feitlik elke ander vorm van menslike diskoerse.

Webb (1998:59) sê oor verhale:

Stories can take our deepest experiences and connect them to the experiences of other people—sometimes in contrasting ways, but most often in cooperative and coordinated ways. We share our feelings with each other in the sharing of our stories. When those stories are shared from the pulpit, they become the stories that draw people closer together.

'n Derde rol wat verhale dikwels in die preek speel, is 'n gedragsrol. 'n Verhaal kan met ander woorde 'n “gaan en doen net so”-effek hê. Barnette (1992:231) verwys na die funksie in sulke verhale as “the corrective, controlling function”. Verhale gee die duidelikste vorm van onderriggedrag, aangesien dit nie in didaktiese terme werk nie, maar in die vorm van 'n uitnodiging. Verhale moedig dikwels verandering aan en nooi die luisteraar uit om die verhaal 'n werklikheid te maak in hul eie lewe. Verder kan die

boodskap in hierdie verhalende humor lidmate aanmoedig om stappe te neem om te voorkom dat dieselfde foute gemaak word. As die luisteraar in die versoeking kom om 'n soortgelyke flater te maak, kan hy of sy die humoristiese verhaal as 'n vriendelike waarskuwing herroep as herinnering (Barnette 1992:231).

Verhale is duidelik baie belangrike deel van humoristiese prediking aangesien verhale op verskeie humoristiese maniere gebruik kan word om 'n boodskap oor te dra aan hoorders en kan ook as 'n voertuig gebruik word vir ander soorte humor. Barnette (1992:231) is van mening dat die moontlikheid bestaan dat die prediker humor as 'n sosiale beheermeganisme kan gebruik, veral met betrekking tot verhale. Humoristiese verhale kan gedeelde tekortkominge van lidmate uitwys. Die humor in die verhaal onthul die algemene menslikheid en stel die mense in staat om vir hulself te lag. Deur vir hulself te lag, herposisioneer lidmate hul identiteit en sien hulself duideliker.

Daar kan baie dik boeke geskryf word oor die waarde van verhale in prediking en humoristiese prediking en 'n kort verwysing daarna leen nie waarde toe aan die diepte van hierdie onderwerp nie⁴². Waardevolle insigte oor verhale en humor is 'n verhandeling op sy eie. Daar kan laastens wel bygesê word dat verhale 'n volhoubare bron vir humor is. In ons wêreld is verhale volop. Soos ons in die vorige hoofstuk gesien het, kom Bybelse humor ook dikwels in die vorm van verhale voor, gewone alledaagse verhale. Deur net op te let na die wêreld rondom ons, kan daar elke dag verskeie humoristiese verhale gesien word wat gebruik kan word in prediking.

4.4.2 Teenstrydighede

Een van die beste wyses om humor in prediking te gebruik is deur teenstrydighede. Morreall (2009:10) wys uit dat teenstrydighede tans die dominante humor in die filosofie en sielkunde is, en dit is moontlik ook waar van humor. Dit is die beginsel om dinge saam te voeg wat nie normaalweg saam gaan nie, om een ding te soek en iets anders te kry. Dit is die vreemde samestelling tussen die werklike en die onwerklike, tussen die normale en die abnormale. Reeds in hoofstuk 2 is daar gesien dat teenstrydighede een van die mees basiese vorms van humor is wat oor die algemeen voorkom (Young 2009:19).

⁴² Vir 'n meer diepgaande uiteensetting van verhale se rol in humor sien Webb (1998) hoofstuk 3.

Barnette (1992:107) waarsku dat humor wat net teenstrydigheid is, selde in verbale humor voorkom en nie altyd goed oorgedra word na die hoorder nie. Die prediker behoort humoristiese boodskappe te gebruik wat duidelik uiteengesit word, veral die klimaks of “punch line” wat die gevoel van oplossing van die boodskap bied. Hierdie artikulasie is afhanklik van die prediker se versigtige voorbereiding van die humoristiese boodskap.

In prediking kan teenstrydighede waardevol wees. Webb (1998) wys op verskeie tipes teenstrydighede in kommunikasie wat gebruik kan word deur predikers.

’n Eerste vorm van teenstrydigheid is wat tussen die verwagse en die onvoorsiene gevind word. Morreall (2009:15) wys daarop dat ons as mense in patrone of roetines leef. Ons weet wat om te verwag van ander, hoe mense optree en hoe verskynsels gebeur. Dit is wanneer daardie verwagtinge op ’n manier onderbreek word wat die komiese moontlikhede na vore tree.

’n Tweede klassieke patroon van teenstrydigheid is dié tussen menslike ambisie en menslike prestasie. Op ’n voor die hand liggende vlak verteenwoordig hierdie teenstrydigheid dié van iemand wat iets spesifiek wil wees, maar wat voortdurend gefrustreerd word oor sy of haar vermoëns, en wie se onverbiddelike pogings misluk om ’n onbereikbare doelwit te verwesenlik. Hierdie tipe humor word weerspieël in situasies waar iemand graag ’n goeie sanger of rugbyspeler wil wees, maar feitlik geen talent het nie.

’n Derde teenstrydigheid is dié tussen ’n individu en ’n instelling, tussen ’n persoon en ’n reuse burokrasie, ’n geïsoleerde persoon en die stelsel (Webb 1998:82). Hierdie teenstrydigheid resoneer duidelik in ’n Suid-Afrikaanse konteks waar ’n mens dikwels baie lank in rye staan by munisipale kantore of vir ure moet aanhou in telefoongesprekke om ’n foutiewe telefoonlyn te rapporteer. Alhoewel gebeurtenisse soos hierdie nie altyd komies is nie, is dit goud werd vir predikers.

Daar is ’n vierde basiese vorm van teenstrydigheid, dit wat ons die normale kan noem in jukstaposisie met die abnormale⁴³. Gewoonlik beteken hierdie teenstrydigheid dat ’n mens ’n abnormale persoon in ’n normale wêreld plaas, of die omgekeerde waarin ’n normale persoon in die middel van ’n abnormale wêreld geplaas word. Die groot


⁴³ Normaal en abnormaal word nie as pejoratief bedoel nie. Dit wil nie die vraag na vore bring van wat normaal en nie normaal is nie.

sterk rugbyspeler met 'n sagte stemmetjie val in hierdie kategorie. *Mrs. Doubtfire*, 'n fliet waarin Robin Williams speel dien ook as 'n goeie voorbeeld van 'n abnormale figuur in 'n normale wêreld. Die teenoorgestelde kan ook waar wees.

Daar is natuurlik ander moontlike teenstrydighede waarvan hierdie slegs 'n paar is. Die prediker kan teenstrydighede soos die bogenoemde op verskeie maniere gebruik. Dit kan verfyn word vir eindelose humor. Wat opgemerk moet word, is dat wanneer hierdie teenstrydighede opgestel word, hetsy in televisie, in fliets of selfs in storievertelling, is dit nie net ten einde van humor nie. Burke in Webb (1998:84) stel: "such incongruities also set up new ways of seeing the world and ourselves in it". Teenstrydighede behoort raak gesien te word deur predikers in alledaagse ervarings van mense se doene en late en op so 'n manier 'n nuwe uitkyk op die lewe ontwikkel, vars maniere van sien, dink en ervaar. Nelson (1998:9) beklemtoon die beste humor is die oorspronklike humor wat uit die teenstrydighede van ons eie daaglikse lewe kom.

4.4.3 Woordspeling

'n Soort humor beskikbaar vir die prediker, alhoewel dit spaarsaam gebruik moet word, is woordspeling. Woordspeling, of humor deur die manipulasie van woorde, vind plaas wanneer die luisteraar verwag dat 'n woord op 'n voorspelbare wyse gebruik word, maar is verbaas wanneer die prediker dit op 'n heeltemal ander manier gebruik (Rushing 2006:46). Die Suid-Afrikaanse kunstenaar Kobus Galloway se bekende "Idees vol vrees" kunswerke is goeie voorbeelde van woordspeling⁴⁴:



Woordspeling word dikwels uitgedruk in die vorm van "puns," verkeerde uitspraak van woorde, 'n woord of frase met twee moontlike interpretasies ("double entenders") en

⁴⁴ Voorbeelde gevind op Kobus Galloway se Facebook blad. <https://www.facebook.com/ideesvolvrees/>

“spoonerisms,” mondelinge foute waarin ’n spreker die oorspronklike klanke of letters van twee of meer woorde per ongeluk omruil⁴⁵. “Puns” is die algemeenste vorm van woordspel en word meer dikwels opsetlik gebruik waar ’n woord met ’n “verwagte” betekenis, gestel word in ’n omgewing wat die woord se betekenis verskuif na iets wat nie verwag word nie. Dit is ’n voor die hand liggend en goedkoop vorm van humor, so goedkoop dat ons dikwels kreun en sug in plaas daarvan om te lag. Drakford (1986:62) het egter opgemerk dat dit gematig moet word in prediking omdat dit die laagste vorm van humor is. Hierdie soort humor kom dikwels spontaan voor in prediking en word nie altyd vooraf beplan nie. Nogmaals moet predikers waak daarteen om te veel woordspeling te gebruik. Onderstaande is goeie voorbeelde van Kobus Galloway⁴⁶ se woordspeling in Afrikaans:

- As jy geld by die bank leen, is dit jou eie skuld.
- Iemand het ons plaaslike tuisnywerheid beroof. Van al die misdade, vat dié een die koek.
- Baie mense sê Checkers is beter en beter en ander plekke is OK, maar ek dink Spar se drankwinkel is Tops.
- Ek wou ’n grappie oor ’n boomstomp maak, maar dis afgesaag.
- Ek het vandag ’n motiverende praatjie vir die personeel van ’n goedkoop klerewinkel gegee, sommer ’n vinnige “PEP talk”.
- Mense wat tydskrifte versamel het baie “issues”.
- Ek het ’n grappie geskryf oor helder sterre. Dit is skitterend.
- Ek het agtergekom ek word grys. “I nearly dyed.”
- Ek het nuwe hardloopskoene gekoop, maar dis bietjie “tacky”.
- Elke keer wanneer ek by KFC instap, kry ek hoendervleis.

4.4.4 Stilistiese humor

Stilistiese humor hang in ’n preek af van die wyse waarop die prediker die preek in deel en lewer. Sommige predikers gebruik figuurlike taal soos metafore, vergelykings of beskrywende taal. Verskeie homiliete benadruk die belangrikheid van stilistiese taalgebruik in prediking. Buttrick vergelyk prediking met bergklim, bergklim met die teks (Nelson 1998:6). Om te verseker dat die klimmers nie moeg word en ophou klim

⁴⁵ ’n Goeie voorbeeld van ’n “spoonerism” is as die woord “verskriklik” as “skirvriklik” uitgespreek word.

⁴⁶ Voorbeelde ook gevind op Kobus Galloway se Facebook blad.

<https://www.facebook.com/ideesvolvrees/> laaste besoek op 2017/07/30.

nie, moet daar rusplekke langs die pad wees. Hierdie rusplekke is dikwels stilistiese taalgebruik, soos voorbeelde, metafore, vergelykings en beskrywende taal. Humor kan as 'n rusplek in prediking dien deur stilistiese elemente.

Long (2016:228) wys dat homilete in die twintigste eeu stilistiese humor soos metafore en vergelykings gesien het as vensters wat die son laat inkom en skyn op 'n preek. Daar was egter nuwe-effekte van hierdie vensters, die illustrasies het dikwels die preke oorskadu. Mense het die vensters gekoester en onthou, maar het vinnig vergeet wat die vensters moes verlig. Long (2016:228-229) se verwysing na vensters kan ook in verband gebring word met humor, alhoewel daar baie kritiek teen die vensteridee van die twintigste eeu was. Dit is duidelik dat stilistiese elemente wat humor bevat soos metafore en vergelykings nie die hoofdoel moet wees nie. Stilistiese elemente soos hierdie moet net gebruik word om iets van die boodskap te “vervoer” (cf. Luccock 1944) na die hoorder. As daar slegs gefokus word op die humoristiese stilistiese elemente, is prediking op die ou einde 'n glas huis met te veel vensters en te min inhoud (Long 2016:229).

Ander vorme van stilistiese humor sluit hiperbool, onderbeklemtoning, karikatuur, geestigheid (“witticism”), antiklimaks, en oorspronklike humor in. Hiperbool is 'n stilistiese vorm wat humor skep deur doelgerigte oordrywing of oormatige stellings. Die verrassing kom deur 'n oorbeklemtoning dat 'n belaglike beeld geskep word. Soos reeds vermeld, het Jesus dikwels gebruik gemaak van hierdie stilistiese element in sy prediking. Alhoewel ons nie weet of hierdie oorbeklemtoning onder Jesus se oorspronklike gehore baie humor ontloot het nie, het Jesus se oordrywing beslis 'n vreemde, lighartige gehalte wat die aandag van sy gehoor moes trek (Troup 2010:127).

In empiriese studies het Troup (2010) verskeie preke ontleed en vraelyste aan lidmate gestuur om hul menings oor kanselhumor te hoor. Troup (2010:127) stel:

The field research for this project suggests that humorous exaggerations or hyperbole do grab the attention of the hearers and drive home a point in a powerful way. The stark contrast between the thing exaggerated and its appearance in ordinary terms causes it to be remembered and considered thoughtfully.

The vivid language inherent in exaggerations also causes them to be remembered.

Maar aangesien oordrywing egter algemeen in alledaagse taal gebruik word en vinnig trefkrag verloor, blyk dit uit Troup se navorsing dat oordrywing vreemd of verregaande moet wees om onthou te word. Terselfdertyd moet daarop gelet word om nie oordrywing te laf te maak nie, of om dit wat heilig is vir hoorders te oordryf nie (Troup 2010:129). Aangesien oordrywing dikwels in alledaagse taal gebruik word, is dit raadsaam vir die prediker om dit deeglik en doelbewus te gebruik (Rushing 2006:47). Sommige oordrywing kan op dowe ore val, maar beplande, weldeurdagte oordrywing word gewoonlik opgemerk en waardeer. Mawhinney (1997:225) wys dat dit onwaarskynlik is dat 'n prediker daarvan beskuldig sal word dat hy sy preek tot blote vermaak verminder as hy oordrywing gebruik. As dit op 'n weldeurdagte manier toegepas word, kan dit 'n positiewe aspek van die lewering van die preek wees.

4.4.5 Nieverbale humor

Attardo (2017:ad loc) wys daarop dat navorsing in verbale humor volop is in verskeie navorsingsvelde maar dat daar 'n beduidende navorsingsleemte is in die veld van nieverbale of fisiese humor, nog meer in 'n preekkonteks. 'n Spreker gebruik fisiese humor wanneer hy of sy gebare of bewegings maak wat humor ontlok. Navorsing oor nieverbale humor, in homilietiekstudies is so skaars soos hoendertande. Hier en daar word daar verwys na nieverbale humor in homilietieknavorsing maar te min om 'n gevolgtrekking te maak oor die gebruik daarvan in prediking. Troup (2010) verwys kortliks na enkele aspekte van fisiese humor in sy empiriese studies oor humor in prediking.

Terwyl fisiese humor nie somer gebruik word prediking nie, kan dit in preke gebruik word, en wanneer dit goed gekies word, kan dit 'n punt kommunikeer. Troup (2010:128) stel: "The addition of a visual image grabs the hearers' attention and the humor relaxes them so that the preacher's point is easily comprehended and remembered." Fisiese humor maak die prediker ook interessanter. Fisiese humor in die vorm van nabootsing word afgewys aangesien dit grens aan sarkasme en omdat predikers selde professionele akteurs of aktrises is wat goeie nabootsings van ander kan doen. Die navorsingsveld van fisiese of nieverbale humor het duidelik 'n groot navorsingsleemte vir toekomstige studies.

4.5 DIE PREDIKER

Uiteraard speel die prediker self 'n groot rol in “the event of preaching” waar Long (2016:15) die prediker uitlig as een van die belangrikste deelnemers in die preekgebeurtenis. Tot dusver is die daar tussen die lyne na die prediker verwys, wat 'n prediker behoort te doen en nie te doen nie, wat goeie humor is en wat eerder vermy moet word. Nou gaan daar egter aandag geskenk word aan die prediker self.

4.5.1 Outentieke humor

Een van die mees sentrale aspekte van humoristiese prediking is die beklemtoning van die egtheid van die prediker. Verskeie homiliete en kommunikasiekundiges (Beukema 2005:ad loc; Buttrick 1987:146; Finestad 2010:46; McClure 2007:52; Miller 1994:105; Troup 2010:60) benadruk die gedagte dat 'n prediker net hom of haarself moet wees as dit by die gebruik van humor op die kansel kom. Volgens Miller (1994:105): “Nothing enhances authenticity (and sparkle) like the art of being ourselves”. Dit is die rede waarom professionele komediante so suksesvol is. Hulle het geleer om hul natuurlike humoristiese neigings te betrek en 'n styl te gebruik wat pas by hul persoonlikhede. Dawid Buttrick (1987:146) benadruk verder die egtheid en die natuurlike karakter van die prediker as hy sê: “If you are a naturally funny person, your problem will be control; if you are not a naturally funny person, do not try!” Volgens Buttrick is die versoeking vir die prediker om die guns van sy gemeente te wen baie groot. As die prediker ingee tot hierdie versoeking sal humor uiteindelik die hooftema van die prediking word, eerder as die evangelie. Barnette (1992:225) benadruk weereens die idee dat 'n prediker nie 'n akteur is nie, maar natuurlik moet optree: “The clown is a deliberate performer, a quality that credible and authentic proclaimers should avoid. Compulsive humorists are not viewed as respectable.”

Finestad (2010:46) beklemtoon dat predikers hul eie stemme moet vind en outentiek moet wees wanneer hulle die Christelike evangelie preek. Beukema (2005: ad loc) meen dat 'n prediker humor moet gebruik wat by sy of haar persoonlikheid en styl pas: “If you don't do it within a conversation, you are wise to avoid it in public”. Davis in Beukema (2005: ad loc) meen dat 'n prediker se humor nie noodwendig altyd van so aard moet wees dat dit lidmate op die grond laat rondrol en krampe kry van te veel lag nie, maar dat dit somtyds net kommentaar kan wees wat mense laat dink en sê: “Dis so waar.” Dit volgens Davis, is humor. Die uitdaging is dat elke prediker sy eie ritme

en styl moet ontwikkel wat pas by sy of haar persoonlikheid en waarmee hy of sy gemaklik is.

Martin (2007:216) wys dat sommige navorsing toon dat 'n sin vir humor as 'n vermoë gesien kan word. Martin (2007:216) skryf: "In this approach, the ability to perceive humorous incongruities, to create jokes, funny stories, and other humorous productions, and to make other people laugh is viewed as a skill, like the ability to draw a picture or solve a math problem." Individue wat met hierdie kreatiewe talent begaaf is, is waarskynlik die amateur-komediante wat hul vriende vermaak en die middelpunt van sosiale geleenthede is, terwyl die hoogs talentvolle paar, professionele komediante en komedieskrywers kan word. Sommige predikers het hierdie begaafde vermoë om "amateur-komediante" te wees en humor baie effektief te gebruik sonder enige moeite. Long (2016:14) stel dat dit waar is dat sommige predikers buitengewone talente vir prediking het, 'n seldsame mate van talent en charisma wat hulle onderskei van ander. Hy skryf: "The church is blessed of course by the rare preacher of exceptional ability, but the church is sustained most of all by the kind of careful responsible and faithful preaching that falls within the range of most of us."

Long (2016:14) skryf verder dat prediking soos kosmaak is, daar is sommige vyfster sjefs wat mens vermaak en in verwondering laat met fantastiese disse, maar dit is onrealisties om te dink 'n mens kan by elke maaltyd 'n vyfster ete eet. 'n Gebalanseerde goed uitgewerkte dieet is belangriker. Is dit ook waar van prediking, en in hierdie geval van humoristiese prediking? Sommige predikers kan humoristies preek sonder enige moeite, maar die res moet klaarkom met harde werk en goeie riglyne.

4.5.2 Talent van humor

Nelson (1998:5) stel die vraag: "What if humor is not one of your gifts?" Behoort predikers wat nie 'n natuurlike "kansel vriendelike" humorsin het, soos Martin (2007:216) daarna verwys, "the ability of humor", humor te gebruik in prediking? Nelson (1998:5) stel dat dit dan beter is om nie te probeer om snaaks wees nie. Dit is ook Buttrick (1987:146) se mening. Nelson sê dat daar 'n magdom van ander illustratiewe materiaal is wat gepaste dramatiese effek het. Verskeie kerkgangers moes al pogings van predikers aanhoor wat mik om humoristies te wees en klaaglik misluk.

Nelson (1998:5) se siening dat 'n prediker nie humor behoort te gebruik nie, hou nie noodwendig water nie. Die navorser sluit eerder aan by Long (2016:14) se idee dat goeie prediking spruit uit harde werk en toewyding. Long (2016:14) stel: "Effective preachers are gifted people, but the gifts needed for good and faithful preaching are different from those of the electrifying speaker or the charismatic entertainer." Predikers vir wie humor nie so natuurlik kom soos by ander nie, hoef nie noodwendig humor te vermy uit vrees vir mislukking nie, maar kan eerder riglyne volg oor watter humor om te vermy en watter humor om te gebruik. Barnette (1992:189) beklemtoon juis dat predikers die lewering van humoristiese stukke net so goed moet voorberei en bemeester soos enige ander aspekte van 'n preek.

4.5.3 Self-openbaring en selfverminderende humor

Selfopenbaring en selfverminderende humor kan 'n manier wees om in jou eie stem te preek en humor sodoende op 'n outentieke manier te gebruik in prediking (Finestad 2010:47). Selfopenbaring is die verbale en nieverbale openbaring van die spreker se gevoelens, waardes en/of persoonlike ervarings vanaf die kansel (Arthurs en Gurevich 2000:215). Selfopenbaring in prediking verwys met ander woorde na die elemente in die preek se styl en inhoud wat die persoonlikheid van die prediker openbaar en wat die prediker se lewenservaring selektief inkorporeer, byvoorbeeld persoonlike verhale, staaltjies en getuienisse, ten einde die evangelie te verlig (Ramsey 2012:ad loc). Selfverminderende humor verwys weer na selfopenbaring wat gestalte vind in die gekseer met die prediker deur die prediker. Dit verwys na predikers wat hul eie foute en swakpunte op 'n humoristiese wyse oordra aan 'n gemeente.

Onlangse homilete het gesukkel om die toepaslikheid van selfopenbaring in kontemporêre prediking te definieer. In die lig van Karl Barth se duidelike "Nee" vir menslike ervaring as 'n betroubare bron van Christelike openbaring, het selfs predikers binne tradisies wat selfopenbaring vanaf die kansel waardeur het, die benadering regmatig bevraagteken (Ramsey 2012:ad loc). Aan die een kant beweer Buttrick dat feitlik geen selfverwysing binne Christelike verkondiging 'n plek het nie. "To be blunt, there are virtually no good reasons to talk about ourselves from the pulpit" Buttrick (1987:141-43). Aan die ander kant demonstreer Craddock hoe 'n lewendige inkorporering van persoonlike ondervinding, veral deur die vindingryke gebruik van stories, prediking van die evangelie kan verhelder (Craddock 2010:208).

Selfverminderende humor het 'n positiewe en 'n negatiewe kant. Soos reeds vermeld behels selfverminderende humor 'n spreker wat met homself spot en homself nie te ernstig opneem nie. Die gebruik van selfverminderende humor kan die stereotipe van predikers as arrogant omvergooi en die indruk van nederigheid deurgee (Troup 2009:54). Die gebruik van hierdie humor laat 'n prediker toe om te identifiseer met die menslikheid, probleme en swakpunte van sy of haar lidmate. Dit dra ook 'n gevoel van nederigheid van die prediker oor, 'n kwaliteit wat baie mense meen in hierdie beroep ontbreek. Hierdie somtydse gebrek aan nederigheid in 'n prediker is veral tragies omdat dit die verlies van ontsag, eerbied en wonder oor die voorreg om oor God te praat, weerspieël.

In die woorde van Long (2016:16) "It is good to be in the pulpit, but we are not there because we are good" word die belangrikheid van nederigheid van 'n prediker deurgegee. Humor en nederigheid loop hand in hand (Troup 2009:54). Dit is egter 'n fyn balans om te handhaaf aangesien daar 'n wanbalans kan ontstaan wanneer 'n prediker slegs oor hom of haarself begin praat. Soos Barbara Brown Taylor (1998:76) wys, Jesus "did not star in his own stories". Sommige predikers vind moeilik die balans om nie te veel oor hulself te praat nie, al is dit ook op 'n humoristiese wyse. Dan verskuif die aandag dikwels weg van die preek af na die prediker en hy of sy word die middelpunt van die "event of preaching".

Barnette (1992:148-149) wys na 'n ander kant van selfverminderende humor. Selfverminderende humor blyk 'n lewensvatbare en effektiewe opsie vir predikers te wees wat 'n hoë status in die gemeenskap bereik het. Barnette se navorsing dui daarop dat hierdie humor slegs effektief is wanneer dit gebruik word deur predikers wat reeds as geloofwaardig beskou word. In ideale omstandighede beskik 'n gevestigde prediker oor 'n groot mate van geloofwaardigheid en kan hierdie humor as 'n instrument van identifikasie met sy of haar gemeente gebruik. Maar 'n prediker wat nuut in die gemeente is of net per geleentheid by 'n gemeente preek moet eerder nie sulke humor gebruik nie, ten minste nie in die begin nie. Predikers wat te vroeg met hulself spot, skep dikwels 'n gevoel van onsekerheid en 'n gebrek aan selfvertroue by 'n gemeente. Waar dit die geval is, het dit 'n negatiewe uitwerking op die gemeente (Barnette 1992:149).

Daar is nog 'n negatiewe aspek van selfverminderende humor wat ook vorendag kan kom as dit te veel gebruik word deur 'n prediker. In sy ondersoek na selfverminderende humor het Ziv (1984:64) waargeneem dat die oomblik wanneer 'n persoon sy swakhede in die openbaar verklaar, ander 'n gevoel van vergelykende meerderwaardigheid kan voel, wat uitgedruk word deur 'n glimlag of deur gelag. Hierdie negatiewe aspek van humor weerspieël duidelik die meerderwaardigheidsteorie wat bespreek is in hoofstuk 2. Joan Detz (2000:103), professionele spreker, waarsku teen die oormatige gebruik van selfverminderende humor as sy stel: "Knocking oneself down too much may cause the audience to question your competence or reputation." As 'n prediker te veel selfverminderende humor gebruik of dit tot die uiterste gebruik, kan dit lidmate laat wonder of so 'n prediker ooit op die kansel hoort. Dit is egter nie die oplossing om selfverminderende humor heeltemal te vermy nie. Volgens Detz (2000:103) is "light deprecating touch" die perfekte hulpmiddel om die gehoor se aandag te behou. Die spreekwoord "matigheid voor oë" is die wagwoord as dit by selfverminderende humor kom. Te min selfverminderende humor kan 'n prediker as morbied en te ernstig laat voorkom en te veel kan 'n prediker weer as onseker laat voorkom, dus moet predikers daarop let om 'n balans te handhaaf.

4.6 GEMEENTELIKE PERSPEKTIEWE OP HUMORISTIESE PREDIKING

Nog belangrike deelnemers in die "event of preaching" is die gemeente, die hoorders wat die preek gaan hoor (Long 2016:16). Vanuit die sosiale sielkundige navorsingsveld het daar oor die jare heen al 'n magdom studies die lig gesien wat die effek van humor op 'n groep bevestig. Martin (2007:114-150) en Lefcourt (2001:127-133) wys onder andere dat daar talle studies gedoen is oor humor en sosiale gemeenskappe op verskeie velde, onder andere humor en sosiale norme, sosiale persepsies oor humor, humor en geslagsrolle, humor en groepsidentiteit en talle ander. Weereens is dit hier die geval dat die groot hoeveelheid navorsing en temas nie tot reg kan kom in 'n kort oorsig oor humor in 'n gemeentekonteks nie. Dit is nietemin nodig om 'n oorsig te gee oor hoe humor funksioneer aan die kant van die ontvanger.

Daar kan verskeie gevolgtrekkings gemaak word vanuit sosiologiese navorsing oor humor, wat ook van toepassing is op prediking.

4.6.1 Verbinding met hoorders

Om 'n suksesvolle verhouding met hoorders te bou, is 'n noodsaaklike funksie van enige kommunikeerder (Cloud 2006:69-71). Een waardevolle ondersteunende funksie van humor volgens Meyer (2000:318) is om kommunikeerders te help om met hulle gehoor te identifiseer, die geloofwaardigheid van die spreker te verhoog en samehorigheid by 'n groep te bevorder. Die waardering van 'n sin vir humor is 'n belangrike deel van die groei en verdieping van verhoudings tussen mense, soos 'n gemeente, aangesien onderlinge onsekerheid verminder word en samehorigheid geskep word (Graham 1995). Professionele kommunikeerders probeer dikwels om spanning te verminder deur humor te gebruik en hul gehoor beter te laat voel in die sin dat hulle tot 'n meer gelyke verhouding met die spreker gebring word. Iets hiervan is ook waar van prediking waar predikers dikwels selfverminderende humor gebruik om hoorders te verhef tot hul vlak (Meyer 2000:318). Selfverminderende humor roep 'n scenario op waarmee die gemeente kan assosieer en bring 'n mate van ontspanning. Humor wat ontspanning ontlok of wat 'n prediker deel van 'n groep laat voel dien as 'n middel om die gemeente en die prediker by mekaar uit te bring deur hulle toe te laat om saam te lag en te ontspan. Sodoende is daar ook 'n verhoging in oplettendheid by hoorders (Meyer 2000:318). Triezenberg (2004:411) wys ook daarop dat humor dikwels die groepsgevoel tot gevolg het, die deel voel van 'n "intellektuele groep", wat hoorders laat ontspan en positiewer oor hulself laat voel.

4.6.2 Verlaging van verdediging

Little (2012:113) maak die stelling wat al deur verskeie ander navorsers in humornavorsing gelug is: "Humor can release inhibition or tension related to group differences." Sy brei uit op haar stelling:

At least a partial explanation lies in humor's invitation for people to let down their guards and to reduce their cognitive and emotional resistance to what others are saying. As a result of its defense-lowering potential, humor can provide a "safe harbor" for individuals and groups to process sensitive subject matter.

Die derde praktiese beswaar teen humor se gebruik in prediking is juis hierdie punt. Wanneer mense lag, word hul intellektuele en psigiese verdediging verlaag of verwyder en hulle word vatbaar vir invloede teen wie hulle, sonder die lag, hulself kan

“beskerm” (Webb 1998:15). Hoewel dit ’n ernstige beswaar teen humor se gebruik is, kan dit ook in ’n positiewe lig gesien word. Humor kan ook ’n waardevolle instrument in prediking wees om die verdediging van die luisteraar te verlaag (Killinger 1996:112).

Hybels et al. (1989:95) het reeds in die 1990’s ’n gaping vir hierdie gebruik uitgewys met evangelisasie prediking. Buttick (2007:5) maak ’n belangrike stelling: “The pulpit has lost public influence and the gospel is a very tough sell in today’s culture.” Finestad (2010:50) se Amerikaanse navorsing wat grotendeels van toepassing is op ’n Suid-Afrikaanse konteks, wys daarop dat wanneer die evangelie in die kultuur van vandag vertel word, daar twee uitdagings is. Eerstens word kultuur grootliks gevorm deur die media wat nie ’n Christelike wêreldbeskouing verteenwoordig nie, en humor is een van die tale van die hedendaagse kultuur (cf. Beukema 2005:ad loc). Tweedens, kerkgangers is geneig om toeskouers te wees en nie deelnemers nie. Albei hierdie uitdagings maak die verkondiging van die evangelie uitdagend in die een-en-twintigste eeu.

Hybels in Moyer (2012:153-154) skryf oor die gebruik van humor wanneer daar met nie-Christene gepraat word: “Some people come to church not expecting to find themselves enjoying the experience. If I can get them laughing, they relax and become more open to what I’m about to say.” Moyer (2012:154) wys daarop dat nie-Christene dikwels die kerk met die prediker verbind. Wat hulle uiteindelik dink van die prediker, dink hulle ook van die kerk, en andersom. Moyer (2012:154) sê verder dat daar in die universele taal van humor gepraat kan word met nie-Christene: “when they are laughing, they are listening and you can tell them anything you want to tell them”.

Humor verlaag verdediging en help Christelike predikers om die evangelie in die lewens van die hoorders in te bring. Briscoe in Moyer (2012:154) wys op kommentaar wat hy gekry het om op hierdie wyse te preek:

I’ve been listening to you for quite a long time now, and sometimes when I go home from church, I find a knife stuck in my ribs. I always wonder, “How did he do that?” So today I decided to watch you closely, and I found out how you did it. You got me laughing, and while I was laughing, you slipped the point home.

Op 'n ander wyse kan daar weer oor sensitiewe onderwerpe gepreek word en dit makliker oorgedra word wanneer humor gebruik word. Deur die verdediging van 'n luisteraar te verlaag, kan daar belangrike sensitiewe onderwerpe ingebring word wat andersins ongemaklikheid sou veroorsaak. Arthur Koestler se teorie van “bisociation” en Ziv se teorie van “local logic” kan hier in verband gebring word. Hierdie teorieë sê in wese dieselfde ding: dat humor mense in staat stel om dit buite hul normatiewe denkpatrone te waag, en sodoende 'n nuwe en vars perspektief op 'n gegewe onderwerp of idee te kry. Daarom wek humor kreatiwiteit en openheid vir nuwe idees op.

Humor skep ook openheid vir nuwe insigte as gevolg van die manier waarop dit persone kan distansieer van die waargenome bedreiging van 'n uitdagende idee of situasie. Verder stel die distansiëring mense in staat om buite hul gevoelens oor 'n gegewe onderwerp te beweeg en aan te spoor na 'n assessering van wat hulle oor 'n onderwerp dink, en nie noodwendig voel nie (Barnette 1992:248).

4.6.3 Die houding van die hoorders teenoor die prediker

Barnette (1992:191) wys op die manier hoe die sielkundige ingesteldheidsteorie van toepassing kan wees op die houding van die hoorders teenoor die prediker. Hoe meer die hoorders van 'n prediker hou, hoe groter is hul reaksie op die prediker se humor. Trouens, hoe minder hulle van die prediker hou, hoe minder sal hulle die prediker se humor geniet. Daarbenewens is dit belangrik dat die prediker 'n gesonde etos het wat afhanklik is van goeie interpersoonlike verhoudings met sy of haar gemeente. As die prediker swak verhoudings het of in die middel van 'n konflik met gemeentelede is, is die kans groot dat sy of haar pogings tot humor sal misluk.

Die gebruik van humor het ook 'n positiewe uitwerking op die etos van predikers en onderwysers. Barnette (1992:145) se empiriese data suggereer wat die meeste predikers alreeds weet: Gemeentes hou meer van 'n prediker wat hulle inlig én wat humoristies is, eerder as 'n prediker wat hulle net inlig. Ander navorsing oor sprekers en onderwysers dui daarop dat predikers wat humor gebruik, selfs dinamieser, bekwamer en betroubaarder kan lyk vir gemeentes (Barnette 1992:145).

Humor kan sosiale interaksie tussen prediker en gemeente fasiliteer. Die humor wat tussen prediker en hoorders gedeel word, lewer 'n gedeelde ervaring van dialoog tussen die twee partye. Voorts kan humor die “toets” positief beïnvloed waardeur elke

prediker in die hande van 'n gemeente onderwerp word. Deur effektiewe humor te gebruik, kan die prediker meer geredelik aanvaar word en makliker deel word van 'n bepaalde kerklike konteks (Barnette 1992:225).

4.6.4 Hoe 'n gemeente reageer op humor

Empiriese navorsing van Barnette (1992:232-234) dui op die verskillende sosiale faktore wat beïnvloed hoe mense op humor reageer in verskillende gemeentekontekste. Opsommend is dit:

- Hoe meer 'n gemeente geneig is om vrylik te lag, hoe makliker sal dit vir die prediker wees hulle te laat lag.
- Die gehegtheid van lidmate is ook 'n faktor. In die meeste gevalle, hoe beter 'n gemeente mekaar ken, hoe makliker lag hulle.
- Die grootte van die gemeente is ook 'n belangrike faktor. Hoe groter die gemeente is, hoe meer is hulle geneig om te lag en dus, hoe makliker is dit om humor te gebruik. In 'n kleiner gemeente voel mense meer kwesbaar wanneer hulle lag omdat hulle besorg is oor wat ander van hul dink.
- Formele teenoor informele kontekste speel ook 'n beduidende rol. Hoe meer formeel 'n aanbiddingsruimte is, hoe moeiliker dit is om luide lag te ontlok. In informele dienste, aan die ander kant, kom vreugdevolle uitdrukkings makliker.

4.7 GEVOLGTREKKING

Allereers is dit duidelik dat daar 'n beduidende tekort is aan resente navorsing oor humor in prediking. Die meeste navorsing is gelewer voor die draai van die millennium en is in 'n mate verouderd. Hierdie hoofstuk het gepoog om 'n breë oorsig te gee oor die veld van kanselhumor en die navorsing wat tot op hede bestaan. Uit die navorsing is dit duidelik dat daar nie net in 'n positiewe lig na humor gekyk word nie maar dat daar talle besware is teen die gebruik van humor. Verder is dit duidelik dat nie alle humor bruikbaar is in prediking nie. Humor soos sarkasme, grappe, en aggressiewe humor word afgekeur deur verskeie homilete en teoloë en behoort eerder vermy te word deur predikers. Daar is egter baie ander tipes humor wat predikers tot hulle beskikking het om te gebruik, onder andere, snaakse verhale, teenstrydighede en woordspeling.

Dit is ook duidelik dat die prediker self 'n belangrike rol speel in kanselhumor. Uit die navorsing wil dit voorkom of egtheid van groot belang is wanneer dit by die prediker

se humorstyl kom. Die gemeente self speel ook 'n groot rol wat kanselhumor betref. Humor kan gebruik word om op verskeie manier met die hoorders te verbind, asook om die hoorders se verdediging te verlaag.

Uit die navorsing is ook gesien dat liefde 'n beduidende rol speel in prediking. Tisdale (2010) beklemtoon onder andere die liefde wat 'n prediker aan 'n gemeente moet oordra. Dit is ook duidelik dat inkulturasie 'n groot invloed het op die manier waarop predikers humor gebruik in 'n erediens.

Hierdie hoofstuk het uiteindelik net die oppervlak aangeraak wat humor in prediking betref. Verskeie van die besware en onaanvaarbare tipes humor is “oppervlakkig” uiteengesit en onder hierdie verskeie temas lê daar by uitstek baie dieper teologiese redes en argumente. Weens die lengte van hierdie verhandeling is dit egter nie moontlik om alle argumente en temas tot op die been te sny nie. Die navorser sal in die toekoms graag 'n meer diepgaande teologiese studie van humor in prediking wil aanpak.

In die laaste hoofstuk word die algehele gevolgtrekkings uit hierdie verhandeling weergegee met toekomstige navorsingsmoontlikhede.

HOOFSTUK 5: GEVOLGTREKKING

5.1 OORSIG VAN STUDIE

In hoofstuk 1 is Osmer se eerste vraag beantwoord: *What is going on?* In dié hoofstuk is die navorsingsprobleem en die agtergrond van die navorsingsprobleem uiteengesit. Uit die navorsing is dit duidelik dat humor in prediking min aandag ontvang in homiletiese werke. Navorsing wat bestaan, berus hoofsaaklik op aanhalings, staaltjies en outeurs se menings. Die oorgrote meerderheid van homiliete wat oor hierdie onderwerp skryf, sien humor egter as 'n toepaslike instrument om in prediking gebruik te word. Dit is duidelik dat daar 'n groot leemte in die homiletiek veld is wat humor in prediking betref. Handleidings oor Christelike prediking het min en somtyds niks te sê oor die gebruik van humor in prediking nie. In die laaste dekade is daar bykans geen nuwe materiaal in hierdie veld gepubliseer nie. Die meeste skryfwerk hieroor het tussen 1980 en 2000 verskyn. Duidelik is daar 'n navorsingsleemte.

In hoofstuk 2 is Osmer (2008) se vraag: *Wat is aan die gang?* ook gevra. Hierdie hoofstuk sou aanvanklik 'n oorsig bied oor die enorme veld van humor. Eerstens is daar besef dat die veld van humor wyd strek en 'n kort hoofstuk ver te min is om eers die punt van die ysberg te raak. Navorsing oor humor verwyder ook die pret van die onderwerp. Uit die navorsing is dit duidelik dat humor 'n moeilike fenomeen is om te definieer. Daar bestaan 'n uiteenlopende hoeveelheid definisies van humor. Die humorproses kan verdeel kan word in vier essensiële komponente, 'n sosiale konteks, 'n kognitief-perseptuele proses, 'n emosionele reaksie, en die vokale gedragsuitdrukking van lag. 'n Oorsig is ook gegee oor die verskeie mededingende teorieë oor humor en elkeen se uitgangspunte. Uit die navorsing is daar gesien dat humor wyer is as net die vertel van grappe, daar is ook spontane en toevallige of onbedoelde humor wat die grootste deel van humor uitmaak (Martin 2007). Dit het ook aan die lig gekom geword dat humor nie net positiewe konnotasies het nie. Daar is verskeie negatiewe aspekte van humor ook, onder andere onverantwoordelikheid, gebrek aan medelye en bevordering van vooroordeel. Nie net die positiewe invloede en gebruike van humor moet in gedagte gehou word wanneer humor gebruik word in prediking nie. Dit is juis die negatiewe aspekte wat as waarskuwings dien oor wat om te vermy en waaroor om sensitief te wees wanneer humor gebruik word in eredienste.

Kultuur en etniese verskille het ook 'n beduidende impak op humor. Martin en Sullivan (2013:1) wys daarop gewys dat daar tot op hede redelik min navorsing gedoen is oor kultuurverskille en humor. Tog wil dit voorkom of verskillende kulture se humor grotendeels verskil. Die navorser het aan die einde ook 'n belangrike vraag vir toekomstige navorsing gevra: Kan daar 'n “bricolage” van Suid-Afrikaanse humor gevorm word vir die gebruik in prediking?

Bybelse perspektiewe op humor in is hoofstuk 3 aangepak met Osmer se eerste twee vrae: *Wat is aan die gang?* en ook *Waarom is dit aan die gang?* Die hoofvraag wat uit hierdie hoofstuk na vore gekom het is: Is daar humor in die Bybel? Die oorgrote meerderheid teoloë en Bybelkundiges bevestig die voorkoms van humor in beide die Ou en die Nuwe Testament, alhoewel daar 'n uiteenlopende hoeveelheid meningsverskille is oor wat as humor gesien kan word. Uit die navorsing is dit duidelik dat die humor in die Bybel nie altyd voor die hand liggend is nie. Daar is verskeie faktore wat die verstaan van Bybelhumor beïnvloed. Baie van die navorsers wat humor in verskeie dele van die Bybel ontdek het, waarsku ook teen die verkeerde aanname van humor in die Bybel.

In die soeke na humor in die Ou Testament is daar gesien dat daar in Hebreeus geen woord vir humor is nie. Dit het ook aan die lig gekom dat verskillende kundiges verskillende invalshoeke het om humor te identifiseer in die Ou Testament. Navorsers vermeld dat daar in sekere Ou-Testamentiese boeke meer humor voorkom as in ander. In die soeke na humor in die Nuwe Testament het dit geblyk dat die meeste gevalle van humor die humor van Jesus is. Oorkoepelend het dit duidelik geword dat die meeste humor in die Bybel in natuurlike menslike kontekste voorkom. Die Bybel bied en beskryf 'n God wat ingryp in normale menslike sake – sake wat met hartseer, mislukkings, suksesse, blydschap en ook humor en die komiese verband hou. Humor in die Bybel funksioneer dus kontekstueel en in werklike lewensverhale wat van groot belang is vir prediking. Uiteindelik is daar tot die gevolgtrekking gekom dat die Bybel oor die algemeen nie op sigself humor bevestig nie, maar dit ook nie afwys nie.

Hoofstuk 4 is aan die hand van verskeie vrae van Osmer beantwoord: *Waarom is dit aan die gang, Wat behoort aan te gaan en Hoe kan ons reageer?* Hierdie hoofstuk het verskeie vrae probeer antwoord: Moet 'n preek snaaks wees? Behoort 'n preek lag aan te moedig? Is daar ruimte vir iets soos 'n “komiese preek”? Navorsing oor humor

is egter geen grap nie. Daar is verskeie besware teen die gebruik van humor in prediking. Slegs die oppervlakte van hierdie argumente is aangeraak en dit vra duidelik vir verdere navorsing. Aangesien 'n MTh-verhandeling slegs ongeveer honderd-en-veertig bladsye lank behoort te wees, is dit onrealisties om 'n diepgaande uiteensetting van hierdie argumente te bied. In verdere navorsing moet daar agter die kap van die byl gekom word.

Nie alle humorsoorte is geskik vir gebruik in prediking nie. Verskeie soorte humor behoort vermy te word in prediking, soos grappe, en ander behoort met groot versigtigheid gebruik te word, soos sarkasme. 'n Goue reël kan hiervoor ingestel word: Indien daar twyfel bestaan oor of 'n sekere tipe humor in goeie smaak val, behoort dit vermy te word. Liefde vir 'n gemeente kan ook as maatstaf gebruik word. Dra humor by tot die liefde wat die prediker na die gemeente behoort uit te straal, of bring dit skeiding?

Daar is egter verskeie ander “meer aanvaarbare” humorsoorte wat die prediker tot sy of haar beskikking het om te gebruik. Oor hierdie ander humorsoorte word daar egter waarskuwings gerig en uiteindelik kan daar 'n paar belangrike opmerkings gemaak word vanuit die navorsing.

5.2 ALGEHELE GEVOLGTREKKING

Daar is verskeie gevolgtrekkings wat uit hierdie studie gemaak kan word. Homilete moet erns maak met navorsing oor die gebruik van humor in prediking aangesien dit 'n verskynsel is wat gereeld voorkom. So gereeld dat elke tweede erediens omtrent met 'n grappie begin, dikwels nie eens iets snaaks nie. Die negatiewe inkulturasie van die “after dinner-speech” het 'n beduidende invloed op prediking gehad en sommige hedendaagse predikers is onder die indruk dat humor die “regte” invalshoek is op prediking, aangesien dit in ander dissiplines so wil gebruik word. In 'n era van verbruikerisme word preke dikwels met grappe verkoop. Aangesien teaters stampvol sit wanneer daar 'n “stand-up” komedie vertoning gehou word, kan 'n mens aanneem dat humoristiese prediking dieselfde uitwerking sal hê? Om weer na Luccock (1944:169) se treinmetafoer te verwys, is humor nie meer die vonke wat toevallige byprodukte van die wrywing van die wiele teen die spore is nie, humor het die lokomotief geword wat prediking dryf, die Christelike boodskap is slegs die trokke van

die trein wat maar terloops saamgesleep word as 'n bonus. Dit is op hierdie punt waar goeie navorsing broodnodig is.

Uit die waarneming van ander dissiplines buiten teologie blyk dit dat humor op sigself oor uiteenlopende positiewe kenmerke beskik. Humor se positiewe kenmerke kan ook van groot waarde wees vir die teologie en spesifiek die veld van homiletiek. Uit die verskeie hoofstukke staan dit voorop dat daar 'n groot skaarste van bronne oor humor in prediking en in teologie bestaan. In ander navorsingsvelde onder andere, sielkunde en antropologie, is daar egter groot hoeveelhede goeie resente studies oor humor. Daar is ongelukkig min tot amper geen resente werke oor humor in prediking nie. Bronne wat wel dele oor humor in prediking bevat, dra dikwels nie veel by tot die gesprek nie. Hierdie bronne wys ook meestal die positiewe en negatiewe van humor uit, maar skenk geen aandag aan die *hoe* van humor in prediking nie. Hier is duidelik 'n navorsingsleemte.

Humor is nie so 'n voor die hand liggende ontwerp soos wat dit blyk nie. Met 'n meer diepgaande kyk na die fenomeen van humor het dit duidelik geword dat daar met versigtigheid met die onderwerp omgegaan moet word. In die eerste plek is daar nie 'n universele definisie vir humor nie en tweedens is humor ook dikwels kultuurspesifiek en konteksafhanklik. Daar is ook 'n groot hoeveelheid etiek verbonde aan humor wat in ag geneem moet word.

Die gebruik van humor in prediking is duidelik ook nie sonder kritiek nie. Verskeie teoloë en kundiges het deur die eeue heen beswaar gemaak teen die gebruik van humor in die Christendom, maar veral ook teen die gebruik daarvan in prediking. Van die vernaamste teenstanders is Johannes Chrysostomos en Reinhold Niebuhr. Agter hierdie kritiek teen humor in prediking lê heelwat dieper teologiese vrae wat die grondslag van hierdie kritiek vorm. Dit vra na verdere navorsing oor die teologie van humor.

Die oorgrote meerderheid van homiliete wat oor die onderwerp skryf, sien humor egter as 'n toepaslike instrument vir gebruik in prediking. Die gebruik van humor word geregverdig deur bewyse van humor in die Bybel. Dit wil voorkom of die meeste gevalle van humor in die Bybel in natuurlike kontekste afspeel en ongeforseerd is. Dit blyk dat Jesus ten gunste van humorgebruik is en het selfs ook dikwels humor gebruik. Die Bybel oor die algemeen bevestig nie op sigself humor nie, maar wys dit ook nie af

nie. Daarbenewens word kanselhumor ook geregverdig deur die gebruik daarvan onder resente populêre predikers.

Terwyl homiletiese navorsing die nuttigheid van kanselhumor bevorder, rig dit ook duidelike waarskuwings aan die prediker. Verskeie soorte humor behoort eerder vermy te word. Die prediker het egter 'n groot hoeveel "positiewe" humorsoorte om van te kies vir preekgebruik. Gunstige en ongunstige humor het 'n aansienlike impak op die prediker se verhoudings met sy of haar gemeente. Die gemeente se siening van 'n prediker kan grotendeels gevorm word deur sy of haar tipe humorgebruik. As 'n prediker humor op 'n positiewe, opbouende en gebalanseerde wyse gebruik, kan dit sy status en etos verhoog waar ongunstige of 'n oormaat van humor die prediker se geloofwaardigheid in gedrang laat kom en sy of haar etos verlaag.

Is die sinvolle/effektiewe gebruik van humor in prediking uiteindelik moontlik?

Die sinvolle gebruik van humor in prediking is inderdaad moontlik, as verskeie slaggate vermy word, goeie besluite geneem word en daar hard gewerk word deur predikers om humor effektief te gebruik, kan humor uiteindelik tot groot voordeel van prediking wees.

5.3 ROETEMERKERS AS VOORLOPIGE PRAXISTEORIE

Uit die navorsing kan daar opsommend 'n paar roetemerkers uitgelig word waar in die toekoms 'n volledige praxisteorie ontwikkel kan word. Hierdie roetemerkers is aan die hand van Long (2016:16-17) se "event of preaching" uiteengesit.

5.3.1 Die gemeente

- Humor skep 'n band met hoorders en lok en hou die aandag van die hoorders.
- Humor help om hoorders te verenig. Deur saam te lag kan 'n gevoel van gemeenskaplikheid gevestig word.
- Humor kan die verdediging van hoorders verlaag en die prediker toelaat om oor meer kontroversiële onderwerpe te praat.
- Humor kan die etos en gewildheid van 'n prediker verhoog, asook die prediker laat voorkom as 'n sterk leier.
- Humor kan effektief wees wanneer dit as stories aangebied word. Soms kan humoristiese stories betekenis oordra wat moeilik is om uit te druk deur ander mediums.

- Dit is belangrik dat die prediker 'n gesonde etos het wat afhanklik is van goeie interpersoonlike verhoudings met sy of haar gemeente. As die prediker swak verhoudings het of in die middel van 'n konflik met gemeentelide is, is die kans groot dat sy of haar pogings tot humor sal misluk.

5.3.2 Die prediker

- Indien 'n prediker twyfel of 'n humorsoort in goeie smaak val, behoort dit vermy te word.
- Die gebruik van humor, “net om snaaks te wees,” behoort geen plek te hê in prediking nie.
- Effektiewe humor is afhanklik van goeie konteksanalise.
- Humor moet natuurlik wees vir die prediker wat dit gebruik. Predikers behoort net na hulle eie aard op te tree en nie probeer voorgee om iemand anders te wees nie by die gebruik van humor.
- 'n Prediker behoort nooit die rol van 'n nar of kompulsiewe humoris aan te neem nie.
- Die prediker se persoonlike agendas behoort nooit deur humor weerspieël te word nie.
- Die prediker moet deurgaans nadink of die gebruik van humor ware liefde vir die gemeente oordra.
- Dit is van groot belang dat 'n prediker altyd nederig moet wees. Daar moet egter gewaak word teen 'n oorname selfverminderende humor, aangesien dit 'n prediker se geloofwaardigheid kan verlaag.

5.3.3 Die preek

- Oormatige humor moet nie in 'n preek voorkom nie. Kompulsiewe humoriste het baie selde 'n positiewe invloed op 'n gemeente en kan maklik geloofwaardigheid verloor.
- Humoristiese materiaal moet relevant wees tot die inhoud van die preek. Long (2016) stel duidelik: “There should be no ‘side trips’”.
- Humor wat gemengde boodskappe oordra (Kan ons ons vyande liefhê, maar hulle steeds bespot?), behoort nie gebruik te word nie.

5.3.4 Die teenwoordigheid van Christus:

- Humor in prediking behoort nie die hoofokus te dra nie, Christus en die Bybel moet steeds die middelpunt wees.
- Aggressiewe humor bring afbreek tot die liggaam van Christus en behoort vermy te word.
- Humor in prediking moet nooit die ruimtes waar mense gemaklik voel verbrokkel nie. Christus se Kerk behoort 'n veilige hawe te wees vir almal.
- Humor behoort mense nooit uit te sluit nie. Die Christelike geloof nooi juis in en stoot nie weg nie.
- Die basis van God se Woord is liefde, daarom behoort humor ook liefde te beklemtoon.
- Jesus, die lewende Woord, was gekruisig, en woorde en swak humor wat gepreek word, kan ook kruisig, daarom moet in gedagte gehou word dat predikers se woorde, God se Woorde word wanneer dit gepreek word.

5.4 TOEKOMSTIGE NAVORSINGSMOONTLIKHEDE

Daar is baie toekomstige navorsingsmoontlikhede in die veld van humor met betrekking tot prediking. Weens die realiteit van min navorsing is toekomstige navorsing van groot belang vir die homiletiek as navorsingsveld.

Die mees prominente navorsingsmoontlikheid vir die toekoms is die noodigheid vir 'n model om predikers te wys hoe om humor te implementeer in prediking. Homiletiese navorsing kan nie net afhang van die voorstelle, aanhalings en implikasies van empiriese data uit ander dissiplines en verouderde navorsing nie. Webb (1998) poog om predikers in die regte rigting te stuur met sy hoofstuk "The construction of a Comic Sermon," maar die navorser is van mening dat meer diepgrondige, meer resente navorsing nodig is oor hierdie onderwerp. Daar is heelwat navorsing oor die moets en nie moenies, maar die *hoe*-vraag, verg verdere navorsing.

Studies oor die gebruik van humor deur bepaalde predikers is ook beslis nodig. Ondersoeke na hoe humor funksioneer binne die inhoud van humoristiese predikers se preke sal nuttig wees vir 'n verstaan oor hoe om humor in te bou in 'n preek. Met ander woorde 'n empiriese studie met preekanalises oor humorgebruik.

Persoonlikheid speel 'n beduidende rol in humoristiese prediking en daar bestaan 'n groot gaping in die navorsingsveld vir 'n studie oor die invloed van persoonlikheid in humorkeuse in prediking. Nel (2001) het reeds in sy boek *Ek is die verskil – die invloed van persoonlikheid op die prediking*, na persoonlikheidstipes gekyk in prediking. Steyn (2008) het ook in 'n proefskrif die invloed van die liturg se MBTI-persoonlikheidstyl op die voorbereiding, inkleding en aanbieding van 'n erediens nagevors. Die homiletiekveld kan egter baat by 'n studie oor persoonlikheidstipes en humor.

Meer aandag moet gegee word aan die tipes humor wat in prediking gebruik word. 'n Toekomstige studie kan die tipes humor wat meestal deur predikers gebruik word ondersoek. Homiletiese voorneme sal hierby behulpsaam wees. Wat probeer die prediker bereik met spesifieke humor? Empiriese toetse kan onderskei watter tipes effektiewer is in terme van luisteraarwaardering en die bereiking van die voorneme van die prediker.

Nog 'n nuttige studie sou wees om die gevolge van verskillende gemeentekontekste op die waardering van preekhumor te ondersoek. Dieselfde humoristiese preke kan in verskillende gemeentes aangebied word wat wissel in grootte, sosiale status en liturgiese styl. So 'n studie kan insig gee in die rol van gehooranalises in die prediker se gebruik van humor.

Die feit dat humor beide positiewe en negatiewe funksies kan hê, kan die navorser tot die etiese veld lei. Ontleding van die etiek van humor in prediking kan 'n model produseer waardeur die prediker kan bepaal wanneer humor gepas en opbouend is, en wanneer dit onvanpas en aanstootlik is. Die humor van bepaalde predikers kan getoets word om te sien hoe dit aan die etiese model voldoen.

'n Ander invalshoek op humor in prediking kan nagevors word vanuit die teologiese antropologiese veld. Die werk van onder andere J.K.A. Smith in *Desiring the Kingdom* (2009), *Imagining the Kingdom* (2013) en *You are what you love* (2016), kan van groot waarde wees vir humor in homiletiek. Met die idee dat liturgie die mens se hart gryp om te beheer en te verbeel in gedagte kan ons vra: Kan humor, soos liturgie, dit nie ook moontlik doen nie?

'n Swaargewig teologiese studie wat verder aangepak kan word is die diep teologiese argumente en idees wat onderliggend is aan die besware teen humorgebruik in

prediking, die keuse om sekere humorsoorte te vermy en die voorkeur van ander humorsoorte.

'n Wonderlike verdere studie moontlikheid kan ook die idee van bricolage humor wees. 'n Tipe "knip en plak"-humor uit verskillende kulture en etniese groepe vir multikulturele humoristiese prediking in 'n Suid-Afrikaanse konteks.

Humor kan ook van groot waarde wees vir gemeentebou aangesien navorsing daarop dui dat 'n gemeente wat saam lag, 'n nouer en hechter gemeente is. Verdere navorsing oor humor se rol in gemeentekonteks kan tot groot waarde wees vir teologiese studies in gemeentebou.

Uiteraard is verdere navorsing in humorstudies in homiletiek en oor 'n breër spektrum broodnodig aangesien die veld nie baie aandag geniet het die afgelope twee dekades nie. Dit is duidelik dat empiriese studies groot bydraes kan lewer tot hierdie veld en dit word duidelik weerspieël in die toekomstige navorsingsmoontlikhede.

BIBLIOGRAFIE:

Adams, D., 1975, *Humor in the American Pulpit: From George Whitefield through Henry Ward Beecher*. Austin: The Sharing Company.

Al-Ameedi, R.T.K en Abdulmajeed, R.K., 2016, "Persuasion in Jesus Christ's Humour: A Linguistic Analysis". *Open Journal of Modern Linguistics*, 6(1), 71-84.

Apte, M.L., 1985, *Humor and Laughter: An Anthropological Approach*. Ithaca: Cornell University Press.

Arbuckle, G., 1991, *Grieving for Change*. Londen: Cassell.

Arthurs, J.D en Gurevich, A., 2000, "Theological and Rhetorical Perspectives on Self-Disclosure in Preaching". *Bibliotheca Sacra*, 157(1), 215-26.

Attardo, S., 2017, The General theory of verbal humor. In: Attardo, S *The Routledge Handbook of Language and Humor*. Abingdon: Routledge.

Attardo, S., 1994, *Linguistic Theories of Humor*. Berlin: Mouton de Gruyter.

Baldwin, E., 2007, "Humor Perception: The Contribution of Cognitive Factors." PhD Proefskrif, Georgia State University.

Bardon, A., 2005, The Philosophy of Humor. In: Charney, M *Comedy: A Geographic and Historical Guide*. 2nd ed. Westport: Greenwood Press. 462-476.

Barnard, M., 2014, "Bricolage/Particularity". In: *Barnard M Worship in the Network Culture: Liturgical Ritual Studies. Fields and Methods, Concepts and Metaphors*. Leuven: Peeters. 117-130.

Barnard, A.C., 1981, *Die erediens*. Pretoria: NGKB.

Barnette, J.R., 1992, "Humor in preaching: The contributions of Psychological and Sociological research", PhD Proefskrif, The Southern Baptist Theological Seminary.

Barnette, J.R., 1996, A Time to Laugh: Principles of Good Pulpit Humor. Available: <https://www.preaching.com/articles/a-time-to-laugh-principles-of-good-pulpit-humor/>. Laaste beskou op 2017/07/19.

Berggrav, E., 1983, "Humor and Seriousness." *Dialog: A Journal of Theology*, 22(1), 206-210.

Barth, C.H., 1997, 'lā'ag; la'ag; lā'ēg', in G.J. Botterweck, H. Riggren & H-J. Fabry (eds.), *The Theological Dictionary of the Old Testament*, transl. J. Bergman & H. Ringgren, vol. 8, pp. 10–14, Grand Rapids: Eerdmans.

Bartelmus, R., 2004, 'śāhaq/sāhaq', in G.J. Botterweck, H. Riggren & H-J. Fabry (eds.), *The Theological Dictionary of the Old Testament*, transl. J. Bergman & H. Ringgren, vol. 14, pp. 58–72, , Grand Rapids: Eerdmans.

Beukema, J.H, 2005, Why Serious Preachers Use Humor (Part 1). Available: <http://www.preachingtoday.com/skills/themes/humor/200403.30.html>. Laaste beskou op 2017/07/19.

- Berlin, A., 2001, *The JPS Bible Commentary: Esther*. Philadelphia: The Jewish Publication Society.
- Berger, P.L., 2014, *Redeeming laughter*. 2nd ed. Berlin: Walter de Gruyter.
- Biddle, M., 2013, *A Time to Laugh: Humor in the Bible*. Georgia: Smyth & Helwys.
- Botha, J.S., 2010, "Kreatiewe prediking: kreatiwiteit in diens van die Heilige Gees in die ingewing van die preek." PhD Proefskrif, Universiteit van Pretoria.
- Brooks, P., 1902, *Lectures on Preaching*. New York: E. P. Dutton & Co.
- Burger, C.W., 2009, Ontdek die belang van die erediens, in Wepener, C en Van der Merwe, J 2009. *Ontdekkings in die Erediens*. 15-29, Wellington: Lux Verbi BM.
- Burger, C., 2001, *Ons weet aan wie ons behoort. Nuut gedink oor ons Gereformeerde tradisie*. Kaapstad: Lux Verbi.BM.
- Burger, C., 1999, *Gemeentes in die kragveld van die Heilige Gees. Oor die unieke identiteit, taak en bediening van die kerk van Christus*. Stellenbosch: BUVTON.
- Burrell, D.J., 1913, *The Sermon: Its Construction and Delivery*. New York: Fleming H. Revell.
- Bussie, A., 2007, *The Laughter of the Oppressed: Ethical and Theological Resistance in Wiesel, Morrison, and Endo*. New York: T&T Clark.
- Buttrick, D., 1987, *Homiletic: Moves and Structures*. Minneapolis: Fortress Press.
- Buttrick, G.A., 1971, "The Bible and Preaching." In: *The Interpreter's One-Volume Commentary on the Bible*, ed, Laymon C.M. Nashville: Abingdon Press, 1255.
- Campbell, C.L en Cilliers, J.H., 2012, *Preaching fools: The Gospel as a Rhetoric of Folly*. Waco: Baylor University Press.
- Capps, D.E., 2016, *Humor Us: An Appeal for the Gospel of Relaxation*. Oregon: Cascade Books.
- Cilliers, J.H., 2014, "Alle kaarte op die preek?". *NGTT*, 55(3 & 4), 533-555.
- Cilliers, J.H., 2009, "Clowning on the pulpit? Contours of a comic vision on preaching". *Scriptura*, 101(1), 189-197
- Cilliers, J.H., 2004, *Die Lewende stem van die evangelie. Nuut gedink oor die basiese beginsels van prediking*. Stellenbosch: Sun Press.
- Cilliers, J.H., 2003, "Die plek en funksie van die wet in die erediens". *NGTT*, 4(1 en 2), 1-19.
- Cipriani, R., 2000, *Sociology of Religion*. New York: Walter de Gruyter.
- Clasen, F et al. (reds) 2010, *Handleiding vir die erediens*. Wellington: Bybel-Media.
- Claassens, L.J.M., 2015a, "Rethinking Humour in the Book of Jonah: Tragic Laughter as Resistance in the Context of Trauma". *Old Testament Essays*, 28(3), 655-673.

- Claassens, L.J.M., 2015b, "Tragic Laughter. Laughter as Resistance in the Book of Job". *Journal of Bible and Theology*, 69(2), 143-155.
- Cloud, H., 2006, *Integrity: The Courage to Meet the Demands of Reality*. New York: Harper Collins.
- Cox, H., 1969, *The Feast of Fools. A Theological Essay on Festivity and Fantasy*. Londen: Harper Colophon Books.
- Craddock, F.B., 2010, *Preaching*. 2nd ed. Nashville: Abingdon Press.
- Crawford, C.B., 1994, "Theory and implications regarding the utilization of strategic humour by leaders". *The Journal of Leadership Studies*, 1(4), 53-67.
- Cronin, P.R.F en Coughlan M., 2008, "Undertaking a literature review: a step-by-step approach". *British Journal of Nursing*, 17(1), 38-43.
- Cruthirds, K.W. Wang, V.L. Wang, Y.L. en Wei, J., 2012, "A comparison of humor styles in US and Mexican television commercials". *Marketing Intelligence and Planning*, 30(1), 384-401.
- Critchley, S., 2002, *On Humour Thinking in Action*. Londen: Routledge.
- Cundall, M., 2012, "Towards a better understanding of racist and ethnic humor". *Humor*, 25(2), 155 – 177.
- Chupungco, A., 1996, Two Methods of Liturgical Inculturation, in *Lutheran World Federation Studies: Christian Worship: Unity in Cultural Diversity*, ed. by Stauffer, S.A. Geneva: Lutheran World Federation.
- Darmon, D., 2003, "The preacher as court jester: The intentional use of sermonic humor to persuasively address controversial subjects", PhD Proefschrift, United Theological Seminary.
- Dell, K.J., 2017, *Job: An Introduction and Study Guide: Where Shall Wisdom Be Found?* Londen: T&T Clark.
- Demaray, D., 1986, *Laughter, Joy, and Healing*. Grand Rapids: Baker.
- Denny, L. en Wepener, C., 2013, "The Spirit and the meal as a model for Charismatic worship: A practicaltheological exploration", *HTS Teologiese Studies* 69(1).
- Detz, J., 2000, *It's Not What You Say, It's How You Say It*. New York: St. Martin's Griffen.
- Drakeford, J., 1986, *Humor in Preaching*. Grand Rapids: Zondervan.
- Faber, H., 1971, *De pastor in het moderne zieken huis*. Assen: Van Gorcum en Comp.
- Feinberg, L., 1978, *The Secret of Humor*. Amsterdam: Rodopi.
- Finestad, C.A., 2010, "The use of humor in preaching and its relationship with ethos, relational solidarity, and affective learning." PhD Proefschrift. Asbury Theologiese Seminarium.

- Fisher, E.J., 1977, "The divine comedy: Humor in the Bible". *Religious Education*, 72(6), 571-579.
- Ford, T.E. McCreight, K.A. Richardson, K., 2014, "Affective Style, Humor Styles and Happiness". *Europe's Journal of Psychology*, 10(3), 451–463.
- Freedman D.N. (ed.), 1992, *The Anchor Bible Dictionary*, vol. 3 (H-J), New York: Harper Collins.
- Freud, S., 1960, *Jokes and their relation to the unconscious*. New York: Norton.
- Friedman, H.H., 2000, "Humor in the Hebrew Bible". *Humor*, 13(3), 257-285.
- Frye, N., 1963, *Fables of Identity: Studies in Poetic Mythology*. New York: Harcourt, Brace & World, Inc.
- Garvie, A., 1920, *The Christian Preacher*. Edinburgh: T&T Clark.
- Geeraert, D., 2003, Caught in a Web of Irony: Job and his Embarrassed God. In: van Wolde, E *Job 28: Cognition in Context*. Leiden: Brill.
- Gervais, M. en Wilson, D.S., 2005, "The evolution and functions of laughter and humor: A synthetic approach". *Quarterly Review of Biology*, 80(4), 395-430.
- Gilhus, I.S., 2014, *Laughing gods, weeping virgins: Laughter in the History of Religion*. 2nd ed. New York: Routledge.
- Goldman, C., 2009, *Healing Words for the Body, Mind, and Spirit: 101 Words to Inspire and Affirm*. New York: Morehouse Publishing.
- Good, E.M., 1965, *Irony in the Old Testament*. Philadelphia: The Westminster Press.
- Gouws, R.H, Luther, J, Pfeiffer, F., 2015, *HAT: Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*. Kaapstad: Pearson.
- Graham, E. E., 1995, "The involvement of sense of humor in the development of social relationships". *Communication Reports*, 8(1), 158-170.
- Green, H., 1972, *Why Churches die*. Minneapolis: Bethany Fellowship.
- Green, A., 2011, "Power, deception, and comedy: the politics of exile in the book of Esther". *Jewish Political Studies*, 23(2), 61-115.
- Greenstein, E.L., 2004, Jeremiah as an inspiration to the poet of Job. In: Kaltner, J en Stulman, L *Inspired Speech: Prophecy in the Ancient Near East Essays in Honor of Herbert B. Huffmon*. Londen: T&T Clark.
- Greenstein, E.L., 1992, "Humour and wit in the Old Testament", in D.N. Freedman (ed.), *The Anchor Bible Dictionary*, vol. 3 (H–J), pp. 330–333, New York: Doubleday.
- Greenspoon, L., 2007, Focus On Humor in the Old Testament. Available: https://global.oup.com/obso/focus/focus_on_humor_ot/. Laaste beskou op 2017/07/21.
- Gritsch, E.W., 2006, *The Wit of Martin Luther*. Minneapolis: Fortress Press.

- Gruner, C.R., 1997, *The game of humor: A comprehensive theory of why we laugh*. Brunswick: Transaction Publishers.
- Gruner, C.R., 1978, *Understanding Laughter: The Workings of Wit and Humor*. Chicago: Nelson-Hall
- Haig, R.A., 1988, *The anatomy of humor: Biopsychosocial and therapeutic perspectives*. Springfield: Charles C. Thomas Publishers.
- Hart, A.D., 2007, *Thrilled to death: How the endless pursuit of pleasure is leaving us numb*. Nashville: Thomas Nelson.
- Heflin, J., 1974, "An Evaluation of the Use of Humor in the Sermon". PhD Proefskrif, Southwestern Baptist Theological Seminary.
- Herion, G.A., 1992, "Humour and wit". In: Freedman D.N. *The Anchor Bible Dictionary vol 3*. New York: Doubleday.
- Heyns, L.M. en Pieterse, H.J.C., 1990, *A primer in practical theology*. Pretoria: Gnosis Books & Publishers.
- Heitink, G., 2003, *Tussen 'oprit 57' en 'afslag 03' de Weg, het Landschap en de Praktische Theologie*. Kampen: Kok.
- Heitink, G, Pieterse, H.J.C, Vos, C.J.A., 2000, "n Poging tot saamdink". *Praktiese Teologie in Suid-Afrika*, 15(2), 53-72.
- Heitink, G., 1999, *Practical theology. History. Theory. Actions. Domains*. Grand Rapids: B. Eerdmans.
- Heitink, G., 1993, *Praktische theologie. Geschiedenis- theorie - handelingsvelden*. Kampen: Kok.
- Hockenbury, D.H en Hockenbury, S.E., 2012, *Psychology*. 6th ed. New York: Worth Publishers.
- Hijri, F., 2009, "Somebody Going to Get Hurt Real Bad': The Race-Based Comedy of Russell Peters". *Canadian journal of communication*, 34(4), 567-586.
- Huizinga, J., 1938, *Homo Ludens: A Study of the Play Element in Culture*. Boston: Beacon Press.
- Hybels, B, Briscoe, S en Robinson, W., 1989, *Mastering Contemporary Preaching*. Portland: Multnomah.
- Hyers, C., 1987, *The Comic Vision and the Christian Faith: A Celebration of Life and Laughter*. Oregon: Wipf & Stock Pub.
- Immink, F.G., 2014, *The touch of the sacred: The practice, theology and tradition of Christian worship*. Grand Rapids: Eerdmans.
- Immink, F.G. en Verweij, A., 2007, Dealing with the Suffering of Jesus in the Context of a Suffering World: An Example of Emperical Homiletics, in Vos, CJA, Hogan, LL &

- Cilliers, JH (eds), *Preaching as a Language of Hope*, in *Studia Homiletica* 6, 141-154. Pretoria: Protea Book House.
- Immink, G., 1998, "Een dubbele beweging". In: Oskamp, P en Schuman, N (reds.). *De weg van de liturgie. Tradities, achtergronden, praktijk*. Zoetermeer: Uitgeverij Meinema.
- Kloppers, E., 2005, "Handelinge in die erediens: Die verryking van die liturgie deur musiek". *HTS Teologiese tydskrif*, 61(1 en 2), 191-209.
- Koncz, J.R., 2001, "Rhetorically analyzing humor: a Methodology for studying humor as a rhetorical strategy". PhD Proefskrif, Arizona State University.
- Jonsson, J., 1965, *Humour and Irony in the New Testament*. Leiden: Brill.
- Killinger, J., 1997, *Fundamentals of Preaching*. 2nd ed. Atlanta: Fortress Press.
- Kuipers, G., 2006, *Good Humor, Bad Taste A Sociology of the Joke*. Berlin: Walter de Gruyter.
- Kumar, R., 2011, *Research methodology a step-by-step guide for beginners*. 3rd ed. Londen: SAGE Publications Ltd.
- Kuschel, K.J., 1994, *Laughter: A Theological Essay*. Londen: SCM Press.
- Kruger, H.A.J., 2014, "Laughter in the Old Testament: A hotchpotch of humour, mockery and rejoicing?". *In die Skriflig*, 48(2), 1-10.
- Kruger, F.P. en venter, C.J.H., 2002, "Die prediker as toeruster van die gemeente: basisteoretiese perspektiewe vanuit Hebreërs." *In die Skriflig*, 36(3):349-367.
- Kynes, W., 2011, "Beat Your Parodies into Swords, and Your Parodied Books into Spears: A New Paradigm for Parody in the Hebrew Bible". *Biblical Interpretation*. 19(1), 276-310.
- Laroche, M. Nepomuceno, M.V. Huang, L. en Richard, M.O., 2011, "What's so funny? The use of humor in magazine advertising in the United States, China and France". *Emerald Management Reviews*, 51(1), 404-416.
- Laing, A., 2013, 'South Africa is an angry nation on the brink, warns Nelson Mandela's wife', <http://www.telegraph.co.uk/news/worldnews/africaandindianocean/southafrica/9916310/South-Africa-is-an-angry-nation-on-the-brink-warns-Nelson-Mandelas-wife>. Laaste besoek op 207/04/12.
- Lategan, L.O.K., 2007, "n Voorgestelde raamwerk vir die literatuurstudie as kwalitatiewe navorsingsmetodologiese tegniek". *Acta Theologica*, 2(1), 129-142.
- Lefcourt, H.M., 2001, *Humor: The Psychology of Living Buoyantly*. Berlin: Springer Science & Business Media.
- Leuschner, F.W & De Klerk B.J., 2003, "Die erediens as instrument in gemeenteboutogespits op die Gereformeerde kerke in Suid-Afrika". *In die Skriflig*, 37/3, 439-459

- Little, L.E., 2012, "Just a Joke: Defamatory Humor and Incongruity's Promise". *Southern California Interdisciplinary Law Journal*, 21(1), 1-84.
- Liu, K.W.Y., 2012, "Humor Styles, Self-Esteem and Subjective Happiness". *Discovery – SS Student E-Journal*, 21(1), 21-41.
- Long, D.L. en A.C. Graesser., 1988, "Wit and Humor in Discourse Processing". *Discourse Process*, 11(1), 35-60.
- Long, T., 2016, *The Witness of preaching*. 3rd ed. Kentucky: Westminster/John Knox Press.
- Lose, D.J., 2008, Teaching preaching as a Christian practice, in Long, T G & Tisdale, L T (reds). *Teaching preaching as a Christian practise. A new approach to homiletical pedagogy*, 41-57. Louisville, Londen: Westminster John Knox press.
- Lowry, E., 1993, The Revolution of Sermonic Shape. In *Listening to the Word*. Nashville: Abingdon.
- Luccock, H.E., 1944, *In the Minister's Workshop*. New York: Abingdon-Cokesbury.
- Ludovici, A., 1933, *The Secret of Laughter*. New York: Viking Press. 62.
- Lynch, O.H., 2011, "Humorous Communication: Finding a Place for Humor in Communication Research". *Communication Theory*, 12(1), 423-429.
- Mack, N, Woodsong C, MacQueen, K.M, Guest G, Namey, E., 2005. *Qualitative research methods: a data collector's field guide*. North Carolina: USAID. 1-12.
- Macy, H.M., 2006, *Laughing pilgrims: Humor and the spiritual journey*. Milton Keynes: Paternoster Press.
- Marcus, D., 1995, *From Balaam to Jonah: Anti-Prophetic Satire in the Hebrew Bible*. Rhode Island: Brown Judaic Studies.
- Martin, J., 2011, *Between Heaven and Mirth: Why Joy, Humour and Laughter Are at the Heart of the Spiritual Life*. New York: Harper Collins.
- Martin, R.A., 2007, *The Psychology of Humor: An Integrative Approach*. San Diego: Elsevier Academic Press.
- Martin, G.N en Sullivan, E., 2013, "Sense of Humor Across Cultures: A Comparison of British, Australian and American Respondents". *North American Journal of Psychology*, 15(2), 1-7.
- Mathews, D., 1979, *Religion in the old South*. Chicago: University Of Chicago Press.
- Mawhinney, B., 1997, *Preaching with Freshness*. Grand Rapids: Kregel Publications.
- McIntyre, E., 2014, "God's Comics: Religious Humour in Contemporary Evangelical Christian and Mormon Comedy." PhD Proefskrif. Universiteit van Sydney.
- Meyer, J.C., 2015, *Understanding Humor through Communication*. Londen: Lexington Books.

- Meylahn, J.A., 2012, *Church Emerging from the cracks, a church IN but not OF the world*. Bloemfontein: Sun MeDIA MeTRO.
- McClure, J.S., 2007, *Preaching Words: 144 Key Terms in Homiletics*. Louisville: Westminster John Knox Press.
- McGhee, P.E., 1979, *Humour: Its Origin and Development*. Manchester: W.H Freeman & Co.
- Meyer, J.C., 2000, "Humor as a Double-Edged Sword: Four Functions of Humor in Communication". *Communication Theory*, 10(3), 310-331.
- Miller, C., 1994, *The Empowered Communicator: 7 Keys to Unlocking an Audience*. Nashville: Broadman.
- Moltmann, J., 1977, *The Church in the power of the Spirit: A contribution to Messianic Ecclesiology*. New York: Harper and Row.
- Moreall, J., 2009, *Comic Relief, A Comprehensive Philosophy of Humor*. Hoboken: John Wiley & Sons, Ltd.
- Morreall, J., 1999, *Comedy, Tragedy, and Religion*. New York: State University Press.
- Mouton, J. en Marais, H.C., 1990, *Basic concepts in the methodology of the social sciences* (Revised ed.). Pretoria: Human Sciences Research Council.
- Moyer, R.L., 2012, *Show Me How to Preach Evangelistic Sermons*. Grand Rapids: Kregel Publications.
- Müller, J., 1988, *Die Erediens As Fees*. Pretoria: NGKB.
- Müller, J.C., 1983, *Die Homilie as Wyse van Eietydse Prediking*. Pretoria: Universiteit van Pretoria.
- Nelson, W.W., 1998, "Taking Pulpit Humor Seriously". *Covenant Quarterly*, 56(2), 3-14.
- Neuliep, J.W., 2000, *Intercultural Communication A Contextual Approach*. Boston: Houghton Mifflin Company.
- Nel, M., 2001, *Ek is die verskil: Die invloed van persoonlikheid in die prediking*. Bloemfontein: CLF-uitgewers.
- Nietzsche, F., 1956, *Live Dangerously. Trans. Walter Kaufmann*. New York: Meridian.
- Niebuhr, R., 1946, *Discerning the Signs of the Times - Sermons for Today and Tomorrow*. New York: C. Scribner's Sons.
- Norrick, N.R., 2009, "A Theory of Humor in Interaction". *Journal of Literary theory*, 3(2), 261-284.
- Osmer, R.R., 2008, *Practical Theology: an introduction*. Grand Rapids: Eerdmans.
- Palmer, J., 1993, *Taking humour seriously*. Londen: Routledge.

- Panksepp, J., 1993, "Neurochemical control of moods and emotions: Amino acids to neuropeptides". In M. Lewis & J. M. Haviland (Eds.), *Handbook of emotions*. New York: Guilford. 87-107.
- Patella, M., 2015, "and God created laughter, the eighth day". *A Journal of Bible and Theology*, 69(2), 156-168.
- Pattison, T.H., 1900, *The Making of the Sermon: For the Classroom and the Study*. Philadelphia: American Baptist Publication Society.
- Pheiffer, F., 2007, *Pharos Engels/Afrikaanse woordeboek*. Kaapstad: NB Uitgewers.
- Phelps, A., 1882, *The Theory of Preaching*. New York: Charles Scribner's Sons.
- Phillips, M., 1984, "Racist Acts and Racist Humor". *Canadian journal of philosophy*. 14(1), 75-96.
- Pieterse, H.J.C., 2004, *Preaching in a context of poverty*. Pretoria: Unisa press.
- Pieterse, H.J.C., (Ed.) 1995, *Desmond Tutu's Message. A Qualitative Analysis*. Kampen.
- Piper, J., 1990, *The Supremacy of God in Preaching*. Grand Rapids: Baker.
- Provine, R.R., 2000, *Laughter: A Scientific Investigation*. Londen: Penguin.
- Provine, R.R. en Yong, Y.L., 1991, "Laughter: A stereotyped human vocalization". *Ethology*, 89(2), 115-124.
- Ramsey, L., 2012, Getting personal: Self-disclosure and preaching. Available: <http://www.ministrymatters.com/all/entry/2928/getting-personal-self-disclosure-and-preaching>. Laaste beskou op 2017/07/19.
- Radday, Y.T., 1990, On missing the humor in the Bible:an introduction. In: Radday, Y.T Brenner, *A On Humour and the Comic in the Hebrew Bible*. Sheffield: Almond Press. 21-38.
- Raskin, V., 1985, *Semantic Mechanisms of Humor*. Dordrecht: D. Reidel Publishing company.
- Robertson, D., 1977, *The Old Testament and the Literary Critic*. Philadelphia: Fortress Press.
- Robinson, D.T en Smith-Lovin, L., 2001. "Getting a laugh, Gender, Status and humor in task discussions". *Social Forces*, 80(1), 123-158.
- Rogness, M., 2012, "Humor in the Bible". *Word & World*. 32(2), 117-123.
- Romero, E.J. & Cruthirds, K.W., 2006, "The Use of Humor in the Workplace". *Academy of Management Perspectives*, 20(2), 58-69.
- Rushing, B.M., 2006, "Toward a methodology which equips pastors to use humor intentionally in preaching". PhD Proefskrif, New Orleans Baptist Theological Seminary.

Schmitz, J.R., 2002, "Humor as a Pedagogical Tool in Foreign Language and Translation Courses". *International journal of Humor Research*, 15(1), 89-113.

Screech, M.A., 1997, *Laughter at the Foot of the Cross*, Londen: Penguin.

Sherwood, Y., 1998, "Cross-Currents in the Book of Jonah: Some Jewish and Cultural Midrashim on a Traditional Text". *Biblical Interpretation*, 6(1), 49-79.

Simpson, J.A. en Weiner, E.S.C., 1989, *The Oxford English Dictionary* (2nd ed., Vol. 7). Oxford: Clarendon Press.

Smit D., 1984, *Wat beteken status confessionis? 'n Oomblik van waarheid. Opstelle rondom die NG Sendingkerk se afkondiging van 'n status confessionis en die opstel van 'n konsepbelydenis.* (Red.) Cloete D en Smit D. Kaapstad: Tafelberg Uitgewers. 14-38.

Smith, J.K.A., 2016, *You Are What You Love: The Spiritual Power of Habit*. Grand Rapids: Brazos Press.

Smith, J.K.A., 2013, *Imagining the Kingdom: How Worship Works*. Grand Rapids: Baker Academic.

Smith, J.K.A., 2009, *Desiring the Kingdom: Worship, Worldview, and Cultural Formation*. Grand Rapids: Baker Academic.

Steyn, C.T., 2008, "Persoonlikheidsstyle by Erediensgangers." PhD Proefskrif. Universiteit van Pretoria.

Stinespring, W.F., 1980, 'Humour', in G.A. Buttrick (ed.), *The Interpreter's Dictionary of the Bible: Illustrated Encyclopedia*, vol. 2 (E–J), pp. 660–662, Nashville, Abingdon Press.

Sweet, L., 2014, *Giving Blood: A Fresh Paradigm for Preaching*. Grand Rapids: Zondervan.

Taylor, B.B., 1998, *When God Is Silent*. Maryland: Cowley Publications.

Theron, P.F., 1996, Liberating humour. Calvinism and the Comic Vision. In: van Egmond A, van Keulen D. *Freedom! Studies in Reformed Theology*. Belgie: Callenbach uitgeverij. 208-232.

Tisdale, L.T., 2010, *Prophetic Preaching: A Pastoral Approach*. Louisville: Westminster John Knox Press.

Thoennes E., 2007, "Laughing Through the Tears: The Redemptive Role of Humor in a Fallen World". *Presbyterian*, 33(2), 72.

Tovey, P., 2004, *Inculturation of Christian Worship: Exploring the Eucharist*. Farnham: Ashgate.

Triezenberg, K., 2004, "Humor Enhancers in the Study of Humorous Literature". *International journal of Humor Research*, 17(1), 411.

Trible, P., 1978, *God and the Rhetoric of Sexuality*. Philadelphia: Fortress Press.

- Troeger, T.H en Everding, H.E., 2008, *Preaching that engages the whole congregation*. Nashville: Abingdon press.
- Troup, A., 2009, "Humor in preaching: Its effects and guidelines for its beneficial use". PhD Proefskrif, Concordia Seminary.
- Trueblood, E., 1964, *The Humor of Christ: A Significant but Often Unrecognized Aspect of Christ's Teaching*. New York: HarperCollins.
- Tutu, D., 1983, *Hope and Suffering: Sermons and Speeches*. Johannesburg: Scotaville.
- van Heerden, W., 2001, "Why the Humour in the Bible Plays Hide and Seek with Us". *Social Identities*, 7(1), 75-96.
- Verweij, A., 2014, *Positioning Jesus' suffering: A grounded theory of lenten preaching in local parishes*. Den Haag. Eburon.
- Vinet, A., 1854, *Homiletics: On the Theory of Preaching*. New York: Ivison and Phinney.
- Vorster, J.M., 1996, "Vernuwing in die Gereformeerde erediens". *In die Skriflig*, 30(2), 203-221.
- Vos, C.J.A., 2005, *Theopoetry of the Psalms*. Pretoria: Protea Bookhouse.
- Vos, C.J.A., 1996, *Die volheid daarvan 1. Homiletiek uit 'n hermeneutieskornmunikatiewe perspektief*. Pretoria : RGN.
- Walker, S.C., 2013, *Illuminating Humor of the Bible*. Oregon: Cascade Books.
- Walther, W.F.W., 1897, *The Proper Distinction Between Law and Gospel*. St. Louis: Concordia Publishing House.
- Webb, J., 1998, *Comedy and Preaching*. Atlanta: Chalice Press.
- Wepener, C.J., 2015a, "Preaching and cartooning: an exploration of the processes involved in developing a sermon and a newspaper cartoon." *Acta Theologica*, 35(1), 223-237.
- Wepener, C.J., 2015b, "'Bliksem!'/Damn it! A ritual-liturgical appreciation of a deadly sin for an angry nation'. *Verbum et Ecclesia*, 36(3), 1-8.
- Wepener, C.J., 2009, *From Fast to Feast: A Ritual-Liturgical Exploration of Reconciliation in South African Cultural Contexts*. Leuven: Peeters Publishers.
- Wepener, C.J., 2008, "Liturgy on the Edge of Tradition". *Praktiese Teologie in Suid Afrika*, 23(2), 313-335.
- Wepener, C.J., 2004, "Van Vas Tot Fees 'n Ritueel-liturgiese ondersoek na versoening binne Suid-Afrikaanse kultuurkontekste." DD proefskrif. Universiteit van Stellenbosch.
- Wepener, C.J., 2002, "Nagmaal in die NG Kerk - tussen tradisie en vernuwing. Deel 2". *NGTT*, 43(3&4), 652-660.

Whedbee, W., 1998, *The Bible and the Comic Vision*. Cambridge: Cambridge University Press.

Wiersbe, W., 2001, *H is for Humor*. Available: <http://www.2prophetu.com/templates/print/details.asp?id=35585&PG=resources&CID=18818>. Laaste beskou op 2017/08/11.

Wiersbe, W., 1994, *Preaching and Teaching with Imagination: The Quest for Biblical Ministry*. Grand Rapids: Baker.

Wink, W., 1987, *Jesus' Third Way. The relevance of nonviolence in South Africa today*. Lansdowne: Citadel Press.

Wogaman, J.P., 1998, *Speaking the truth in love: prophetic preaching to a broken world*. Louisville: Westminster John Knox Press.

Wyer, R. S., en Collins, J. E., 1992, "A theory of humor elicitation". *Psychological Review*, 99(4), 663-688.

Young, J.W., 2009, "The relationship between sense of humor, leader-follower distance, and tenure in pastoral ministry". PhD Proefskrif, Southern Baptist Theological Seminary.

Zapata, C.L., Cann, A., Davis, H.B., 2009, "Positive and Negative Styles of Humor in Communication: Evidence for the Importance of Considering Both Styles". *Communication Quarterly*, 57(4), 452-468.

Zerfass, R., 1974, *Praktische Theologie als Handlungswissenschaft*. In Klostermann, F. & Zerfass, R. eds. *Praktische Theologie heute*. Munchen: Kaiser.

Ziv, A., 1984, *Personality and Sense of Humor*. New York: Springer Publishing Company, 1984.

Zvi, E.B., 2003, "What's New in Yehud? Some Considerations." In: Albertz, R. en Becking, B *Yahwism after Exile: Perspectives on Religion in the Persian Era*. Assen: Royal Van Gorcum. 36-37.